



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 - 2018

*saam vorentoe
masiye phambili
forward together*

GEÏNTEGREERDE JAARVERSLAG 2018





UNIVERSITEIT
IYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018

*saam vorentoe
masiye phambili
forward together*

REGSGELEERDHEID
EYEZOMTHETHO
LAW



UNIVERSITEIT
IYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018

*saam vorentoe
masiye phambili
forward together*

REGSGELEERDHEID
EYEZOMTHETHO
LAW

OU HOOFGEBOU



1918–2018

HERDENKING VAN 'N *EEU*

Honderd jaar lank staan die Universiteit Stellenbosch (US) – aanvanklik die “Universiteit van Stellenbosch” – en die dorp se stewige ou eike reeds sy aan sy. In dié tyd het die instelling tot 'n toonaangewende navorsingsintensiewe universiteit op die Afrika-vasteland gegroei. Die US het op 2 April 1918 met vier fakulteite, naamlik Lettere, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde en Landbou (deesdae Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde en AgriWetenskappe), 503 studente en 40 dosente begin, maar vandag spog dit met tien fakulteite, vyf kampusse en 'n lewendige en kosmopolitaanse gemeenskap van meer as 30 000 studente en 3 000 personeellede.

Met ons Eeufees in 2018 het ons groot prestasies en baanbrekeruitvindings herdenk. Ons salueer die meer as 250 000 alumni en studente, opvoeders, navorsers, professionele en administratiewe steunpersoneel, asook ons bestuur- en beheerstrukture wat die US help vorm en sy reputasie as 'n wêreldklas- akademiese instelling help vestig het.

As 'n openbare instelling het die US sy hoëronderwysrol midde-in die verskillende politieke, sosio-ekonomiese, kulturele en opvoedkundige realiteite en ontwikkelings van die 20ste eeu vervul, onder meer ook die spesifieke vorm van ongeregtigheid wat destyds in Suid-Afrika geheers het. Sedertdien het die US “sy bydrae tot die ongeregtighede van die verlede” erken en hom tot “gepaste regstellings- en ontwikkelingsinisiatiewe” verbind, soos sy *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarná* van 20 Maart 2000 dit stel. Ons vereer ook die kritiese Matiestemme van daardie tyd wat ondanks verguising aanhou praat het, en later bakens op die reis na 'n regverdige samelewing sou word.

Teen hierdie agtergrond van uitnemende prestasie en waardevolle lesse uit ons komplekse geskiedenis, verteenwoordig die Eeufees met sy tema “100 jaar van leer, groei en saam vorentoe beweeg” 'n nuwe begin vir die US. Ons streef daarna om 'n relevante universiteit te wees wat 'n kernrol in die ontwikkeling van ons nasie en ons vasteland speel. Daarbenewens is ons daartoe verbind om 'n samelewing van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal te help skep.



Verwelkoming 2018

Die Universiteit Stellenbosch se nuwe studente is in Januarie 2018 deur die Rektor, fakulteit- en studenteverteenwoordigers by die amptelike verwelkomingsgeleentheid in die Danie Craven-stadion by Coetzburg welkom geheet. Meer as 5 000 nuwe studente en hul ouers en voogde het die geleentheid bygewoon. Met die fokus op die Universiteit se Eeufeesjaar het die drie hoofsprekers die studente aangemoedig om hierdie belangrike mylpaal saam met die res van die Universiteit te vier. Studente het op die veld byeengekom om 'n reuse-100 op die gras te vorm.



Geskiedenis neergepen

'n Eeufeesboek met 538 volkleurbladsye oor die geskiedenis van die Universiteit Stellenbosch is in 2018 bekendgestel. Die redakteurs is prof Albert Grundling (Deel 1) en Hans Oosthuizen (Deel 2). In Deel 1 deel sewe skrywers hul gedagtes oor die Universiteit se geskiedenis van die afgelope 100 jaar met spesifieke verwysing na onder meer die politieke en finansiële geskiedenis, sowel as die akademiese, sport- en studente-lewe. Deel 2 fokus op die akademiese werksaamhede van die afgelope eeu, soos gesien uit die hoek van die tien fakulteite.



Verjaardagkoek

As deel van die Universiteit Stellenbosch se Eeufeesherdenking in 2018 is die Senaat op kolwyntjies, versier met die Eeufeesjaar-handelsmerk, getraakteer.



Oorwinning

Die Maties Rugbyklub kon nie 'n beter geskenk aan die Universiteit Stellenbosch gegee het ter herdenking van die Universiteit se Eeufeesjaar as om die Varsitybeker 2018-trofee huis toe te bring nie. Maties Rugby het op 16 April 2018 die Varsitybeker vir die eerste keer sedert 2010 verower. Dit was Maties se vierde oorwinning in die Varsitybekertoernooi. Maar in hierdie geskiedkundige eindstryd het Maties Pukke met 40–7 geklop – die grootste punteverskil nog ooit in 'n eindstryd.



Opgedollie

'n Gala-dinee is in Maart 2018 vir uitgesoekte gaste van die Universiteit Stellenbosch gehou ter herdenking van die Universiteit se Eeufeesjaar. Onder die genooies was befonders, regeringsamptenare en belanghebbendes. Die glansgeleentheid is by die Paul Roos Gimnasium gehou.



Musiekskouspel

As deel van die Universiteit Stellenbosch se Eeufeesherdenking is 'n skouspelagtige musiekkonsert by die Coetzenburg-sportstadion gehou. Van Suid-Afrika se topkunstenaars, insluitende Mi Casa, Valiant Swart, Brandon October, Coenie de Villiers, Gloria Bosman en die gevierde Stellenbosse Universiteitskoor, het opgetree.



ONS REIS

na

GEÏNTEGREERDE VERSLAGGEWING

Sonder 'n langtermynvisie en 'n sterk strategie is geïntegreerde verslaggewing nie moontlik nie. Op die reis na geïntegreerde verslaggewing was die Universiteit Stellenbosch (US) bevoorreg genoeg om 'n weldeurdragte *Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018* (IVS) as riglyn te hê. Hierdie strategie maak nou plek vir die nuwe Visie 2040 en die nuwe Strategiese Raamwerk 2019–2024 wat in 2018 deur die Universiteitsraad aanvaar is. Die verslagjaar was ook die US se Eeufeesjaar.

Met hierdie verslag, ons vierde geïntegreerde verslag, is die US nog onderweg na geïntegreerde verslaggewing. In 2018, met die implementering van die *King IV Report on Corporate Governance for South Africa 2016* (King IV), is ons oorsigbestuursfunksie deeglik hersien, en oorsigbestuursverantwoordelikhede is by die Registrateur se pligte gevoeg. Soos dit 'n goeie korporatiewe burger betaam, sal ons voortgaan om ons instelling se organisatoriese kapitaal te verbeter deur te voldoen aan alle tersaaklike wetlike vereistes en deur ons bestuurs- en beheerstrukture en -prosesse te verbeter. Ons beplan om ons begrip van ware wesenlikheid en toerekenbaarheid in al ons werksaamhede te verbeter. Ons voorsien dat geïntegreerde denke uiteindelik tweede natuur by ons sal wees, sodat ons in staat sal wees om beter besluite te neem en beter en meer volhoubaar te bestuur, soos dit hoort by 'n kennisgedrewe instelling soos die US.

VERSLAGOMVANG EN TYDSRAAMWERK

Ons geïntegreerde verslag dek die volle omvang van die Universiteit se werksaamhede gedurende die verslagtydperk **1 Januarie tot 31 Desember 2018**. Ons voeg 'n paar maande by – tot April 2019 – sodat ons al die graadverleningsdata vir die verslagjaar kan insluit. Ook stel ons die Universiteitsraad voor wat hierdie verslag goedgekeur het, soos op **18 Junie 2019**, en sluit ons die afgetrede lede in wat in 2018 nog aktief was (sien bladsy 21).

Ons verslag bevat finansiële data van ons werksaamhede in die 2018- finansiële jaar, en vir die leser se gerief word ons volledige finansiële verslag steeds as deel van ons geïntegreerde verslag gepubliseer. Die Universiteit se finansiële state, met inbegrip van die filiale, geassosieerde maatskappye en trusts, word voorberei ooreenkomstig die tersaaklike beleide van die internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde – oftewel die *International Financial Reporting*

Standards (IFRS) – en, soos ons geïntegreerde verslag, voldoen hulle aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se regulasies vir verslaggewing deur openbare hoëronderwysinstellings soos gepubliseer in die *Staatskoerant* no. 37726 van 9 Junie 2014.

U sal ook die gebruiklike verslae van die Kanselier (wat nou die konteks beskryf waarbinne die Universiteit sy werksaamhede verrig) en die voorsitter van die Universiteitsraad (wat nou die Raad se oorsigbestuursbesluite tydens die siklus van die IVS beskryf) vind. Die Rektor en Visekanselier doen hier verslag oor ons strategiese prioriteite, en die Uitvoerende Bedryfshoof en Viserektore doen verslag oor die IVS se strategiese doelwitte. Hierby voeg ons die fakulteitsverslae. Die meeste van hierdie verslae beklemtoon egter nou spesifiek die waarde wat in die verslagtydperk geskep is in ooreenstemming met uitgekose strategiese prioriteite soos uiteengesit in die toekomsgerigte IVS wat ons tussen 2013 en 2018 gelei het. Hierdie fokus op waarde strook met die beginsels van geïntegreerde verslaggewing soos vervat in die *International <IR> Framework* van die International Integrated Reporting Council (IIRC), wat glo dat “kommunikasie oor waardeskepping die volgende stap in die evolusie van korporatiewe verslaggewing moet wees”. Dit strook ook met die beginsels van King IV, bes moontlik die toonaangewendste korporatiewe oorsigbestuursstandaard ter wêreld.

GOEDKEURING VAN DIE GEÏNTEGREERDE JAARVERSLAG

Die Rektooraat is ten nouste betrokke by die skryf en saamstel van die Geïntegreerde Jaarverslag. Die Oudit- en Risikokomitee van die Raad bestudeer die verslag en beveel dit met wysigings aan vir voorlegging by die Raadsvergadering in Junie waar die Raad, wat sy verantwoordelikheid aanvaar om die integriteit van die geïntegreerde verslag te verseker, dit oorweeg en vir publikasie goedkeur.

— Voorwoord deur —

DIE KANSELIER



Dr Johann Rupert
Kanselier

In die oorsigjaar het die Universiteit Stellenbosch (US) 'n belangrike mylpaal behaal toe hy 100 jaar oud geword het. Die US is uit sy voorganger, die Victoria-kollege, geskep deur 'n parlementêre wet wat op 2 April 1918 in werking getree het.

Instellings vier gewoonlik die 100ste herdenking van hulle stigting op 'n groot skaal. Tog, vanuit my gunstige posisie as Kanselier, wat 'n seremoniële rol is en nie 'n bestuurspos nie, kon ek nie anders nie as om raak te sien dat die Universiteit gekies het om sy honderdjarige bestaan te “herdenk” eerder as om dit te vier.

Waarom was dit die geval, en was dit die regte besluit?

Oor die afgelope 100 jaar het die US 'n toonaangewende hoëronderwysinstelling geword wat 'n uiters belangrike bydrae maak tot menslike ontwikkeling in ons land, op ons vasteland en in die res van die wêreld. Die Universiteit se gegradueerdes is goed gekwalifiseer en is wêreldwyd in aanvraag, sy navorsing is innoverend, en sy impak op die samelewing is omvangryk.

LEER UIT DIE VERLEDE

Tog is dit duidelik dat die instelling nie blind vir sy eie foute is nie. Teen die agtergrond van Suid-Afrika se verdeelde verlede het die Universiteit sy rol in die onregverdighe van die verlede erken en hom verbind tot paslike regstellings- en ontwikkelingsinisiatiewe. In 'n restituisie wat aan die begin van die instelling se Eeufeesjaar uitgereik is, sê die Universiteit dat hy diep berou het oor die onregte van die verlede, en hy teken sonder voorbehoud verskoning aan teenoor die gemeenskappe en individue wat uitgesluit is uit die historiese voorregte wat die US geniet het.

Dit lyk dus asof die regte balans gevind is. Die Universiteit het eer betoon aan almal wat gehelp het om van hom 'n wêreldgehalte-instelling te maak. Terselfdertyd huldig hy die kritiese stemme in eie geledere wat hulle nie laat stilmaak het nie, al het hulle teenstand ervaar, en wat op die lange duur erken sou word as bakens op die reis na 'n regverdige samelewing.

Soos dit jaar na jaar uit hierdie jaarverslag blyk, maak die US bestendige vordering na groter diversiteit wat betref die samestelling van sowel die personeel- as die studentekorps. Die Universiteit werk hard om te verseker dat sy institusionele kultuur al hoe meer verwelkomend word, en die akademiese aanbieding word deurentyd vernuwe om in die US se konteks toepaslik te bly. Om toegang te verbreed, het die Universiteit ook verbonde gebly tot meertaligheid deur die gebruik van Engels sowel as Afrikaans as onderrigtaale.

VOORBEREIDING VIR DIE TOEKOMS

In die Universiteit se Eeufeesjaar, terwyl hy geworstel het met die huidige uitdagings en voorbereidings getref het vir dié van die toekoms, het die instelling homself verbind tot die ideaal van 'n inklusiewe wêreldgehalte-universiteit in en vir Afrika. Hiermee, het die Universiteit gesê, deel hy

wyle president Nelson Mandela se oortuiging dat "onderrig en opleiding die magtigste wapen is wat 'n mens kan gebruik om die wêreld te verander".

Mandela, wat in 1918 gebore is, sou sy 100ste verjaarsdag in dieselfde jaar as die US gevier het. Hy het 'n deurslaggewende rol gespeel in Suid-Afrika se oorgang na 'n demokrasie, wat met die verkiesing in 1994 'n hoogtepunt bereik het, en twee jaar later het die US 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken. Hy is gehuldig as 'n simbool van bemagtiging deur onderwys en opleiding, 'n ikoon van vrede en versoening deur onderhandelings, en die verpersoonliking van regverdigheid en deernis. Die Universiteit het gesê hy identifiseer graag met hierdie nalatenskap terwyl hy die eerste eeu van sy bestaan afsluit en voorberei om die volgende eeu binne te gaan.

Bo en behalwe die Eufees, was die ander belangrike onderneming wat die US in 2018 aangepak het, die ontwikkeling van 'n nuwe rigtinggewende dokument om die instelling die toekoms in te neem. Die vorige weergawe, die *US se Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018*, het die Universiteit goed gedien, maar is nou uitgedien.

Die US se nuwe Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 is ontwerp deur middel van 'n herhalende en konsulerende proses waarmee daar reeds in 2016 begin is, en wat uitgeloop het op goedkeuring deur die Raad in 2018. Dit is toegespits daarop om vernuwing in alle fasette en funksies van die Universiteit teweeg te bring, en dit is daarop gemik om die instelling ratser, aanpasbaar en responsief te maak, en gevolglik 'n florerende organisasie.

Die US het ongetwyfeld 'n goeie roetekaart nodig, want die hoëronderwyslandskap wemel van die uitdagings, soos ook die breër sosio-ekonomiese en politieke omgewings tans en in die afsienbare toekoms.

SUID-AFRIKA SE HOËRONDERWYSLANDSKAP

Hoër onderwys in Suid-Afrika het sedert die RhodesMustFall- en FeesMustFall-bewegings in 2015 en 2016 omvattende omwentelings ondergaan. Regeringsfinansiering het betekenisvol gestyg ná die President se aankondiging aan die einde van 2017 dat "ten volle gesubsidieerde fooivrye hoër onderwys en opleiding vir arm en werkersklas Suid-Afrikaners" van 2019 ingefaseer sal word. Die volhoubaarheid van hoër subsidievlakke hang egter nog in die weegskaal. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se tweede verslag oor *Beleggingstendense in Naskoolse Onderwys en Opleiding in Suid-Afrika*, wat in 2018 gepubliseer is, waarsku dat die sektor "in die gesig gestaar word deur diepliggende uitdagings wat betref die beskikbaarheid van hulpbronne".

In dieselde trant het studentetoegang wel verbeter danksy meer regeringsfinansiering, maar die druk op universiteite om terselfdertyd daardie studente se sukses te verseker, het ook toegeneem. Met die werkloosheidsyfer onder jongmense wat bykans 40% is, word universiteitstudies gesien as 'n potensiële uitweg uit armoede. Probleme in die skoolstelsel veroorsaak egter dat studente se gereedheid vir hoër onderwys nie is wat dit moet wees nie, en dus is universiteite se uitsakysfers hoog en die deursetsyfers relatief laag.

In hierdie konteks moet die feit dat die DHOO begin het om verder as universiteite te kyk, verwelkom word. Die voorlopige Nasionale Plan vir Naskoolse Onderwys en Opleiding wat in 2018 vrygestel is, bevestig weer die regering se voorneme om kolleges vir tegniese en beroepsopleiding (TBOO-kolleges) uit te brei en gemeenskapsonderwys- en opleidingskolleges (GOO-kolleges) in te stel. Dit is noodsaaklik dat die land tasbare vordering in hierdie opsig maak.

Universiteite is een van die samelewing se mees blywende instellings, wat na die Middeleeue of selfs vroeër terugdateer. Die wêreld is egter besig om vinnig te verander en allerhande soorte druk word op universiteite uitgeoefen, wat hulle voortgesette bestaan waarskynlik gaan beïnvloed. Tegnologiese vooruitgang, ekonomiese kragte, demografiese verskuiwings en verskeie ander sosiale faktore beteken dat universiteite "ryp vir ontwrigting" is.

In weerwil hiervan is universiteite ook goed geplaas om gereed te wees vir innovasie. Die uitdagings waarvoor hulle te staan kom, kan in geleenthede verander word. Maar om dit moontlik te maak, moet universiteite diep nadink oor hulle voortgesette bestaan, en betekenisvolle veranderinge maak sodat hulle by die nuwe omstandighede kan aanpas.

Dit verskaf my genoeg om te kan getuig dat dit presies is wat die Universiteit Stellenbosch in sy Eufeesjaar gedoen het. Die instelling het nie uitbundig feesgevier nie, wat onverantwoordelik sou wees in die lig van die hulpbronbeperkings in die hoëronderwyssektor, en hy het ook nie probeer voorgee dat hy 'n blaamvrye verlede het nie. In plaas daarvan het die Universiteit die geleentheid gebruik om uit sy foute te leer, voort te bou op sy prestasies, en op 'n verantwoordelike manier voorbereidings vir die toekoms te tref.

¹ Christensen, CM & Eyring, HJ. 2011. *The Innovative University: Changing the DNA of Higher Education from the Inside Out*. Wiley. Kindle Edition: vii; 5.

Inhoud

HERDENKING VAN 'N EEU	1
ONS REIS NA GEÏNTEGREERDE VERSLAGGEWING	5
Verslagomvang en tydsraamwerk	5
Goedkeuring van ons jaarverslag	5
VOORWOORD DEUR DIE KANSELIER	6
Leer uit die verlede	6
Voorbereiding vir die toekoms	6
Suid-Afrika se hoëronderwyslandskap	7
ONS INSTELLING	10
Visie 2030	10
Missie	10
Waardes	11
Belangegroepes	11
Ons Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018	10
Ons nuwe rigtinggewende strategie vir die toekoms	12
Ons sakemodel	12
OORSIGBESTUUR	15
VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD	16
Ons oorsigbestuurstruktuur en rapporteringslyne	20
Die Universiteitsraad	21
Raadsverklaring oor korporatiewe oorsigbestuur	24
Senaatsverslag aan die Raad	30
Verslag van die Institusionele Forum	31
VORDERING MET ONS STRATEGIESE PRIORITEITE	33
Die Rektor se Bestuursplan	34
VERSLAG VAN DIE REKTOR EN VISEKANSELIER	36
Verbreding van toegang	36
Handhawing van ons momentum van uitnemendheid	37
Vergroting van ons sosiale impak	37
Uitbreiding van internasionalisasie	37
Bevordering van sistemiese transformasie	37
Versekering van sistemiese volhoubaarheid	38
Uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek	38
Vooruitskouing	38
Monitering op pad vorentoe met ons strategiese bestuursaanwysers	39
OORSIG VAN ONS FINANSIËLE KAPITAAL	40
VERSLAG VAN DIE BEDRYFSHOOF	46
Opskerping van sakeprosesse en fondswerwing vir finansiële volhoubaarheid	46
Nastrewing van geregtigheid en gelyke geleenthede	47
Kommersialisering van intellektuele eiendom en die skep van sakegeleenthede	47
Nastrewing van omgewingsvolhoubaarheid	47
Toepassing van geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening	48
Vooruitskouing	48
VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (LEER EN ONDERRIG)	49
Behoud van uitnemendheid in leer en onderrig	49
Fasilitering van studentetoegang met sukses	50
Bestuur van die grootte en vorm van ons studentekorps	50
Bevordering van programvernuwing	51
Uitbreiding van meertalige programaanbod	51

Inkorporering van inligtings- en kommunikasietegnologie vir leer en onderrig	51
Benutting van nuwe kennismarkte	51
Finansiële ondersteuning aan studente	52
Vooruitskouing	52
ONS STUDENTEPROFIEL IN GETALLE	53
VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR	
(NAVORSING, INNOVASIE EN NAGRAADSE STUDIES)	54
Aanstelling van jong akademiese sterre	54
Bevordering van navorsingsuitsette	55
Vestiging van navorsingsfokusgebiede	56
Uitbou van navorsingsinnovasie	57
Generering van volhoubare navorsingsinkomste deur navorsingsvennootskappe	57
Handhawing van nagraadse studentesukses	57
VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR	
(STRATEGIE EN INTERNASIONALISERING)	59
Loods van strategiese inisiatiewe	59
Versekering van sistemiese volhoubaarheid	60
Nastrewing van omgewingsvolhoubaarheid	60
Versterking van die US se wêreldwye teenwoordigheid	60
Bevordering van inligtingsoorsigbestuur en geïntegreerde beplanning	61
Doeltreffende bestuur van prestasie deur aanwysers	62
Vooruitskouing	62
VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR	
(SOSIALE IMPAK, TRANSFORMASIE EN PERSONEEL)	64
Verbetering van ons personeelprofiel	64
Uitbou van toegang en skep van ontwikkelingsgeleenthede	66
Bevordering van samelewing-gerigte vakkundigheid	67
Bestuur van kennis- and ander vennootskappe	67
ONS MENSLIKE KAPITAAL	
VERSLAG INSAKE RISIKOBLOOTSTELLING, -EVALUERING EN -BESTUUR	70
Hoe ons risiko's bestuur	70
Toekomstige fokusgebiede	70
Risikobeoordeling en -prioritisering	71
RISIKOBESTUUR VOLGENS ONS STRATEGIESE PRIORITEITE	72
FAKULTEITSVERSLAE	75
Fakulteit AgriWetenskappe	76
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	78
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	80
Fakulteit Ingenieurswese	82
Fakulteit Krygskunde	84
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe	86
Fakulteit Natuurwetenskappe	88
Fakulteit Opvoedkunde	90
Fakulteit Regsgeleerdheid	92
Fakulteit Teologie	94
DIE UNIVERSITEIT ERKEN UITNEMENDHEID	96
Eregrade	97
Pro Bene Merito Medalje	98
Kanseliersmedalje	99
Kanselierstoekennings	100
FINANSIËLE VERSLAG	103
GLOSSARIUM	154
Terme en verklarings	154
Berekening van strategiese bestuursaanwysers	155
Afkortings	157

— *Ons* — INSTELLING

VISIE 2030




Ons sien die Universiteit Stellenbosch as 'n inklusiewe, innoverende en toekomsgerigte plek van ontdekking en uitnemendheid waar sowel personeel as studente denkleiers is wat tot diens van alle belanghebbers kennis bevorder.

MISSIE

Ons streef om ons visie van die Universiteit Stellenbosch te verwesenlik deur volgehoue transformasie en, op ons ontdekkingsreis deur die akademie tot diens van ons belanghebbers, onderneem ons om:

- 'n akademiese gemeenskap te skep waarin sosiale geregtigheid en gelyke geleenthede tot sistemiese volhoubaarheid lei;
- toepaslike en volhoubare benaderings tot Afrika-ontwikkeling te ondersoek en innoverend toe te pas;
- ons navorsing te rig volgens die volle spektrum uitdagings waarmee die wêreld, Afrika, ons land en die plaaslike gemeenskap te kampe het;
- student- en toekomsgerigte leer en onderrig, wat 'n passie vir lewenslange leer vestig, te handhaaf;
- in die innoverende akademieskap en kreatiewe vermoëns van al ons mense te belê;
- die inherente krag van diversiteit te ontgin; en
- sinergistiese netwerke te vestig en uit te bou, waarin die Universiteit 'n dinamiese vennoot is.

STRATEGIESE PRIORITEITE



WAARDES

Medeverantwoordbaarheid

Ons besef en aanvaar dat ons, in belang van die belanghebbers vir wie ons dien, gesamentlik vir die verwesenliking van die Universiteit se visie verantwoordelik is.

Empatie

Ons bevorder menswaardigheid deur 'n kultuur van respekvolle optrede – selfrespek, respek vir ander mense en respek vir die fisiese omgewing.

Innovasie

Ons dink en doen nuut en anders, en maak goeie keuses en neem goeie besluite vir onself en vir ons belanghebbers, die land, die vasteland en die planeet.

Uitnemendheid

Alles wat ons doen, word gekenmerk deur uitnemendheid.

Diensbare leierskap

Ons bevorder die welwees van mense en die wêreld deur met nederigheid, verantwoordelikheid en begrip te lei.

BELANGEGROEPE

Ons dien ons belangegroepe, wat insluit:

- studente (huidige, vorige en voornemende, residensiële en hibridiese leer-, voltydse en deeltydse)
- ouers en ondersteuners van studente;
- owerheid;
- bedryf;
- donateurs;
- navorsingstigtings (plaaslik en internasionaal);
- beleggers (insluitend waagkapitaal);
- gemeenskap (burgerlike samelewing, nieregeringsorganisasies, ander universiteite, skole, adviesrade, diensverskaffers en media).

STRATEGIESE TEMAS

STRATEGIESE DOELWITTE

VISIE 2030

Bevorder toegang tot nuwe kennismarkte	• Uitbreiding van meertalige programaanbod (p51) • Bevordering van programvernuwing (p51) • Inkorporering van inligtings- en kommunikasietegnologieë vir leer en onderrig (p51) • Kapasiteitsbou vir eksperimentele leer en vir 'n program oor grad-uandi-eienskappe (p49) • Versterking van die US se wêreldwye teenwoordigheid (p60) • Bestuur van die grootte en vorm van ons studentekorps (p50)	
Verhoog diversiteitsprofiel van studente en personeel	• Uitbreiding van meertalige programaanbod (p51) • Aanstelling van jong akademiese sterre (p54) • Uitbou van toegang en skep van ontwikkelingsgeleenthede (p66) • Benutting van nuwe kennismarkte (p51) • Finansiële ondersteuning aan studente (p52) • Verbetering van ons personeelprofiel (p64) • Bestuur van kennis- en ander vennootskappe (p67)	
Posisioneer as die voorste navorsingsinstelling in Afrika	• Bevordering van navorsingsuitsette (p55) • Bevordering van samelewinggerigte vakkundigheid (p67) • Uitbou van navorsinginnovasie (p57) • Vestiging van navorsingsfokusgebiede (p56) • Kommersialisering van intellektuele eiendom en sakegeleenthede (p47) • Generering van volhoubare inkomste deur navorsingsvennootskappe (p57) • Doeltreffende bestuur van prestasie deur aanwysers (p62)	
Behou studentesukseskoers	• Behoud van uitnemendheid in leer en onderrig (p49) • Vestiging van omvattende landelike platforms • Fasilitering van studentetoegang met sukses (p50) • Handhawing van nagraadse studentesukses (p58) • Uitvoer van die Mobiliteitsplan	
Vestig toegewyde, visionêre leierskap	• Bevordering van inligtingsoorsigbestuur en geïntegreerde beplanning (p61) • Nastrewing van geregtigheid en gelyke geleenthede (p47) • Opskerping van sakeprosesse en fondswerwing vir finansiële volhoubaarheid (p46) • Bestuur van kennis- en ander vennootskappe (p67) • Nastrewing van omgewingsvolhoubaarheid (p47) • Toepassing van geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening (p48) • Versekering van sistemiese volhoubaarheid (p60) • Loods van strategiese inisiatiewe (p59)	

● Inklusief ● Innoverend ● Toekomstgerig ● Transformerend

Ons NUWE RIGTINGGEWENDE STRATEGIE VIR DIE TOEKOMS

VISIE 2040 *en*
STRATEGIESE RAAMWERK
2019–2024

Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 verwoord die posisionering van die Universiteit Stellenbosch as 'n toonaangewende navorsingsintensiewe Suid-Afrikaanse universiteit in Afrika, met 'n globale reikwydte. Die oogmerk van hierdie strategiese raamwerk is om die US se toekomstige posisionering te rig, die US se strategie te bepaal, en te toon waar en hoe die Universiteit geposisioneer is. In 2018 het die Raad die Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 aanvaar as die Universiteit se enigste plan vorentoe.

VISIE

Die Universiteit Stellenbosch sal Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder.

MISSIE

Die US is 'n navorsingsintensiewe universiteit wat uitmuntende studente lok, talentvolle personeel aanstel en 'n wêreldklasomgewing bied; 'n plek wat met die wêreld verbind is en gemeenskappe plaaslik, op die vasteland en in die res van die wêreld verryk en transformeer.

KERN STRATEGIESE TEMAS



1 'n Florerende
Universiteit
Stellenbosch



2 'n Transformerende
studente-ervaring



3 Doelgerigte
vennootskappe
en inklusiewe
netwerke



4 Genetwerkte en
samewerkende
onderrig en leer



5 Navorsing
vir impak



6 Voorkeur-
werkgewer

Ons SAKEMODEL

Die Universiteit fokus op sy belanghebbers en hoe om aan hul behoeftes te voldoen deur middel van waardetoevoegende aktiwiteite, soos die doeltreffende aflewering van akademiese programme, gehaltenavorsing, effektiewe verbintenisse met belanghebbers, proaktiewe korporatiewe kommunikasie en goeie korporatiewe oorsigbestuur. Die mate waartoe die Universiteit dit op 'n volhoubare manier regkry, bepaal die inkomstestrome van die Universiteit. Terselfdertyd vereis die aanbod van sy onderskeie waardetoevoegende programme hulpbronne en, waar van toepassing, samewerking met ander organisasies. Dit hou natuurlik onkoste vir die Universiteit in.

WAT ONS AANBIED	HOE ONS ONS PRODUKTE AANBIED
Waarde-aanbod - Groot verskeidenheid gehalte- en bekostigbare akademiese programme - Hoë akademiese sukseskoers en loopbaansukses van graduandi - Impakryke navorsing van internasionale status - Suksesvolle tegnologie-oordrag en sake-inkubasie - Bemagtigende ko-kurrikulêre program en uitmuntende fasiliteite vir sport en verenigings - Meertalige universiteit - Pragtige, veilige en tegnologie-ingerigte kampus in 'n geskiedkundige universiteitsdorp	Hoofhulpbronne en -vermoëns - Akademiese en professionele en administratiewe steundienspersoneel - Intellektuele kapitaal in akademiese programme, navorsingsuitset en intellektuele eiendom - Fasiliteite - IKT-stelsel - Biblioteek - Effektiewe administratiewe stelsels - US-handelsmerk - Sterk vennootskappe
Kliënte - Studente (huidige, vorige en voornemende; residensiële en hibridiese leer-; voltydse en deeltydse) - Ouers en ondersteuners van studente - Owerheid - Industrie - Donateurs - Navorsingstigtings (plaaslik en internasionaal) - Beleggers (insluitend waagkapitaal)	Hoofbedrywighede - Effektiewe aflewering van akademiese programme - Navorsing wat aan hoë wetenskaplike standaarde voldoen - Effektiewe skakeling met eksterne belanghebbers - Effektiewe en proaktiewe korporatiewe kommunikasie - Goeie korporatiewe oorsigbestuur
Verhouding met kliënte - Toegewyde akademici berei studente voor vir lewenslange leer - Professionele steundienste bied 'n goedbestuurde diens vanaf aansoek tot graduering aan - Navorsingsprojekte word koste-effektief bestuur - Vennootskappe met die industrie, openbare sektor en burgerlike gemeenskap om kennis te verbrei en navorsingsagendas op te stel - Aktiewe verhoudings met ingeligte en lojale alumni	Belangrike vennootskappe - Personeel - Universiteitsraad - Alumni - Donateurs - Bedryf - Owerheid (nasionaal en plaaslik) - Plaaslike gemeenskap - Universiteitsverenigings - Internasionale genootskappe en netwerke - Sportliggame - Vakbonde en diensverskaffers
Hoofkanale Leer en onderrig: - Op kampus van aangesig tot aangesig - Hibridies - Virtueel Navorsing: - Publikasies (artikels en boeke) - Seminare - Laboratoriumnavorsing - Kontraknavorsing - Tegnologie-oordrag Sosiale impak: - Leer en onderrig en navorsing met sosiale impak - Gesamentlike projekte met gemeenskappe	
FINANSIES	
Geldstrome - Eerste stroom (owerheidssubsidie vir leer en onderrig en navorsing) (37,4%) - Tweede stroom (studentegelde vir akademiese programme, inwoning en dienste) (25,8%) - Derde stroom (navorsingstoekennings en -kontrakte) (26,6%) - Vierde stroom (filantropiese skenkings) (5,3%) - Vyfde stroom (inkomste uit beleggings, kommersialisering, tegnologie-oordrag, kortkursusse) (4,2%) Kostestruktuur - Vergoeding (49,6%) - Bedryfskoste, toerusting en ander (50,4%)	Beskikbare fondse, bates en laste Beskikbare fondse: - Onbeperk en ongeoormerk (2,59%) - Onbeperk en geoormerk (5,57%) - Beperk (72,87%) - Ander (18,97%) Batekategorieë as % van totale bates: - Eiendom, boeke en toerusting (34,20%) - Beleggings (59,54%) - Handels- en ander debiteure en kontrakbates (3,63%) - Kontant en kontantekwivalente (2,48%) - Ander bates (0,15%) Lastekategorieë as % van totale laste: - Rentedraende lenings (9,49%) - Personeelvoordele (30,05%) - Handels- en ander krediteure en kontraklaste (60,46%)



— OORSIGBESTUUR —

VERSLAG — van die — VOORSITTER VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD



George Steyn

Voorsitter van die Universiteitsraad

Die Universiteit Stellenbosch (US) Raad kon teen die einde van 2018 terugkyk op 'n historiese jaar by die instelling, met twee baie spesiale mylpale – een wat verband hou met die verlede, en die ander met die toekoms. Enersyds was dit die US se langverwagte Eeufeesjaar en kon die instelling sy ontstaan uit Victoria Kollege in 1918 herdenk. Andersyds het die US in 2018 ook 'n tree vorentoe geneem met 'n nuwe rigtinggewende raamwerk vir sy volgende tydvak, naamlik Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024.

Die nuwe raamwerk vervang die Universiteit se vorige dokument, die *US Institusionele Voorname en Strategie 2013–2018 (IVS)*, wat sy doel bereik het, maar ook sy vervaldatum. Daarmee is die US se eerste 'sesjaarplan', wat die Raad in 2012 goedgekeur het, suksesvol afgesluit.

Wanneer ons in hierdie geïntegreerde jaarverslag oor 2018 nadink, is dit dus gepas om nie net oor die afgelope jaar te besin nie, maar ook oor die volle termyn van die IVS. Die Raad het gedurende dié tyd 'n aantal belangrike besluite geneem wat die Universiteit 'n nuwe rigting laat inslaan het op reis na akademiese uitnemendheid, sistemiese transformasie en langtermynvolhoubaarheid. In die volgende paragraawe lig ek graag van die belangrikste momente uit.

'N VISIE VIR DIE US VAN DIE TOEKOMS

Die grondslag is in 2013 gelê toe die Raad die IVS, met inbegrip van Visie 2030, goedgekeur het. Die oogmerk was dat die Universiteit meer “inklusief, innoverend en toekomsgerig” moes word, “'n plek van ontdekking en uitnemendheid waar sowel personeel as studente denkleiers is wat kennis tot diens van alle belanghebbers bevorder”. Om hierdie bestemming te bereik, is drie strategiese prioriteite bepaal: om toegang te verbreed, om uitnemendheid vol te hou, en om die organisasie se impak op die samelewing te vergroot. Oor die volgende ses jaar was daar aansienlike vordering op elk van hierdie gebiede. Vir meer besonderhede, blaai gerus na die Rektor en Visekanselier se bydrae.

Ook in 2013 het die Raad 'n nuwe koshuisplasingsbeleid vir die US goedgekeur met die oog op die “bevordering en viering van diversiteit” en die “skep van 'n verwelkomende kampuskultuur”. Die beleid beoog om koshuisplek toe te ken aan die kwesbaarste studente, “wie se kans op sukses sal verbeter as hulle in 'n koshuis is”. Ek doen graag verslag dat dié beleid die gewenste uitwerking gehad het. Die bestuur het in 2018 aan die Raad bevestig dat die diversiteitsprofiel van eerstejaars in US-koshuise op die Stellenbosch- en Tygerbergkampus gesamentlik byna 'n 50:50-verhouding bereik het. Die verbreding van toegang tot US-studentehuisvesting het dus fluks gevorder.

TOEGANG MET SUKSES

Toegang sonder sukses is egter sinneloos. Daarom het ons by ons eerste Raadsvergadering in 2014 besluit om oor 'n tydperk van vyf jaar R218 miljoen te belê om die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) in leer en onderrig 'n hupstoot te gee. Die doel van die projek is om

die akademiese aanbod aan die US te verbreed sowel as te verdiep. Die Universiteit moet tred hou met die snelle ontwikkeling van IKT, wat die hoër onderwys radikaal verander van tradisionele onderrig van aangesig tot aangesig tot oper en buigsamer leer oor die internet. Ook in hierdie opsig kan ek bevestig dat daar goeie vordering gemaak is. Altesaam 83% van alle klaskamers op die Stellenboschkampus was teen 2018 met WiFi toegerus. Kundigheid in die gebruik van IKT in leer en onderrig word deur die hele instelling gebou deur middel van gemengdeleerkoördineerders wat in alle fakulteite ontplooi is. 'n Nuwe videostromingsoplossing, SUNStream, maak dit moontlik om lesings regstreeks oor die internet aan te bied. En die US se eerste massiewe oop aanlyn kursus (MOOC), "Teaching for Change: An African Philosophy of Education", wat op die Future Learn-platform aangebied is, het groot sukses behaal.

2014 – 'N GEWIGTIGE JAAR

Tog was 2014 ook 'n laagtepunt vir die US. Die instelling is op 28 Junie daardie jaar geskok deur die skielike afsterwe van Rektor en Visekanselier prof Russel Botman – die eerste keer in die Universiteit se byna 100-jarige bestaan dat sy leier in die amp oorlede is. Ter wille van stabiliteit het die Raad dadelik bevestig dat die Universiteit verbind bly tot die IVS, wat onder leiding van prof Botman ontwikkel is. Die US was nie van plan om af te wyk van die rigting wat prof Botman aangedui het nie, veral ook nie van die Universiteit se transformasie nie. Die Raad het die destydse Bedryfshoof, prof Leopoldt van Huyssteen, aangestel om die leiers te hou terwyl die proses om 'n nuwe Rektor en Visekanselier aan te stel sy gang gegaan het. Op 1 Desember 2014 het ons prof Wim de Villiers, 'n alumnus van die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, met ingang van 1 April 2015 in hierdie amp aangestel.

Om 'n gebeurtenisvolle jaar af te sluit, het die Raad ook op 1 Desember die US se Kampusvernuwingsprojek (KVP) goedgekeur en R2,33 miljard oor sewe jaar daaraan toegeken. In daardie stadium was baie van die US se fisiese infrastruktuur reeds verouderd en het die gevaar bestaan dat die fasiliteite weens 'n langtermyngebrek aan instandhouding nie meer aan hulle doel sou kon beantwoord nie. Die verwaarloos van ons vervaardigde kapitaal het 'n bedreiging vir die volhoubaarheid van die akademiese projek aan die US ingehou. Ons het in 2017 die uitbreiding van die KVP goedgekeur deur dit tot 2027 te verleng en 'n bykomende R1,456 miljard daaraan toe te wys. Hoewel dit groot bedrae geld is, moet 'n mens in gedagte hou dat die Universiteit se Afdeling Fasiliteitsbestuur 477 geboue met 775 000 m² bruikbare ruimte bestuur. Dit sluit in koshuise, kantoorgeboue, kommersiële ruimtes, klaskamerfasiliteite, laboratoriums, navorsingsfasiliteite sowel as ontspannings- en sportlokale, wat alles in stand gehou moet word. Die KVP vorder goed. Die Bedryfshoof se verslag bevat volledige besonderhede, maar een goeie voorbeeld was die opknapping van die HB Thom-teater (wat na 'n vorige Rektor geheet het). Die fasiliteit is nie net vernuwe nie, maar is ook uitgebrei en herdoop tot die Adam Small Teaterkompleks (om hulde te bring aan dié bekroonde digter en dramaturg, wat in 2016 oorlede is). Dit maak deel uit van 'n voortgesette proses van visuele regstelling en vernuwing van openbare ruimtes, simbole, geboue en fasiliteite by die US.

TRANSFORMASIE IN DIE HOËR ONDERWYS, EN REGSTELLING

Die Rhodes Must Fall-veldtog by die Universiteit van Kaapstad (UK) het natuurlik die soeklig op visuele regstelling gewerp. Wat aanvanklik na 'n plaaslike kwessie by 'n buurinstelling gelyk het toe dit in Maart

2015 begin het, het 'n twee jaar lange, landwyse protesbeweging vir transformasie in die hoër onderwys geword – onder meer ook by die US, waar die groep Open Stellenbosch en andere hulle vir verandering beywer het. Die Parlement het betrokke geraak toe sy portefeuljekomitee oor hoër onderwys en opleiding 'n spesiale sitting gehou het om transformasie en die taalkwessie by die Universiteit te bespreek ná die verskyning van die #Luister-video, waarin studente van hulle ervarings van rassisme en diskriminasie vertel het. 'n US-afvaardiging met verteenwoordigers van die Raad, die Rektor, die Institusionele Forum en die Studenteraad het by daardie sitting in September 2015 (sowel as by daaropvolgende sittings in Maart 2016 en Mei 2017) voorleggings gelewer. Ons respekteer die Parlement se grondwetlike mandaat en was daarom meer as bereid om saam te werk. Alle US-strukture het rassisme onomwonde veroordeel en opnuut hulle verbintenis tot transformasie bevestig.

Die Raad het later in 2015 die uitdruklike prioritering van transformasie tot topbestuursvlak by die US goedgekeur deur dit by 'n uitgebreide Rektoraatsportefeulje genaamd "Sosiale Impak, Transformasie en Personeel (SITP)" in te sluit. Prof Nico Koopman is as viserektor oor hierdie portefeulje aangestel. Daarna het die Raad ook die vestiging van twee amptelike strukture verwelkom wat spesifiek opdrag ontvang het om transformasiebedrywighede aan die Universiteit te koördineer en daarvoor toesig te hou – die Transformasiekantoor en die Institusionele Transformasiekomitee (raadpleeg ons oorsigbestuursstruktuur op bladsy 20). En in Maart 2017 het die Raad kennis geneem dat die Senaat 'n Transformasieplan vir die US goedgekeur het ná 'n universiteitswye oorlegplegingsproses. Die dokument omskryf transformasie aan die US as "'n doelbewuste en gestruktureerde proses van grondige verandering van die Universiteit se plekke, mense en programme deur middel van doelbewuste prosesse, praktyke, planne en beleide".

'N NUWE TAALBELEID

Die taalkwessie aan die US was nog altyd nou verweef met transformasie en het 'n besliste uitwerking op toegang tot die US en sy kennisbasis. In 2016 het die Raad, met die instemming van die Senaat, 'n nuwe Taalbeleid vir die instelling goedgekeur. Dit verbreed toegang deur voorsiening te maak vir studente wat verkies om in Engels te studeer, en bied terselfdertyd steeds toegang aan Afrikaanssprekende studente. Die beleid berus op die beginsels dat die Universiteit se onderrigtaale toegang en akademiese sukses moet bevorder, en dat die instelling se taalbeleid sy akademiese projek moet ondersteun. Twee meningsopnames onder voorgraadse studente in 2017, kort nadat die beleid in werking getree het, het daarop gedui dat die beleid na wense geïmplementeer is in ál of die meeste van die studente se modules sowel as in die administratiewe en ko-kurrikulêre omgewings. Daaropvolgende fakulteitsverslae het slegs enkele afwykings van die goedgekeurde taalimplementeringsplanne aan die lig gebring. En die Universiteit se Ombud het geen taalklagtes ontvang nie.

Die Wes-Kaapse afdeling van die Suid-Afrikaanse hooggeregshof het in Oktober 2017 uitspraak gelewer ten gunste van die Universiteit in 'n aansoek deur die groep Gelyke Kanse en agt ander aansoekers, wat die Taalbeleid van 2016 wou laat ter syde stel. Die aansoekers het daarna aansoek gedoen om verlof tot appél by sowel die Konstitusionele Hof as die Hoogste Hof van Appél. Die aansoek by die Konstitusionele Hof word op 8 Augustus 2019 aangehoor, terwyl die aansoek by die Hoogste Hof van Appél uitgestel is hangende die uitkoms van die Konstitusionele Hof-aansoek.

NUWE BELEIDE VIR GOEIE OORSIGBESTUUR

Ook in 2016 het die Raad 'n Diensbillikheidsbeleid vir die Universiteit goedgekeur, wat bepalings oor billike en regverdigde indiensneming neerlê. Die beleid stel die US in staat om aan die voorskrifte van die Wet op Diensbillikheid 55 van 1998 te voldoen. Dit konsentreer op die dringende vereiste om 'n diverse en transformasievaardige personeelkorps te bou.

Nóg 'n dokument wat in hierdie tyd goedgekeur is, was 'n nuwe Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering, wat op sowel personeellede as studente van toepassing is. Die nuwe beleid wil 'n nuwe kampuskultuur bou, en neem sterk standpunt in teen onaantvaarbare gedrag, terwyl dit ook gesprek en geskilbeslegting aanmoedig. Die beleid funksioneer in samehang met verbandhoudende instrumente, waaronder die Dissiplinêre Kode vir Studente en die Reglement insake Dissiplinêre Optrede teen Personeel. Dit is ook afgestem op groter sinergie tussen inwerkingstellingstrukture soos die Eenheid vir Gelykwaardigheid, die Afdeling Menslike Hulpbronne en die Sentrale Dissiplinêre Komitee.

Die Raad het in 2017 goedkeuring verleen vir 'n hersiene Toelatingsbeleid vir die US, wat vanaf die akademiese jaar 2018 in werking gestel is. Die nuwe beleid kombineer drie oorwegings vir die toelating van voornemende studente tot US-studieprogramme: bewese akademiese meriete op skoolvlak, die transformasie van die rassedemografie van die US se studentegemeenskap, en regstelling van die sosio-ekonomiese benadeling wat sommige studente ervaar. Dit bevorder toegang en sukses vir studente uit diverse gemeenskappe, wat die US 'n universiteit vir alle Suid-Afrikaners help maak.

En in 2018 het die Raad die US se nuwe Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 goedgekeur. Die voortdurende verandering in die hoër onderwys vereis 'n gepaste reaksie van diene wat op 'n bepaalde tydstop in die geskiedenis by 'n universiteit betrokke is. Dit is veral die geval vir die US noudat die instelling sy tweede eeu betree. Die Raad het die bestuur opdrag gegee om 'n nuwe roetekaart vir die toekoms op te stel, en ons is tevrede dat die nuwe raamwerk waarop dié proses uitgeloop het die instelling goed te pas sal kom.


Daarbenewens het die Raad 'n hersiene Statuut vir die US goedgekeur, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister van Hoër Onderwys (DHOO). Die dokument was die produk van 'n uitgebreide oorlegplegingsproses wat in 2017 reeds begin het. 'n Taakgroep onder leiding van die Registrateur het met kenners saamgewerk om die Statuut te hersien, en die voorgestelde wysigings is ook 'n maand lank vir openbare kommentaar beskikbaar gestel. Die bestaande Statuut sal van krag bly totdat die minister die hersiene dokument goedgekeur het.

Die Raad het 'n nuwe Onderrig- en Leerbeleid vir die Universiteit goedgekeur, wat beoog om 'n instaatstellende institusionele omgewing te bevorder waar onderrig en leer van gehalte kan floreer. Die beleid maak voorsiening vir die professionalisering en voortdurende ontwikkeling van akademië in hulle onderrigrol deur 'n verskeidenheid leergeleenthede. Dit bevat ook bepalings oor die deurlopende vernuwing van akademiese programme om met die veranderende arbeidswêreld, die groter maatskaplike omgewing sowel as die US se graduandi-kenmerke te strook. Dit sal US-graduandi se bydrae tot die samelewing – sowel plaaslik as wêreldwyd – en hulle potensiaal as beroepslui versterk.

Die Raad het voorts 'n hersiene Beleid oor Gestremdheidstoegang vir die Universiteit goedgekeur, wat as rigshoer behoort te dien vir die US om 'n universeel toeganklike instelling vir personeellede, besoekers en studente met gestremdhede te word. Dit impliseer daadwerklike pogings om persone met gestremdhede in te sluit, onder andere deur fisiese ruimtes toeganklik te maak en inligting in 'n toeganklike vorm beskikbaar te stel.

Die US Raad het in die tydperk 2013–2018 sy diversiteit wat rasse- en geslagsamestelling betref aansienlik verbeter. Die getal bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërlede het bykans verdubbel (van 5 uit 26 in 2013, of 19,2%, tot 11 uit 30 in 2018, of 36,6%) en die getal vroueledede het meer as verdrievoudig (van 2 uit 26 in 2013, of 7,7%, tot 7 uit 30 in 2018, of 23,3%).

Ek dien reeds sedert 2010 as Raadslid (deur skenkers verkies), en ná my eerste termyn as voorsitter van die Raad sedert 2012 is ek in 2018 vir 'n tweede agtereenvolgende keer in dié amp verkies. Die Raad het mnr Ainsley Moos tot sy nuwe ondervoorsitter verkies. My opregte dank aan alle Raadslede sowel as die kundige lede van die verskillende komitees van die Raad vir hulle toegewyde diens. Namens die Raad spreek ek ook graag my waardering uit vir die harde werk en loyaliteit van die Universiteitsgemeenskap.



George Steyn

Raadsvoorsitter

**MINISTERIËLE INSKRYWINGS- EN EFFEKTIVITEITSTEIKENS VIR 2019
EN UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (US) SE PRESTASIE, 2016–2018**


	MINISTERIËLE TEIKEN VIR 2019	US IN 2016	US IN 2017	US IN 2018
KOPTELLING	27 510 in 2012 moet vermeerder tot 30 809 in 2019, 'n jaarlikse verhoging van 1,6% tussen 2012 en 2019	30 160	31 114	31 260
VOLTYDS-EKWIVALENTE STUDENTE	22 193 in 2012 moet tot 25 330 in 2019 vermeerder	23 745	24 311	24 526
BEFONDSTE ONDERRIGINSETEENHEID (GEWEEGDE VOLTYDSEKWIVALENTE)	77 965 in 2021/22 (die befondste onderriginsetdeel sal van 5,38% in 2015/16 na 5,33% in 2021/22 verander)	75 005	79 828	80 672
VOORGRAADSE NUWELING-EERSTEJAARS	5 230 in 2019, 'n gemiddelde jaarlikse verhoging van 4,1% vanaf 3 936 in 2012	5 025	5 200	5 190
BREE STUDIERIGTINGS %				
WETenskap, INGENIEURSWES EN TEGNOLOGIE	52% in 2019	48,3	48,5	48,9
BESIGHEID EN BESTUUR	22% in 2019	21,6	21,7	21,3
OPVOEDKUNDE	5% in 2019	4,4	4,3	5,1
GEESTESWETenskapPE	21% in 2019	25,7	25,5	24,7
STUDIEVLAKKE %				
VOORGRAADS	63% in 2019	63,3	62,4	63,0
NAGRAADS VOOR MAGISTER	12,9% in 2019	12,3	12,8	13,2
MAGISTER	16,6% in 2019	16,3	15,9	15,7
DOKTORAAL	4,7% in 2019	5,2	5,4	5,4
GELEENTHEIDSTUDENTE	2,8% in 2019	2,8	3,5	2,7
TOTALE AANTAL GEGRADUEERDES	Moet van 7 681 in 2012 vermeerder tot 8 130 in 2019	8 208	8 932	8 899
GEGRADUEERDES IN SKAARS VAARDIGHEDE				
INGENIEURSWES	455 in 2019	525	541	579
LEWENS- EN FISIESE WETenskapPE	404 in 2019	488	474	441
DIERE- EN MENSlike GESONDHEIDSWETenskapPE	438 in 2019	408	413	477
AANVANKlike ONDERWYSERONDERRIG	355 in 2019	336	328	410
GEGRADUEERDES OP VERSKILLENDE VLAKKE				
NAGRAADS VOOR MAGISTER	2 706 in 2019	2 554	2 691	2 651
NAVORSINGSMAGISTER	867 in 2019	877	928	882
DOKTORAAL	231 in 2019	278	305	305
TEIKEN VIR SUKSESKOERS %	84% in 2019	85,9	87,1	86,4

INTERPRETASIE VAN ONS PRESTASIE TEENoor DIE MINISTERIËLE TEIKENS VIR 2019

Die tabel toon hoe die Universiteit Stellenbosch in 2016, 2017 en 2018 gevaar het gemeet aan die inskrywings- en effektiwiteitsteikens vir 2019 wat die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding met die Universiteit ooreengekom het. Hierdie statistiek word jaarliks uit HEMIS (Higher Education Management Information System) onttrek en aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gelewer, wat die universiteite in Suid-Afrika se prestasies met mekaar vergelyk. Ons sukseskoersprestasie van 86,4% vir 2018 oortref die ministeriële teiken van 84%.

Ons

OORSIGBESTUURSTRUKTUUR en RAPPORTERINGSLYNE



Die UNIVERSITEITSRAAD *soos op 18 Junie 2019*

Die Universiteitsraad bestuur en beheer die Universiteit Stellenbosch behoudens die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 en die institusionele statuut. Die funksies en samestelling van die Raad word in die Statuut van die Universiteit Stellenbosch uiteengesit. Die Raadslede word vervolgens gegee soos op 18 Junie 2019, die datum waarop die Raad die Universiteit Stellenbosch se Geïntegreerde Jaarverslag 2018 goedgekeur het. Lede wat nog in 2018 gedien het, maar wie se termyn voor die goedkeuring van die Verslag verstryk het, word aangedui met “Uitgetree”.

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ● Lede van die Beleggingskomitee van die Raad ● Lede van die Eregradekomitee ● Lede van die Institusionele Forum ● Lede van die Menslikehulpbronnekomitee van die Raad ● Lede van die Oudit- en Risikokomitee van die Raad | <ul style="list-style-type: none"> ● Lede van die Senaat ● Lede van die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee van die Raad ● Lede van die Taalkomitee van die Raad ● Lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad ● Lede van die Vergoedingskomitee van die Raad |
|--|--|

Ons statutêre Raads- en Senaatkomitees en hul rapporteringslyne word in die diagram op die vorige bladsy getoon. Vir inligting oor bogenoemde komitees se rol, kyk “Komitees van die Raad” op bladsy 24.

KOMITEE	NAAM	OUDERDOM	KWALIFIKASIES	AMPSTERMYN
AMPSHALWE LEDE				
Rektor en Visekanselier				
● ● ● ● ● ● ● ●	Prof WJS de Villiers	58	MBChB, MMed (Int) (US), LKI(SA), DPhil (Oxon), MHCM (Harv), DSc hc (Coventry)	1.4.2015–31.3.2020
Bedryfshoof				
● ● ● ● ● ● ● ●	Prof SA du Plessis	46	BCom, HonsBCom (US), MPhil (Cambridge), PhD (US)	1.1.2018–31.12.2023
Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)				
● ● ● ● ● ● ● ●	Prof NN Koopman	57	BA, BTh, HonsBTh, MTh, DTh (UWK)	1.7.2016–30.6.2021
Viserektor (Leer en Onderrig)				
● ● ● ● ● ● ● ●	Prof A Schoonwinkel	62	HonsBIng, MIng (US), MBA (UK), PhD (Stanford), PrIng	1.8.2017–31.12.2020
Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)				
● ● ● ● ● ● ● ●	Prof TE Cloete	60	MSc (UOVS), DSc (UP)	1.8.2017–31.7.2022
DEUR DIE PERMANENTE AKADEMIESE PERSONEEL (NIESENAATSLEDE) BENOEM				
● ● ● ● ● ● ● ●	Prof J Fourie	35	MCom, PhD (Utrecht)	1.9.2018–31.8.2020
DEUR DIE PERMANENTE NIEAKADEMIESE PERSONEEL BENOEM				
● ● ● ● ● ● ● ●	Mnr WP Davidse	48	BEcon, BPhil, MPhil (US)	6.4.2018–5.4.2020
DEUR DIE MINISTER VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING BENOEM				
● ● ● ● ● ● ● ●	Mnr AR Dietrich	58	NGSerte Globalisasie (GLU Kassel), OntwEkon (BSE, Duitsland), OpvMetod en Arbeidsopv (ACTRAV, Turin), Empl and SocSecur Law, VolwOnd (UK)	23.3.2017–22.3.2021
	Prof A Keet	53	MEd (UWK), PhD (UP)	1.12.2018–30.11.2022
	Me TS Lingela	61	BA, UED (Fort Hare), BEd (Rhodes), MEd (UDW, VSA)	1.1.2019–31.12.2023
Uitgetree	Prof PG Maré	72	HonsBA (VSA), HonsBA, MA (Witw), PhD (Agric) (Penn State, VSA)	25.9.2014–24.9.2018
	Dr T Ngomane	54	HonsB (UZ), MLandbVoorl (Limp), PhD (Agric) (Penn State, USA)	1.10.2018–30.9.2022
● ● ● ● ● ● ● ●	Me Z Stuurman	29	HonsBA Politieke Wetenskap (US)	13.7.2017–12.7.2021
DEUR DIE KONVOKASIE BENOEM				
● ● ● ● ● ● ● ●	Mnr CD Cillie	43	BSc, HonsBSc (Geneeskundige Fisiol), BPhil (Logistiek & Vervoerekon), Finansiële Best (USB), Projekbest (IT)	2.4.2018–1.4.2022

KOMITEE	NAAM	OUDERDOM	KWALIFIKASIES	AMPSTERMYN
●	Prof AR Coetzee	67	MBCbB, MMed (Anes), PhD, MD, PhD, DSc (US), LKN(SA), FFARCS	2.4.2016–1.4.2020
	Mnr H Gonzales	30	LLB (US), toegelate prokureur	2.4.2016–1.4.2020
●	Prof JH Hambidge	62	HonsBA (US), MA (UP), PhD (Rhodes), PhD (UK)	2.4.2018–1.4.2020
● ●	Adv JJ Meiring	45	BA, HonsBA (Latyn), LLB (US), BCL (Oxon)	2.4.2018–1.4.2022
	Mnr JG Theron	55	BA Regte, LLB (US)	2.4.2018–1.4.2022
DEUR DIE SENAAT BENOEM				
●	Prof UME Chikte	64	PhD (US), MSc (UCL), MDent, DHSM (Witw), BChD (UWK)	1.1.2018–31.12.2019
● ●	Prof MA Fataar	52	BA, HOD, HonsBA, MPhil, PhD (UWK)	1.7.2018–30.6.2020
● ●	Prof A Gouws	59	MA (RAU), PhD (Illinois, Urbana-Champaign)	1.1.2018–31.12.2019
DEUR DIE MUNISIPALITEIT VAN STELLENBOSCH BENOEM				
	Adv GMM van Deventer	59	Dipl Wingerdk en Plantk, Dipl Keldermeester en Wynmaker (Eerste Klas) (Elsenburg), BA Regte, LLB (US)	1.12.2016–30.11.2021
DEUR DIE DONATEURS BENOEM				
● ●	Mnr HR Brody	54	HonsBRek (US), GR(SA), EMP (UK)	2.4.2018–1.4.2022
● ● ●	Mnr JJ Durand	51	HonsBRek (US), MPhil (Oxon), GR(SA)	2.4.2016–1.4.2020
● ● ● ●	Mnr GM Steyn (Voorsitter, herverkies op 18.6.2018)	59	BA Regte, LLB (US)	2.4.2018–1.4.2022
DEUR DIE PREMIER VAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE REGERING BENOEM				
	Me GSA Ngwenya	30	BMaatsk Werk (UK), MSc Fin (Bankwese) (Universiteit van London), MIntEkon (UPE, Frankryk)	1.12.2018–31.7.2022
Uitgetree	Mnr AP van der Westhuizen	59	BCom, HOD, MEd (US)	1.8.2014–31.7.2018
DEUR DIE RAAD BENOEM				
● ● ● ●	Mnr AV Moos (Ondervoor-sitter vanaf 18.6.2018)	40	BA, BPhil Joernalistiek, MBA (US)	1.6.2018 – 31.5.2022
● ●	Me K Njobe	48	Biologie (UCLA, USA), MSc (Dierkunde) (UP), MTE (IMD, Switzerland)	1.6.2018 – 25.3.2019
DEUR DIE STUDENTERAAD BENOEM				
Uitgetree ●	Mnr EL Etson	23	-	1.1.2018–31.12.2018
Uitgetree	Mnr L Nkamisa	26	-	1.1.2018–31.12.2018
	Mnr PG Joubert	23	-	1.1.2019–31.12.2019
	Me CA van Wyk	22	-	1.1.2019–31.12.2019
DIE RAAD HET DIE VOLGENDE NIERAADSLEDE AS ADDISIONELE LEDE IN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE BENOEM				
● ●	Prof DP du Plessis		BSc (UK), MBA, DBA (US)	
● ●	Mnr JP Bester		HonsBCom (Rek) (US), HonsBCom (Bestuursrek), HonsBCom (Inligtingstelsels) (UK), GR(SA)	
●	Mnr BHJ Wessels		BCompt (Unisa), GIA(SA)	
●	Mnr H van der Ahee		BIng (Chem), BRek, HonsBCom (Belasting) (US), HonsBCompt (Unisa), GR(SA)	
DIE RAAD HET DIE VOLGENDE NIERAADSLEDE AS ADDISIONELE LEDE IN DIE BELEGGINGSKOMITEE BENOEM				
● ●	Prof DP du Plessis		BSc (UK), MBA, DBA (US)	
●	Mnr GT Ferreira		BCom, MBA (US)	
●	Prof JD Krige		MCom (US), FIA (London)	
●	Mnr DK Smith		BSc (US), FASSA, ISMP (HBS)	
●	Mnr MM du Toit		BScAgric, MBA (US)	
●	Me E de la Harpe-Meaker		HonsBA (US)	

KOMITEE	NAAM	OUDERDOM	KWALIFIKASIES	AMPSTERMYN
DIE RAAD HET DIE VOLGENDE NIERAADSLEDE AS LEDE IN DIE SOSIALE EN BESIGHEIDSETIEKKOMITEE BENOEM				
● ●	Mnr JP Bester		HonsBCom (Rek) (US), HonsBCom (Bestuursrek), HonsBCom (Inligtingstelsels) (UK), GR(SA)	
●	Dr T Theron		HonsBSc, MSc, PhD (US)	
●	Prof P Naudé		LisTeol, MA, DTh (US)	
●	Prof P Pillay		HonsBAdmin, MAdmin, DAdmin (UKZN)	
DIE RAAD HET DIE VOLGENDE NIERAADSLEDE AS 'N LID IN DIE EREGRADEKOMITEE BENOEM				
●	Prof HC Kloppe		BCur (Unisa), MCur, PhD (UJ), MBA (Luton), DVer- pleging hc (Oxford Brookes)	
DIE RAAD HET DIE VOLGENDE NIERAADSLEDE AS 'N LID IN DIE TAALKOMITEE BENOEM				
●	Prof C van der Walt		HOD, MA (PU vir CHO), DLitt (UP)	



US Raadslede wat by die vergadering op 26 September 2018 teenwoordig was, van links na regs (agter), mnre Wayde Davidse en Charl Cillié, profs Eugene Cloete en Johan Fourie, mnre Lwando Nkamisa en Jannie Durand, prof Nico Koopman, Ondervoorsitter mnr Ainsley Moos, profs André Coetzee, Aslam Fataar en Usuf Chikte, en adv Jean Meiring; (voor) profs Joan Hambidge, Arnold Schoonwinkel, Stan du Plessis en Wim de Villiers, Voorsitter mnr George Steyn, me Khungeka Njobe, prof Amanda Gouws en me Gwen Ngwenya.

Raadsverklaring oor KORPORATIEWE OORSIGBESTUUR

Die Universiteit Stellenbosch, 'n openbare instelling, is 'n eeu gelede in 1918 ingevolge die Wet op die Universiteit van Stellenbosch 13 van 1916 tot stand gebring toe Victoria Kollege in 'n universiteit omskep is.

Die Universiteit Stellenbosch Raad (hierna “die Raad” genoem) beheer die instelling. Sake wat vir oorweging en besluitneming aan die Raad toegewys word, word in die Statuut van die Universiteit bepaal, en spruit hetsy uit gevestigde praktyk of die Wet op Hoër Onderwys. Die Raad is verbind tot die beginsels van goeie oorsigbestuur wat in die King IV-verslag oor korporatiewe oorsigbestuur vir Suid-Afrika vervat is. Sodoende sorg die Raad dat die Universiteit doeltreffend en eties bestuur word in die strewe na goeie korporatiewe burgerskap. Eweneens voldoen die Universiteit se finansiële verslagdoening aan die gekodifiseerde vereistes in die *Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde*, oftewel die *International Financial Reporting Standards* (IFRS).

Die Universiteit se strukturele kapitaal is in die verslagjaar deur middel van ouditprosesse uitgebrei om voldoening aan alle tersaaklike wette sowel as die toepassing van die King IV-beginsels te verseker. Die Registrateur het in dié verband die Statuut herskryf om met die King IV-beginsels te strook, en die herwerkte verslag vir goedkeuring aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) voorgelê. Daarbenewens is die Registrateur by die Rectoraat ingesluit. Sy doen verslag aan die Rektor, en haar kernverantwoordelikhede sluit in regsdiens en statutêre voldoening, akademiese studenteadministrasie, en korporatiewe oorsigbestuur en sekretariële dienste.

DIE RAAD VERSEKER TOEREKENBAARHEID

Tydens 'n Raadsvergadering op 18 Junie 2019 het die Raad die US se *Geïntegreerde Jaarverslag 2018* goedgekeur, wat opgestel is volgens die raamwerk vir geïntegreerde verslaggewing, oftewel die *International <IR> Framework*. Verder het die Raad die Universiteit se status as lopende saak bevestig en die mening uitgespreek dat die US se finansiële omstandighede gunstig is en dat die instelling oor die volgende 12 maande steeds as lopende saak bedryf sal word. Hierdie aankondigings is gemaak op aanbeveling van die Raad se Oudit- en Risikokomitee, wat die verslag bestudeer het en verder gemeld het dat die eksterne oudit van die Universiteit vir 2018 geen wesenlike wanvoorstellings aan die lig gebring het nie.

SAMESTELLING VAN DIE RAAD

Die Raad bestaan uit akademiese en nie-akademiese lede wat behoorlik ingevolge die Statuut van die Universiteit aangestel en benoem is, en van wie die meerderheid nie personelelede of huidige studente van die Universiteit is nie. Die rol van die voorsitter van die Raad staan apart van die rol van die Rektor en Visekanselier van die Universiteit.

Die Raad het in 2018 uit 30 lede bestaan, naamlik vyf uitvoerende Raadslede, 14 onafhanklike nie-uitvoerende Raadslede, vyf werknemers van die Universiteit, vier lede wat deur die regering aangestel is, en twee wat deur die studente aangestel is. Die name van die lede, hulle kwalifikasies en ampstermyne soos op 18 Junie 2019 verskyn op bladsy 21 tot 23. Die huidige voorsitter van die Raad is gedurende 2018 vir 'n verdere termyn van 2 April 2018 tot 1 April 2022 herkies. Die Raad het in 2018 amptelik vier keer vergader met 'n gemiddelde bywoningsyfer van 75%.

KOMITEES VAN DIE RAAD

Die Raad het organisatoriese strukture geskep om toe te sien dat sy verpligtinge teenoor alle belangegroepes te alle tye behoorlik en in pas met die King IV-beginsels nagekom word (sien “Ons oorsigbestuurstruktuur” op bladsy 20). Die komitees van die Raad vervul 'n direkte rol in die doeltreffende funksionering van die Universiteit. Al die Raadskomitees is formeel gekonstitueer met skriftelike mandate (sien die samevatting hieronder) en bestaan hoofsaaklik uit lede van die Raad wat nie personelelede of studente van die Universiteit is nie. Die gereeldheid van komiteevergaderings wissel: Party ontmoet voor elke Raadsvergadering, terwyl ander na gelang van behoefte vergader.

DIE UNIVERSITEITSRAAD EN RAADSKOMITEES: LEDETAL EN VERGADERINGBYWONING IN 2018

RAAD / KOMITEE	LEDETAL	% EKSTERN/IN-TERN	POSTE GEVUL	GETAL VERGADE-RINGS	GEMIDDELTE BYWONINGSYFER
Beleggingskomitee	11	56/44	9	4	61%
Menslikehulpbronnekomitee	5	60/40	5	4	72%
Oudit- en Risikokomitee	7	100/0	7	4	79%
Sosiale en Besigheidsetiekkomitee	6	33/66	6	4	75%
Taalkomitee	8	38/62	8	2	63%
Uitvoerende Komitee	7	57/43	7	5	74%
Universiteitsraad	30	66/33	30	4	75%
Vergoedingskomitee	4	75/25	4	1	100%

Beleggingskomitee van die Raad

ROL

Die Beleggingskomitee van die Raad is verantwoordelik vir die aanstelling van batebestuurders vir die kort-, medium- en langtermynbeleggingsfondse van die US en Stellenbosch Trust, die monitering van hierdie batebestuurders, en verslagdoening oor beleggingsprestasie aan die Raad en Stellenbosch Trust. Die komitee doen ook aanbevelings by die Raad oor strategiese en ander beleidsaangeleenthede wat met die Universiteit se portefeuljes verband hou.

SAMESTELLING

Die Beleggingskomitee bestaan uit vier lede wat deur die Raad aangestel word, en vier wat deur Stellenbosch Trust aangestel word, soos die uiteensetting op bladsy 21 tot 22 toon. Bykomende lede kan op grond van hulle kundigheid gekoöpteer word. Die Rektor en Bedryfshoof is ex officio-lede, en die Bedryfshoof dien as voorsitter van die komitee. Die Hoofdirekteur: Finansies woon die vergaderings op grond van sy administratiewe verantwoordelikhede by, en die Adjunktdirekteur: Fondse en Batebestuur dien as sekretariaat. Die komitee, wat ten minste twee keer per jaar moet vergader, het in 2018 vier keer ontmoet.

KERNFOKUSGEBIEDE

Die Raad het Willis Towers Watson vir 'n verdere vyf jaar aangestel om die US en Stellenbosch Trust van beleggingskonsultasiedienste te voorsien. 'n Langtermynbeleggingsportefeulje met 'n meer diverse batesamestelling (wat by aanvang sowat R1 miljard werd was) is in 2018 met die oog op langtermynkapitaalgroei geïmplementeer. Kapitaalmarkte in Suid-Afrika én elders het 'n onstuimige 2018 beleef en die groei in die Universiteit se beleggingsportefeuljes was beskeie vergeleke met vorige jare.

Die Beleggingskomitee sal in 2019 op die monitering van die Universiteit se portefeuljebestuurders konsentreer aangesien markte na verwagting onbestendig sal bly. Intussen bou Stellenbosch Trust interne vermoë om oor sy eie portefeulje toesig te hou, en sal hy dus na verwagting in 2019 die bestek van die Beleggingskomitee verlaat.

Menslikehulpbronnekomitee van die Raad

ROL

Die mandaat van die Menslikehulpbronnekomitee is om aanbevelings te doen by die Raad oor algemene personeelstrategie en -beleid sowel as oor aanstellings en bevorderings van senior werknemers. Die komitee beveel aanstellings en bevorderings van werknemers op posvlak 4 aan ooreenkomstig 'n gedelegeerde Raadsbevoegdheid.

SAMESTELLING

Die komitee bestaan uit vyf lede, naamlik die voorsitter van die Raad (as komiteevoorsitter), die ondervoorsitter van die Raad, die Rektor, 'n lid van die Raad wat nie deur die personeellede of studente van die Universiteit aangestel is nie, en 'n lid wat deur die

werknemerbelangegroep van die Universiteit aangestel is. Twee ex officio-lede (sonder stemreg) dien ook in die komitee, naamlik die Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel) en die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne. Al vyf poste is tans gevul, soos die uiteensetting op bladsy 21 tot 22 toon.

KERNFOKUSGEBIEDE

By sy vier vergaderings in 2018 was die kernfokusgebiede van die Menslikehulpbronnekomitee van die Raad:

- die aanstelling of bevordering van 'n aantal senior personeellede;
- die hersiening van die prosesse vir senior aanstellings; en
- die hersiening van die Personeelontwikkelingsbeleid.

Die komitee sal in 2019 voortgaan om personeelaangeleenthede wat na hom verwys word te hanteer.

Oudit- en Risikokomitee van die Raad

ROL

Die Oudit- en Risikokomitee (ORK) funksioneer ingevolge 'n skriftelike Raadsmandaat wat in November 2018 hersien en goedgekeur is. Wat die Universiteit en sy verbandhoudende regsentiteite betref, is die ORK teenoor die Raad aanspreeklik vir:

- die beskerming van bates;
- die funksionering van gepaste stelsels;
- maatreëls vir risikobestuur en -beheer;
- ondersoeke na finansiële inligting en die voorafgoedkeuring van die finansiële jaarstate;
- die interne en eksterne auditprosesse;
- die belastingdiensteproses;
- korporatiewe en ander statutêre vereistes;
- wetsvoldoening;
- volhoubaarheidskwessies;
- inligtingstegnologieoorsigbestuur;
- institusionele oorsigbestuursprosesse; en
- die geïntegreerde jaarverslag wat aan die DHOO en ander belanghebbendes voorgelê moet word.

SAMESTELLING

Die Raad stel sewe onafhanklike lede, waaronder 'n voorsitter en ondervoorsitter, in die ORK aan. Ten minste twee lede moet Raadslede wees (wat die voorsitter van die Raad uitsluit) en ten minste twee moet nie-Raadslede wees wat op grond van hulle kundigheid en kwalifikasies aangestel word. Hetsy die voorsitter of ondervoorsitter moet 'n Raadslid wees en een lid moet in die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee (SBK) dien. Die ORK-lede moet gesamentlik oor die vereiste finansiële kundigheid en kwalifikasies beskik om die komitee met die etiese en doeltreffende uitvoering van sy pligte by te staan. Soos die uiteensetting op bladsy 21 tot 23 toon, was al sewe poste in 2018 gevul.

Die ORK nooi die Universiteit se senior bestuur en interne en eksterne ouditeure om sy vergaderings by te woon. Die ouditeure se onbeperkte toegang tot die ORK verseker hulle onafhanklikheid. Die komitee kan ook onafhanklike professionele advies inwin om sy verantwoordelikhede na te kom.

OPENBAARMAKINGS

Belangebotsings is by elke vergadering verklaar. Die voorsiening van nie-ouditdienste val onder die Universiteit se Beleid insake Nie-ouditdienste, wat omskryf watter nie-ouditdienste verbode is en watter toegelaat word om die onafhanklikheid van die Universiteit se eksterne auditvennote te verseker. Sedert die beleid op 9 Oktober 2017 in werking getree het, is 'n verslag oor nie-ouditdienste nog by elke ORK-vergadering voorgelê. Die vyf jaar lange termyn van die Universiteit se eksterne auditvennoot, PricewaterhouseCoopers Geïnk., het in 2018 verstryk. Die firma Ernst & Young is vervolgens vir 'n vier jaar lange termyn van 2019 tot 2022 aangestel in afwagting van verpligte firmarotasië in 2023. Die ORK beoordeel jaarliks die onafhanklikheid van auditfirmas.

KERNFOKUSGEBIEDE

Die komitee het in 2018 vier keer vergader met 'n gemiddelde bywoningsyfer van 79%. Een vergadering is uitsluitlik aan risikoverwante sake gewy. Die komitee is tevrede dat hy sy mandaat vir 2018 uitgevoer het, soos die uitslag van sy jaarlikse selfbeoordeling toon. Die ORK het goeie oorsigbestuur en sistemiese volhoubaarheid verseker deur na die volgende kernfokusgebiede om te sien en die Raad daaroor te adviseer:

- die US se finansiële state;
- Innovus-verslae oor die funksionering van die Universiteit se filiale en die bepaling van verbandhoudende risiko's;
- die eksterne en interne auditplanne en -verslae; en
- die Universiteit se herskrywe Statuut en die nuwe Visie 2040 vir die volgende institusionele strategiese siklus.

Die ORK het risikobestuur ingevolge die Gekombineerde Versekeringplan beoordeel deur risiko-, litigasie-, dissiplinêre en forensiese verslae te oorweeg. 'n Spesiale verslag oor POPIA-voldoening – met ander woorde, voldoening aan die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013, wat as 'n hoëorderisiko geïdentifiseer is (kyk bladsy 72) – is by 'n vergadering voorgelê.

Die ORK sal in 2019 weer sorg dat die agendas vir sy geskeduleerde vergaderings alle verantwoordelikhede ingevolge sy mandaat dek. Die komitee sal ook bykomende sake hanteer wat die Raad en ander komitees van die Raad na die ORK verwys.

Sosiale en Besigheidsetiekkomitee van die Raad

ROL

Die mandaat van die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee (SBEK) van die Raad is aan die einde van 2014 goedgekeur en die komitee het in 2015 in werking getree. Die hoofdoel van die SBEK is om as die sosiale gewete van die Universiteit te dien, en toe te sien dat die instelling se optrede met dié van 'n verantwoordelike korporatiewe burger strook. Die komitee is verantwoordelik vir toesig en verslagdoening oor organisatoriese etiek met betrekking tot korporatiewe burgerskap, volhoubare ontwikkeling en belanghebbendeverhouding. Daarbenewens is die SBEK oorhoofs verantwoordelik vir die vestiging van korporatiewe etiese waardes en verbandhoudende gedragskodes en beleide, die versekering dat die beginsels van etiese sakepraktyk nagekom word, en die beoordeling van die impak daarvan. Die komitee voorsien die Raad van terugvoering oor SBEK-bevindinge en doen die nodige aanbevelings vir die Raad se oorweging en finale goedkeuring.

SAMESTELLING

Die komitee bestaan uit ten minste vyf lede, naamlik minstens twee Raadslede, van wie een 'n nie-uitvoerende (onafhanklike) lid moet wees; ten minste twee verteenwoordigers van die US-bestuur, en een bykomende eksterne lid met die nodige kundigheid. Een van die SBEK-lede moet in die Oudit- en Risikokomitee dien, en een in die Menslikehulpbronnekomitee. Die voorsitter is 'n nie-uitvoerende Raadslid. In die verslagjaar het die Raad me Khungeka Njobe as voorsitter aangestel as opvolger vir mnr Andricus van der Westhuizen, wie se termyn verstryk het. Kyk bladsy 22 tot 23.

KERNFOKUSGEBIEDE

Die komitee het in 2018 vier keer vergader. Die hoofkwessies wat oorweeg is, sluit in die konsepweergawe van die US Statuut, 'n

konsepsetiekkode vir die US, die Beleid oor Gestremdheidstoegang, die Leer- en Onderrigbeleid, die voorgestelde raamwerk vir senior aanstellings aan die US, menseverhoudings aan die US, en die bedragsbestandheidsopname wat Deloitte onderneem het.

Die komitee se geskeduleerde take vir 2018 het met sy mandaat gestrook.

Die SBEK sal in 2019 onder meer konsentreer op:

- verdere interne US-oorlegpleging oor die konsepsetiekkode;
- 'n landskapontleding van alle US-beleide en -regulasies, waarmee die Registrateursafdeling tans besig is;
- kwessies in verband met sosiale impak en belanghebbendes;
- navorsingsetiek en verbandhoudende aangeleenthede;
- die oorweging van die Ombud se jaarverslag en verbandhoudende sake wat aandag verg;
- die oorweging van tersaaklike gedeeltes van die geïntegreerde jaarverslag;
- die hantering van kwessies wat die Raad, die Oudit- en Risikokomitee en die Menslikehulpbronnekomitee na die SBEK verwys; en
- die voltooiing van 'n formele selfbeoordeling van SBEK-werksaamhede teen die agtergrond van die komitee se mandaat.

Taalkomitee van die Raad

ROL

Die Taalkomitee is verantwoordelik vir toesig oor taalkwessies en skakel ten nouste met ander komitees en die uitvoerende bestuur van die Universiteit om onder meer die volgende take te verrig:

- toesig oor die monitering, beoordeling en meting van die Universiteit se aktiwiteite met betrekking tot taal;
- die oorweging van wesenlike nasionale en internasionale riglyne, beste praktyk en wetgewing met betrekking tot taal;
- advies aan die bestuur oor netelige taalimplementeringskwessies wat hetsy skielik of in die gewone gang van sake ontstaan;
- inspeksie van die Senaat se semesterverslae aan die bestuur, sowel as die bestuur se reaksie daarop, en gevolglike aanbevelings by die Raad;
- beraadslaging oor die bestuur se taaljaarverslag aan die Raad voor die Raadsvergadering, en, indien dit nodig is, die voorsiening van kommentaar en aanbevelings aan die Raad;
- die versekering dat die uitvoerende bestuur voldoende vermoë geskep het om die Universiteit se Taalbeleid uit te voer; en
- die uitwys van moontlike wesenlike risiko's aan die Oudit- en Risikokomitee.

SAMESTELLING

Die Taalkomitee bestaan uit die Rektor, die Viserektor (Leer en Onderrig), vyf lede van die Raad uit die geledere van dié wat onderskeidelik deur die Senaat, die Minister, die Konvokasie, die Studenteraad en die onafhanklike lede van die Raad aangestel is, en 'n gekoöpteerde lid wat deur die Taalkomitee aangestel word, wat 'n kenner is oor taal en die pedagogiese waarde van taal. Sien bladsy 21 tot 23 vir 'n uiteensetting van die lede. Die voorsitter, wat deur die Raad aangestel word, moet 'n nie-uitvoerende lid van die Raad wees. Die afgelope jaar het die Raad advokaat Jean Meiring as voorsitter aangestel as opvolger vir prof PW van der Walt, wie se termyn verstryk het. Die komitee kan na eie goeie dinge enige bykomende persone met tersaaklike vaardighede nader om vergaderings by te woon en die komitee in die uitvoering van sy pligte by te staan. Die komitee vergader ten minste twee keer per jaar.

KERNFOKUSGEBIEDE

Die fakulteite het die Taalbeleid onder toesig van die Viserektor (Leer en Onderrig) en die Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking geïmplementeer en gemoniteer. Die Ombud het geen taalklagtes in 2018 ontvang nie, wat die toereikendheid van implementering bevestig. Die fakulteite en verantwoordelikhedsentrusse het hulle taalimplementeringsplanne ooreenkomstig die riglyne van die Taalbeleid opgestel.

Die Fakulteit Opvoedkunde het 'n tolkdienste vir Dowe studente op die been begin bring. Met die ondersteuning van die Departement van

Hoër Onderwys en Opleiding is sekere rekenaargesteunde projekte ook onderneem om meertaligheid te bevorder. Vir meer inligting oor een van hierdie inisiatiewe, die Mobilex-projek, blaai gerus na bladsy 51. Die komitee het boonop aanbeveel dat 'n taalopname vir voorgraadse studente en vir dosente en steundienstpersoneel, soortgelyk aan dié van 2017, weer in 2019 onderneem word. 'n Verdere aanbeveling was dat die gebruik van tolke en die taalvoorkeur van studente in dubbelmediumklasse ondersoek word.

Die komitee is tevrede dat hy sy verantwoordelikhede die afgelope jaar nagekom het. In die jaar wat voorlê, sal die Taalkomitee voortgaan om die implementering van die Taalbeleid ter bevordering van meertaligheid te monitor, en om aangeleenthede wat na hom verwys word te hanteer.

Uitvoerende Komitee van die Raad

ROL

Binne die perke van sy gedelegeerde bevoegdhede hanteer die Uitvoerende Komitee van die Raad bepaalde aangeleenthede en neem besluite namens die Raad, adviseer die Raad oor beleidsbesluite, en skakel tussen Raadsvergaderings met die senior bestuur oor aangeleenthede wat met die werksaamhede van die Raad verband hou. As deel van sy monitorings- en beheerrol namens die Raad, doen die komitee aanbevelings oor én monitor die implementering van die Universiteit se transformasiemikpunte, doen aanbevelings oor die jaarlikse bedryfs- en kapitaalbegroting, en monitor vordering aan die hand van die goedgekeurde begrotings en resultate. Daarbenewens is die komitee daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die Universiteit finansiële gesond is en 'n lopende saak bly.

SAMESTELLING

Die Uitvoerende Komitee van die Raad bestaan uit sewe lede wat ook Raadslede is. Al sewe poste was in 2018 gevul, soos die uiteensetting op bladsy 21 tot 22 toon.

KERNFOKUSGEBIEDE

Die komitee het in die verslagjaar vyf keer vergader met 'n gemiddelde bywoningsyfer van 74%. Die vernaamste sake wat bespreek is, was:

- naamgewing van geboue;
- riglyne vir goeie oorsigbestuurspraktyk en oorsigbestuursaanwysers vir rade;
- die US se nuwe Statuut wat aan die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê moes word;
- die US se finansiële resultate vir 2017;
- die US se Leer- en Onderrigbeleid;
- die US se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024;
- die geïntegreerde begroting vir 2019 en finansiële beplanning vir 2020–2024; en
- die (her)aanstellingsproses vir senior professionele en administratiewe steundienstpersoneel op posvlak I tot 4.

Die Uitvoerende Komitee van die Raad is tevrede dat hy die aangeleenthede wat gedurende 2018 aan hom voorgelê is behoorlik oorweeg en op 'n deursigtige en verantwoordbare manier hanteer het. Die verklaring van belangebotsings was altyd eerste op die agenda.

Die komitee het geen onafgehandelde sake nie en bepaal ook nie sy eie agenda nie uit die aard van die besluitnemingsprosesse van die Universiteit. Toekomstige fokusgebiede sal dus hanteer word soos en wanneer die Rectoraat en die Raad dit na die komitee verwys.

Vergoedingskomitee van die Raad

ROL

Die Vergoedingskomitee bepaal én adviseer die Raad oor algemene strategie en beleid in verband met personeelvergoeding en -byvoordele, en bied ook advies oor algemene vergoedingsverhogings sowel as die vergoeding van die Ombud en lede van die Rectoraat.

SAMESTELLING

Die Vergoedingskomitee van die Raad bestaan uit die voorsitter van die Raad, die ondervoorsitter van die Raad (as komiteevoorsitter) en drie ex officio-lede (sonder stemreg), naamlik die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne, die Direkteur: Menslike Hulpbronne (Vergoeding en Voordele) en 'n lid van die Bedryfshoof se verantwoordelikhedsentrum. Blaai na bladsy 21 tot 22 vir 'n uiteensetting.

KERNFOKUSGEBIEDE

Die Vergoedingskomitee het by sy jaarlikse vergadering die vergoedingsaanpassings vir 2019 bespreek. By sy volgende vergadering in 2019 sal die komitee aandag skenk aan vergoedingsaangeleenthede wat dalk in die loop van die jaar opduik, sowel as aan vergoedingsaanpassings vir 2020.

VOLDOENING AAN WETTE, KODES, REGULASIES EN STANDAARDE

Die Universiteit se interne ouditeure het teen die einde van 2016 'n ondersoek na die institusionele voldoeningsfunksie van stapel gestuur. Daar is vervolgens oor aksieplanne en 'n roetekaart met die bestuur ooreengekom, wat in 2017 en 2018 in werking gestel is.

Bekendmaking van inligting ooreenkomstig PAIA

Die US is daartoe verbind om 'n kultuur van deursigtigheid en verantwoordbaarheid te skep deur aan die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000 (PAIA) te voldoen, en om in toepaslike omstandighede inligting vry te stel. Die Rectoraat het op 27 Maart 2018 'n hersiene en bygewerkte weergawe van ons institusionele PAIA-handleiding met ingang van 1 Mei 2018 goedgekeur. Die Universiteit het in 2018 vyf versoeke ingevolge PAIA ontvang. Twee daarvan is toegestaan, een is van die hand gewys omdat die betrokke rekords nie bestaan nie (artikel 23 van PAIA), en twee is van die hand gewys weens die verpligte beskerming van die privaatheid van 'n derde party wat 'n natuurlike persoon is (artikel 34 van PAIA).

Verslagdoening ingevolge King IV

Die Universiteit onderskryf die filosofie van leierskap, volhoubaarheid en korporatiewe burgerskap wat in King IV vervat is. King IV is in November 2016 uitgereik vir toepassing deur entiteite wie se boekjaar ná 1 April 2017 begin, en die US het dus die korporatiewe oorsigbestuursbeginsels in die verslag begin implementeer. King IV verskuif die klem van “pas toe óf verduidelik” na “pas toe én verduidelik”. Terselfdertyd is die 75 beginsels van King III nou tot 17 verminder, waarvan een op institusionele beleggers en 16 op enige organisasie van toepassing is. 'n Organisasie kan op goeie oorsigbestuur aanspraak maak indien hy al 16 beginsels toepas.

Die toepassing van die King IV-beginsels op die US se bedrywigheid is 'n voortdurende proses, en die Universiteit beoordeel sy vordering op 'n deurlopende grondslag. Vir die doel van hierdie jaarverslag word die toepassing van sekere uitgesoekte beginsels soos op 31 Desember 2018 in die tabel op die volgende bladsy saamgevat.

KING IV-BEGINSELS WAARAAN DIE UNIVERSITEIT IN 2018 GEWERK HET

FOKUSAREA	VERDUIDELIKING
Statuut van die Universiteit	Die US Statuut is in 2018 in die geheel herskryf en vir goedkeuring by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien. Terugvoering word tans afgewag. Die nuwe Statuut voldoen aan die beginsels van King IV.
Opvolgingsbeplanning en talent-bestuur van Raadslede	Aangesien verskillende belanghebbendegroepe Raadslede op grond van bepaalde kundigheid aanstel, is talentbestuur nie moontlik nie. Opvolgingsbeplanning word onderneem deur die onderskeie belanghebbendegroepe wat vir die aanstelling van lede in die Raad verantwoordelik is.
Raadskomitees	Sodra die nuwe Statuut in werking tree, sal alle mandate van die Raadskomitees hersien en met die Statuut versoen word. Daarná sal dit hersien word soos en wanneer dit nodig is.
Openbaarmaking van vergoeding	Openbaarmaking van vergoeding voldoen by voorkeur aan die vereistes in die Regulasies vir Verslagdoening deur Hoëronderrysinstellings.
Opleidingsregister vir lede van die Oudit- en Risikokomitee	In die lig van hulle kundigheid en die poste wat hulle beklee, is bykomende opleiding vir lede van die Oudit- en Risikokomitee onnodig. Nogtans sal daar van lede vereis word om hulle voortgesette professionele opleiding en ontwikkeling gereeld te bevestig.
Verseker wetsvoldoening	Die aanstelling van 'n voldoeningsbeampte teen die einde van 2017 het die nodige vermoë geskep om 'n institusionele voldoeningsfunksie by die Universiteit te ontwikkel wat die bestaande, gevestigde risiko- en voldoeningsmodel kan aanvul. Die Rektorat het in 2018 'n Voldoeningsreglement goedgekeur, wat die grondslag van 'n beleid, plan en raamwerk oor wetsvoldoening sal uitmaak.

STELSELS VIR FINANSIËLE BESTUUR EN KONTROLE

Doeltreffende, doelmatige en deursigtige stelsels vir finansiële bestuur en interne kontrole verseker die akkuraatheid van die Universiteit se rekeningkundige rekords en die integriteit van die data waaruit finansiële state opgestel word. Die US se gekonsolideerde finansiële jaarstate word opgestel ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, oftewel die *International Financial Reporting Standards* (IFRS), wat die Internasionale Raad vir Rekeningkundige Standaarde uitreik.

Enige interne kontrolestelsel is onderworpe aan inherente beperkings, waaronder moontlike menslike foute en die omseiling of omverwering van kontrolemaatreëls. Dus kan selfs die doeltreffendste stelsel van interne kontrole hoogstens redelike sekerheid oor finansiële inligting bied.

Die interne en eksterne ouditeure beoordeel die doeltreffendheid, doelmatigheid en betroubaarheid van stelsels vir finansiële bestuur en interne kontrole. Tekorte in die stelsels word aan die bestuur en, waar van toepassing, aan die Oudit- en Risikokomitee uitgewys. Wanneer kontroletekorte geïdentifiseer word, word daadwerklike stappe gedoen om dit reg te stel, en word die geleentheid benut om die stelsel te verbeter. Die Universiteit beskik oor 'n formele prosedure vir die aanmelding van moontlike ongerymdhede of bedrog.

Die Universiteit funksioneer ingevolge die waardestelsel wat in 'n *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarná* uiteengesit en deur die Universiteitsgemeenskap aanvaar is. Finansiële bestuur berus op 'n stel beginsels wat die Raad op 19 Mei 2003 goedgekeur het.

BEVORDERING VAN ETIESE NAVORSING

Die Universiteit het die Raamwerkbeleid oor die Versekering en Bevordering van Eties Verantwoordbare Navorsing aanvaar. Hierdie beleid word toegepas deur vyf etiekkomitees (een vir mensnavorsing, een vir die versorging en gebruik van diere, een vir omgewings- en bio-

veiligheid, en twee vir gesondheidsnavorsing) om te sorg dat navorsers in alle wetenskaplike navorsingsverhoudinge met subjekte en objekte ooreenkomstig die vasgestelde etieknorme optree. Die etieknorme wat in die beleid uiteengesit word, is reeds van toepassing gedurende die beoordeling van die doel van die betrokke navorsingsprojek en die formulering van die navorsingsonderwerp. Die norme is ook bindend met betrekking tot finansiële hulpbronne, kliënte, die gemeenskap, die fisiese, biologiese en maatskaplike omgewing, die veiligheid van navorsers en medewerkers, en die persoonlike verantwoordelikheid van die navorser.

STUDENTEDELNAME

Studentedeele aan besluitneming is belangrik vir die Universiteit, soos bogenoemde strategiese raamwerk ook verklaar.

Op makrovlak word studente in die hoogste formele gesagstrukture verteenwoordig, onder meer deur middel van die Studenteraad- (SR-) setel in die Raad, die Senaat en die Institusionele Forum. Studente behoort ook tot die fakulteitsrade, die Studentegeldekomitee, die Eregradekomitee, die Sosiale-impakkomitee en die keuringskomitees vir die aanstelling van die Rektor en viserektore. Daarbenewens dien studente in verskeie belangrike werkskomitees, soos die Beurse- en Leningskomitee, die Sentrale Dissiplinêre Komitee, die Gehaltekomitee, die Biblioteekkomitee en die Studentehuisvestingskomitee. Studenteverteenwoordigers van die fakulteite maak die Akademiese-belangeraad (ABR) uit, waarvan die voorsitter en ondervoorsitter 'n aantal verteenwoordigende rolle op die verantwoordelikhedsgebied van die Viserektor (Leer en Onderrig) vervul. Hulle dien onder meer in die Akademiesebeplanningskomitee en die Leer- en Onderrigkomitee.

Verskeie adviesforums – soos vir studente met spesiale leerbehoefes, MIV/vigs, studente wat geteister word of wat met middelmisbruik sukkel – maak ook gebruik van studente se vaardighede en kennis. Die Verwelkoming- en Moniteringswerkgroep, wat die verwelkoming van nuwelingstudente bestuur, bestaan uit verskeie studenteverteenwoordigers, en alle monitors buiten een kom uit studentegelede. Boonop sluit die Universiteit Stellenbosch Adviesforum vir Studentestudente studenteverteenwoordigers in.

Die studenterade op die Stellenbosch- en Tygerbergkampus sowel as van die Militêre Akademie verleen bystand met die ontwikkeling van studenteierskap. Die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir

Studenteleierskapsontwikkeling in die Sentrum vir Studentesake bied leierskapsontwikkelingsgeleenthede vir sowel amptelike leiers (ook in koshuise en privaat studentewyke) as nie-amptelike leiers. Die grondwet van die Verenigingsraad maak daarvoor voorsiening dat studenteverenigings, onder leiding van 'n SR-lid, 'n meer gestruktureerde rol in die ontwikkeling van 'n diverse en gesonde studentegemeenskap vervul.

Die voorsitters van die SR en die ABR het vaste tweemaandelikse vergaderings met die Viserektor (Leer en Onderrig), benewens ad hoc-vergaderings wat na gelang van behoefte belê word. Die Uitvoerende Komitee van die SR ontmoet ook ten minste tien keer per jaar met die Rectoraat om algemene bestuursaangeleenthede te bespreek.

TENDER- EN AANKOOPPROSEDURES

Die Afdeling Aankope en Voorsieningsdienste is verantwoordelik vir die ontwikkeling en implementering van 'n gesentraliseerde aankoopbeleid en -prosedure wat op etiek, billikheid, onpartydigheid, deursigtigheid en mededingende kostedoeltreffendheid berus. Sodoende wil die Afdeling alle diensverskaffers uit alle gemeenskappe die geleentheid bied om met die US sake te doen, ongeag ras, geslag of geloof.

Prysafsnypunte bepaal wanneer tenders vir die aankoop van dienste of produkte aangevra word of hoeveel kwotasies ingewin moet word. Daar word onderskei tussen institusionele, strategiese en kapitaaltenders, sowel as tenders wat nie die werking van die US in die geheel beïnvloed nie, soos die aankoop van navorsingstoerusting. Hierdie aankope is elk onderworpe aan 'n aparte stel reëls wat betref die vereiste goedkeuring voordat tenders aangevra en toegeken kan word. Die reëls word in die US se Aankoop- en Tenderbeleid sowel as die Reglement aangaande Delegasie van Bevoegdhede en Verantwoordelikhede vervat. Voor elke tenderbeoordeling moet die lede van die tenderkomitee 'n belangeverklaringsvorm voltooi. Indien dit sou blyk dat enige lid 'n belangebotsing het, neem die lid nie aan die beoordeling deel nie.

Die BBBEE-status van verskaffers is een van die beoordelingskriteria by die oorweeging van alle tenders (sien nota 34 op bladsy 153). Ons eie BBBEE-statusbydrae is vlak 8.

Die Rectoraat het in 2016 besluit dat alle tenders vir deurlopende dienste ingevolge 'n nuwe lewensvatbare voorsieningsmodel hanteer moet word. Met dié model besluit die Universiteit op 'n deursigtige manier en met inagneming van verskeie belanghebbendes se insette op die optimale oplossing vir die verskaffing van hierdie dienste aan die US. Die onderliggende beginsels van die model sluit in:

- menswaardigheid;
- volhoubaarheid van die US;
- finansiële haalbaarheid;
- deursigtigheid en vertroulikheid;
- insette van belanghebbendes;
- ondertekening van 'n gedragskode;
- korporatiewe oorsig; en
- beste wedersydse voordeel.

Tenders vir deurlopende dienste wat ingevolge hierdie model in 2018 toegeken is, sluit skoonmaakdienste en voedselvoorsiening vir koshuise in. Kyk die tabelle vir die lede van die betrokke tenderkomitees.

Verskeie kapitaalprojekte is ook op tender geplaas, waarvan die grootste die projek vir die oprigting van 'n Biomediese Navorsingsinstituut was. Vir elke projek is die evaluering en aanstelling gedoen binne die bepaling van die US se Aankoop- en Tenderbeleid en Reglement aangaande Delegasies van Bevoegdhede.

Die Universiteit is 'n ankerinstelling wat groot voordele vir die Stellenbosch-omgewing inhou. 'n Ekonomiese-impakstudie oor die invloed van die Universiteit Stellenbosch op die plaaslike munisipale gebied wat in 2017 en 2018 deur die Buro vir Ekonomiese Onderzoek uitgevoer is, het getoon dat die US meer as 15% van die totale produksie (of uitset) in die omgewing genereer, asook meer as 20% van al die formele werksgeleenthede. Meer spesifiek onderhou die Universiteit 13 406 poste in die plaaslike ekonomie, wat R1 108 miljoen in salarisse bydra.

TENDERKOMITEELED E VIR VOEDSELVOORSIENING AAN KOSHUISE

NAAM	POSISIE
Mnr H Swanepoel	Senior Direkteur: SunKom
Mnr B Malan	Bestuurder: Voedseldienste en Nakoming
Me F Majiet	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr N Bekkers	ResEd-koördineerder en Inwonende Hoof
Me R Engelbrecht	ResEd-koördineerder en Inwonende Hoof
Mnr B Wessels	Studenteraad
Mnr W van Niekerk	Studenteraad
Me J Jeppe	Bestuurder: Behuising en SunKom
Me M du Toit	Direkteur: Transformasiekantoor

TENDERKOMITEELED E VIR SKOONMAAKDIENSTE

NAAM	POSISIE
Mnr H Swanepoel	Senior Direkteur: SunKom
Me G Minnaar	Koshuisdiensteoordineerder
Mnr I McCallaghan	Koshuisdiensteoordineerder
Mnr G Cornelissen	Adjunkdirekteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe
Me R Engelbrecht	ResEd-koördineerder en Inwonende Hoof
Me J Jeppe	Bestuurder: Behuising en SunKom
Me M du Toit	Direkteur: Transformasiekantoor

TENDERKOMITEELED E VIR DIE OPRIGTING VAN 'n BIOMEDIESE NAVORSINGSINSTITUUT

NAAM	POSISIE
Mnr H Kleynhans	Projekbouerekenaar
Mnr D Naudé	Hoofbouerekenaar
Mnr D de Koker	Hoofprojekbestuurder
Mnr R Todkill	Tegniese Adviseur: Eiendomsdienste
Mnr D Theart	Programbestuurder
Prof SA du Plessis	Bedryfshoof
Me M Malan	Direkteur: Besigheidsbestuur: Fasiliteitsbestuur
Mnr JA Engelbrecht	Direkteur: Projekbestuur
Me N van den Eijkel	Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur

SENAATSVERSLAG

— aan die RAAD —

As statutêre liggaam het die Senaat in die verslagjaar 'n belangrike bydrae gelewer om die Universiteit Stellenbosch as volwaardige 21ste-eeuse universiteit te posisioneer. Die Senaat het in 2018 vier keer vergader om bydraes deur sy verskillende komitees (kyk “Ons oorsigbestuurstruktuur” op bladsy 20) en die tien fakulteitsrade te bespreek. Ná die besprekings is spesifieke aanbevelings omtrent die volgende aangeleenthede by die Raad gedoen:

- 'n nuwe Institusionele Statuut, en 'n nuwe Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024;
- 'n aantal nuwe akademiese programme;
- wysigings aan die Beleid insake die Aanbieding van Kortkursusse, die Beleid insake die Indirekte Kosteverhalingskoers, en die hersiene Onderrig- en Leerbeleid, asook die Beleid vir Gestremdheidstoegang; en
- verslae van fakulteite oor taalimplementering in 2018 en taalimplementeringsplanne vir 2019.

Daarbenewens het die Senaat doktorsale navorsingsonderwerpe goedgekeur en verskeie onderrig- en gemeenskapsaktiwiteite in verband met die akademie bespreek.

Weens beperkte plek en die groot aantal aansoeke wat ontvang word, is alle voorgaande programme van die Universiteit die afgelope aantal jaar reeds keuringsprogramme.

VERANDERING IN AKADEMIESE STRUKTURE

Die Departement Sportwetenskap het van die Fakulteit Opvoedkunde na die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe geskuif.

BEVORDERING VAN PROGRAMVERNUWING

Die ondergenoemde nuwe programme is gedurende die verslagjaar vir goedkeuring en akkreditasie aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en die Raad op Hoër Onderwys voorgelê.

Voorgraads

Geen voorgraadse programme is goedgekeur nie.

Nagraads

- Nagraadse Diploma in Landelike Geneeskunde;
- Magister in die Wysbegeerte (MPhil) in Neonatologie, Ontwikkelingspediatrie, Pediatriese Endokrinologie, Pediatriese Gastroënterologie, Pediatriese Infeksiesiektes, Pediatriese Kardiologie, Pediatriese Kriekesorg, Pediatriese Mediese Onkologie, Pediatriese Nefrologie, Pediatriese Neurologie en Pediatriese Pulmonologie;
- Nagraadse Diploma in Navorsingsbestuur en -administrasie;
- HonsBSc in Bio-informatika en Berekeningsbiologie;
- MSc in Bio-informatika en Berekeningsbiologie;
- Gevorderde Diploma in Onderwys (Skoolbestuur en Leierskap);
- Nagraadse Diploma in Strategiese Menslikehulpbronbestuur;
- Magister in Ingenieurswetenskappe (MIngSc);
- MPhil in Verdedigingsbestuur;
- MPhil in Hoër Onderwysstudie;
- MPhil in Lewenslange Leer; en
- Nagraadse Diploma in Rekeningkunde.

SENAATSAMESTELLING

Die Senaat is saamgestel volgens die voorskrifte van die Institusionele Statuut van die Universiteit en bestaan uit:

- die Rektor en Visekanselier, prof WJS de Villiers (Voorsitter);
- die Rektoraat, naamlik:
 - prof TE Cloete (Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies));
 - prof HC Kloppe (Viserektor (Strategie en Internasionalisering));
 - prof NN Koopman (Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel));
 - prof A Schoonwinkel (Viserektor (Leer en Onderrig)); en
 - prof S du Plessis (Uitvoerende Bedryfshoof);
- die Registrateur, dr R Retief (Sekretaris);
- twee lede van die Raad (elk vir 'n termyn van twee jaar), naamlik prof J Fourie en mnr C Cillié;
- alle volle professore van die Universiteit;
- vyf medeprofessore;
- vier Studenteraadslede;
- twee akademiese personeellede wat nie professore of medeprofessore is nie;
- twee tegniese personeellede;
- departementele voorsitters wat nie volle professore is nie;
- twee sekondusdekane in die Fakulteit Krygskunde; en
- alle visedekane wat nie volle professore is nie.

Die Senaat het ook die volgende persone tot lede van die Senaat verklaar:

- Die hoofdirekteure van Fasiliteitsbestuur; Finansies; Innovasie en Besigheidsontwikkeling; Menslike Hulpbronne; en van Sport.
- Die senior direkteure van die Biblioteek- en Inligtingsdiens; Informasietegnologie; Inligtingsoorsigbestuur; Korporatiewe Kommunikasie; Leer- en Onderrigverryking; die Nagraadse en Internasionale Kantoor; Navorsing; Ontwikkeling en Alumnibetrekkings; Sosiale Impak; Studentesake; en van Voornemende Studente.
- Die direkteur van die Sentrum vir Onderrig en Leer.

BYDRAE TOT DIE VISEREKTORE SE PORTEFEULJES

Ten slotte kan met reg gesê word dat die Senaat in die verslagtydperk 'n omvattende en kundige bydrae tot die portefeuljes van Leer en Onderrig; Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies; Sosiale Impak, Transformasie en Personeel; en Strategie en Internasionalisering gelewer het. Vir nadere besonderhede oor hierdie portefeuljes, blaai gerus na die verslae van die onderskeie viserektore (bladsy 49 tot 69).

Die Universiteit erken boonop uitnemendheid deur die toekenning van eregrade, 'n Pro Bene Merito Medalje, 'n Kanseliersmedalje en Kanselierstoekenings – lees vanaf bladsy 97 meer hieroor.



Prof Wim de Villiers

Voorsitter van die Senaat

— Verslag van die — INSTITUSIONELE FORUM

FUNKSIES EN MAGTE

Die Institusionele Forum (IF) is een van die Universiteit se vyf statutêre liggame. Die IF se funksies en magte word bepaal deur artikel 31(l) van die gewysigde Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 en paragraaf 43 van die Universiteit se Statuut (soos gepubliseer in Staatskoerant nr 40243 van 2 September 2016). Die IF adviseer die Raad oor:

- die implementering van die Wet en die nasionale hoëronderrig-beleid;
- beleide oor rasse- en geslagsgelykheid;
- die keuse van kandidate vir senior bestuursposse;
- gedragskodes, bemiddeling en dispuutoplossingsprosedures;
- die aanmoediging van 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir menseregte aanmoedig, en wat 'n geskikte omgewing skep vir leer, onderrig en navorsing; en
- enige ander saak soos deur die Raad bepaal.

SAMESTELLING VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

Ingevolge die Universiteit se Statuut bestaan die IF uit 32 lede. Agt lede word uit elk van die volgende sektore aangestel:

- Oorsigbestuur (verteenwoordiging deur die Raad en Senaat, Registrateur, Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie, en Direkteur: Diensbillikheid)
- Personeel (lede verkies uit die geledere van die permanente akademiese personeel (afgesien van professore), professionele administratiewe en steundienspersoneel, en tegnieseondersteuningspersoneel)
- Studente (lede verkies deur die SR, Primkomitee, Studenteverenigingraad, Akademiese Belangeraad en Studente-unie)
- Gemeenskap (lede van die Konvokasie en burgerlike gemeenskap)

WERKSAAMHEDE

As deel van die statutêre prosesse moet alle beleide voor die IF dien alvorens die Raad hulle vir goedkeuring sal oorweeg. Die IF probeer deurlopend om, afgesien van sy regtens voorgeskrewe pligte en verantwoordelikhede, te fokus op spesifieke aangeleenthede ten einde die Raad van proaktiewe advies vir oorweging te voorsien. Die Universiteit se strategiese prioriteite is deurgaans van die allergrootste belang.

Met dié doel voor oë, vergader die volle IF en sy uitvoerende komitee elk vier maal 'n jaar, maar buitengewone vergaderings oor dringende aangeleenthede kan saamgeroep word. Advies aan die Raad word in 'n verslag aan die uitvoerende komitee van die Raad gerig. Die agenda van die daaropvolgende vergadering word op elke vergadering van die uitvoerende komitee gefinaliseer. Wanneer nodig, vergader die uitvoerende komitee ook met die Rektorat.

TRANSFORMASIE

Die IF is steeds daartoe verbind om 'n aktiewe rol te speel in versnelde transformasie sodat 'n kultuur van inklusiwiteit op die Universiteit se kampusse gevestig kan word. Om dit te vermag, dien 'n verteenwoordiger van die IF op die Institusionele Transformasiekomitee onder voorsitterskap van die Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel) en doen verslag aan die Rektorat. Sowel die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie as die Direkteur: Diensbillikheid het vaste aanstellings op die IF. Terugvoer deur die Institusionele Transformasiekomitee en die Transformasiekantoor is staande items op die IF se agenda.

In 2018 is die IF verteenwoordig by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se Forum vir Institusionele Forums (April 2018); die US se Transformasie-indaba: All Voices (Oktober 2018); 'n Strategiese beplanningssessie van die US se Transformasiekantoor (Oktober 2018); en die DHOO se Transformasiekollokwium (November 2018).

Op versoek van die IF is geskrewe insette of aanbiedings oor die volgende onderwerpe gelewer:

- Beleid oor Onregverdigde Diskriminasie en Teistering
- Verslag oor aanbevelings om EndRapeCulture by die US aan te pak:
 - Status van die US se Mobiliteitsplan (vervoer)
 - NSFAS se status
- Die US se Raamwerk vir Visuele Regstelling
- US se Transformasieplan

Die IF is ook verteenwoordig by die internasionale Town and Gown Centenary-konferensie waarvan die US in 2018 die gasheer was.

BELEIDE

Die Universiteitsbeleide waaroor die IF die Raad in 2018 in formele verslae geadviseer het, sluit in die US se Beleid oor Gestremdheidstoegang; wysiging van die Beleid insake die Aanbieding van Kortkursusse aan die US; die US se Onderrig- en Leerbeleid, die US se Statuut; en die Beleid insake die Indirekte Kosteverhalingskoers ten opsigte van Derdestroominkomste aan die US.

TEN SLOTTE

Die IF het aktief deelgeneem aan die saamstel van die US se nuwe Statuut en werk daaraan om binne 'n paar jaar aan al die vereistes daarvan te voldoen, veral wat betref die samestelling van die IF. Die IF tree op as die gemeenskaplike spreekbuis en gesagsliggaam van die bestuur, personeel, studente en gemeenskap, en sal voortgaan om kampusbesprekings oor aspekte van diversiteitsbevordering en transformasie daadwerklik aan te moedig en die Raad aangaande hierdie aangeleenthede te adviseer.

CNel

Dr Celeste Nel

Voorsitter van die Institusionele Forum



VORDERING

met ons

STRATEGIESE PRIORITEITE EN DOELWITTE

In hierdie hoofstuk bied die Rektor en Visekanselier se verslag 'n oorsig oor hoe die Universiteit presteer het teenoor sy strategiese prioriteite, strategiese bestuursaanwysers en Raadsteikens in die oorsigsjaar. Die Bedryfshoof en viserektore doen in meer besonderhede verslag oor hoe hulle verantwoordelikheidsentrums presteer het ten opsigte van hulle strategiese doelwitte. Laasgenoemde verslae bied 'n uiteensetting van hoe hulle geïntegreerde planne – wat die sakeplanne van die entiteite onder hul bestuur saamvat – 'n stewige platform gevestig het vir die strategiese rigting wat die Universiteit Stellenbosch as 21ste-eeuse universiteit ingeslaan het. Dié rigting behels die strategiese prioriteite, temas en doelwitte soos uiteengesit in ons toekomsgerigte Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 soos opgesom op bladsy 10 en 11.

Die REKTORAAT

Die Rektor, Bedryfshoof en Viserektore is die uitvoerende bestuur van die Universiteit. Hulle is ampshalwe lede van die Senaat en van die Universiteitsraad. Die Registrateur is verantwoordelik vir institusionele oorsigbestuursondersteuning, regsdiens en die akademiese administrasie van die Universiteit. Die Rektoraat word hier aangebied soos op 31 Desember 2018.



*Rektor en
Visekanselier*

Prof Wim de Villiers

MBChB, MMed (Int), LKG(SA),
DPhil, MHCM, DSc hc

Sluit by die Universiteit aan in 2015
met sy aanstelling as Rektor en
Visekanselier



Bedryfshoof

Prof Stan du Plessis

BCom, HonsBCom, MPhil, PhD

Sluit in 1999 by die Universiteit
aan; neem waar as Bedryfshoof in
2017 met posbekleding op
1 Januarie 2018



Viserektor
(Leer en Onderrig)

Prof Arnold Schoonwinkel
HonsBIng, MIng, MBA, PhD, PrIng

Sluit in 1988 by die Universiteit aan; aangestel as Viserektor (Leer en Onderrig) in 2012



Viserektor
(Navorsing, Innovasie en
Nagraadse Studies)

Prof Eugene Cloete
BSc, HonsBSc, MSc, DSc

Sluit in 2009 by die Universiteit aan; aangestel as Viserektor (Navorsing en Innovasie) in 2012 met uitbreiding van die portfolio in 2015



Viserektor
(Sosiale Impak,
Transformasie
en Personeel)

Prof Nico Koopman
BA, BTh, HonsBTh, MTh, DTh

Sluit in 2001 by die Universiteit aan; aangestel as Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel) in 2016



Viserektor
(Strategie en
Internasionalisering)

Prof Hester Kloppe
BACur, MCur, PhD, MBA,
D Verpleging, FAAN, ASAF

Sluit in 2016 by die Universiteit aan met haar aanstelling as Viserektor (Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisering)



Registrateur

Dr Ronel Retief
BA, HonsBA, MA, DLitt

Sluit in 1998 by die Universiteit aan; aangestel as Registrateur in 2017



STEUNPERSONEELLID
*Uitvoerende Bestuurder:
Rektoraat*

Dr Jerome Slamet
BCom, HOD, MEd, PhD

Sluit in 2004 by die Universiteit aan; aangestel as Uitvoerende Bestuurder: Rektoraat in 2015

VERSLAG *van die* REKTOR *en* VISEKANSELIER



Prof Wim de Villiers
Rektor en Visekanselier

Uit 'n nederige begin 'n eeu gelede het die Universiteit Stellenbosch (US) gegroei tot een van Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteite. Talentvolle personeel en uitsonderlike studente word hierheen gelok deur die wêreldgehalte-omgewing wat die Universiteit bied vir navorsing, onderrig en sosiale impak. Ons is trots op die rol wat ons vervul as 'n nasionale bate in diens van die hele samelewing.

Dit was die konteks waarin ons in 2018 die Universiteit se honderdjarige bestaan herdenk het. (Lees gerus die Kanselier se voorwoord vir meer oor ons benadering tot die viering van hierdie mylpaal.) Dit was ook die jaar waartydens die US se rigtinggewende dokument, ons *Universiteit Stellenbosch Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018* (IVS), afgehandel is. Met die IVS as basis is 'n toekomsgerigte aaneenlopende Institusionele Plan (IP) elke jaar geformuleer, wat vir hierdie oorsigjaar IP 2018–2023 was. Die IP stel sewe strategiese prioriteite aan die Universiteit: om toegang te verbeed, ons momentum van uitnemendheid te handhaaf, ons sosiale impak te vergroot, internasionalsisasie uit te brei, sistemiese transformasie te bevorder, sistemiese volhoubaarheid te versterk, en om die Kampusvernuwingsprojek uit te voer.

Hierdie geïntegreerde jaarverslag bevat omvattende inligting oor aktiwiteite wat in die laaste jaar van die IVS, 2018, onderneem is om elkeen van hierdie strategiese prioriteite te verwesenlik. In my verslag hier onder lig ek slegs 'n paar aspekte uit. Ons nastrewing van die IVS se strategiese doelwitte is aangeteken in die verslae wat ons onderskeie verantwoordelikhedsentrums dek, en vir 'n gebalanseerde oorsig bevat die fakulteitsverslae die fyner besonderhede.

VERBREIDING VAN TOEGANG

Vordering na groter diensbillikheid by die US is stadig maar bestendig. In 2018 het bruin, swart Afrikaans-, Indiër- en Asiërpersoneel (BSIA-personeel) 47,6% van ons totale personeelkorps uitgemaak. Wat die akademiese personeel betref, het die BSIA-syfers gestyg – van 18% in 2015 tot 24% in 2018. Die mees betekenisvolle toename was dié in jong swart akademië, naamlik 3,2%. Kyk ons na geslag, het die aantal vroue-akademië met 4,4% toegeneem – van 42,8% in 2013 tot 47,2% in 2018. Spesiale inisiatiewe, soos ons Rektor se Strategiese Personeelfonds en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se Nuwe Geslag Akademië-program (nGAP), help ons om vinniger vordering te maak.

Wat studente betref, was daar in 2018 by die US 31 765 ingeskrewe studente, van wie 20 168 voorgraads was, 10 506 nagraads, en 1 091 geleentheidstudente. Inskrywings deur BSIA-studente het tot 41,5% van die totaal toegeneem (37,9% op voorgraadse en 50,4% op nagraadse vlak). Die beduidendste jaar-tot-jaar-verandering was inskrywings deur swart Afrikaans-studente, wat op voorgraadse vlak 5,9% hoër was as in 2017, en op nagraadse vlak 13%.

Studentefinansiering is al vir 'n hele paar jaar een van die grootste kwelpunte in hoër onderwys. Die regering het in 2018 begin om fooivrye onderrig en opleiding vir arm en werkersklas Suid-Afrikaners in te faseer, maar die volhoubaarheid van hierdie hoër subsidies is egter nog nie 'n uitgemaakte saak nie. Terselfdertyd het finansiering uit ander regeringsbronne – die Nasionale Navorsingstigting (NNS) en die Tegnologie en Menslike Hulpbronne vir die Nywerheid-program (THRIP) – 'n beduidende daling getoon, met dure gevolge vir universiteite. Die aanstelling van 'n nuwe administrateur vir die Nasionale Finansiële Hulpkema vir Studente (NSFAS) in Augustus 2018 het tot 'n aansienlike verbetering gelei, alhoewel al die probleme nog nie uitgestryk is nie.

Die Universiteit het hom daartoe verbind om geen student wat voldoende akademiese meriete toon om finansiële redes uit te sluit nie. Ons het sedert 2010 meer as R800 miljoen uit ons jaarlikse institusionele begroting daaraan

bestee om voorgraadse studente te help finansier, deur gemiddeld 28% van ons hoofbegroting per jaar toe te wys aan beurse en lenings. In 2018 alleen het die US R500 miljoen in hierdie kategorie uitbetaal, waarvan R114 miljoen uit ons eie hoofbegroting afkomstig was, en 68% na BSA-studente gegaan het. Nagraadse beurse wat deur die Universiteit bestuur is, het tot R238 miljoen gestyg, waarvan bykans R19 miljoen uit ons eie begroting betaal is.

HANDHAWING VAN ONS MOMENTUM VAN UITNEMENDHEID

Die US het in die 2018-akademiese jaar 9 004 kwalifikasies toegeken, met rekordsyfers in twee kategorieë. Honneursgrade het van 1 229 in 2013 tot 1 487 in die oorsigjaar gestyg, en doktorsgrade van 225 tot 308. In die ses jaar van 2013 tot 2018 het die US 49 624 kwalifikasies toegeken, met inbegrip van 'n verstommende 8 594 meestersgrade en 1 617 PhD's. Ons is trots op die betekenisvolle bydrae tot vooruitgang en ontwikkeling wat ons op hierdie manier kon maak – nie net in ons eie land nie, maar ook op die res van ons vasteland en wêreldwyd.

Studentesukses word as 'n strategiese fokus in ons IP 2013–2018 genoem. In hierdie tydperk was ons moduleslaagsyfer deurgaans bō 85%. In die oorsigjaar het ons onafhanklike bevestiging bekom dat ons in hierdie opsig een van die universiteite is wat die beste presteer. Volgens die DHOO was die US se deursyfers die hoogste in Suid-Afrika (84% vergeleke met die gemiddeld van 68%) en die Universiteit se uitsakkoers onder eerstejaars die tweede laagste (8% vergeleke met die gemiddeld van 16%). (Dit was die bevinding van 'n agtjaarstudie waarin die 2009-kohort in driejaar- en vierjaarprogramme aan alle universiteite behalwe Unisa nagespoor is.)

Personeeluitnemendheid help om die US as 'n nasionale bate met wêreldwye aansien te posisioneer. In 2018 het die US 459 NRF-gegradeerde navorsers gehad (teenoor 342 in 2014). Dié groep het 14 navorsers met 'n A-gradering ingesluit, wat beteken dat hulle portuurgroep hulle onomwonde erken as toonaangewende internasionale vakkundiges op hulle onderskeie vakgebiede. Die getal navorsingsleerstoele aan die US het meer as verdubbel – van 23 in 2013 tot 47 in 2018.

Volgens die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding was die geweepte navorsingsuitset (publikasies sowel as nagraadse studente) per voltydse akademiese personeel in 2017 'n volle 3,23 (soos in 2018 vermeld), wat weer eens 'n rekordsyfer is. Op die gebied van innovasie is die Universiteit steeds die nasionale leier wat betref die getal gepubliseerde patentaansoeke (111 in die tydperk 2009–2018). Innovus, wat vir tegnologie-oordrag aan die US verantwoordelik is, het 17 afwentelmaatskappye in 2014 bygestaan, teenoor 29 in 2018. Tans is 283 werknemers daar in diens, teenoor 208 in 2014.

VERGROTING VAN ONS SOSIALE IMPAK

By die US verstaan ons dat sosiale impak sistemies is, en dus is dit in al die Universiteitomgewings vasgelê. Dit is dwarsdeur hierdie verslag duidelik sigbaar; ek lig hier onder slegs twee voorbeelde uit.

In 2018 het die Telematiese Skoleprojek – 'n gesamentlike inisiatief met die Wes-Kaapse Departement van Onderwys – 1 010 skole deur die land bereik. Dié projek behels interaktiewe middaguitsettings per satelliet van bykomende lesse, toegespits op moeilike konsepte in nege sleutelvakke. Hierdie uitsettings vind plaas uit die ateljee by die US, en die beste beskikbare onderwysers word gebruik. Die projek teiken onderpresterende skole met lae slaagsyfers, en het reeds geslaag daarin om slaagsyfers te verbeter.

Die Universiteit maak 'n betekenisvolle ekonomiese impak op Stellenbosch en sy omgewing. 'n Studie deur ons Buro vir Ekonomiese Onderzoek (BEO) in 2018 het bevind dat bykans 'n vyfde van die

ekonomiese bedrywighede in die streek na die bedrywighede van die Universiteit en sy mense teruggevoer kan word. Die Universiteit se teenwoordigheid het werk vir 13 406 mense in die plaaslike ekonomie verseker, terwyl die US meer as 21% van formele werksgeleenthede en 8,7% van informele geleenthede geskep het.

UITBREIDING VAN INTERNASIONALISASIE

Die US gebruik internasionalisasie om sy gegradueerdes en akademië toe te rus om te floreer as burgers van 'n wêreld waar tegnologiese vooruitgang teen 'n ongekende tempo plaasvind. Ons wil hulle bemagtig om internasionaal betekenisvolle bydraes met 'n positiewe impak op die samelewing oor die wêreld heen te maak.

Die verslagjaar was die 25ste jaar van formele internasionale bedrywighede aan die Universiteit sedert die stigting van ons Kantoor vir Internasionale Verhoudings (nou bekend as US Internasionaal) in 1993. Daardie jaar was die begin van gekoördineerde pogings om internasionale verhoudings te kweek en te laat aangroei en om internasionale akademiese netwerke en mobiliteit te bevorder. Die Universiteit beskik tans oor goed gevestigde, verreikende netwerke van internasionale vennote. In 2018 het ons institusionele ooreenkomste met 109 universiteite in 42 lande op vyf vastelande in plek gehad. Ons is ook 'n stigterslid van die Alliansie van Afrika-navorsingsuniversiteite (ARUA).

In 2018 het die Nagraadse Skool van ons Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe sy 114de PhD-gegradeerde sedert sy totstandkoming in 2010 gelewer. Die meeste van daardie gegradueerdes werk tans as navorsers en akademië by hoëronderwysinstellings oral in Afrika. Die Nagraadse Skool van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het sy vyfde bestaansjaar in 2018 gevier met 30 voltydse studente uit 14 ander lande; hoofsaaklik Afrika-lande. Ons Afrika Doktorale Akademie (ADA) het 448 deelnemers na sy jaarlikse somer- en winterskole gelok, van wie 66% uit lande op ons eie vasteland gekom het.

BEVORDERING VAN SISTEMIESE TRANSFORMASIE

Alle dimensies van die universiteitslewe is gedurig aan die verander, en dra terselfdertyd by tot die transformasie van die samelewing. Ek verskaf twee voorbeelde hier onder wat met visuele regstelling te make het.

In Mei 2018 is 'n nuwe studentekoshuis op ons Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe-kampus by Tygerberg vernoem na die gestorwe kinderaktivis, Nkosi Johnson, wat 'n kritieke rol gespeel het in die stryd om sosiale geregtigheid in 'n tyd toe die ontkenning van Vigs in Suid-Afrika hoogty gevier het. Verder het ons in Desember 2018 die US se opgeknapte teaterkompleks vernoem na wyle Adam Small, 'n bekroonde digter en dramaturg wat met sy werke aangrypende kommentaar gelewer het op die destruktiewe apartheidsstelsel. Die groot auditorium in die teaterkompleks was vroeër na 'n voormalige rektor, HB Thom, vernoem, en alhoewel hierdie naam nie meer gebruik gaan word nie, sal dit in die gebou gekontekstualiseer word.

Die Raad het aan die bestuur opdrag gegee om die dekolonisering van die kurrikulum te ondersoek en vorendag te kom met aanbevelings oor hoe die US op hierdie nasionale debat moet reageer. Die Universiteit evalueer sy akademiese programme op 'n deurlopende grondslag en het programvernuwing as 'n strategiese prioriteit geïdentifiseer. Dit sluit aspekte in soos sosiale impak en transformasie, die uitkakeling van onnodige duplisering van inhoud, die vermenging van aangesig-tot-aangesig- en aanlyn aktiwiteite en dekolonisasie van die kurrikulum, wat 'n komplekse aangeleentheid is. Ons benadering by die US is om die kennis, navorsing en perspektiewe van Westerse lande aan te vul met dié van Suid-Afrika en die res van ons vasteland. Ons wil ons studente toegang bied tot relevante leerstof uit plaaslike, streeks- en internasionale bronne.

Artikel oor ras en kognisie

Wanneer 'n jaarverslag saamgestel word, kom mens voor 'n tamentele te staan – die verslag verskyn in een jaar, maar handel oor die aktiwiteite van die voorafgaande een. Gewoonlik is dit nie 'n probleem nie, maar soms gebeur daar iets wat so verreikend is dat dit onverskillig sou wees om dit nie te noem nie.

Een voorbeeld hiervan is die polemieë wat in April 2019 ontstaan het ná die publikasie van 'n vaktydskrifartikel oor ras en kognisie deur US-navorsers in die vaktydskrif *Aging, Neuropsychology, and Cognition*. Ons het dit goed gedink om kortliks daarna te verwys, met meer besonderhede in die volgende verslagdoeningsjaar. Die Universiteit het op 'n aantal maniere gereageer. Institusioneel het ons sterk standpunt ingeneem teen die gebruik van rassekategorisering in die artikel, onvoorwaardelik om verskoning gevra en 'n formele ondersoek ingestel wat, op die tydstip wat hierdie verslag ingedien is, nog nie afgehandel was nie.

Die Universiteit het ook die geleentheid gebruik vir kritiese introspeksie en herbesinning oor die goedkeuringsproses vir navorsingsetiek. Oop en inklusiewe gesprekke het dwarsoor die Universiteit plaasgevind. Etlke simposia is gehou en die Senaat het 'n voorstel aanvaar waarin 'n beroep op die Universiteit gedoen word om 'n bepalede setel te wees vir die ontwikkeling van 'n kritiese beskouing van hoe “ras” in die wetenskap en in navorsing gebruik word. Dit kan 'n positiewe impak hê – nie net aan die US nie, maar, gesien die universele aard van hierdie kwessie, aan alle Suid-Afrikaanse universiteite en in die akademie oor die algemeen. Bykomende inligting oor verdere verwickelinge sal in die volgende jaarverslag voorsien word.

VERSEKERING VAN SISTEMIESE VOLHOUBAARHEID

In ons IP 2018–2023 word volhoubaarheid omskryf as 'n sistemiese konsep wat verband hou met die kontinuïteit van ekonomiese, sosiale, institusionele en omgewingsaspekte van die menslike samelewing. In die verslagjaar het ons reaksie op die droogte in die Wes-Kaap en op die toenemende probleem van voedselonsekerheid wat studente ervaar dit toegelig wat ons reeds ter nastrewing van hierdie doelwit by die US gedoen het. 'n Fakulteitsvernuwingsplan het ook die verlangde vrugte afgewerp.

Teen die begin van 2018 het 'n ongekende droogte gelei na immer dalende dam- en reservoïrvlakke in ons provinsie. Die droogte was so ernstig dat die moontlikheid dat geen water uit ons krane sou kom nie, ons werklik in die gesig gestaar het. Toe die droogte in 2016 begin het, het die Universiteit opgetree om te verseker dat die instelling sou oopbly ten spyte van 'n moontlike watertekort. 'n Droogtereaksiegebeurtenheidskomitee is gestig en ons het ten nouste met die Stellenbosch-munisipaliteit saamgewerk om 'n droogtereaksieplan te ontwikkel wat met hulle plan ooreenstem. Ons het 'n wateroptimaliseringsstrategie, met inbegrip van waterbesparende krane en stortkoppe, boorgate en gryswaterstelsels, in werking gestel. Ook is meer as 200 elektroniese watermeters geïnstalleer, en Fasiliteitsbestuur het sy reaksietyd vir waterlekkasies drasties verkort. Korporatiewe Kommunikasie het aan die spits gestaan van 'n bewusmakingsveldtog en het 'n waterkrisisblad op die US-webwerf geskep. Danksy al hierdie intervensies kon die Universiteit in 2018 sy gebruik van drinkbare water verlaag tot 51% minder as in 2015. Dit spreek van 'n betekenisvolle sistemiese verandering, wat veel goeds vir die toekoms inhou.

Die Nasionale Navorsingstigting het in 2018 bevind dat meer as 30% van universiteitstudente in Suid-Afrika in die een of ander stadium van hulle studies voedselonsekerheid ervaar. Alhoewel die regering se finansiële bystand hoër onderwys meer toeganklik gemaak het, dek dit nie alle uitgawes nie. Wanneer studente honger ly, beïnvloed dit nie slegs hulle akademiese uitslae nie, maar ook hulle gevoel van menswaardigheid. Om hierdie probleem te bekamp, het US-studente

met die konsep van voedselbanke vorendag gekom. Die Studenteraad (SR) het met ons Afdeling Ontwikkeling en Alumniverhoudings (OAV) saamgewerk om 'n veldtog genaamd #Move4Food te formuleer om geld vir hierdie doel in te samel. Die veldtog is deur die hele Universiteit geïmplementeer, en die ondersteuning deur studente, personeel, alumni, vennote en vriende van die Universiteit was werklik bemoedigend. Een van die aktiwiteite was die oprigting van 'n massiewe “kosblik” in die Neelsie-studentesentrum deur Ingenieurswesestudente om skenkings van niebederfbare voedsel te ontvang, wat meer as 15 000 maaltyd-items opgelewer het (kyk bladsy 69). In September het 110 #Move4Food-ondersteuners deelgeneem aan verskillende wedrenne wat deur die Kaapstad-maraton aangebied is. Ek het self die hele maraton voltooi omdat Elana Meyer, 'n US-oudstudent en wenner van 'n Olimpiese Spele-silwer medalje, my uitgedaag het om dit te doen. Aan die einde van 2018 het die #Move4Food-veldtog reeds meer as R1 miljoen ingesamel.

In November 2018 het die Raad finale vernuwingsplanne goedgekeur vir fakulteite waarvan die sistemiese volhoubaarheid sedert 2016 deur finansiële uitdagings bedreig word, naamlik die Fakulteit Opvoedkunde en die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe. Die maatreëls wat toegepas gaan word, sluit in om uitgawes op lae-inkomstmodules in te perk, tekortbesteding te staak, koste te besnoei, voorgraadse modules te konsolideer, nagraadse deurset te verbeter, en om dié fakulteite te help om hulle publikasie-uitset te verhoog. Dit behoort hierdie fakulteite op 'n veiliger grondslag te plaas.

UITVOERING VAN DIE KAMPUSVERNUWINGSPROJEK

Ons fisiese fasiliteite is strategiese bates en noodsaaklike bemagtigers van 'n volhoubare universiteit van wêreldgehalte. Gevolglik het die Raad die Kampusvernuwingsprojek (KVP) in Desember 2014 goedgekeur. Die Projek is geïnisieer omdat baie van die US se fisiese infrastruktuur weens onvoldoende onderhoud verwaarloos en in 'n swak toestand was. In September 2017 het die Raad die uitbreiding van die KVP goedgekeur, die duur daarvan tot 2027 verleng, en 'n bykomende R1,46 miljard aan die inisiatief toegewys, wat die totale bedrag tot R3,36 miljard verhoog het.

In die oorsigjaar het Fasiliteitsbestuur 17 projekte ter waarde van R230 miljoen onder die vaandel van die KVP afgehandel. Sewe projekte ter waarde van R1,2 miljard was in die tenderstadium, terwyl 44 projekte ter waarde van R652,6 miljoen in aanbou was. Kyk bladsy 48 vir besonderhede.

Die KVP is groot van omvang, maar geensins allesomvattend nie, want daar word deurlopend van die Universiteit verwag om aan meer vereistes te voldoen. 'n Sooispitseremonie vir die oprigting van 'n nuwe leer- en onderrigsentrum op ons Stellenboschkampus het in Februarie 2018 plaasgevind. Dié sentrum sal meer studente kan akkommodeer as enige ander huidige onderrigruimte op die kampus en sal studentesukses inklusief en op 'n innoverende manier bevorder. Tydens die seremonie is erkenning gegee aan die gebou se finansiers – die DHOO, die US se Raad en die Universiteit self, sowel as individuele donateurs. Die grootste skenking is gedoen deur mnr. Jannie Mouton, wat lank reeds een van die Universiteit se donateurs is. Die gebou sal na sy vader, Jan Mouton, vernoem word. Net soos sy seun, was mnr. Mouton senior ook 'n alumnus van die Universiteit.

VOORUITSKOING

'n Beheergroep is in Maart 2018 gevorm vir die vestiging van die US se Skool vir Datawetenskap en Rekenaarde. Hierdie interfakulteitsinisiatief sal die hele akademiese projek omvat, van voorgraadse en nagraadse opleiding tot navorsing en spesialisiekonsultasie. Dit sal die US goed te staan kom in 'n era

waartydens ons sien hoe die Vierde Industriële Revolusie nie net die wêreld oor die algemeen verander nie, maar ook ons werk in die kennisektor.

In die oorsigjaar het die US hom op 'n baie opwindende tydstip in sy bestaan bevind. Ons het teruggekyk na die afgelope 100 jaar van ons bestaan as 'n openbare universiteit, maar ook vooruit na die toekoms, om uit te pluus watter koers ons as instelling wil inslaan. Dit is elke generasie se verantwoordelikheid om nie net op die hier en nou te fokus nie, maar ook om 'n waardige nalatenskap vir diegene wat ná ons kom uit te bou.

Ons voorgangers het die grondslag gelê vir die US om die belangrike universiteit te word wat dit vandag is. Meer onlangs, onder wyle prof Russel Botman, het Visie 2030 ons as instelling gelei om meer inklusief, innoverend en toekomstig te word, soos daar in hierdie verslag aangetoon word. Omdat ons huidige rigtinggewende dokument – die IVS 2013–2018 – sy afhandelingspunt genader het, het ons begin om 'n nuwe roetekaart vir die Universiteit te ontwikkel.

Na afloop van twee jaar se inklusiewe, raadplegende ontwikkeling waarby belanghebbendes van oor die hele Universiteit betrek is, het die Raad ons nuwe Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 op 18 Junie 2018 goedgekeur. Dit is ons bydrae tot die ontwikkelende verhaal van die Universiteit; ons nalatenskap aan toekomstige generasies. Dit gee uitdrukking aan die US se verbintenis om in ons konteks relevant en tot diens van ons land en vasteland te wees – 'n inklusiewe universiteit van wêreldgehalte in en vir Afrika. Dit is ontwikkel teen die agtergrond van Suid-Afrika se Nasionale Ontwikkelingsplan, die Afrika-unie se Visie 2063 en die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte – omdat dit wat in die wêreld gebeur, ons vorm, en omdat dit wat by die US gebeur, vir die wêreld saak maak.

Ons Visie 2040 is onboetvaardig dapper – om “Afrika se voorste navorsingsuniversiteit te word wat wêreldwyd erkenning geniet as uitnemend, inklusief en innoverend, waar ons kennis in diens van die samelewing bevorder.” Hoe gaan ons dit regkry? Dit sal in aanstaande jaar se geïntegreerde verslag vervat word.

MONITERING OP DIE PAD VORENTOE MET ONS STRATEGIESEBESTUURSAANWYSERS

Die Universiteit se Institusionele Plan bevat oorkoepelende strategiesebestuursaanwysers (SBA's) wat van sleutelbelang is en waarmee ons meet hoe ons vaar met die verwesenliking van ons institusionele doelwitte. Ons beskryf spesifieke strategiese aksies wat deur elke individuele fakulteit en professionele diens voorgeskryf word vir elkeen van ons Institusionele Voorneme en Strategie se prioriteite, temas en doelwitte. Die volledige besonderhede verskyn in die afsonderlike planne van elke verantwoordelikhedsentrum. In hierdie planne toon die fakulteite en professionele diensafdelings aan hoe hulle die instelling se doelwitte aan die hand van hulle aksieplanne gaan bereik. Alle fakulteite en professionele dienste is gesamentlik verantwoordelik vir die haal van die teikens in die Institusionele Plan en werk dus op 'n geïntegreerde manier saam, ooreenkomstig ons sakemodel.

ONS STRATEGIESEBESTUURSAANWYSERS VIR DIE SIKLUS 2013–2018								
Priori-teite	Strategiesebestuursaanwyser	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2023 Teiken
VERBREED TOEGANG	Persentasieaandeel van studente uit bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërbevolkingsgroepe (BSIA-groepe)(%)	34,6	36,6	37,8	38,7	40,1	41,5	47,5
	Persentasieaandeel van permanente personeel uit BSIA-bevolkingsgroepe (%)	43,0	43,2	43,8	45,6	46,7	47,6	55,0
	Persentasieaandeel van permanente vrouepersoneellede (%)	54,9	55,9	56,0	56,6	57,1	57,1	60,0
	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete wat in Afrikaans en Engels vir PARALLELLE klasgroepe aangebied word (%)		16,6	15,4	17,5	20,9	21,6	25,0
BEHOU MOMENTUM VAN UITNEMENDHEID	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete wat in Afrikaans EN in Engels vir DIESELFDE klasgroep aangebied word (%)		62,9	69,5	69,5	64,6	61,4	60,0
	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete wat in OF Afrikaans OF Engels vir 'n klasgroep aangebied word (%)		20,4	15,1	13,0	14,5	17,0	15,0
	Permanente onderrig- en navorsingspersoneel met doktorsgrade (%)	60,8	61,8	60,6	60,3	60,2	61,3	65,0
	Verhouding van geweegde navorsingsuitsette per voltydse-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid	2,33	2,50	2,53	2,64	3,01	*	2,44
	HEMIS-gebaseerde sukseskoers van voorgraadse en nagraadse studente (%)	85,9	85,1	86,7	85,9	87,1	86,4	85,5
BEVORDER SOSIALE IMPAK	Verhouding van voltydse-ekwivalente studente, geweeg per studievlak, per voltydse-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid	24,57	25,44	26,16	25,9	28,3	*	24,00
	Derdestroominkomste-persentasieaandeel van die US se totale inkomste (%)	27,7	31,4	26,4	30,1	28,7	26,6	32,3
	Vierdestroominkomstepersentasie-aandeel van die US se totale inkomste (%)	5,6	5,2	5,4	7,3	4,9	5,3	10,0
	Persentasieaandeel van personeelvergoeding wat nie uit die hoofbegroting gefinansier word nie ** (%)	38,1	35,9	40,8	41,7	41,8	40,5	45,0

* 2018-resultate sal in 2019 gerapporteer word. ** Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Die verskil tussen toekomstige beperkte en onbeperkte fondse kan die haalbaarheid van die 2023-teiken beïnvloed. Sien “Beskikbare fondse” op bladsy 44. Vir definisies van die aanwysers, raadpleeg die Glossarium onder “Strategiesebestuursaanwysers verduidelik”, bladsy 155.

OORSIG

— van ons —

FINANSIËLE KAPITAAL



Mnr Manie Lombard

Hoofdirekteur: Finansies

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die langtermyn- finansiële volhoubaarheid van die instelling. Met die oog hierop word finansiële beplanning deur 'n bestuursmandaat oor ses jaar gerig. Sedert 2014 val die klem sistemies op die prioriteite van die Institusionele Voorneme en Strategie vir 2013 tot 2018. Die nuwe Visie 2040, asook die Strategiese Raamwerk 2019–2024, is op 18 Junie 2018 deur die US Raad goedgekeur, en beplanning geskied vanaf 2019 volgens die gewysigde strategieë. Finansiële volhoubaarheid is steeds 'n kerndoelwit en is ingesluit onder die kerntema “'n Florerende Universiteit Stellenbosch”. Die US se finansiële en sistemiese volhoubaarheid moet onderliggend wees tot alle besluite en aksies. Die aktiwiteite wat die US kies om te onderneem en voort te sit, moet die strategieë ondersteun, en daardie aktiwiteite moet uiteindelik gesamentlik selfonderhoudend wees.

BEGROTING EN OORSIG VAN 2018

Die Universiteit het daarin geslaag om die 2018-boekjaar suksesvol af te sluit.

Die US Raad het op 27 November 2017 die 2018-begroting, insluitende die finansiële beplanning vir 2019–2023, goedgekeur. Die implementering van sekere besluite wat tydens die 2017-begrotingsproses geneem is, het daartoe gelei dat 'n gelykbreekbegroting wel vir 2018 goedgekeur kon word, teenoor die 2017-begroting, wat tekorte op die beplanningshorison getoon het.

Die wysiging aan die subsidieformule word reeds 'n geruime tyd voorsien, maar die uitreik van 'n konsep vir bespreking is sedert die 2015-proteste vir eers uitgestel. Ten spyte van verwagtinge dat universiteite teen Maart 2018 'n konsepdokument sou ontvang, was daar geen verdere kommunikasie vanaf die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) in hierdie verband nie. Op 4 Desember 2017 het voormalige president Zuma 'n skema vir gratis hoër onderwys vir studente met ouerinkomste onder R350 000 aangekondig. Verder het universiteite ook terugvoering gekry dat daar nie addisionele subsidie beskikbaar gestel sou word om vir die impak van die BTW-koersaanpassing van 14% na 15%, vanaf 1 April 2018, voorsiening te maak nie.

Op 16 April 2018 het die US 'n gewysigde ministeriële verklaring ontvang. Dit het, onder andere, vir die US vir 2018 'n totale bloktoekenning van R1 579,837 miljoen (uitgesluit rente en delging) teenoor die begroting van R1 474,760 miljoen getoon. Die aanvanklike ministeriële verklaring wat in Desember 2017 ontvang is, het 'n bloktoekenning van R1 459,199 miljoen getoon – 'n tekort van R15,561 miljoen teenoor die begroting. As gevolg van die verklaring van April 2018 was die netto verskil R105,077 miljoen meer as die 2018-begroting.

Hierdie toename het voortgevloei uit addisionele befondsing wat die Tesourie aan die DHOO beskikbaar gestel het vir investering in die hoëronderwyssektor. Die gevolg is dat die totale bydrae tot die hoëronderwyssektor nou meer as 1% van die bruto binnelandse produk beloop. Die investering is in verskillende vorme, insluitende addisionele fondse aan die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS), en word ook aangewend vir die befondsing van gratis hoër onderwys vir studente met 'n ouerinkomste onder R350 000. 'n Gedeelte van die fondse is by die bloktoekenning gevoeg, wat gelei het tot die toename in die subsidietoekenning vir die US.

Ten spyte van hierdie addisionele subsidie, wat vanaf 2019 op 'n deurdra-basis by die begroting toegevoeg is, bestaan daar steeds onsekerhede oor die volhoubaarheid van die regering se verbintenis tot hoër subsidievlakke (insluitend NSFAS-befondsing).

Op die oomblik is die DHOO gefokus op die sektorale regulering van studentegelde-aanpassings. Die jongste aanduiding vanaf die Minister is dat voorstelle gereed moet wees vir implementering na afloop van die nasionale verkiesing in Mei 2019. Geen terugvoer is egter nog van die taakspan wat hierdie aspekte ondersoek, ontvang nie.

FINANSIËLE RESULTAAT

Die vernaamste kenmerke van die 2018-verslagjaar is:

- afname in totale inkomste van 7,9% (2017: toename van 10,7%) tot R5 413 miljoen (2017: R5 877 miljoen);
- afname in gerealiseerde wins met vervreemding van beleggings na R100 miljoen (2017: R758 miljoen) sowel as die verandering in die rekeningkundige hantering waar gerealiseerde wins met vervreemding van beleggings vanaf 2018 in die staat van omvattende inkomste erken word en nie meer in die inkomtestaat nie;
- afname in inkomste uit toekennings en kontrakte van 5,1% (2017: 3,7%) tot R1 106 miljoen (R1 166 miljoen in 2017);
- uitgawes van herhalende aard wat in 2018 met 0,4% toegeneem het (2017: 8,9%) tot R4 997 miljoen (2017: R4 976 miljoen);
- 'n totale surplus van R416 miljoen, teenoor die surplus van R902 miljoen in 2017 (let egter daarop dat gerealiseerde wins/(verlies) met vervreemding van beleggings vanaf 2018 in die staat van omvattende inkomste erken word en die vergelykende syfers nie dienoreenkomstig aangepas is nie);
- surplus van R23,3 miljoen (2017: R20,7 miljoen) op die hoofbegroting, dus die Universiteit se akademiese besigheid soos befonds deur die subsidie en studentegelde (die hoofkomponente word hieronder toegelig); en

- afname in ongeoordeelde reserwes van 39,2% (toename van 24,4% in 2017) tot R347 miljoen (2017: R571 miljoen).

Die 2018-finansiële resultaat is verder die gevolg van onder meer:

- konserwatiewe, geïntegreerde begrotingsbeplanning binne 'n aaneenlopende sesjaar- finansiële plan, met inbegrip van 'n gebeurlikheidsreserwe om onvoorsiene gebeure te kan bestuur;
- die voortdurende herontwerp en belyning van bedryfsprosesse om groter kostedoeltreffendheid te verseker; en
- die beskikbaarstelling van strategiese fondse ter ondersteuning van nuwe inisiatiewe wat op die realisering van die visie en doelwitte van die Universiteit gerig is.

Die voormelde finansiële suksesse bied 'n goeie basis vir voortgesette proaktiewe finansiële beplanning en die verfyning van die finansiële model wat die Universiteit se strategiese doelwitte en fokusgebiede dien.

VERSLAGDOENINGSTANDAARDE

Hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2018 is in ooreenstemming met die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoër Onderwysinstellings opgestel. Ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoër Onderwys, no. 101 van 1997 (soos gewysig tot en met die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening vir Hoër Onderwysinstellings gedateer 9 Junie 2014), is universiteite verplig om finansiële jaarstate aan die Departement van Onderwys voor te lê wat aan *International Financial Reporting Standards* (IFRS) voldoen. Die Universiteit het reeds voor die publiserings van die nuwe Regulasies die keuse uitgeoefen om aan IFRS te voldoen, met oorgangsdatum op 1 Januarie 2004.

Nuwe rekeningkundige standpunte, wysigings en interpretasies wat verband hou met bestaande standpunte is vanjaar (vanaf 1 Januarie 2018) van toepassing op die Universiteit. Twee van hierdie standpunte, naamlik IFRS 9, "Financial Instruments" en IFRS 15, "Revenue from Contracts with Customers", het 'n wesenlike impak op die US se rekeningkundige beleid gehad. Hierdie impak word in nota 31 in die gekonsolideerde jaarstate uiteengesit. Die wysigings is nie terugwerkend toegepas nie.

Ingevolge artikel 4(3)(b) van die Wet op Openbare Oudit, no. 25 van 2004, kan die Ouditeur-Generaal enige instelling wat openbare befondsing ontvang, oudit. Die Ouditeur-Generaal het egter gekies om nie self die oudit van die US uit te voer nie, maar het wel spesifieke bykomende opdragte wat aandag moet geniet aan die Universiteit se aangestelde eksterne ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., gegee. Hierdie bykomende opdragte sluit in die oudit van nakomingswetgewing wat op finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede van toepassing is, asook die oudit van prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte, soos deur die Universiteit en die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding ooreengekom is. Vir die jaar onder oorsig was die ministeriële inskrywingsteikens soos in die tabel op bladsy 19 aangedui word, die enigste gekontrakteerde doelwit met die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding.

INKOMSTE

Die samestelling van die Universiteit se inkomste per hoofkomponent, uitgedruk in waarde en in verhouding, verskyn in die onderstaande tabel, met vergelykende syfers vir vorige jare.

GROEI EN SAMESTELLING VAN INKOMSTE, TOTAAL EN PER HOOFKOMPONENT, 2014–2018										
		2014	2015	TOENAME/ (AFNAME) 2014/2015 %	2016	TOENAME/ (AFNAME) 2015/2016 %	2017	TOENAME/ (AFNAME) 2016/2017 %	2018	TOENAME/ (AFNAME) 2017/2018 %
TOTALE INKOMSTE VAN HERHALENDSE AARD, WAARVAN:	Rm	5 140	5 033	(2,1)	5 311	5,5	5 877	10,7	5 413	(7,9)
OWERHEIDSTOEKENINGS	Rm	1 552	1 576	1,5	1 788	13,5	1 882	5,3	2 023	7,5
% VAN INKOMSTE	%	30,2	31,3		33,7		32,0		37,4	
STUDENTE-, INWONINGS- EN ANDER GELDE	Rm	1 074	1 233	14,8	1 130	(8,4)	1 282	13,5	1 398	9,0
% VAN INKOMSTE	%	20,9	24,5		21,3		21,8		25,8	
TOEKENINGS EN KONTRAKTE	Rm	869	910	25,9	1 210	33,0	1 166	(3,7)	1 106	(5,1)
% VAN INKOMSTE	%	16,9	18,1		22,8		19,8		20,4	
PRIVAAT SKENKINGS	Rm	206	215	4,4	338	57,2	232	(31,6)	265	14,4
% VAN INKOMSTE	%	4,0	4,3		6,4		3,9		4,9	
VERKOPE VAN DIENSTE EN PRODUKTE	Rm	193	182	(5,6)	191	4,7	204	7,0	228	11,8
% VAN INKOMSTE	%	3,8	3,6		3,6		3,5		4,2	
GEREALISEERDE WINS BY VERVREEMDING VAN BELEGGINGS	Rm	947	546	(42,4)	327	(40,1)	758	131,9	0	(100,0)
% VAN INKOMSTE	%	18,4	10,8		6,2		12,9		0,0	
RENTE EN DIVIDENDE VERDIEN	Rm	289	348	20,1	318	(8,5)	344	8,2	383	11,3
% VAN INKOMSTE	%	5,6	6,9		6,0		5,9		7,1	
ANDER	Rm	10	23	32,5	9	(61,6)	9	(2,7)	10	12,8
% VAN INKOMSTE	%	0,2	0,6		0,3		0,1		0,2	

Soos uit die bostaande tabel blyk, het totale inkomste met 7,9% tot R5 413 miljoen (2017: R5 877 miljoen in 2017) afgeneem (2017: toename van 10,7%). Die skuif van gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings na die staat van omvattende inkomste (R758 miljoen in 2017) het grootliks bygedra tot hierdie afname.

Owerheidstoekennings het toegeneem met 7,5% (2017: toename van 5,3%).

Die owerheidstoekennings bestaan uit ongeoormerkte subsidie-inkomste en geoormerkte toekennings, waar die ongeoormerkte subsidie-inkomste op grond van 'n berekening volgens 'n formule van die DHOO verdien word. Die ongeoormerkte subsidie-inkomste word by die inkomste vir die Universiteit se hoofbegroting in ag geneem. Owerheidstoekennings sluit verder ook toekennings van aanverwante staatsinstellings, byvoorbeeld die Nasionale Navorsing Stigting (NNS), in.

Die groot toename vir 2018 is toe te skryf aan die addisionele subsidie wat die US ontvang het as gevolg van die ministeriële verklaring van April 2018, soos hierbo toegelig.

Inkomste uit studente- en ander¹ gelde het met 9,0% toegeneem (2017: toename van 13,5%).

'n Basis-verhoging in studentegelde van 8% (vir voorgraadse en nagraadse studies) is op 27 November 2017 deur die US Raad goedgekeur. Dit strook met die voorskrif wat vanaf die DHOO ontvang is en met die hoëronderwysprysindeks (HOPI). Gedifferensieerde aanpassings tussen 8% en 15% is vir sekere fakulteite en programme goedgekeur (binne 'n bepaalde raamwerk oorweeg). Vir 2018 is die vaste heffing vir internasionale studente (international tuition fee; ITF) ook ingestel.

Daar was ook 'n toename in voorgraadse inskrywings van 1% vanaf 19 893 in 2017 tot 20 093 in 2018. Hierdie toename is egter in lyn met inskrywingsbeplanning en plaas die US nie buite die ooreengekome inskrywingsperke soos met die DHOO ooreengekom nie.

Vir 2018 is 'n toename van 9,2% in huisvestingsgelde deur die US Raad goedgekeur. Dit verteenwoordig die werklike koste vir huisvesting (wat 'n alleenstaande begroting is en dus selfonderhoudend moet wees). Die hoër toename teenoor studentegelde-inkomstes is 'n direkte gevolg van die besluite rakende lewensvatbare kontraktering wat einde 2015 in opvolging van die studenteprotes geneem is.

Gedurende 2018 is ongeveer 220 minder beddens verkoop (dus 'n besettingsfaktor onder 100%) aangesien:

- 110 beddens in Kerkenberg uit die poel verwyder is (dit volg op die Raadsbesluit om Kerkenberg weens sekuriteitsrisiko's te verkoop), terwyl die vervangende beddens daarvoor reeds in 2017 opgeneem is; en
- 110 minder studente in Helshoogte geplaas is weens 'n groot her-inrigtingsprojek (as deel van die US se Kampusvernuwingsprojek).

Die toename in studente- en ander inkomste¹ gaan ook met toenemende groei in die voorsiening vir onverhaalbare studentegelde gepaard en dit bly 'n uitdaging om studenteskuld tydig in te vorder. Daar is 'n tendens dat studente die vereffening van uitstaande skuld uitstel tot en met die volgende jaar se registrasie.

Die US het sekere maatreëls in plek om die uitstaande studentegelde te bestuur, wat die volgende insluit: Studente met uitstaande skuld kan onder andere nie registreer vir 'n volgende studiejaar nie, tensy hulle 'n beurs het wat die uitstaande skuld asook eerste paaïement kan dek. Verder kan spesiale reëlings getref word vir die afbetaling van die eerste paaïement. Studente kry ook nie hulle graadsertifikate voor uitstaande studiegelde nie betaal is nie. Die vestiging van 'n invorderingskantoor by die Universiteit in 2013 toon steeds dividende, tesame met verbeterde beheer oor metodes om verjaring van skuld te voorkom.

Verwys ook na nota 31 tot die Finansiële Jaarstate vir die impak wat IFRS 9 het op die waardasie van uitstaande skuld.

Die Universiteit het nie veel meer ruimte om in studentegetalle te groei nie, behalwe deur die hibriede leermodel.

Toekennings en kontrakte het afgeneem met 5,1% (2017: afname van 3,7%) tot R1 106 miljoen (2017: R1 166 miljoen). 'n Aantal groot meerjarige navorsingskontrakte het gedurende 2017 ten einde geloop.

Gegewe die onsekerhede rakende die ongeoormerkte subsidie-inkomste, is dit belangrik dat die inkomstestrome ten opsigte van toekennings, kontrakte en skenkings, asook die ontginning van kommersiële inkomstes, oor tyd 'n groter bydrae tot die Universiteit se totale inkomste sal lewer. Daar is tans 'n groot fokus op die diversifisering van befondsingsbronne, veral internasionale bronne. Die verhaling van steun- en institusionele kostes vanaf derden en vyfdegedstroom-aktiwiteite deur middel van die indirekte kosteverhalingskoers (IKVK) bring verligting op die hoofbegroting. 'n Verhoogde IKVK (20% teenoor die 17% van voorheen) is in November 2018 deur die US Raad goedgekeur vir implementering vanaf 1 Januarie 2019. Die onderverhaling van hierdie kostes weens beperkings wat befonders op die verhaling van kostes plaas, bly 'n uitdaging.


Inkomste uit **privaat skenkings** het toegeneem met 14,5% (2017: afname van 31,6%) van R232 miljoen tot R265 miljoen.

Daar was weereens 'n toename in groot, individuele skenkings, maar daar was ook 'n afname in internasionale skenkings. Hierdie geldstroom is in die laaste paar jaar suksesvol op die voorgrond geplaas. Die meeste van die fondse word egter ontvang vir vooraf-geoormerkte aanwending. Dit is ook steeds 'n uitdaging om ongebonde skenkings te bekom, wat verligting ten opsigte van die US se hoofbegotingsaktiwiteite kan bring.

Gerealiseerde wins met vervreemding van beleggings word nou, soos vereis deur die toepassing van IFRS 9, in die staat van omvattende inkomste erken terwyl dit in 2017 (en vroeër) in die inkomstestaat erken is. Die wins wat vir 2018 erken is, beloop R99,9 miljoen (teenoor die wins van R758,3 miljoen wat in 2017 in die inkomstestaat erken is).

Die afname in die gerealiseerde wins vir 2018 word grotendeels toegeskryf aan die stagnante langtermyn-beleggingsmarkte en die stabilisering van die langtermyn- en mediumtermyn-portefeuljes, wat vir 'n volle jaar belê is. Die gewysigde beleggingsmandate wat in 2017 geïmplementeer is, het saam met die goeie prestasie van die markte in 2017 die verhoogde realisasie veroorsaak.

TOTALE INKOMSTE PER HOOFKOMPONENT, 2018



Die bostaande figuur toon die samestelling van die Universiteit se inkomste per hoofkomponent asook die relatiewe verhouding tot totale inkomste.


¹ Ander gelde sluit inwonings- en lidmaatskapgelde in, asook ander items wat teen studenterekenings gehef mag word, soos deur die Studentegeldekomitee goedgekeur.

UITGAWES

Die samestelling van die Universiteit se uitgawes per hoofkomponent, uitgedruk in waarde en verhouding, verskyn in die onderstaande tabel, met vergelykende syfers vir vorige jare.

GROEI EN SAMESTELLING VAN UITGAWES, 2014–2018										
		2014	2015	TOENAME/ (AFNAME) 2014/2015 %	2016	TOENAME/ (AFNAME) 2015/2016 %	2017	TOENAME/ (AFNAME) 2016/2017 %	2018	TOENAME/ (AFNAME) 2017/2018 %
TOTALE UITGAWES VAN HERHALENDE AARD, WAARVAN:	Rm	3 653	4 063	11,2	4 571	12,5	4 976	8,9	4 997	0,4
PERSENEELKOSTE	Rm	1 730	1 939	12,1	2 172	12,0	2 332	7,3	2 480	6,3
% VAN UITGAWES	%	47,3	47,7		47,5		46,9		49,6	
WAARDEVERMINDERING	Rm	241	252	4,7	288	14,1	283	(1,5)	293	3,5
% VAN UITGAWES	%	6,6	6,2		6,3		5,7		5,9	
FINANSIERINGSKOSTE	Rm	23	17	(24,6)	18	4,7	35	93,7	35	0
% VAN UITGAWES	%	0,6	0,4		0,4		0,7		0,7	
BEURSE (NETTO)	Rm	338	403	19,1	442	9,7	456	3,2	486	6,6
% VAN UITGAWES	%	9,3	9,9		9,7		9,2		9,7	
HUUR, INSTANDHOUDING EN HERSTELWERK	Rm	147	212	44,1	212	(0,2)	224	5,8	191	(14,7)
% VAN UITGAWES	%	4,0	5,2		4,6		4,5		3,8	
ANDER BEDRYFSUITGAWES (INGESLUIT NAVORSINGSUITGAWES, KONSULTASIE- EN ANDER DIENSTE, REIS- EN VERBLYFKOSTE EN NUTSDIENSTE)	Rm	1 175	1 240	5,6	1 439	16,1	1 646	14,4	1 513	(8,1)
% VAN UITGAWES	%	32,2	30,5		31,5		33,1		30,3	

TOTALE UITGAWES PER HOOFKOMPONENT, 2018



Die bostaande figuur toon die samestelling van die Universiteit se uitgawes per hoofkomponent.

Die totale uitgawes vir 2018 het met 0,4% toegeneem (2017: 8,9%) tot R4 997 miljoen (2017: R4 976 miljoen), in vergelyking met die

jaarlikse gemiddelde inflasiekoers vir 2018 van 4,8%. Die Universiteit se voortgesette verfyning van begrotings- en bedryfsprosesse is op groter koste-effektiwiteit en verbeterde dienslewering gemik.

Verder is 'n groot komponent uitgawes ook aan direkte besteding op navorsingskontrakte gekoppel, wat beteken dit sal saam met die inkomstes fluktureer. Daardie inkomste-kategorie het vanaf 2016 'n jaar-op-jaar afname getoon.

Die toename in personeelkoste van 6,3% kan onder andere aan 'n algemene salaris aanpassing van 6% in 2018 vir alle kwalifiserende personeel toegeskryf word. Die aantal permanente personeel het redelik konstant gebly (3 441 in 2018 teenoor 3 443 in 2017) en daar was 'n afname in nie-permanente personeel na 1 026 (2017: 1 464).

Kostes vir instandhouding en herstelwerk toon 'n afname teenoor 2017. Wesenlike kostes is wel aangegaan, veral ten opsigte van water- en elektrisiteitsbesparingsinisiatiewe. Hierdie kostes is van 'n kapitale aard en, al is dit deur die herstelwerkbegroting gefinansier, is kostes ten bedrae van R44 miljoen gekapitaliseer en reflekteer dus nie op die inkomstestaat nie.

Die Universiteit maak jaarliks 'n groot bydrae tot beurse vanuit die hoofbegroting. Vir 2018 het dit R124 miljoen (2017: R129 miljoen) beloop, en die besteding daarvan is ingesluit by die beurse waar die US as prinsipaal optree. Daar was ook 'n wesenlike toename in die beurse wat die Universiteit as agent bestuur. Dit hou hoofsaaklik verband met die uitbreiding van NSFAS-befondsing. Op 16 Desember 2017

het voormalige president Zuma ten volle gesubsidieerde gratis hoër onderwys en opleiding vir arm en werkersklasstudente, aangekondig. Die definisie van werkersklasstudente is uitgebrei na huishoudings met gesamentlike jaarlikse inkomste onder R350 000. Hierdie besluit is vanaf 2018 ingefaseer vir studente wat in 2018 vir die eerste keer by 'n openbare universiteit inskryf.

Die onsekerhede rakende die implementering en administrasie van die nuwe beurse plaas groot druk op die Universiteit se beurskantoor.

Studente wat die 8%-gapingsbefondsing vanaf die DHOO in 2017

ontvang het, sal ook dié korting in 2018 ontvang en hoef nie weer om dié befondsing aansoek te doen nie. Die DHOO het sedertdien aangekondig dat hierdie befondsing uitgefaseer sal word. Vanaf 2019 is die beskikbare fondse vir hierdie inisiatief by die bloktoekennings gevoeg en met die betrokke formule na universiteite verdeel. Individuele universiteite moet die toekennings met daardie addisionele fondse bestuur totdat die studente wat daarop geregtig is, afstudeer het.

Die groei en samestelling van totale beurse word in die onderstaande tabel getoon.

GROEI EN SAMESTELLING VAN BEURSE, 2014–2018										
		2014	2015	TOENAME/ (AFNAME) 2014/2015 %	2016	TOENAME/ (AFNAME) 2015/2016 %	2017	TOENAME/ (AFNAME) 2016/2017 %	2018	TOENAME/ (AFNAME) 2017/2018 %
TOTALE UITGAWES VAN HERHALENDE AARD	Rm	3 653	4 063		4 571		4 976		4 997	
BEURSE UITBETAAL	Rm	588	659	12	725	10	767	6	972	27
% VAN UITGAWES	%	16,1	16,2		15,9		15,4		19,5	
PRINSIPAAL	Rm	338	403	19	442	10	456	3,2	486	7
AGENT	%	250	256	2,3	283	10,4	298	5,6	452	51,6
GAPINGSBEFONDSING	Rm	-	-	-	-	-	13	-	34	163,0

BESKIKBARE FONDSE

Die US plaas 'n baie hoë premie op goeie korporatiewe en finansiële bestuur en doen alles in sy vermoë om te verseker dat finansies deursigtig en oordeelkundig bestuur word. Deel van gesonde finansiële bestuur is om verantwoordbare vlakke van reserwefondse te bestuur met die oog op langtermyn- sistemiese volhoubaarheid (wat insluit dat akademiese gehalte deurgaans behou word). Reserwefondse is, in teenstelling met die openbare mening, nie 'n enkelbedrag geld wat eenkant lê en rente verdien nie, maar fondse in verskeie omgewings wat net volgens spesifieke riglyne aangewend mag word.

Beskikbare fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse, wat R9,789 miljard (2017: R9,563 miljard) op 31 Desember 2018 beloop, bestaan uit bedryfsfondse (fondse ontvang vir byvoorbeeld langtermyn-, eksterne kontrakte met die industrie), lenings (studenteleninge, wat weer terugvloei vir verdere studente-ondersteuning), skenkings (met voorwaardes van skenkers) en vastebate-fondse (byvoorbeeld uitdruklik vir die ontwikkeling van fasiliteite) met bepaalde voorwaardes vir aanwending wat dit nie vir diskresionêre aanwending deur die Raad beskikbaar maak nie. Die fondse mag dus slegs volgens die bepalingvoorwaardes aangewend word.

Onbeperkte fondse is daardie fondse wat die Raad diskresionêr kan aanwend. Onbeperkte fondse, wat R1,096 miljard (2017: R1,223 miljard) beloop, word verder verdeel in geoormerkte en ongeoormerkte fondse. 'n Voorbeeld van fondse wat vir 'n spesifieke doel geoormerk is, is die Universiteit se Versekeringsreserwefonds waarvoor 'n afsonderlike reglement bestaan wat die aanwending daarvan bepaal, asook die Strategiese Fonds van die Universiteit en die balansfondse van omgewings wat ooreenkomstig goedgekeurde omgewingsplanne vir strategiese en bedryfsdoelwitte geoormerk is. Fondse binne hierdie kategorie beloop R749 miljoen (2017: R651 miljoen). Die balans van R347 miljoen (2017: R571 miljoen) is dus beskikbaar vir diskresionêre aanwending deur die Raad. Dit beloop tans 6,4% (2017: 9,7%) van die US se totale jaarlikse inkomste, oftewel minder as een maand se inkomste, wat 'n baie lae vlak van gebeurlikheidsvoorsiening is (vergeleke met 'n internasionale norm van drie maande).

Die afname in die ongeoormerkte fondse kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die oordrag, genoodsaak deur die waardedaling op die beleggingsportefeulje, om die IAS 19-verpligting ten opsigte van na-aftrede-mediese voordele (R263 miljoen) te befonds. Die onderstaande tabel toon die groei in beskikbare fondse en langtermynbeleggings oor die afgelope vyf jaar.

GROEI VAN BESKIKBARE FONDSE EN LANGTERMYNBELEGGINGS, 2014–2018										
		2014	2015	TOENAME/ (AFNAME) 2014/2015 %	2016	TOENAME/ (AFNAME) 2015/2016 %	2017	TOENAME/ (AFNAME) 2016/2017 %	2018	TOENAME/ (AFNAME) 2017/2018 %
FONDSE BESKIKBAAR, WAARVAN:	Rm	10 636	11 824	10,3	12 254	3,6	13 338	8,8	13 433	0,7
LANGTERMYNBELEGGINGS		6 631	7 684	9,3	7 893	2,7	8 889	12,6	8 793	(1,1)
AS % VAN FONDSE BESKIKBAAR	%	62,3	65,0		64,4		66,6		65,5	

Die onderstaande tabel toon die samestelling van die Universiteit se fondse asook die persentasie wat ongeoormerkte reserwes (dus beskikbaar vir aanwending deur die Raad) van die totale inkomste uitmaak.

SAMESTELLING VAN BESKIKBARE FONDSE, 2014–2018										
		2014	2015	TOENAME/ (AFNAME) 2014/2015 %	2016	TOENAME/ (AFNAME) 2015/2016 %	2017	TOENAME/ (AFNAME) 2016/2017 %	2018	TOENAME/ (AFNAME) 2017/2018 %
TOTALE INKOMSTE	Rm	5 140	5 033		5 311		5 877		5 413	
BEPERKTE FONDSE		6 792	7 624	12,3	8 553	12,2	9 563	11,8	9 789	2,4
ONBEPERKTE FONDSE		1 287	1 663	29,2	1 161	(30,2)	1 223	5,3	1 096	(10,4)
GEOORMERKTE RESERWES		1 060	1 240	17,0	702	(43,4)	651	(7,1)	749	15,0
ONGEOORMERKTE RESERWES		227	423	86,1	459	8,6	571	24,4	347	(39,2)
TOTALE FONDSE TEEN MARKWAARDE BESKIKBAAR		8 079	9 287	15,0	9 714	4,6	10 786	11,0	10 885	0,9
ONGEOORMERKTE RESERWES AS % VAN TOTALE INKOMSTE	%	4,4%	8,4%		8,7%		9,7%		6,4%	

Behalwe die mark- en prysrisiko's, is daar is ook bepaalde risiko's geïdentifiseer wat oordeelkundig bestuur moet word:

- die onbekende uitwerking wat 'n verandering in die subsidieformule asook die moontlike sektorale regulering van studentegelde op die Universiteit se hoofbegrotingsgeldstrome sal hê;
- die impak van die land se ekonomiese toestand en graderings, asook die effek daarvan op groei in beleggings en beleggingsopbrengste, veral in die lig van die befondsing vir die Kampusvernuwingsprojek;
- die wisselkoersimpak op inkomste uit skenkings en navorsingskontrakte; en
- studente se vermoë om rekeningverpligtinge na te kom.

Die Universiteit sal hierdie uitdagings deur sy strategiese benadering tot finansiële beplanning en bestuur aanpak.

LIKIDITEIT

Deursigtige likiditeitsrisikobestuur impliseer die handhawing van voldoende kontant en bemarkbare sekuriteite, sowel as die beskikbaarheid van kredietfasiliteite.

	2017	2018
	Rm	Rm
BEDRYFSBATES	1 037	1 219
BEDRYFSLASTE	1 061	1 351
VERHOUDING BEDRYFSBATES TOT BEDRYFSLASTE	0,98	0,90

Die Universiteit het op 31 Desember 2018 oor meer as R387,8 miljoen (2017: R774,1 miljoen) se kontant en kontantekwivalente beskik, asook korttermynbeleggings van R523,8 miljoen wat in skuldinstrumente belê is. Die beskikbare kontant en korttermynbeleggings, plus netto kontantvloei in 2019, sal voldoende wees om kapitaal- en ander verpligtinge na te kom. Die Universiteit is in staat om langtermynbeleggings op kort kennisgewing te realiseer om moontlike likiditeitsrisiko's te dek. Verder word fondse ook binne 'n nuwe mediumtermynportefeulje bestuur om die markrisiko vir die befondsing van die finansieringstekort van die Kampusvernuwingsprojek oor die volgende 10 jaar te bestuur.

VERSLAG — van die — BEDRYFSHOOF



Prof Stan du Plessis
Bedryfshoof

Die finansiële insig en sakevernuf van openbare universiteite word tans op die proef gestel soos nooit voorheen nie. Ná die finansiële onstuimigheid van die vorige jaar, toe die uitwerking van die FeesMustFall-beweging nog duidelik voelbaar was, was daar in 2018 'n aansienlike toename in beursbefondsing vir universiteite. Die Universiteit Stellenbosch (US), wat oor robuuste sake-, finansiële, tegnologiese en oorsig-bestuursvaardighede beskik, het daardie vaardighede gemobiliseer om die onmiddellike uitdagings te bestuur terwyl voorsiening gemaak is vir behoeftes oor die langer termyn. Sonder om die risiko's wat ons nog in wag as onbelangrik af te maak, kan ek dit stel dat die US in 'n relatief gesonde finansiële en bedryfsituasie verkeer omdat die instansie sy finansiële kapitaal benut het om waardeskepping oor sy menslike, intellektuele, sosiale en verhoudings-, natuurlike en vervaardigde kapitale heen te ondersteun., soos blyk uit die volgende bespreking van ons 2018-doelwitte.

OPSKERPING VAN SAKEPROSSESSE EN FONDswerwing vir finansiële VOLHOUBAARHEID

Die twee ernstigste risiko's vir die Universiteit se finansiële volhoubaarheid is die vooruitsig van veranderinge aan die subsidieformule en die moontlikheid dat die regering kan intree om studentegeld te reguleer. 'n Studie deur Universities South Africa het getoon dat die Universiteit se klasgeld nog glad nie die hoogste in Suid-Afrika is nie. Boonop het die US gehoor gegee aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se versoek aan universiteite om klasgeldverhogings te koppel aan die verbruikersprysindeks vir 2019. Die begroting vir 2019, wat op 26 November 2018 deur die Raad goedgekeur is, maak voorsiening vir 'n klasgeldverhoging van 5,3%.

'n Daadwerklike poging is in 2018 aangewend om die effektiwiteit van koste- en sakeprosesse te verbeter. Die indirekte kosteverhalingskoers vir derdestroom- en vierdestroominkomste is hersien en sal van 1 Januarie 2019 af van 17% tot 20% verhoog word. Ook op die gebied van studenteskuld het die Universiteit goeie resultate verkry deur die uitgebreide skuldinvorderingsprosesse wat ingestel is. Aan die einde van 2018 het die totale skuld van geregistreerde en niegeregistreerde studente R303 miljoen beloop, wat neerkom op ongeveer 21,7% van die totale jaarlikse klas- en koshuisgeld.

Die Universiteit belê reeds intensief in tegnologiesestelsel- en infrastruktuurvernuwing ter ondersteuning van groter bedryfsdoeltreffendheid. Die eerste fase van die nuwe kontraknavorsingsoplossing is gedurende die jaar geïmplementeer en baan die weg vir meer doeltreffende, effektiewe bestuur van die Universiteit se groot aantal navorsingskontrakte. Goeie vordering is gemaak met voorbereidings vir die inwerkingstelling van 'n nuwe studente-inligtingstelsel sowel as die implementering van Projek Phambili, wat die vernuwing van twee sleutelfasiliteitsbestuurstelsels behels.

Fondsinsameling word al hoe belangriker by die Universiteit; veral vir die befondsing van die studentebeurse wat die Universiteit toeken. Die Universiteit is besig om sy erfenisdonateurstrategie-oplossing te vervang met Devman, 'n nuwe donateurbestuurstelsel, met die oog op meer effektiewe fondsinsameling en die koestering van verhoudings met oudstudente en donateurs.

NASTREWING VAN GERECHTIGHEID EN GELYKE GELEENTHEDE

Studeerders en personeel moet die vryheid hê om in 'n veilige omgewing te woon, werk en speel. Soos daar op bladsy 71 van die Risikoverslag uitgelig is, was daar in 2018 'n opmerklike afname in misdaad- en sekuriteitsverwante voorvalle, danksy die aandag wat daar in die afgelope paar jaar aan kampusveiligheid en -sekuriteit gegee is. Die twee groot sekuriteitsinisiatiewe van 2018 was die hernuwing van die sekuriteitsdienskontrak ter ondersteuning van die interne sekuriteitskern en die ontplooiing van wagte snags in die tuine en by koshuise.

Die US is daartoe verbind om personeel en studente se persoonlike inligting te veilig te bewaar. Ter voorbereiding van die inwerkingstelling van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), het die Universiteit verskillende hulpmiddels in gebruik geneem, soos 'n wagwoordselfhulpfunksionaliteit wat personeel en studente in beheer plaas van die bywerk van hulle persoonlike inligting. Eweneens het ons in reaksie op die toenemende felheid en kompleksiteit van kuberaanvalle 'n teenuitvissingsplan ter verbetering van sekuriteit en 'n opleidings- en bewusmakingskursus in aanlyn sekuriteit vir personeel en studente ingestel.

Wat betref die bevordering van gelyke geleenthede, blyk sport 'n kragtige transformeerder te wees. Maties Sport doen sy bes om sy transformasietekens te bereik, wat 40% BSIA-verteenvoording in hoëprestasiespanne teen 2020 insluit. In 2018 was 35% van die 365 studente-atlete in hierdie spanne BSIA, en 49,7% van Maties Sport se beurse is aan BSIA-kandidate toegeken. 'n Groot verbetering in die afgelope paar jaar was dié van die demografiese profiel van administratiewe personeel en afrieters: lede van die BSIA-groep het 67% van Maties Sport se voltydse personeel in 2018 uitgemaak. Net meer as 50% van die afrieters het die BSIA-groep verteenwoordig.

Dit is vir die Universiteit belangrik om sy fasiliteite, hulpbronne en vaardighede, veral op sportgebied, met die plaaslike gemeenskappe en skole te deel. Maties Sport het in April en Junie/Julie 2018 vakansieprogramme aangebied, afrieting vir kinders aangebied en die betrokkenheid van kinders by erewagte en die sing van die volkslied gedurende Varsity Cup- en Varsity Sport-geleenthede gefasiliteer. Meer as 2 300 plaaslike leerders het in 2018 aan hierdie aktiwiteite deelgeneem.

KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM EN SAKEGELEENTHEDE

Kommersiële bedrywighede word van toenemende belang vir die Universiteit om broodnodige vyfdestroominkomste te genereer. Innovus is die entiteit wat verantwoordelik is vir kommersialisering en tegnologie-oordrag, en is die Universiteit se aandeelhouervertreter by die 20 afwentelmaatskappye in die US-groep.

Soveel as vyf nuwe afwentelmaatskappye is in 2018 gestig om die Universiteit se sosiale impak deur die mark uit te brei. Die waarde van die instansie se aandeel in die afwentelmaatskappye, wat 267 werknemers in 2018 gehad het, het met ongeveer R10 miljoen toegeneem.

Innovus het 50% meer openbaarmakings van uitvindings in 2018 ontvang as in 2017 en het 13 nuwe tegnologiese ooreenkomste gefasiliteer, vergeleke met nege in die voorafgaande jaar. Die Universiteit het ook die eerste plaaslike universiteit geword om intellektuele eiendom suksesvol toe te sê aan een van sy afwentelmaatskappye, naamlik aan Custos Media Technologies (Edms) Bpk. Custos bied 'n manier wat wêreldwyd effektief is om

mediarowery te bekamp deur lekkasies op 'n gedentraliseerde manier tot by die bron daarvan na te spoor deur kriptogeldenhede en digitale watermerke te gebruik.

Innovus het in 2018 twee belangrike toekennings ontvang. University Based Incubators (UBI) het die Universiteit Stellenbosch se LaunchLab-sake-inkubator tydens sy jaarlikse vergadering in Kanada in Februarie 2018 as die Wêreldwye Topuitdager uit Afrika aangewys. Nog erkenning het gevolg toe Nolene Singh, Innovus se tegnologie-oordragbestuurder, vereer is met die Toekenning vir Vroeëloopbaanuitnemendheid in Innovasiebestuur van die Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT) en die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Navorsings- en Innovasiebestuur (SARIMA).

Vroeg in 2017 het Innovus vinnig opgetree toe dit aan die lig gekom het dat sommige studente US-kursusmateriaal onder die Universiteit se naam en handelsmerk op eksterne oop elektroniese platforms gelaai en dit só vir finansiële gewin versprei het. Afgesien daarvan dat daar aan die betrokke platforms kennis gegee is dat hulle dié materiaal moet verwyder, het Innovus 'n ooreenkoms met Custos aangegaan om sy digitale watermerk-tegnologie en gebruik van blokketting-tegnologie van die begin van 2019 af in te span om alle amptelike US-kursusinhoud te beskerm.

NASTREWING VAN OMGEWINGSVOLHOUBAARHEID

Die beginsel van omgewingsvolhoubaarheid word toenemend vasgelê in die Universiteit se werksaamhede – veral fasiliteitsbestuur en eiendomsdienste. Prioriteite vir 2018 was om goeie water-, energie- en afvalbestuur verder te veranker en om voort te gaan met die integrasie van groen boupaktyke in die voortgesette Kampusvernuwingsprojek.

Die Universiteit se eiendomsdiens het 'n aansienlike hoeveelheid hulpbronne en tyd bestee aan die ontwikkeling en verbetering van waterbestuur en -moniteringstelsels om die risiko van droogte te temper en waterhulpbronne te optimaliseer. Danksy die veranderings wat aan die stelsels aangebring is, kon die Universiteit 51% minder drinkbare water in 2018 gebruik as in 2015.

In 2018 het die US 15 744 ton afval produseer, waarvan slegs 51% nie in stortingssterreine beland het nie, vergeleke met 55% in die vorige jaar en 70% in 2016. Afvalbestuur is egter op pad om te verbeter, danksy stappe wat deur die jaar gedoen is. Na afloop van 'n projek om te bepaal of dit haalbaar is om die funksie uit te kontrakteer, is die kontrak vir kampusafvalbestuur aan 'n afvalbestuurmaatskappy toegeken en 'n nuwe afvalsorteringsfasiliteit is elders vir die Stellenboschkampus gevestig. Herwinbare afval word vir omvorming ingesamel, terwyl voedselafval na die Agriprotein-vliegplaas geneem word en groen afval na die komposarea. Ongeveer 145 ton groen afval is gebruik om kompos te maak, wat gelei het tot 'n besparing van bykans R50 000 vir kompos en R450 000 vir deklaag wat andersins aangekoop sou moes word.

Die menslike element is 'n sleutelkomponent van effektiewe afval-, water- en energiebestuur. Skoonmakers en kombuispersoneel van al die koshuise het gedurende die jaar tweedagopleidingsessies bygewoon oor hoe om afval in hulle omgewings te bestuur. Vir studente het die Universiteit die Green Living Awards ingestel wat daarop gemik is om studente meer bewus te maak van hulle impak op die omgewing en van hoe hulle volhoubaarheid in hulle invloedssfeer kan verbeter. Die Green Living Awards is in September 2018 gehou.

Die grootskaalse vernouing van die Universiteit se geboue, fasiliteite en dienste deur die Kampusvernuwingsprojek skep talle geleenthede om intelligente fasiliteitsbestuur te implementeer en die gebruik en doeltreffende bedryf van hierdie fasiliteite te verbeter. Dit het positiewe implikasies vir energie- en waterbesparing, sowel as vir beter afvalbestuur.

KAMPUSVERNUWINGSPROJEKINISIATIEWE

Inisiatief	Waarde	Status
TYGERBERGKAMPUS-VERNUWINGSPROJEK		
Tygerbergbiblioteek-opknappingsprojek	R35 900 000	In Februarie 2018 voltooi.
Tygerberg Biomediese Navorsingsinstituut	R1 023 342	Konstruksie vorder goed en verloop volgens skedule.
BELLVILLE PARK KAMPUSVERNUWINGSPROJEK		
Tenderpakket 1: Brand- en huishoudelike watersirkelhoofleiding en parking	R12 521 865	Voltooi, insluitende bykomende werk.
Tenderpakket 2: Opgradering van biblioteek, nuwe lesingsaal, nuwe kafeteria, kuberkafee, opgradering van lesingsale in Hoof- en Van der Horst-geboue en brandnakoming	R93 384 385	Kontrakteur se werk, insluitende bykomende werk, verloop volgens skedule. Teikendatum vir voltooiing is teen Maart 2020.
Nuwe sentrale verwarmings-, ventilasie- en lugversorgingaanleg	R12 650 392	Voltooi met finale inwerkingstelling tans aan die gang.
Brandwaarskuwingstelsel, Hoofgebou	R2 200 000	Onder konstruksie. Moet teen September 2019 voltooi wees.
Elektriese breë plan fase I	R2 941 000	Voltooi.
Bellvista Lodge: Opgradering van badkamer, vooraansig en brandnakoming	R7 712 220	Onder konstruksie. Moet teen September 2019 voltooi wees.
Opgradering van Van der Horst-vooraansig	R1 715 710	Onder konstruksie. Moet teen Julie 2019 voltooi wees.
Filtreringaanleg (droogterespons)	R6 000 000	Voltooi.
STELLENBOSCHKAMPUS-VERNUWINGSPROJEK		
Jan Mouton-leersentrum	R255 699 294	Het 2017 'n aanvang geneem en moet teen Januarie 2020 voltooi wees.
Drama-vernuwingsprojek: Adam Small-teaterkompleks	R96 000 000	Voltooi.
Lettere en Sosiale Wetenskap dekanteringsfasiliteit en diensteverdigtingsprojek	R74 000 000	Hersiening van bestekhaalbaarheid tans aan die gang.
Chemie eerstejaarslesingsaal-hernuwingsprojek	R28 600 000	Voltooi.
Admin-hoofkantoor	R32 700 000	Opknapping van MHB-, Alumni- en Sun Media-kantore is gedurende 2018 voltooi.
Ingenieurskampushernuwingsprojek: Nuwe gebou vir Bedryfsingenieurswese, nuwe sypaadjelaboratorium vir Siviele Ingenieurswese, M&M dekantering, opknappings en opgradering aan Meganiese en Megatronika-gebou, opknappings aan Elektriese en Elektroniese masjienlaboratorium en vierkantgebied, opgradering van massarioolstelsel, opgradering van Joubert-parkeerterrein	R729 977 740	Die fases van die gelyste projekte sal teen Februarie 2020 voltooi wees.
Sportgeriewe: Atletiekstadion – kantore en ablusiegeriewe, Lentelus: nuwe kleedkamers en klubhuis, Lentelus-velde, herbouing van Coetzenburg-atletiekbaan, nuwe water-gebaseerde hokkieveld	R86 089 403	Voltooi.
Opvoeding IT en kampusvernuwing-breë plan vir GG Cillie-gebou: Die breë plan sluit die volgende opknappings in: laboratorium, biblioteek, eenheid vir prakties, tradisionele lesingsale, interaktiewe klaskamers, glaskas-klaskamers, inligting- en kommunikasietegnologie, kantoorruimte, binnehof en interaktiewe ruimte, toilette	R22 995 500	Fase I is op 26 Februarie 2019 voltooi.

TOEPASSING VAN GEÏNTEGREERDE BEPLANNING, BEGROTING EN VERSLAGDOENING

Die onderbou van goeie oorsigbestuur is die gehalte en deursigtigheid van verslagdoening. Die Universiteit het in 2018 die onderskeiding behaal dat sy *Geïntegreerde Jaarverslag 2017* die eerste prys gewen het in die “openbare sektor”-kategorie van die toekennings wat deur die JEB/Geoktrooieerde Sekretarisie Suider-Afrika (CSSA) en *Business Day* gemaak is. Hierdie toekenning weerspieël die hoë gehalte van die Universiteit se *Geïntegreerde Jaarverslag* en die bestuurspraktyke waaroor dit verslag doen.

Die Universiteit gebruik 'n geïntegreerde begrotingsmodel wat al vyf sy inkomstestrome omvat en 'n sesjaarbepenningshorison het. Die model is in 2018 verder verfyn toe 'n begrotingstaakspan sekere elemente hersien en aanbevelings gedoen het, waarvan sommige in 2019 geïmplementeer gaan word. Beurskoste word byvoorbeeld van die hoofbegroting (wat bestaan uit subsidies en studentegeld) na skenkings, 'n vierdegeldstroomkategorie, geskuif.

Geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening word ook deur tegnologiese vernuwing verbeter. Teen die einde van 2018 is daar besluit om die bestaande interne finansiële stelsel te vervang met Oracle Cloud Financials, en só die risiko wat gepaard gaan met verouderde sagteware en silofunksionering te ondervang. Die

nuwe stelsel, wat in fases oor drie jaar geïmplementeer sal word, is bekend as SUNfin en sal geïntegreer word met die begrotingstelsel, IDU, sowel as die nuwe navorsingskontrakstelsel. SUNfin beskik oor kritieke nuwe funksionaliteite soos tenderbestuur.

VOORUITSKOUING

Hierdie is 'n onseker tyd vir hoër onderwys in Suid-Afrika, veral wat befondsing betref. Terwyl die regering nog worstel met die befondsingsformule en verwante uitdaginge, en daar nog geen beslissende besluite oor befondsingsbeleid oor die langer termyn geneem is nie, moet universiteite bakstaan om hierdie vloeibaarheid by hulle eie beplanning in te werk. Uit die Universiteit Stellenbosch se oogpunt is die beste plan van aksie om aan te hou om die doeltreffendheid en koste-effektiwiteit van ons sakeprosesse te verbeter terwyl ons risikobestuur (sien bladsy 70) en oorsigbestuur (sien bladsy 16 en 24) verder versterk en vyfdestroominkomste bevorder deur IE-bates te optimaliseer. Dit sal noodsaaklik wees om aan te hou belê in fasiliteite en infrastruktuur wat momentum verleen aan die Universiteit se reputasie vir akademiese en sportuitnemendheid, terwyl die waarde van ons finansiële kapitaal sodoende beskerm word. Fyn voetwerk gaan nodig wees namate ons dieper in die 21ste eeu inbeweeg, maar met dissipline en 'n goeie sin vir balans behoort die Universiteit sy voorsprong in die hoëronderwysmark te behou en selfs te vergroot.

VERSLAG *van die* — VISEREKTOR — (*Leer en Onderrig*)



Prof Arnold Schoonwinkel
Vice-Rector (Learning and Teaching)

Hoe, waar, wanneer, waarom en wat studente by hoëronderrigsinstitusies leer, is besig om ingrypend te verander. Ons fokus daarop om die Universiteit Stellenbosch (US) se studente en personeel te bemagtig om te baat by die veranderings – en die gepaardgaande uitdagings te oorkom – terwyl ons verseker dat die Universiteit steeds leer- en onderriguitnemendheid versinnebeeld.

Ons strewer daarna om die US die voorkeursinstansie vir Suid-Afrikaners te maak en om gegradeerdes van wêreldgehalte te produseer wat 'n positiewe verskil in Afrika en elders maak. Die klem val op die moderne student se onderrigbehoefte; op pedagogieë wat leergesentreerd is en wat intellektuele weetgierigheid en samewerkende probleemoplossing aanmoedig. Ons volg 'n volhoubare benadering wat lewenslange leer by studente sowel as personeel bevorder om die momentum van uitnemendheid by die Universiteit te handhaaf.

Die strategiese leer- en onderrigdoelwitte is direk afgelei van die Universiteit se prioriteite en doelwitte, soos uiteengesit in die Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 (kyk bladsy 10 en 11). Die bespreking hier onder van ons leer- en onderrigdoelwitte en verwante bedrywighede in 2018 – die laaste jaar in ons strategiese siklus – dek agt strategiese fokusareas wat van die institusionele prioriteite afgelei is.

BEHOUD VAN UITNEMENDHEID IN LEER EN ONDERRIG

Uitnemendheid in leer en onderrig behels veral die gehalte en effektiewe aanbieding van akademiese programme wat studente as waardevol ervaar vir hulle ontwikkeling en professionele ambisies. Die Raad het in September 2018 die US se nuwe Onderrig- en Leerbeleid goedgekeur. Hierdie beleid streef daarna om akademiese te professionaliseer vir hulle onderrigrol, om die vakkundigheid van leergesentreerde onderrig te bevorder, geskikte leertegnologieë in te voer, en programme voortdurend te vernu.

Ons het 'n nuwe kortkursus oor die Akademieskap van Opvoedkundige Leierskap (SoEL) ontwikkel om ons akademiese se onderrigbenaderings te professionaliseer. Senior akademiese uit nege fakulteite en verskeie lede van die professionele steundienspersoneel het ingeskryf vir die SoEL-kursus, wat navorsingsuitsette ook dek.

Die Gemengde-onderrig- en -leerkursus is hersien en in 'n gemengde modus aan twee groepe aangebied. Die voorneme is om diepliggende teoretiese en praktiese vaardighede in die aanwending van tegnologie in pedagogiek te skep. Dit is noodsaaklik om hierdie vaardighede op te skerp, gegewe dat die Gemengdeleer-leweringmodus in die Universiteit se risikoregister as 'n risiko geïdentifiseer is, soos in die tabel op bladsy 72 aangetoon, maar ook as 'n bemagtiger om nuwe studentemarkte te bereik.

Elf dosente het die US se Toekenning vir Uitnemendheid in Onderrig in November ontvang. Een van die ontvangers van die vorige jaar se toekennings, prof Susan van Schalkwyk, het daarna ook 'n 2018 Nasionale Onderrigtoekenning ontvang.

Nog 'n mylpaal vir leergesentreerde onderrig was die 11de Konferensie oor die Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL) in Oktober. Dit is bygewoon deur ongeveer 220 afgevaardigdes van al tien fakulteite en het bestaan uit 85 aanbiedings oor onderwerpe soos innoverende onderrig, eienskappe van gegradeerdes, kurrikulumontwerp, assessering en terugvoer, en die gebruik van tegnologie.

FASILITERING VAN STUDENTETOEGANG MET SUKSES

Studentesukses is 'n kombinasie van studente se akademiese prestasie en hulle ko-kurrikulêre prestasies (prestasies buite die klaskamer). Bykomend tot finansiële steun en toelatingsoorwegings, beteken die bevordering van sukses dat studente die geleentheid gegee moet word om hulle vaardighede – en veral hulle leierskapvaardighede – te ontwikkel, terwyl struikelblokke soos dié wat studente met gestremdhede ervaar, uit die weg geruim word.

Module-sukse-koers van US-studente (%)	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2019*	2020*	2021*
	85,9	85,1	86,7	86,0	87,1	86,4	85,1	85,0	85,0

* Teikens

Die US streef daarna om 'n universiteit te wees wat universeel toeganklik is vir personeel, besoekers en studente met gestremdhede. Die Raad het die Beleid oor Gestremdheidstoegang op 26 Maart 2018 aanvaar, en dit het op 1 April in werking getree. Die Afdeling Studentesake het ook die universele ontwerpraamwerk vir leef en leer met gestremdhede gefinaliseer.

Die studenteleierskonferensie, SU Leads, wat gewoonlik slegs posisionele leiers insluit, is in 2018 na alle studente uitgebrei. Meer as 1 400 US-studente het die program, met 'n nuwe, prosesgedrewe benadering tot leierskapontwikkeling, bygewoon.

Studente en personeel het nou 'n hele reeks nuwe kanale en prosesse tot hulle beskikking om ervarings van onregverdige diskriminasie,

teistering, seksuele teistering en viktimisering aan te meld. Die Gelykheidseenheid (EqU) bied alternatiewe dispuutoplossing deur bemiddeling aan, asook werktuie om ernstige insidente te monitor en 'n program om LGBTI-studente te ondersteun. Ons het ook dienste gevestig om gender-gebaseerde geweld te bestry.

BESTUUR VAN DIE GROOTTE EN VORM VAN ONS STUDENTEKORPS

Die grootte van die Universiteit se studentekorps is die hoofbepaler van die US se inkomste, die mate van studentesteun deur fakulteite en steunafdelings, en die behoefte aan fisiese infrastruktuur. Die Universiteit se vorm verwys onder meer na die verhouding van voorgaande studente tot nagraadse studente, die demografiese samestelling van die studentekorps en die verspreiding van studente oor breë dissiplinegroepe heen. In 2018 het die inkomste uit leer en onderrig 76,8% van die Universiteit se hoofbegroting beloop, wat onderstreep hoe belangrik dit is om die momentum van uitnemendheid in hierdie kritieke gedeelte van ons kernbesigheid te handhaaf.

Besluite oor toelating tot die US word in ooreenstemming met die beginsels van akademiese uitnemendheid deur diversiteit en inklusiwiteit geneem. In 2018 het ons die hersiene Toelatingsbeleid toegepas wat in die vorige jaar goedgekeur is. Afgesien van akademiese prestasies en ras, sluit die uitgebreide toelatingskriteria ook studente se sosio-ekonomiese status in.

Die veelseggendste verandering in die studentedemografie was dié in die nuweling- voorgaande studente, waar bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërstudente (BSIA-studente) toegeneem het van 32,4% in 2013 tot 38,1% in 2018. Op voorgaande vlak was 37,9% van die studente BSIA-studente, vergeleke met 50,4% op nagraadse vlak.

SAMESTELLING VAN STUDENTEKORPS VOLGENS FAKULTEIT EN STUDIEVLAK, JUNIE 2018


Fakulteit	Voorgraads	Nagraads	Geleentheid-studente	Total	% share
AgriWetenskappe	1 575	566	49	2 190	6,9
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	5 244	3 422	261	8 927	28,1
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	2 533	1 739	316	4 588	14,4
Ingenieurswese	3 081	929	85	4 095	12,9
Krygskunde	462	90	2	554	1,7
Lettere en Sosiale Wetenskappe	3 287	1 438	261	4 986	15,7
Natuurwetenskappe	2 230	817	92	3 139	9,9
Opvoedkunde	1 069	775	10	1 854	5,8
Regsgeleerdheid	447	438	6	891	2,8
Teologie	240	292	9	541	1,7
Totaal	20 168	10 506	1 091	31 765	100
%-verdeling	63,5%	33,1%	3,4%	100%	

Studentetalle kan ook in breë dissiplinegroepe gekategoriseer word:

- Natuurwetenskappe (Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe): inskrywingsaandeel 44,1%.
- Bestuurswetenskappe (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Krygskunde): inskrywingsaandeel 29,8%.
- Geesteswetenskappe (Lettere en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie): inskrywingsaandeel 26%.

Die US lok hoëkaliberkandidate. Die persentasie nuwelingeerstejaars (NE's) wat die vorige jaar met 'n aansoekpunt van 80% of hoër gematrikuleer het, het van 2014 tot 2019 met 7% gestyg, met 'n nog skerper toename van 2016 tot 2018. Ongeveer 38% van die voorlopig goedgekeurde studente vir 2019 het 'n aansoekpunt van 80% of meer gehad.

VERSPREIDING VAN TOELATINGS VOLGENS AANSOEPUNT, 2014–2019



PATROON OOR DIE AFGELOPE VYF JAAR

Die persentasie nuwelingeerstejaars (NE's) wat die vorige jaar met 'n aansoekpunt van 80% of hoër gematrikuleer het, het jaarliks gestyg met 'n skerp styging vanaf 2015 tot 'n hoogtepunt van 46% in 2017, waarna dit weer gedaal het tot 38%, wat steeds 7% hoër as in 2014 is.

Hierteenoor het die persentasie NE's in die laer graad 12-kategorieë tot in 2017 gedaal, waarna die persentasie weer effens gestyg het.

Die grootte van die Universiteit in 2030 is in vooruitskouing beraam volgens 'n realistiese toename in studentetalle op die huidige kampusse, ondersteun deur 'n geskikte fisieseruumte-ontwikkelingsplan. Die vorm weerspieël 'n verlangde studentesamestelling en 'n verskeidenheid onderrig- en navorsingsprogramme wat voorsien in Suid-Afrika se verwagte behoeftes.

BEVORDERING VAN PROGRAMVERNUWING

Ons hersien ons programaanbod gereeld vir gehalte en koste-effektiwiteit omdat die arbeidsmark se behoeftes vinnig verander. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het in 2018 programvernuwingsaksies by die Universiteit ondersteun deur Universiteitskapasiteitsontwikkelingstoekennings (UKOT) in te stel. Ons kon die vernuwing van akademiese programme vestig as 'n holistiese institusionele projek wat gekenmerk word deur samewerking tussen programkoördineerders in fakulteite en professionele en administratiewe steundienspersoneel.

'n Gefokusde aksie is geïnisieer om leertegnologieë sinvol te integreer met hersiene kurrikula. Die Universiteit se Leer- en Onderrigkomitee het in Oktober riglyne aanvaar wat die rolle van voorsitters van fakulteitsprogramkomitees en programleiers in die aandryf van programvernuwing duidelik maak. Raadgewers en gemengdeleerkoördineerders (GLK's) van ons Sentrum vir Leertegnologieë voorsien fakulteite van deskundige leiding en ondersteuning, en 'n toenemende aantal modules en programme is vernuwe deur die integrasie van IKT met 'n gemengdeleerbenadering.

UITBREIDING VAN MEERTALIGE PROGRAMAANBOD

Die US is 'n meertalige Suid-Afrikaanse universiteit van wêreldgehalte. Ons standpunt is dat taal 'n werktuig vir sukses en insluiting moet wees, veral in diverse opvoedkundige situasies. Ons volg meertalige voorgaande onderrig per module noukeurig, asook alle modules wat in 'n spesifieke taalmodus aangebied word.

VOORGAADSE ONDERRIGAANBOD VOLGENS TAALMODUS

STRATEGIESE-BESTUURSAANWYSER	2014	2015	2016	2017	2018
Afrikaans en Engels aan PARALLELE klasgroepe (parallelmedium)	16,6%	15,4%	17,5%	20,9%	21,6%
BEIDE Afrikaans en Engels in DIESELFDE klasgroep (dubbelmedium)	62,9%	69,5%	69,5%	64,6%	61,4%
ENKELTAAL Afrikaans of Engels aan die hele klasgroep (enkelmedium)	20,4%	15,1%	13,0%	14,5%	17,0%

Taalimplementering in die klaskamer en daarbuite word befonds uit bykomende institusionele bronne, terwyl die Taalsentrum vertaal-, redigeer- en tolkdienste in meer as 15 tale aan 'n verskeidenheid kliënte op en buite die kampus lewer.

Ter wille van Dowe BE-d-studente in die Fakulteit Opvoedkunde het ons voortgegaan met die bied van 'n tolkdienste in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT), nadat ons in die vorige jaar 'n proefloop gedoen het. Onderworpe aan die beskikbaarheid van voldoende befondsing, is die langtermyn doelwit om dié diens te gebruik om die BE-d-program vir meer Dowe studente toeganklik te maak.

Nog 'n prioriteit is om studente se toegang tot akademiese terminologie in verskeie tale te verbeter deur inisiatiewe soos die Mobilex-projek. Ons is besig om deur Mobilex 'n toepassing te ontwikkel om te help met die konsolidasie en vertaling van akademiese terminologie in Engels, Afrikaans en isiXhosa.

Die integrasie van die aanleer van Gespreksafrikaans en -isiXhosa in kernkursusse in die kliniese konteks by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is 'n gawe suksesverhaal. Dit rus studente toe om in kliënte of pasiënte se moedertaal met hulle te kommunikeer.

INKORPORERING VAN INLIGTINGS- EN KOMMUNIKASIE-TEGNOLOGIE IN LEER EN ONDERRIG

Die verstandige benutting van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) speel 'n al hoe groter rol in die leerervaring van die Universiteit se huidige residensiële studente, wat meer toegang tot kennis verwag. IKT stel die Universiteit ook in staat om nuwe studentemarkte te betree; studente wat 'n inkomste moet verdien terwyl hulle studeer, en persone wat hulle professionele ontwikkeling wil voortsit.

Die SUNLearn-toepassing vir selfone skep 'n stabiele en nuttige leerervaring vir studente en dosente. Met selfoontoegang tot hul SUNLearn-kursusse kan hulle nou leer wanneer en waar hulle wil – kursusinhoud kan selfs só afgelaai word vir niegekoppelde gebruik.

BENUTTING VAN NUWE KENNISMARKE

Die vordering wat gemaak is met die ontwikkeling en lewering van ten volle aanlyn en gemengdeleeraanbiede sal baie waardevol wees wanneer nuwe markte betree word wat buigsamheid en eie-tempo-leergeleenthede vereis.

Die pedagogies verantwoordbare gebruik van tegnologie hou potensieel betekenisvolle voordele in, met inbegrip van 'n groter reikwydte, meer effektiewe gebruik van dosente se tyd, en potensieel besparings danksy minder fisiese infrastruktuurbehoefte. 'n Taakspan van die Rektorat het in 2018 'n raamwerk voorgestel vir die US se hibriedseleeraanbod, waarvolgens studente deur 'n kombinasie van persoonlike en aanlyn interaksie leer. Daar is werksessies oor hierdie

metodologie gehou met fakulteite en professionele steunafdelings om moontlike uitdagings en oplossings te identifiseer, asook die mees geskikte programaanbod en teikenmarkte, en die institusionele bystand wat nodig is. Vervolgens sal ons 'n gevallestudie ontwikkel vir verdere konsultasie. Vier fakulteite bied reeds 'n totaal van 14 programme in hibridiese leerformaat aan.

FINANSIËLE ONDERSTEUNING AAN STUDENTE

Finansiële hulp aan studente is 'n ingewikkelde saak wat beduidende uitdagings vir die Universiteit se volhoubaarheid oor die lang termyn inhou, gegewe die omvang van die hulp wat nodig is en die impak van die regering se beleidsbesluite op hoërsonderwysbefondsing.

'n Reuse-uitdaging in 2018 was die hantering van die impak van die President se aankondiging op 16 Desember 2017 van die invoering van ten volle gesubsidieerde gratis hoërsonderwys vir behoeftige en werkersklasuniversiteitstudente deur die Nasionale Finansiële Hulpkema vir Studente (NSFAS). Dit het gepaard gegaan met die invoering van die Ikusasa Finansiële Hulpprogram vir Studente (ISFAP) vir studente in die “verlore middelgroep”.

NSFAS se 2017-siklus is nie behoorlik gefinaliseer nie, en talle geskikte en befondsde 2017-studente het hulle geld eers in 2018 ontvang. As 'n gedeeltelike oplossing het die Universiteit ad hoc-personeel aangestel om studente te help met algemene NSFAS-navrae en die NSFAS-aansoekproses, sowel as 'n senior finansiële en data-ontleder om saam met NSFAS te werk om data van 'n hoë gehalte te verseker en befondingsbesluite en -uitbetalings te bespoedig.

Wat gelukkig wel glad verloop het, was die nuut ingestelde ISFAP-beursproses. Die Universiteit het ISFAP-toelae vir volle beurse vir 131 geskikte eerstejaarstudente ontvang: 36 het ingeskryf vir MBChB, 36 vir Baccalaureus in Rekeningkunde- en 59 vir Baccalaureus in Ingenieurswese-programme. Studentesukseskoerse was besonder hoog, en het gewissel van 80% in ingenieurswese tot 90% in rekeningkunde en 99% in MBChB.

Die US se hersiening van sy beurse- en leningsmodel in 2018 is deur die Senaat goedgekeur. Volgens hierdie model sal die Universiteit die beginsel van die befondsing van die totale koste in die toekoms op minder studente toepas, en hy sal finansiële bystand aan behoeftige studente beperk tot die minimum duur van studie plus een jaar, of in uitsonderlike omstandighede twee jaar. Befondsing van studente in die verlore middel sal ekstern gewerf word en alhoewel die US sal voortgaan met die voorsiening van akademiesemerietetoekenning en werwingsbeurse, sal kandidate selfs beter moet presteer om daarvoor te kwalifiseer.

HOOF- BEFONDSINGSBRONNE VIR VOORGRAADSE BEURSE EN LENINGS IN 2018

US-hoofbe-groting	Erflatings en skenkings	Eksterne fondse	Totaal
R113,76 m	R6,70 m	R379,91 m	R500,38 m
23%	1%	76%	100%

Die meeste van die US se bruin en swart Afrikaan-studente se studiegeld word deur beurse van die een of ander aard befonds.

VOORGRAADSE BEURSE EN LENINGS IN 2018 TOEGEKEN AAN BSIA-STUDENTE

Ras	Inskrywings	Getal beurs-studente	%-aandeel van beurs-studente	Bedrag
Wit	12 758	3 536	28%	R132,6 m
BSIA	7 640	5 200	68%	R367,8 m
Totaal	20 168	8 736	43% van totaal	R500,38 m

Ongeveer 80% van swart Afrikaan- en 89% van bruin eerstejaarstudente in koshuise het beurse ontvang. Eerstejaarmerietebeurse is aan byna 60% van wit eerstejaars in koshuise toegeken op grond van hulle gemiddelde graad 12-punte.

VOORUITSKOUING

Leer en onderrig aan die US is kerngesond, en die Universiteit se reputasie as 'n instansie waar studente afgeronde, hoëgehalte en relevante onderrig en opleiding met 'n groot moontlikheid van sukses ontvang, is steeds stewig gevestig. Ons is toegerus om die toenemende aantal sosio-ekonomiesbenadeelde studente te ondersteun en om te kapitaliseer op nuwe bemarkingsgeleenthede.

Hierdie positiewe vooruitsig weerspieël die Universiteit se vertroue in ons drie belangrikste leer- en onderrigstrategieë. Hulle is die strategie vir IKT in onderrig en leer, wat kapitaliseer op tegnologiese vooruitgang; volgehoue vernuwing van akademiese programme, wat verseker dat ons aanbod tersaaklik en op datum bly; en ons planne vir hibridiese leer om nuwe markte te ontgin. Ons gaan voort met die aksieplanne wat nodig is om hierdie strategieë vir 'n toenemend uiteenlopende studentekorps te implementeer.

ONS STUDENTEPROFIEL IN GETALLE

KWALIFIKASIES TOEGEKEN VOLGENS TIPE, April 2019

Tipe kwalifikasie	Aantal toegeken	%
Voorgraadse diplomas en sertifikate	34	0,4
Algemene eerste baccalaureusgrade	2 561	28,4
Professionele eerste baccalaureusgrade	1 685	18,7
Nagraadse diplomas en sertifikate	1 335	14,8
Nagraadse baccalaureusgrade	77	0,9
Honneursgrade	1 487	16,5
Meestersgrade	1 517	16,9
Doktorsgrade	308	3,4
Totaal	9 004	100

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS GESLAG, Junie 2018

Geslag	Studentetal	%
Vroulik	17 383	54,7
Manlik	14 379	45,3
Totaal	31 765	100

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS RAS, Junie 2018

Ras	Studentetal	%
Bruin	5 757	18,1
Swart Afrikaan	6 375	20,1
Indiër	996	3,1
Asiër	54	0,2
Wit	18 447	58,1
Weerhou	136	0,4
Totaal	31 765	100


SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS HUISTAAL, June 2018

Huistaal	Studentetal	%
Afrikaans	11 740	37,0
Engels	15 176	47,8
Afrikaans/Engels	260	0,8
isiXhosa	1 236	3,9
Ander amptelike SA tale	2 039	6,4
Ander tale	1 310	4,1
Totaal	31 765	100

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS NASIONALITEIT, Junie 2018

Nasionaliteit	Studentetal	%
Suid-Afrika	28 242	88,5
Suider-Afrikaanse Ontwikkelings-gemeenskap (uit-gesonder Suid-Afrika)	1 878	6,0
Ander Afrika-lande	516	1,8
Res van die wêreld	1 129	3,7
Totaal	31 765	100

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS NASIONALE PROVINSIE, Junie 2018



VERSLAG *van die* — VISEREKTOR — *(Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)*



Prof Eugene Cloete
Viserektor
(Navorsing, Innovasie
en Nagraadse Studies)

Die Universiteit Stellenbosch (US) wil 'n toonaangewende navorsingsintensiewe universiteit op die vasteland van Afrika wees. Die instelling wil dit vermag deur uitnemendheid na te streef, aan die voorpunt van sy gekose fokusgebiede te bly, erkenning vir sy navorsingsuitsette te kry, en ondernemend, innoverend en selfvernuwend te wees. Hiervoor is 'n gesonde balans nodig tussen kontinuïteit aan die een kant, en transformasie en vernuwing van die Universiteit se akademiese navorserskohort aan die ander kant. Terselfdertyd wil die US sosiaal relevant wees. In ons navorsingswerk streef ons immers nie net na akademiese sukses nie, maar ook na 'n sinvolle impak op die wêreld om ons.

Hierdie oogmerke is vasgelê in die Universiteit se Institusionele Voorname en Strategie 2013–2018 (IVS). In die loop van die sesjaar- strategiese siklus het die verantwoordelikhedsentrum Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies die Universiteit se status as 'n navorsingsleier verder gevestig deur die bedrywigheide van sy verskillende afdelings, soos ons nastrewing van die strategiese doelwitte sal aantoon. Ook het ons vir die volgende strategiese siklus voorberei deur ons strategieë vir die nuwe Strategiese Raamwerk 2019–2024 van nuuts af te fokus en te verbeter.

AANSTELLING VAN JONG AKADEMIESE STERRE

Ons verantwoordelikhedsentrum plaas sterk klem op navorsings-uitnemendheid. Om op die lang duur vol te hou met ons prestasies, het ons ons doelbewus daarop toegespits om 'n nuwe geslag akademici te ontwikkel deur talentvolle jong mense met die potensiaal om akademies uit te blink, op te spoor en te fokus op hulle bevorderings- en vorderingspotensiaal. Op hierdie manier het ons die Universiteit se navorsingskapasiteit vergroot, sy navorserskohort jonger gemaak, en institusionele transformasie versnel. 'n Aantal inisiatiewe het hierdie strategiese doelwit ondersteun.

Een van hierdie inisiatiewe is 'n gestruktureerde ondersteuningsprogram vir vroeëloopbaanavorsers, wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se Universiteitskapasiteitsontwikkelingstoekennings (UKOT) gerugsteun word. Dit sluit in 'n vroeëloopbaanmoniteringsprogram, wat in 2018 bykans 90 vroeëloopbaan- akademiese personeellede met ervare mentors in aanraking gebring het. Verder is hulle ondersteun deur loopbaanversnellingstoekennings en toegang tot kapasiteitsontwikkelingsgeleenthede by die Universiteit en elders.

In 2018 het 'n ander inisiatief, die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se vroeëloopbaanbefondsingsinstrument, Thuthuka, 24 nuwelingnavorsers voorsien van navorsingstoekennings – ses was nuwe toekennings ter waarde van ongeveer R920 000 en 18 was voortgesette toekennings ten bedrae van R2,1 miljoen. Boonop kon die Universiteit 17 magister- en doktorsale kandidate en nadoktorsale navorsers aanstel in nuwe akademiese poste wat deur die NNS se Nuwe Generasie Akademici-program (nGap) geskep is (sien bladsy 66).

Die Afrika Akademie vir Wetenskappe in vennootskap met die Royal Society het 'n nuwe vroeëloopbaanvennootskapprogram geloods, die Onafhanklike Navorsingsgenootskappe vir Toekomstige Leiers uit Afrika (FLAIR), wat ondersteun word deur die Global Challenges-navorsingsfonds (GCRF). Agt kandidate van die Universiteit Stellenbosch is uit meer as 2 000 aansoekers van oral in Afrika genooi vir onderhoude, en uiteindelik

was dr Debra Rossouw van die Instituut vir Wynbiotegnologie en dr Margreth Tadi van Prosesingenieurswese die ontvangers van twee van die 25 toekennings.

Die Universiteit het daarin geslaag om 15 internskapposte in die uiters kompeterende DST-NNS-Internskapprogram te bekom, wat ons verbintenis tot kapasiteitsbou van vroeëloopbaanavorsers en -navorsingsadministrateurs verder versterk het. Twee nuwelingnavorsers het met sukses aansoek gedoen by die Wellcome Trust-programme – die gesamentlike Toekenning in Geestes- en Sosiale Wetenskappe, en die Wellcome Seed-toekenning. Verder het die Universiteit 13 Selfgeïnisieerde navorsingstoekennings van die Mediese Navorsingstigting (MNS) ontvang, wat as die tweede hoogste toekenning in Suid-Afrika beskou word op grond van die befondsingsbedrag, waarvan die grootste gedeelte na vroeëloopbaanavorsers gaan.

BEVORDERING VAN NAVORSINGSUITSETTE

Nadoktorale genote lewer 'n beduidende bydrae tot die instelling se navorsingsuitset. In 2018 het die Universiteit 305 nadoktorale genote gehuisves, teenoor 171 in 2013. Die US se Consolidoc-program wat in 2013 gevestig is, bied nuwe PhD-gegradeerdes die geleentheid om 'n verdere ses maande by die Universiteit deur te bring om die navorsing uit hulle tesisse te publiseer. Die 24 Consolidoc-genootskappe wat in 2017 toegeken is, het uitgeloopt op 42 artikels wat vir publikasie ingedien is, en het sewe van die ontvangers in staat gestel om nadoktorale genootskappe te bekom. 'n Verdere 13 Consolidoc-genootskappe is in 2018 toegeken.

Die NNS het 14 nuwe nadoktorale genootskappe aan die Universiteit toegeken en 33 is van die vorige jaar af voortgesit. Ook het die US vir die derde agtereenvolgende jaar die meeste genootskappe van die Claude Leon-stigting (CLF) ontvang, naamlik sewe nuwes en 14 wat van die vorige jaar af voortgesit is.

Ons het met trots die eerste nasionale Nadoktorale Navorsingskonferensie ooit in 2018 aangebied, en dit is deur 71 nadoktorale genote van oral in die land bygewoon.

Bystand vir die US se toenemende getal uitmuntende NNS-gegradeerde navorsers

Die Universiteit se groep van 459 NNS-gegradeerde wetenskaplikes (teenoor 316 in 2013), met inbegrip van 12 A-gegradeerde navorsers, is steeds een van ons grootste institusionele bates. Teen die einde

van 2018 het die NNS egter aangekondig dat die finansiële belonings verbonde aan die NNS se graderingsprogram met ongeveer 90% gesny gaan word. Ons kon bystand aan ons gevestigde NNS-gegradeerde navorsers volhou deur 'n stewige eenmalige institusionele belegging uit die Universiteit se gebeurlikheidsfonds en die VR (NI&NS) se begroting. Hierdie belegging het die skielike vermindering in NNS-befondsing gebuffer en 'n ernstige negatiewe uitwerking op navorsingsaktiwiteite afgeweer. Die Universiteit gaan voort om die NNS-graderingstelsel in beginsel te steun – nie slegs as 'n kwalitatiewe, portuurbeoordeelde maatstaf van uitnemendheid nie, maar ook as 'n sleutel tot kompeterende NNS-befondsingsprogramme.

Ondersteuning van navorsing met voorpuntbiblioteekruimtes en -navorsingstoerusting

In reaksie op die vinnig veranderende hoërondewysomgewing verskaf die Universiteit se Biblioteek- en Inligtingsdiens toegang tot relevante bygewerkte inligtingsbronne, instrumente vir inligtingopsporing en hipermoderne biblioteekruimtes. Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se biblioteek op die Tygerbergkampus is as deel van die Kampusvernuwingsprojek opgeknip en het sy deure vroeg in 2018 geopen. Dié biblioteek beskik oor tegnologieryke ruimtes wat pasgemaak is om te voorsien in die behoeftes van mediese navorsers, studente en personeel. Nuwe navorsingsteundienste sal studentesukses en navorsingsuitsette verhoog, wat die Suid-Afrikaanse samelewing en internasionale vennote tot voordeel sal strek.

Die Universiteit was weereens suksesvol met sy aansoeke aan die NNS se Nasionale Toerustingprogram. Drie geslaagde aansoeke het in 2018 'n totale belegging van R27,4 miljoen in die aankoop van 'n reeks hiperspektralebeeldanalistoerusting verseker. Die Sentrale Analitiese Fasiliteite sal die ultramoderne aangekoopte toerusting wat in sy Eenheid vir Vibrasiespektroskopie gehuisves word, bestuur en met behulp van sy multigebruikerbestuursmodel aan alle navorsers toegang daartoe verseker.

Handhawing van navorsingsproduktiwiteit

Ondanks die uitdagings met navorsingsbefondsing is die US steeds die mees produktiewe instelling in die land wat betref geweege navorsingsuitset per kop. Volgens die DHOO se amptelike verslag oor 2017-publikasies (in 2018 beoordeel) was die geweege navorsingsuitset per voltydse US-personeelid 3,26. Die Universiteit se publikasie-uitset per kop was 1,68, een van die hoogste navorsingsuitsette per voltydse akademiese personeelid in die land, en ons strategiesebestuursaanwyser het dwarsdeur die strategiese siklus bestendig verbeter, soos in die tabel verder aan aangetoon. Navorsingsuitset word ook weerspieël in wêrelduniversiteitsranglyste (sien bladsy 62).



US-NAVORSINGSUITSETTE, 2012–2017*

Navorsingsuitsette	2012	2013	2014	2015	2016	2017
Geweegde navorsingsuitset per kop (publikasies, tesis en proefskrifte)	3,08	2,97	3,03	2,92	3,11	3,26
Navorsingspublikasies per kop	1,36	1,47	1,50	1,32	1,58	1,68
Verhouding van geweegde navorsingsuitsette per voltyds ekwivalente onderrig-en- navorsingspersoneellid (US-strategiebestuursaanwyser)	2,41	2,33	2,50	2,53	2,64	3,01

*Die resultate van die 2018-uitsette word in 2019 beoordeel.

Navorsingsleerstoele lewer 'n belangrike bydrae tot navorsingsproduktiwiteit. Die US het nou 45 navorsingsleerstoele – meer as twee keer soveel as ses jaar gelede. Sewe en twintig van hulle maak deel uit van SARCHI (die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoeleinisiatief) en word deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) gefinansier. Twee SARCHI-toekennings is in 2018 vir 'n tweede vyfjaartermyn hernu (kyk foto's links onder).

Drie nuwe DWT-NNS-navorsingsleerstoele is aan die Universiteit toegeken, naamlik in Suikerrietbioraffinering, in Innoverende Rehabilitasie, en in Voedsel, Omgewings, Voeding en Gesondheid.

Twee multidissiplinêre en multi-institusionele navorsingspanne, onderskeidelik onder leiding van US-navorsers proff Karin Jacobs and Sonja Matthee, was die enigstes wat gekies is uit 'n nasionale poel konsepnotas wat gekompeteer het vir die finansiering van 'n groot geïntegreerde projek in die Grondslag-biodiversiteitsinligtingsprogram (FBIP). Die FBIP, wat deur DWT befonds word, word gesamentlik deur die NNS en die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut bestuur. Nog 'n groot geïntegreerde projek onder leiding van US-navorsers prof Michael Cherry was die enigste projek wat van 2016 tot 2018 gefinansier is (sien foto heel regs onder).

Die handhawing van sulke uitnemendheid in navorsingsproduktiwiteit vereis 'n robuuste etiekbeoordelingstelsel wat doeltreffend funksioneer, sowel as ondersteuningstrukture vir die bevordering van navorsingsintegriteit. Etiekbeoordeling by die Universiteit word bestuur deur vyf subkomitees van die Senaat (sien “Ons oorsigbestuursstruktuur” op bladsy 20), waarvan die lede akademiese

personeel en lede van die gemeenskap is wat hulle tyd vrywillig afstaan. In 2018 het hierdie komitees 2 105 nuwe aansoeke onder oë gehad – byna twee keer meer as die 1 210 in 2013. Veeljarige projekte wat in vorige jare goedgekeur is, moet ook gereeld opgevolg word.

Die spesiale eeufeesuitgawe van die jaarlikse institusionele navorsingsverslag, *Research at Stellenbosch University 100*, wat ons navorsing aan 'n groter gehoor bekendstel, het by die jaarlikse MACE-toekennings (toekennings vir bemerking, bevordering en kommunikasie in hoër onderwys) 'n platinumtoekenning gewen vir die gedrukte media-inskrywing wat die hoogste punte behaal het, sowel as die Voorsitter se Toekenning vir Uitnemendheid vir volgehoue redaksionele uitnemendheid.

VESTIGING VAN NAVORSINGSFOKUSGEBIEDE

Die volgende vyf breë navorsingstemas is geformuleer waarvolgens strategiese interdisiplinêre navorsingsinisiatiewe geïnisieer sal word om die Universiteit ooreenkomstig die nuwe Strategiese Raamwerk 2019–2024 verder te neem in sy tweede eeu as 'n navorsingsintensiewe universiteit:

- Die natuurlike omgewing
- Gesondheid en menslike sekuriteit
- Sosiale geregtigheid en ontwikkeling
- Menslike kreatiwiteit en maatskaplike innovasie
- Stelsels en tegnologieë vir die toekoms

EERSTETERMYN-UITKOMSTE VAN HERNUDE SARCHI-TOEKENNINGS



In die eerste termyn van haar leerstoel in Mikobaktomika het Prof Samantha Sampson 22 internasionaal-ewekniebeoordeelde artikels die lig laat sien, 22 nagraadse studente begelei (insluitend agt PhD-studente) en bygedra tot die vestiging van 'n vlak 3-bioveiligheidsfasiliteit op die Tygerberg-kampus.




Prof Gerhard Walzl, bekleër van die leerstoel in TB-biomerkers, het 58 artikels in internasionale ewekniebeoordeelde vaktydskrifte gepubliseer en het verskeie groot multi-institusionele projekte gelei en daarin saamgewerk. Hierdie werk het uitgeloop op die ontwikkeling van nuwe diagnostiese toetse wat 'n omwenteling in die diagnose en behandeling van TB meegebring het.

GROOT GEÏNTEGREERDE PROJEK ONTDEK NUWE SPESIES



'n Groot geïntegreerde projek, onder leiding van prof Michael Cherry, het uitgeloop op die ontdekking van twee nuwe ongewerwelde spesies in die Oos-Kaapse woude deur die spanlid prof Savel Daniels (bo).

GEPUBLISEERDE PATENTSAMEWERKINGSVERDRAE (PCT'S), 2009–2018



UITBOU VAN NAVORSINGSINNOVASIE

Innovasie lewer bewys van die Universiteit se vermoë om tot ekonomiese en maatskaplike verbetering in die land by te dra. Van 2009 tot 2019 het ons navorsing 111 Patentsamewerkingsverdrag-aansoeke (PCT-aansoeke) opgelewer, wat ons weereens 'n voorsprong gee bo ander produktiewe instellings soos die Universiteit van die Witwatersrand, SASOL Tegnologie, die WNNR en die Universiteit van Kaapstad.

GENERERING VAN VOLHOUBARE INKOMSTE DEUR NAVORSINGSVENNOOTSAPPE

Die talle onsekerhede oor inkomste uit regeringsubsidies en nasionale befondsing vir navorsing veroorsaak dat ons navorsingsuitsette toenemend afhanklik word van kontraktnavorsing (derdestroominkomste) en filantropiese skenkings (vierdestroominkomste). Danksy 'n strategiesefondstoewysing is 'n nuwe inligtingstelsel vir die bestuur van navorsingskontrakte in 2018 ontwikkel en gedeeltelik geïmplementeer. Hierdie stelsel sal die Universiteit se vermoë verbeter om sy derdestroominkomste te bestuur, akkuraat te projekteer en daarvoor verslag te doen.

'n Totaal van 963 nuwe navorsingskontrakte is in 2018 verwerk, waarvan 724 teen 15 April 2019 onderteken is. Van hulle het ongeveer 55% 'n bedrag van R560 miljoen tot die Universiteit se derdestroominkomste bygedra (sien "Ons strategiesebestuursaanwysers" op bladsy 39),

terwyl 45% kontrakte verteenwoordig het wat ontasbare eiendom beveilig, soos ooreenkomste oor nie-openbaarmaking en materiaal- of data-oordrag wat formeel tot die gehalte van die Universiteit se verhoudings bydra. Ondertekende uitwaartse subkontrakte het net meer as R39 miljoen beloop.

Ons vennootskappe met die bedryf is verder versterk deur die Tegnologie en Menslike Hulpbronne vir die Bedryf-program (THRIP). Twaalf projekte wat onder die oorspronklike NNS-bestuurde THRIP befonds is, het hulle uitstaande 2017/18-toekennings (R6,5 miljoen) ontvang. Ons navorsers was ook van 2016 tot 2018 betrokke by 13 projekte wat goedgekeur is onder die nuwe THRIP, wat deur die Departement van Handel en Nywerheid bestuur word.

Voorste navorsers in Europa beskou die US se navorsers steeds as voorkeurvennote, en 'n groot aantal van hulle is in 2018 genooi om aan te sluit by konsortiums wat aansoek gedoen het vir die Europese Unie (EU) se Horizon 2020 Research and Innovation-finansieringsprogram en ander EU-verwante finansieringskemas. Nege toekennings ter waarde van R23,5 miljoen is ontvang. Nege en twintig toekennings ter waarde van R176 miljoen is vir die hele tydperk van 2014 tot 2018 aan die US gemaak. US-navorsers en studente was ook by meer as 30 EU Erasmus+-kapasiteitsontwikkelingstoekennings betrokke, wat die totale getal EU-verwante toekennings op amper 130 te staan bring.

In 2018 het die Andrew Mellon-stigting die bedrag van US\$405 000 (bykans R5,6 miljoen) bewillig aan die Ubuntu-dialoëprojek onder leiding van mnr Bongani Mgijima, Direkteur van die US-museum, in samewerking met die Staatsuniversiteit van Michigan se museum, en ongeveer R1,2 miljoen vir 'n projek gelei deur prof Sally Murray van die Departement Engels in die Mellon 30th Anniversary Artists in Residencies Fellowship-program. Die HB & MJ Thom-trusttoekenning, wat vir sabbatsverlofnavorsingstoekennings aan personeel en beurse aan nagraadse studente gebruik word, het tot R2 146 771 gestyg.

HANDHAWING VAN NAGRAADSE STUDENTESUKSES

'n Beduidende en suksesvolle nagraadse studentekorps is vir enige navorsingsintensiewe universiteit 'n belangrike bousteen. Tydens die strategiese siklus 2013–2018 was daar 'n gesonde toename in doktrale studente aan die Universiteit, soos in die tabel hier onder gesien kan word. In 2018 het 4 811 magister- en 1 645 doktrale studente by die US ingeskryf en die Universiteit het 'n rekordtal van 1 517 magister- en 308 doktorsgrade toegeken.

MAGISTER- EN DOKTORSGRADE DEUR DIE US TOEGEKEN, 2013–2018						
	2013	2014	2015	2016	2017	2018
Magistergrade	1 301	1 293	1 378	1 468	1 622	1 517
Doktorsgrade	225	234	267	278	305	308

Die Universiteit streef daarna om 'n bydrae te maak tot 'n meer regverdige samelewing deur die diversiteit van ons nagraadse studentekorps te verhoog. Teenoor 46% in 2013, was 'n volle 50% van ons nagraadse studente in 2018 BSIA-studente (bruin, swart Afrikaan, Indiër en Asiër-studente), terwyl net meer as 18% van die nagraadse studentekorps buitelandse studente was.

Die Nagraadse Kantoor (NK) maak nagraadse sukses moontlik deur aaneenlopende verfyning van sy dienste sowel as nagraadse befondsing en bystand met die aanleer van nagraadse vaardighede. Wat befondsing betref, het die NK in 2018 beurse ten bedrae R238 miljoen bestuur (R234 miljoen in 2017), terwyl die Universiteit R18 miljoen (7,8%) uit sy eie begroting tot nagraadse beurse bygedra het, en 92,2% van eksterne bronne afkomstig was. In die toekoms sal beurse weens begrotingsbeperkings uit skenkings gefinansier word (vierdestroominkomste) eerder as uit die hoofbegroting (eerstestroom- en tweedestroominkomste).

Om nagraadse studente se navorsingsvaardighede te verskerp, het ons Nagraadse Vaardigheidsontwikkelingsprogram 20 navorsingsteunoriënterings vir 1 324 nagraadse studente uit verskeie fakulteite aangebied, en 1 089 deelnemers in 2018 bereik met werksessies vir die ontwikkeling van navorsingsvaardighede. Twee nuwe werksessies het bygekom: MS Excel-opleiding en 'n intensiewe vier dae lange 'skryfkamp'. Ander ondersteunende aktiwiteite was onder meer weeklikse 'Bly stil en skryf'-etenstydssessies, sosiale netwerkgeleenthede in die vorm van opwipkafes, fakulteitspesifieke gemengdeleersessies oor integriteit en akademiese skryfwerk en 'n generiese aanlyn kursus oor integriteit en akademiese skryfwerk.

Ter ondersteuning van die US se internasionale netwerke bestuur die NK die Universiteit se gesamentlike graadprogramme. Ses studente met gesamentlike PhD-grade het gegradueer en 'n verdere ses dubbele magistergrade is in Desember 2018 toegeken. Verder is ooreenkomste oor nuwe gesamentlike grade aangegaan met Université de Bretagne Occidentale (Frankryk) en Università degli Studi di Padova (Italië).

VERSLAG *van die* — VISEREKTOR — (Strategie en Internasionalisering)



Prof Hester Klopper
Viserektor/Adjunkvisiekanselier
(Strategie en Internasionalisering)

Die portefeulje Strategie en Internasionalisering is in 2016 by die Universiteit Stellenbosch (US) gestig om die talryke uitdagings te hanteer wat hoëronderwysinstellings oor die algemeen en die US in die besonder in die gesig staar. Aangesien die Universiteit 'n baie belangrike rolspeler in hoër onderwys in Suid-Afrika en op die res van die vasteland is, is dit noodsaaklik om die rigting wat die US in die toekoms wil inslaan, volgens 'n duidelike strategie te beplan. Dit is nie net nodig vir die bereiking van sy primêre doelwitte nie, maar ook om die instansie se sistemiese volhoubaarheid te verseker in die immer groeiende en veranderende kenniseconomie – gedrewe deur tegnologiese innovasie, digitalisering en die oorkruising en ineenloping van dissiplines wat beïnvloed hoe nuwe kennis geproduseer, gedeel en toegepas word.

Ofskoon strategiese beplanningsprosesse, internasionale aktiwiteite en inligtingsbestuursprosedures reeds geruime tyd by die Universiteit gevestig is, was daar tot dusver 'n gebrek aan die koördinasie en integrasie wat van 'n hoëronderwysinstelling in die 21ste eeu verlang word.

Hierdie verslag toon aan dat die verantwoordelike sentrum Strategie en Internasionalisering (S&I) uitstekend gevorder het daarmee om geïntegreerde strategiese beplanning en uitvoering 'n integrale deel van die Universiteit te maak en die US se reputasie as 'n universiteit met sy wortels in Afrika maar met 'n wêreldwye impak vas te lê, en om die instelling se benadering tot inligtings- en kennisbestuur aan te pas by die unieke vereistes van die inligtingseeu.

LOODS VAN STRATEGIESE INISIATIEWE

Die Afdeling Strategiese Inisiatiewe is verantwoordelik vir die vind van maniere om die Universiteit te laat floreer in sy era van diepgaande transformasie en die gepaardgaande toenemende eise wat aan sy hulpbronne gestel word. Een van sy hooftake is om die gaping tussen die formulering en uitvoering van strategieë te oorbrug.

Ontwikkeling van 'n nuwe visie en strategiese raamwerk

S&I se eerste groot taak was om 'n nuwe visie te ontwikkel wat voortsetting en verdere stukrag aan die instelling se akademiese en navorsingsuitnemendheid gee. Die proses het in Julie 2016 begin en in drie fases plaasgevind. Fase 1 (strategiebeplanning) het uitgebreide konsultasie met en insette deur verskeie taakgroepe behels, en het gelei tot Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 wat in 2018 goedgekeur en geloods is, en wat vir die volgende ses jaar die Universiteit se rigtingwyser sal wees.

Fase 2 (strategie-aanvaarding) het in Julie 2018 begin en sal tot Junie 2019 duur. Fase 3 (strategiebelyning) is in Julie 2018 geïmplementeer en sal in Junie 2020 afgehandel word. Gedurende Fase 2 sal konteksspesifieke doelwitte wat gebaseer is op die kern- strategiese temas en doelwitte in Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 gedefinieer word, en teoretiese raamwerke sal aanvaar en deurgaans geëvalueer word ooreenkomstig spesifieke kernprestasie-aanwysers. Dit is vanselfsprekend 'n deurlopende proses.

Die jaarlikse Institusionele Plan wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) voorgelê is, weerspieël die institusionele strategie en doelwitte wat die vertrekpunt is vir die res van die Universiteit se beplanningsprosesse en wat dan verfyn word tot die onderskeie omgewingsplanne. Vir hierdie verslag moet daarop gelet word dat die Institusionele Plan 2018–2023 uitdrukking gee aan die Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 (kyk bladsy 10) wat Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 (kyk bladsy 12) gevorm het. Die gevolg is 'n dinamiese maar harmonieuse benadering tot die posisionering van die Universiteit vir die voorsienbare toekoms.

US-eeufesprojek

Met dié dat 2018 die Universiteit se Eeufesjaar was, was die Afdeling Strategiese Inisiatiewe verantwoordelik vir die beplanning en implementering van die omvattende US-eeufesprogram. Dit het beteken dat 'n visuele Eeufesidentiteit ontwerp moes word en 'n tema ontwikkel moes word om verskeie herdenkingsaktiwiteite te sintetiseer, en dat geleenthede aangegryp moes word om die Eeufesidentiteit te vestig en te bevorder deur die aanbring van visuele uitbeeldings daarvan, dwarsdeur 2018, by funksies, teen geboue en langs strate (kyk bladsy 1 tot 3).

VERSEKERING VAN SISTEMIESE VOLHOUBAARHEID

Fakulteite se volhoubaarheid

Na afloop van ontledings van die begrotingsproses en die ontwikkeling van die Universiteit se Institusionele Plan 2017–2020, is ernstige kommer uitgespreek oor sommige fakulteite se volhoubaarheid oor die lang termyn. In 2018 is 'n projek geloods om hierdie fakulteite se volhoubaarheid te verseker. Met die hulp van 'n projekkoördineerder het 'n dagbestuur bestaande uit sleutellede van die betrokke fakulteite en ander belangrike belanghebbendes van die Universiteit begin om 'n vernuwingstrategie vir voltooiing in 2019 te ontwikkel.

Akademiese programme se volhoubaarheid

Om institusionele sistemiese volhoubaarheid verder te bevorder, het die US se Programadvieskomitee 'n meer robuuste siftingsproses vir die voorlegging van nuwe programme in gebruik geneem. Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) het die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering bygestaan met die hersiening van en verstellings aan die siftingsproses deur konfigureerbare modelle te ontwerp om die lewensvatbaarheid van beplande programme te assesser, met die fokus spesifiek op geprojekteerde inkomste en uitgawes. Hierdie inligting is vervolgens ingesluit by die dokumentasie wat aan die Komitee voorsien word tydens die voorlegging van nuwe programme. In 2018 het die IOB 15 programme op hierdie manier geëvalueer.

NASTREWING VAN OMGEWINGSVOLHOUBAARHEID

'n Boekie oor omgewingsvolhoubaarheid wat deur die Afdeling Strategiese Inisiatiewe in samewerking met Fasiliteitebestuur ontwerp is, is by die verwelkomingspakket vir nuwe studente ingesluit. Die inhoud illustreer besondere kenmerke van die studentelewe in lyn met die Universiteit se benadering tot bewaring en die beskerming van die omgewing.



Brosjure oor omgewingsvolhoubaarheid wat aan nuwe studente uitgedeel is.

VERSTERKING VAN DIE US SE WÊRELDWYDE TEENWOORDIGHEID

Die Universiteit Stellenbosch se internasionale kantoor, US Internasionaal (USI), het in 2018 sy 25ste bestaansjaar gevier. Dié kantoor spreek van die instelling se langdurige verbintenis tot internasionalsisasie en bevorder steeds die Universiteit se wêreldwye teenwoordigheid en internasionale reputasie. As deel van USI se 25-jaarvierings is 25 personeellede erken vir hulle bydraes tot USI se aktiwiteite om die Universiteit se internasionale aansien te verhoog.

Bevordering van internasionalsisasie

Die Institusionele Advieskomitee oor Internasionalsisering (IAKI) is in September 2017 gestig om die strategiese rigtings vir internasionalsisasie te ondersteun en 'n raamwerk daar te stel vir alle internasionale verbintenisse, vennootskappe en netwerke. Die strategiese rigtings sal in 2019 gefinaliseer word.

As voorloper van hierdie kritieke proses is 'n Konsepnota oor Internasionalsisasie opgestel uit wetenskaplike standpunte en literatuurstudies oor die internasionalsisasie van hoër onderwys in 2017, met spesifieke verwysing na die US. Ná uitgebreide konsultasies met interne belanghebbegroepes is die dokument in 2018 goedgekeur.

Met die vestiging van die portefeulje vir Strategie en Internasionalisering is die Internasionale Kantoor by die US in 2016 hernoem na Universiteit Stellenbosch Internasionaal (USI), en dit het begin met die evaluering van internasionale vennootskappe om die ontwikkeling van verbintenisse, vennootskappe en samewerkingsooreenkomste na te spoor en te bevorder, en om die instelling se internasionale netwerke in ooreenstemming met mekaar te bring. Die eerste rondte van hierdie evaluasie het gefokus op die US se vennootskappe met, onder meer, instellings in Afrika, die BRICS-lande, Duitsland, Nederland, België, die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State. Sewentig institusionele vennootskappe en 27 op fakulteits- of departementele vlak is geassesseer. Institusionele vennootskappe met 11 universiteite het uitstekend gevaar in die assessering - tien in Europa en een in Afrika, naamlik die Universiteit van Ghana.

Uitbreiding van ons voetspoor in Afrika

USI se Afrikasentrum vir Akademieskap (ASA) en Sentrum vir Samewerking in Afrika (SSA) is in November 2016 gevestig en reik steeds uit na vennote in Afrika vir samewerking met geleenthede vir akademieskap en gemeenskaplike kapasiteitsontwikkeling.

Die Afrika Doktorale Akademie (ADA) verseker dat die uitbreiding van die Universiteit se teenwoordigheid in Afrika op 'n gekoördineerde en strategiese manier geskied. ADA-aktiwiteite in 2018 het somer- en winterskole ingesluit wat deur 'n volle 448 deelnemers bygewoon is. Die meeste van die afgevaardigdes (66%) na die ADA Somerskool was studente uit Afrikalande. By die ADA Winterskool in 2018 was 69% van die afgevaardigdes Afrikane, en byna 40% van hulle was afkomstig uit nege Afrikalande buite Suid-Afrika.

Die ASA het 56 PhD-studente van die Suider-Afrikaanse Stelselontledingsentrum ontvang. Driejaarstudiebeurse word toegeken aan Suid- en Suider-Afrikaanse doktorale studente wat by Suid-Afrikaanse universiteite geregistreer is.

Verskeie inisiatiewe is in 2018 van stapel gestuur om die US se teenwoordigheid in Afrika uit te brei deur 'n Gesamentlikeskole-inisiatief met bestaande en nuwe vennote in Kenia, Uganda en Tanzanië. Twee van dié inisiatiewe was die vyfde Gesamentlike Skool tussen die US en die Makerere-universiteit in Kampala en die eerste Gesamentlike Skool tussen die US en die Strathmore-universiteit in Nairobi.

Die Sentrum vir Samewerking in Afrika hou die US se samewerkingsnetwerk in Afrika in stand en brei dit uit. Daar is 400 aktiewe samewerkingsprojekte in meer as 42 Afrikalande, en meer as 600 medewerkers in Afrika.

Posisionering van die US-handelsmerk as 'n wêreldspeler

Die US is hard aan die werk om die US-handelsmerk te posisioneer as 'n betekenisvolle rolspeler in wêreldwye hoër onderwys deur internasionale afvaardigings te ontvang en ons wêreldwye teenwoordigheid te verstewig.

Tussen Januarie en Augustus 2018 het 66 afvaardigings uit Europa, die Verenigde State, Suid-Amerika, Japan, China en Afrika (11) die Universiteit besoek. Verteenwoordigers van die Universiteit van Southampton (Verenigde Koninkryk) en Zhejiang se Normaaluniversiteit (China) het nuwe samewerkingsmoontlikhede ondersoek, terwyl die afvaardiging van die Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe in Osnabrück (Duitsland) algemene studenteskakeling bespreek het.

Die Universiteit se wêreldwye teenwoordigheid is versterk deur konferensies, internasionale personeelopleiding, afvaardigings na instellings in Singapoer, Indonesië en Hongkong, die Suid-Afrika-Swede-universiteitsforum, en nege BRICS-samewerkingsbeurse.

Studente- en personeelmobiliteit

Die US het deur die jare die akademiese tuiste van 'n toenemende aantal internasionale studente uit alle wêrelddele geword. Sien die tabel op bladsy 53 wat die samestelling en grootte van die studentekorps volgens nasionaliteit aantoon.

US Internasionaal se Global Education Centre (GEC) het tien kort niegraadprogramme vir internasionale studente aangebied. Die Study Abroad-programme van 2018 het inkomende niegraadstudente verwelkom, terwyl verskeie akademiese departemente geaffilieerde navorsingstudente ontvang het. Die US was ook die gasheer van 362 uitruilstudente uit Duitsland, België en Nederland.

Internasionale onderrigdelde is vir sommige kategorieë buitelandse graadstudente ingestel, wat 'n bykomende inkomste ten bedrae van R2,8 miljoen vir die Universiteit tot gevolg gehad het.

Al hoe meer US-studente studeer by instellings elders in die wêreld. In 2018 was 184 US-studente betrokke by uitwaartse mobiliteitsprogramme dwarsoor die wêreld, maar veral in Europa en Suidoos-Asië.

Die Universiteit bied aan personeel en navorsers geleenthede om hulle loopbane te bevorder en te help om die US se vaardigheids- en kundigheidsbasis op te bou deur bilaterale uitruilskemas, die mobiliteitsprogramme deur Erasmus+ en die Afrika-samewerkingsbeurse. Die US het in 2018 mobiliteitsgeleenthede vir 37 personelede gefasiliteer.

BEVORDERING VAN INLIGTINGSOORSIGBESTUUR EN GEÏNTEGREERDE BEPLANNING

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) is gevestig om doelmatige data-insameling en inligtingsbestuur te bevorder ten einde strategiese besluite wat 'n impak het op die totale besigheid van die Universiteit en sy toekomstige posisionering te ondersteun en te help formuleer. Dié afdeling bestaan uit drie sentrums, naamlik Institusionele Inligting, Studente-inligtingstelselondersteuning en Besigheidsintelligensie.

Verskaffing van inligting wat nuttig en toeganklik is, én aan wetgewing voldoen

Op aanbeveling van die IOB-taakspan het die Rektorat 'n Tegnologie- en Inligtingskomitee gestig (sien “Ons oorsigbestuurstruktuur” op bladsy 20) as 'n eerste tree na die verwesenliking van 'n geïntegreerde benadering tot inisiatiewe by die US wat verband hou met tegnologie en inligting (T&I). Drie subkomitees is sedertdien gevorm om T&I-verwante verbeterings te bestuur.

Die Afdeling IOB het privaatheidskennisgewings vir alle institusionele mobiele toepassings ontwikkel en vrygestel, en 'n soortgelyke konsepkennisgewing vir die institusionele korporatiewe webtuiste opgestel, aangesien die bestuur van persoonlike inligting 'n belangrike deel van sy werk uitmaak. Die IOB is ook verantwoordelik daarvoor

om die instelling se inisiatiewe te rig en te lei sodat hulle voldoen aan privaatheidswetgewing. Drie mylpale is in 2018 bereik:

- Finansiering is bekom vir privaatheidverwante opleiding en bewusmakingsinisiatiewe.
- 'n Gedeelte van die finansiering is gekanaliseer na 'n proefprivaatheidsbewusmakingsveldtog en 'n ontleding van opleiding vir belanghebbendes.
- Die Institusionele Inligtingsbeampte en die US se Direkteur van Regsdienste het aangesluit by Universiteite Suid-Afrika (USAf) se taakspan wat besig is met die ontwikkeling van 'n gedragskode vir openbare universiteite om te verseker dat hulle voldoen aan die vereistes van die Wet op die Privaatheid van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPIA).

Daar moet egter nog baie gedoen word voordat die Universiteit ten volle aan privaatheidswetgewing voldoen. Aangesien meer litigasie 'n hoë-orde risiko vir die Universiteit is (sien bladsy 72), is IOB besig om dringend aandag te skenk aan die ontwikkeling van institusionele regulasieplanne. Die Afdeling beplan ook privaatheidsregulasies, 'n raamwerk vir die klassifisering van die sensitiwiteit van inligting en 'n inligtingsekerheidsbreukprosedure.

Die ontwikkeling van meer doeltreffende modelle en stelsels

Om institusionele beplanning en data-ontleding te fasiliteer, is IOB besig met die ontwikkeling van 'n sagteware-instrument vir die modellering van toekomstige US-studente-inskrywings, finansies, menslike hulpbronne en fasiliteite ooreenkomstig die Universiteit se in- en uitsette.

Die DHOO se Universiteitskapasiteitsontwikkelingstoelaag het finansiering voorsien vir die ontwerp van 'n volledige stelsel vir studentenasporing en -ontwikkeling. In 2018 het die IOB hom daarop toegespits om 'n bewys van konsep te lewer en om die vereistes, metodologie en prosesse uit te stippel. 'n Gedetailleerde ontleding van diepgaande onderhoude met belanghebbendes het gelei tot 'n oplossing vir die hantering van studente in Verlengde Graadprogramme. Die lewering van die tegnologie en implementering van die stelsel sal in 2019 en 2020 geskied. Die stelsel sal uit twee dele bestaan: een wat 'n holistiese blik op studente se vordering gee, en een wat die intervensiewerksvloei bestuur om studente se sukses te help bevorder.

DOELTREFFENDE BESTUUR VAN PRESTASIE DEUR AANWYSERS

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) ontwikkel en implementeer tans verskillende stelsels om die Universiteit se prestasies effektief en in reële tyd te meet, monitor en bestuur. Die ontwikkeling van die US se nuwe Strategiese Raamwerk het 'n voorstel vir 'n voorlopige stel bestuursaanwysers ingesluit.

Deelname aan wêrelduniversiteitsrangordeplasings voorsien sleutelaanwysers van die US se prestasie in verhouding tot ander nasionale en internasionale universiteite. Sommige assesseringsagentskappe gebruik data wat deur die Universiteit verskaf word, terwyl ander hulle rangordeplasings op algemeen beskikbare data baseer. Die verantwoordelikhedsentrum S&I werk reeds aan aksieplanne om die US se posisie in die internasionale rangordeplasings te verbeter.

DIE US SE POSISIE OP INTERNASIONALE RANGORDELYSTE, 2018

Ranglys	Wêreldposisie	Nasionale posisie
Times Higher Education-ranglys	351-400	3rde
Shanghai- akademiese rangordeplasings van wêrelduniversiteite	401-500	Gesamentlik 3rde
QS-wêrelduniversiteits-ranglys	405	3rde
QS BRICS-universiteits-ranglys	47	4de
CWTS Leiden-ranglys	474	4de

Volgens die Times Higher Education-rangordeplasings van toonaangewende universiteite word die Universiteit as een van die wêreld se beses gereken vir 18 vakke, met plasings in die top 100 vir landbou, ontwikkelingstudies, teologie, diviniteit en godsdienswetenskap.

VOORUITSKOING

Die US is daartoe verbind om te help met die fasilitering van Suid-Afrika se reis na die toekoms; diep in Afrika gewortel, maar met 'n wêreldwye teenwoordigheid. Ons mikpunt is dat die Universiteit deurgaans gevoelig bly vir die vereistes van hoër onderwys in die 21ste eeu. Om dit te vermag, wil ons:

- optimale strategieëlyning tussen strategiese doelwitte, die US-besigheidsplan en prestasie-aanwysers fasiliteer;
- studente en personeel blootstel aan transformerende internasionale ervarings; en
- verseker dat US-data beskikbaar is op maniere wat effektiwiteit verbeter en doeltreffende monitoring en evaluasie bevorder.

Met hierdie doel voor oë sal die verantwoordelikhedsentrum Strategie en Internasionalisering voortgaan met sy taak om Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 met die hele Universiteit se beplanning te belyn. S&I sal steeds bewus bly van die uiteindelijke doelwit, naamlik om die US strategies te posisioneer sodat die Universiteit as 'n moderne navorsingsgedrewe universiteit kan groei en gedy, én op koers bly om die beste onder die beses te word.

DIE US EEUFESIDENTITEIT

Akademie wapen	Alumni wapen	Horizontale handelsmerk	Kultuurmerk 'Maties 100'
 UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY 100 1918-2018	 ALUMNI UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY 100 1918-2018	 UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY 100 1918-2018 Horizontale endossement  100 1918-2018 Eeufessubgrafika 	



Eeufes-handelsmerk by die Neelsie Studentesentrum se ingang.

VERSLAG *van die*

— VISEREKTOR —

*(Sosiale Impak,
Transformasie en Personeel)*



Prof Nico Koopman
Viserektor (Sosiale Impak,
Transformasie en Personeel)

Die verantwoordelikhedsentrum Sosiale Impak, Transformasie en Personeel (SITP) bevorder die Universiteit se strewe om deur sy menslike kapitaal van personeel en studente 'n transformerende impak op die samelewing te hê deur standvastige verhoudings met alumni, belanghebbendes, rolspelers en institusionele vennote op te bou. Om hierin te slaag, moet die SITP institusionele transformasie aanmoedig en terselfdertyd 'n goed toegeruste, gesonde en goed bestuurde personeelkorps in stand hou.

Tydens die siklus van die Institusionele Voorname en Strategie 2013–2018 het die SITP 'n stewige grondslag gelê vir die integrasie van die sosiale impak- en transformasiefunksies met die kernwerkzaamhede van die Universiteit Stellenbosch (US) deur strategieë en planne te formuleer en strukture te vestig wat die leierskap en dryfkrag sal verskaf om hierdie planne ten uitvoer te bring. Met hierdie stewige grondslag is die SITP gereed om sy rol en doelwitte vir 'n nuwe eeu en die Strategiese Raamwerk 2019–2024 verbeeldingryk te hertolk sodat hy die Universiteit se arbeidsmag doeltreffend kan ondersteun in die verwerking van sy nuwe Visie 2040.

In die oorsigjaar, die laaste jaar van ons huidige strategiese siklus (sien bladsy 10), het ons interafhanklike afdelings Menslike Hulpbronne, Sosiale Impak, Kampusgesondheidsdiens, die Transformasiekantoor, die Universiteitsmuseum en US Woordfees (met inbegrip van die projek Woorde Open Wêreld, die skooldramafees Buya! en die Universiteitskoor) skeppend en met toewyding te werk gegaan om die doelwitte te bereik wat ons vir onself gestel het, soos hier onder aangetoon word.

VERBETERING VAN ONS PERSONEELPROFIEL

Skep 'n diverse en transformasiegerigte personeelkorps

Met die versekering dat die Departement van Arbeid ons Diensbillikheidsplan 2015–2020 goedgekeur het, het ons ons aanhou beywer vir die diversifikasie van die Universiteit se personeel. 'n Belangrike ontwikkeling in 2018 was dat ons ons omgewingsplanne, multi-jaarpersoneelplanne en diensbillikheidsplanne op een lyn gebring het. Hierdie ooreenstemming sal verseker dat realistiese diensbillikheidsdoelwitte vir elke omgewing en vir die Universiteit ontwikkel word. 'n Uiteenlopende aansoekterpoel is egter nodig om diversifikasiedoelwitte te haal. Met hierdie doel voor oë het ons weer uitgebreide strategiese werwingsaksies geloods, bykomend by gewone advertering. Dit het gelei tot die suksesvolle plasing van verskeie diversiteitskandidate in senior akademiese en nie-akademiese poste.

Om sy ambisieuse visie te verwerklik, het die Universiteit leiers nodig wat vertroue inboesem. In die lig hiervan is senior aanstellings in 2018 gedoen om by te dra tot die diversiteit van die US se bestuurstrukture. Prof Anthony Leysens het by prof Johan Hatting as Dekaan van Lettere en Sosiale Wetenskappe oorgeneem en prof Ingrid Woolard is aangestel as Dekaan van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe toe prof Stan du Plessis as Bedryfshoof aangestel is. Die aanstelling van mnr Victor Mothobi as Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne is ook bevestig. Verder is drie personeellede na senior poste bevorder – mnr Eben Mouton tot Senior Direkteur: Besigheidsbestuur by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe; mnr Hein Swanepoel tot Senior Direkteur: SUNCOM; en me Anita Nel tot Hoofdirekteur: Innovasie en Besigheidsontwikkeling.

Ons het verskeie stappe gedoen om bestaande beleide en praktyke in ooreenstemming te bring met die goedgekeurde Transformasieplan. Die Transformasiekantoor se Taakspan vir Visuele Regstelling het die naamgewing van geboue en die vernouing van openbare ruimtes, simbole en fasiliteite gelei om seker te maak dat niemand uitgesluit voel nie.

Transformasiewerksessies is gehou oor kwessies soos moderne rasisme, verkragtingskultuur en universele toegang vir persone met gestremdhede. Eweneens is werksessies in samewerking met die Sentrum vir Studentegemeenskappe ontwikkel vir die ko-kurrikulêre studente-verwelkomingsprogram. Die tweede Transformasie-indaba het verskillende Universiteitsbelangegroep en transformasiekomitees bymekaargebring om hulle ervarings en praktyke te deel. Die werk by die Indaba het gelei tot waardevolle insigte in en aanbevelings oor wat nodig is om die Universiteit na 'n dieper transformasievlak te neem.

Gestroomlynde prosesse vir doeltreffende personeelbestuur

Ter voorbereiding vir 'n nuwe eeu en die eise van die nuwe Strategiese Raamwerk oor die volgende ses jaar, het die Afdeling Menslike Hulpbronne begin met 'n proses van verbeeldingryke hervertolking van sy struktuur en rol. Verbeelding en institusionele belegging gaan nodig wees om van die Universiteit 'n voorkeurwerkgever te maak – een van die Raamwerk se ses nuwe strategieë.

Die rol van die Diensbillikheidsadvieskomitee (DBAK) wat in 2017 op die been gebring is en aan die Rektoraat verslag doen, is aangepas en die DBAK sal voortaan sterk klem lê op strategiese temas wat met die diensbillikheidsprosesse verband hou. Hoewel ons globale personeeldiversiteit stadig maar seker van 43% in 2013 tot 47,6% in 2018 verbeter het, beplan ons om die diversifikasie van ons personeelkorps te versnel.

Strategiesebestuursaanwyser	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2023-teiken
Persentasie-aandeel van permanente personeel uit bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërbekingsgroepe (%)	43,0	43,2	43,8	45,6	46,7	47,6	55,0
Gedeelte van permanente vrouepersoneel (%)	54,9	55,9	56,0	56,6	57,1	57,1	60,0

Die rol van die Aanstellingskomitee van die Senaat moes ook geherdefinieer word. Ná die desentralisasie van senior akademiese aanstellings en bevorderings, kan die Komitee hom nou uitsluitlik toespits op strategiese aangeleenthede soos die versnelling van diversiteit.

Prioritisering van personeel- en studentewelstand te midde van verandering

Omdat ons deeglik bewus is van die tol wat verandering en transformasie in 'n onstuimige hoëronderwysomgewing van personeel kan eis, is personeelwelstand as 'n hoëorderisiko geregistreer (sien die tabel op bladsy 72). Ons Afdeling Menslike Hulpbronne (HR) het dus in noue samewerking met die Kampusgesondheidsdiens en ander tersaaklike omgewings die personeel se gesondheid geprioritiseer en begin om 'n Omvattende Strategie vir Werknemergesondheid en -welstand te ontwikkel.

Me Shibu Mamabolo is as die nuwe Bestuurder van die Kantoor vir Personeelwelstand aangestel. Dié kantoor verskaf verbeterde dienste aan personeel, soos voortgesette emosionele en raadgevende ondersteuning deur die nuwe Werknemerbystandspogram (WBP),

bykomend by organisasie-ontwikkeling en personeelverbetering. Dit het afgeskop met werksessies om personeel bewus te maak van die WBP en personeelwelwees, gevolg deur werksessies oor toesighoudingsopleiding, interpersoonlike vaardighede en die bestuur van konflik by die werkplek.

Die eerste personeelkultuur- en -klimaatopname, wat in 2017 plaasgevind het, het prioriteite geïdentifiseer soos om werk te maak van die spesifieke behoeftes van vroue, jonger personeellede en personeel uit bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërgemeenskappe (BSIA-gemeenskappe). Gevolglik is die regulasies vir buigsame werkreëlins harsien om beter te voorsien in die behoeftes van jonger werknemers met kinders, en 'n ondersoek is geloods na beter dagsorgreëlins vir werknemers se kinders.

Menslike Hulpbronne het reeds in samewerking met die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur 'n vraelys vir die tweede personeelkultuur- en -klimaatopname in 2019 opgestel en getoets.

Die Kampusgesondheidsdiens (KGD) het personeel- en studentegesondheid in samewerking met Maties Sport en Maties Gimnasium bevorder met 'n weeklange veldtog wat toespits was op 'n gesonde dieet, oefening en inenting. Dit is gevolg deur 'n veldtog om personeel en studente op die Stellenbosch- en Tygerbergkampusse meer bewus te maak van tuberkulose en MIV/Vigs, waartydens 300 personeellede en studente vir die eerste keer getoets is. Danksy ooreenkomste met die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid, kan KGD nou 'n program vir MIV-voor-blootstellingprofilakse (PrEP) kosteloos aan personeel en studente bied. Verder is 550 Tygerbergstudente ingelig oor die gevaar van tuberkulose in hulle kliniese omgewing en beskermende maskers is aan hulle uitgedeel.

Met die oog daarop om gesondheidsrisiko's vroeg op te spoor, het voortgesette gesondheidsrisiko-assesserings en mediese waarneming deur die Kampusgesondheidsdiens se beroepsgesondheidspan die implementering van 'n ergonomieprogram en 'n geraashigiëneprogram by sekere eenhede tot gevolg gehad.

In 'n deurlopende veldtog om personeel en studente ten opsigte van geestesgesondheid te ondersteun en veral om selfdood te voorkom, het die Kampusgesondheidsdiens kragte saamgesnoer met die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling en met studente van die Dramadepartement. 'n Selfsiftingsprogram vir personeel en studente het gehelp om subtiële onderliggende risikofaktore vir geestesgesondheid en -siektes te identifiseer. Die implementering van 'n nuwe databasis (ná etiese en institusionele goedkeuring) om personeel en studente se gesondheid en welwees met verloop van tyd na te spoor, sal 'n waardevolle instrument voorsien om personeel en studente se gesondheid en welstand te verbeter.

UITBOU VAN TOEGANG EN SKEP VAN ONTWIKKELINGSGELEENTHEDE

Nuwe Generasie Akademici-programvakkundiges (nGAP-vakkundiges) is akademiese personeel wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) by hulle onderskeie universiteite aangestel is om 'n toekomstige generasie akademici te verseker. Jong bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërvroeëloopbaanacademici word by 'n senior mentor geplaas en die geleentheid gegee om doktorsale studies te onderneem. Ook word hulle in aanmerking geneem vir ander ontwikkelingsgeleenthede en befondsing. Die Universiteit het tans 17 nGAP-poste waarvan 12 in dié inisiatief se vorige fases toegeken is. Die DHOO het Fase 4 in Maart 2018 aangekondig en die US het daarin geslaag om al vyf die beskikbare poste te bekom. Die ontvangers was die departemente Agromie, Genetika, Mediese Virologie, Rekenaarwetenskap en Siviële Ingenieurswese. Fase 5 is in Desember 2018 aangekondig en die Universiteit het weer om nGAP-poste aansoek gedoen.

Menslike Hulpbronne se Leierskaps- en Bestuursontwikkelingsprogram was so doeltreffend dat dit uitgebrei is om lynbestuurders op alle vlakke in te sluit, en 151 lynbestuurders het in 2018 tien programme bygewoon.

Die Universiteit het sy gewig ingegooi by die Stellenbosch-stadsraad en ander groot werkgewers om belanghebbendes te betrek by inklusiewe ontwikkeling en die uitdagings en geleenthede waarvoor ons as 'n universiteitsdorp te staan kom. Die Stellenbosch-werkwinkel het 'n benaderingswyse gevolg wat soortgelyk is aan een waarmee Cambridge in Engeland en Cleveland in Ohio groot sukses behaal het. Misdaad en veiligheid, verkeer en vervoer, water en elektrisiteit, werkskepping, entrepreneurskap en vaardighedsontwikkeling is bespreek.

Die Woordfees, wat onder me Saartjie Botha se direkteurskap ontwikkel het tot een van Suid-Afrika se voorste kuns-en-kultuur-feeste, het weer meer as 50 000 besoekers gelok met oor die 500 produksies, besprekings en kunsuitstallings, en kaartjieverkope het op 80 000 te staan gekom. Bekend vir sy samewerkende en inklusiewe etos, bring die Woordfees produksies wat spreek van skeppendheid en 'n hoë gehalte aan 'n wye gehoor in samewerking met ander Suid-Afrikaanse feeste. Goeie vordering is gemaak met die Woordfees se volhoubaarheid.

Die Woordfees ondersteun ook programme wat dwarsdeur die jaar aangebied word. Die Woord Open Wêreld(WOW)-program vir skole, wat jongmense aanmoedig om in hulle moedertaal te lees en te leer, is in al nege Suid-Afrika se provinsies aktief. Daar is 674 deelnemende skole en meer as 18 000 deelnemers aan die verskillende leer- en opvoedkundige kompetisies.

Die Universiteit Stellenbosch-koor met André van der Merwe as dirigent is vir die vyfde agtereenvolgende jaar deur Interkultur (die wêreld se voorste organiseerder van internasionale koorkompetisies en -feeste) as die beste amateurkoor ter wêreld aangewys.

BEVORDERING VAN SAMELEWING-GERIGTE VAKKUNDIGHEID

Verdere institusionalisering van sosiale impak

Die Afdeling Sosiale Impak (ASI) beywer hom daarvoor om die sosiale-impakfunksie sistematies as 'n vanselfsprekende deel van die Universiteit se studieprogramme, ko-kurrikulum en alle ander aktiwiteite in te bring. Om van die Universiteit 'n transformerende krag in alle sferes van die samelewing te maak, bewerkstellig en koördineer die ASI interne en eksterne vennootskappe.

Die Universiteit se Strategiese Plan vir Sosiale Impak verskaf die raamwerk vir die Universiteit se sosiale-impakopdrag en het reeds gelei tot die uitbreiding van die Universiteit se organisatoriese kapitaal deur die instelling van die Sosiale-impakkomitee van die Senaat (SIK[S]) en die Sosiale-impakkennisplatform. Omdat hy bedryfs- sowel as strategiese aangeleenthede hanteer, is die SIKS instrumenteel in die bevordering van die sosiale-impakfunksie in akademiese omgewings. In 2018 was die besprekings hoofsaaklik oor beste praktyke, interfakulteitsinisiatiewe, assesseringskriteria en die bekendstelling van die Plan se strategiese temas:

- Onderwys en opvoeding vir almal
- Werk en inklusiewe ekonomiese ontwikkeling
- Omgewing en volhoubaarheid
- Voedselsekuriteit en gesondheid
- Hulpbronne en infrastruktuur
- Veiligheid, sekuriteit en goeie oorsigbestuur
- Sosiale en geslagsgeregtigheid

Die Sosiale-impakkennisplatform, ons sosiale-inisiatiefdatabank, het reeds meer as 130 inisiatiewe geregistreer. Dit koördineer sosiale-impakinisiatiewe, voorkom duplisering, verbeter samewerking tussen interne vennote en met eksterne vennote, en verseker dat die Plan se kerntemas realiseer.

'n Belangrike doelwit van die Strategiese Plan vir Sosiale Impak is om die Universiteit se huidige verhoudingskapitaal te onderhou en te versterk. In hierdie verband het ons institusionele memorandum van verstandhouding (MVV's) met ses munisipaliteite en distrikmunisipaliteite, en 'n verhouding met die Kaapse Hoëronderwyskonsortium deur twee van sy staande komitees. Verder sal ons binnekort ons groeiende verhouding met die Breedevallei-munisipaliteit verstewig deur 'n formele MVV, deur die Afdeling Sosiale Impak gefasiliteer.

Bou van sosiale-impakvaardighede en -vakkundigheid

Oriënteringssessies is vir personeel en studente aangebied – eersgenoemde om die steunstrukture en kampvegters vir sosiale impak dwarsoor die Universiteit aan nuwe personele bekend te stel, en laasgenoemde om nuwelings studente met die US se inisiatiewe vir sosiale impak en die florerende kultuur van studentevrywilligerdiens te laat kennis maak.

Studentevrywilligers ontvang opleiding deur 'n goed ondersteunde kursus wat deur Matie Gemeenskapsdiens aangebied word en wat hulle toerus met die vaardighede om gemeenskapsgebaseerde projekte van stapel te stuur. Die Ko-kurrikulêre Kantoer (Studentesake) het hierdie kursus en sy aktiwiteite formeel erken, wat beteken dat suksesvolle deelname aan die kursus op studente se akademiese rekords erken sal word.

BESTUUR VAN KENNIS- AND ANDER VENNOOTSAPPE

Die Kampusgesondheidsdiens (KGD) het homself weereens verder as die kampus laat geld toe hy tydens Hoërskool Kylemore se Mandeladagfeesvieringe die nooddienste by die gemeenskapsportdag bygestaan het. Die 10 000-treëprojek op die kampus is in 'n gesamentlike inisiatief geïntegreer met beplande nuwe roetes by die skole in en om Stellenbosch om aan stappers meer keuses te gee. Die doel was nie net om die roetes vir gesondheidsdoeleindes te integreer nie, maar ook om die diverse gemeenskappe aan mekaar bekend te stel.

Die hoogtepunt van die gesondheid-en-welwees-projekte in 2018 was die gesamentlike pogings van die Kampusgesondheidsdiens en ander institusionele vennote, wat insluit Menslike Hulpbronne, Gemeenskapsbetrokkenheid, Maties Sport en studente van die departemente Sportwetenskap, Fisiologiese Wetenskappe, Drama en Opvoedkunde. Hulle het met die Wêreldhartstigting (WHF) en die Westelike Provinsie se Bloedoortappingsdiens saamgespan om in September verskillende aktiwiteite aan te bied ter ondersteuning van die My Hart jou Hart-veldtog.

Die hele Universiteit vier Mandeladag. Een baie suksesvolle inisiatief is die jaarlikse "Toasties for Tummies" wat deur die internasionale Golden Key-erevereniging in vennootskap met Matie Gemeenskapsdiens aangebied word. Altesaam 340 vrywilligers op die Stellenbosch- en Tygerbergkampusse het 12 000 toebroodjies voorberei en na 56 organisasies versprei.

Soos ook Stellenbosch se munisipaliteit en andere, is die Universiteit 'n vennoot in die e-Bosch-erfenisprojek. Ons jaarlikse bedrywighede bereik in September 'n hoogtepunt met verskeie gesamentlike aktiwiteite wat al die mense in Stellenbosch saamsnoer en wat respek en vertroue opbou.

Die Universiteitsmuseum is bekend daarvoor dat hy 'n veilige ruimte bied vir transformerende dialoog en inklusiewe burgerskap. In die Universiteit se Eeufeesjaar was dit die middelpunt van dialoog, aanbiedings, vergaderings en twee baie spesiale kunstitellings. Die 100 artefakte wat uitgestal is, het die verhaal van die Universiteit se eerste eeu uitgebeeld. Die gemeenskapsveranderings en innoverende ontdekkings het gesorg vir 'n opwindende blik op die Universiteit se verlede. *Forward? Forward! Forward ...* het deur kunswerke en stukke vir nadenke die toekomstige moontlikhede van hoër onderwys gedeel en die besoeker op 'n reis na die tweede eeu van die US se bestaan geneem.

Die US-museum vorm 'n onmisbare skakel tussen die Universiteit en sowel die omringende gemeenskappe as sy internasionale vennote. Ná die aanstelling van die museum se direkteur, mnr Bongani Mjima, as navorsingsgenoot aan die Staatsuniversiteit van Michigan se museum, het die Mellon-stigting aan die US-museum finansiering beskikbaar gestel om sy werk op die vasteland en verder uit te brei, met die Staatsuniversiteit van Michigan se museum as die sleutelvennoot. Dit toon aan hoe die Universiteit geleidelik al hoe meer van 'n internasionale sosiale impak maak.

ONS MENSLIKE KAPITAAL

Die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-proporsie (BSIA-proporsie) van die totale akademiese diensstaat by die Universiteit het bestendig verbeter van 18% in 2015 tot 24% in 2018. (Ons gebruik nie ons 2013-persentasie hier vir vergelykingsdoeleindes nie, omdat ons in 2015 ons definisie van BSIA in ooreenstemming gebring het met dié van die Departement van Arbeid om hierdie statistiek te bereken.) Wat die diensbillikheidsvlakke van die US se uitvoerende en nie-akademiese personeel betref, het die persentasie BSIA-personelede van 51% in 2013 tot 58% in 2018 verbeter. Ofskoon die tempo stadig is, is die personeeldiversiteitsprofiel besig om bestendig in die regte rigting te beweeg. Sien die tabelle hier onder.

DIENSBILLIKHEIDSPROFIEL VAN AKADEMIESE PERSONEEL BY DIE US, 2018

Fakulteit/Afdeling	BSIA	Wit	Verswyg	Totaal	Buitelanders			Groototaal	Personeel met gestremdhede	Persentasies (%)				
					BSIA	Ander	Totaal			BSIA	Wit	Verswyg	Buitelanders	Personeel met gestremdhede
AgriWetenskappe	20	71		91	2	5	7	98	2	22	78	0,0	7,1	2,0
Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe	41	193	1	235	5	2	7	242	1	17	82	0,4	2,9	0,4
Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe	52	86	1	139	2	2	4	143	1	37	62	0,7	2,8	0,7
Ingenieurswese	12	104		116	5	4	9	125	1	10	90	0,0	7,2	0,8
Lettere en Sosiale Wetenskappe	46	145	1	192	2	5	7	199	2	24	76	0,5	3,5	1,0
Natuurwetenskappe	35	126		161	3	10	13	174		22	78	0,0	7,5	0,0
Opvoedkunde	28	21		49			0	49		57	43	0,0	0,0	0,0
Regsgelertheid	10	24		34		1	1	35		29	71	0,0	2,9	0,0
Teologie	9	16		25			0	25		36	64	0,0	0,0	0,0
Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)	1			1				1				0,0		0,0
Totaal	254	786	3	1 043	19	29	48	1 091	7	24%	75%	0,3%	4,4%	0,6%

BSIA = bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërpersoneel

DIENSBILLIKHEIDSPROFIEL VAN UITVOERENDE EN NIE-AKADEMIESE PERSONEEL BY DIE US, 2018

Fakulteit/Afdeling	BSIA	Wit	Verswyg	Totaal	Buitelanders					Persentasies (%)				
					BSIA	Ander	Totaal	Groototaal	Personeel met gestremdhede	BSIA	Wit	Verswyg	Buitelanders	Personeel met gestremdhede
AgriWetenskappe	68	43		111		1	1	112		61	39	0,0	0,9	0,0
Ander	0	1		1			0	1	1	0	100	0,0	0,0	100,0
Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe	76	64	1	141	1		1	142		54	45	0,7	0,7	0,0
Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe	218	136	2	356	1	5	6	362		61	38	0,6	1,7	0,0
Ingenieurswese	69	47		116	1	1	2	118		59	41	0,0	1,7	0,0
Krygskunde	0	2		2			0	2	4	0	100	0,0	0,0	200,0
Lettere en Sosiale Wetenskappe	58	42	1	101	1	1	2	103		57	42	1,0	1,9	0,0
Natuurwetenskappe	90	94		184	3	1	4	188	1	49	51	0,0	2,1	0,5
Opvoedkunde	35	14		49			0	49	1	71	29	0,0	0,0	2,0
Regsgeleerdheid	8	8		16			0	16		50	50	0,0	0,0	0,0
Rektor	85	71	1	157			0	157				0,6		0,0
Teologie	8	7		15			0	15	1	53	47	0,0	0,0	6,7
Bedryfshoof	378	210	2	590			0	590	4	64	36	0,3	0,0	0,7
Viserektor (Leer en Onderrig)	102	106	2	210	1		1	211	2	49	50	1,0	0,5	0,9
Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)	74	62		136	2		2	138		54	46	0,0	1,4	0,0
Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)	77	32		109			0	109		71	29	0,0	0,0	0,0
Viserektor (Strategie en Internasionalisering)	22	28		50			0	50		44	56	0,0	0,0	0,0
Groototaal	1 368	967	9	2 344	10	9	19	2 363	14	58	41,3	0,4	0,8	0,6

BSIA = bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërpersoneel



Meer as 120 personele van die Universiteit Stellenbosch (US) se Fasiliteitsbestuursafdeling, sy kontrakteurs en ook personeel van die Aankopeafdeling by die US het by Kuyasa Horizon Development opgedaag, 'n gemeenskapsprojek in Kayamandi in Stellenbosch, as deel van die Mandeladagviering. Dié vrywilligers het die groentetuin opgegradeer, rommel verwyder, loodgieterswerk en reënwatertenkonderhoud gedoen, die lekkende dak en geute reggemaak, gevef, elektriese herstelwerk gedoen, 'n brandontruimingsplan gevestig en 'n brandopleidingskursus aan die werknemers daar aangebied. Hier is die Direkteur van Kuyasa, pastoor Nkosinathi Sixabayi (regs) by prof Stan du Plessis, US se Bedryfshoof.



Studeute saam met die Rektooraat voor die reusekosblik wat in die Neelsie Studentesentrum opgerig is deur Ingenieurs Sonder Grense Maties, 'n studentevereniging waaraan tweede- en derdejaaringenieurstudente behoort, vir niebederfbare voedselkenkings. Altesaam 15 095 items is in 24 uur in die kosblik gedeponeer. Dit oorskrey die teiken van 15 000 voedselitems. 'n Groot bydrae van 10 800 etes deur die PPS Stigting en 'n aansienlike bydrae deur die Neelsie Kwikspaar het die insameling 'n groot hupstoot gegee.

VERSLAG *insake* RISIKOBLOOTSTELLING, -EVALUERING *en* -BESTUUR

Dit is 'n wêreldwye verskynsel dat nuwe risiko's voortdurend opduik. Daarom is dit 'n gegewe dat instellings voor nuwe risiko's te staan sal kom, en dat sodanige instellings se risikobestuursvermoë en -vaardighede dus sal bepaal of hulle floreer of nie. Gedurende die siklus van die Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 het die Universiteit Stellenbosch (US) se risikobestuursvermoë aansienlik uitgebrei. Die droogte, studente-aktiwisme en veranderinge in regulasies en staatsfinansiering het ons stelsels deeglik beproef. Nietemin het die US koers gehou met sy strategie om 'n inklusiewe universiteit te skep wat geskik is vir 'n nuwe eeu van uitnemendheid in onderrig, navorsing, internasionalisering en sosiale impak.

HOE ONS RISIKO'S BESTUUR

Die Raad het in 2015 die Risikobestuursbeleid aanvaar, wat die grondslag vir 'n sterker risikobestuursraamwerk vir die Universiteit gelê het. Die raamwerk wat in 2017 in werking gestel is, het risikobestuur behoorlik gevestig, en word voortdurend verbeter. Volgens hierdie raamwerk ondersteun risikobestuur institusionele bestuursprosesse deurdat risiko-eienaars deurlopend risiko's vir bestuurstoetsing in die Universiteit se elektroniese risikoregister vaslê. Elke risiko wat in die elektroniese risikoregister opgeneem word, hou verband met een of meer strategiese doelwitte. Met die aanvang van die Universiteit se nuwe Strategiese Raamwerk 2019–2024 sal nuwe strategiese prioriteite in 2019 bekend gestel word (kyk bladsy 12).

Risiko's wat institusionele bestuurstoetsing vereis, word eers na die verantwoordelikhedsentrums se onderskeie risikobestuurskomitees, en dan na die Rektorat se Risikobestuurskomitee (RBK) verwys. Die risikoregister word ook aangeheg by die Rektor se risikobestuuersverslag wat voor die Raad se Oudit- en Risikokomitee dien.

Die King IV-verslag oor korporatiewe oorsigbestuur vir Suid-Afrika het die getal verdedigingslyne in die gekombineerde sekerheidsmodel van drie tot vyf verhoog. 'n Gekombineerde sekerheidsmodel berus op risikobestuur. Dit bied 'n duidelike uiteensetting van rolle en bevoegdhede, weerspieël die jongste ontwikkelings op die gebied, en dra by tot beter kommunikasie en doeltreffender risikobestuur en -beheer. 'n Finansiële kontroleur is daarvoor verantwoordelik om die risikoregister met die gekombineerde sekerheidsverslag te versoen.

Die risikobestuursfunksie by die US is in die verslagjaar verbeter deur die verslagdoeningstruktuur van 'n lywige risikobestuurskomitee tot ses kleiner, robuuste komitees – een in elk van die verantwoordelikhedsentrums – te vereenvoudig. Met hierdie verbetering kry verantwoordelikhedsentrums self geleentheid om hulle unieke risiko's uitvoerig te bespreek, terwyl dwarsliggende risiko's by die Rektorat se RBK-vergadering aan toegespitste ontleding en bestuur onderwerp word. Sodoende kan die Rektorat die hoëorderisiko's meer behendig bestuur en terselfdertyd die res van die risiko's in die Universiteit se risikoregister monitor.

TOEKOMSTIGE FOKUSGEBIEDE

Die Rektorat het die beginsel van risikoptybepaling as die standaard vir alle toekomstige vergaderings vir risikohersiening, -priorisering en -verslagdoening aanvaar. Derhalwe sal risikopty- en risikotoleransievlakke voortaan vir die Raad se goedkeuring bepaal word.

'n Plan vir bedryfskontinuiteit in noodgevalle neem ook fluks vorm aan met die ontwikkeling van 'n konsepmatriks, wat in 2019 verder uitgebou sal word. 'n Projektkampegter is aangestel, en het onverwyld met navorsing en opleiding begin. Die plan sal met die bestaande noodbestuursprotokolle versoen word.


RISIKOBEOORDELING EN -PRIORITISERING

Die Risikobestuurskomitee het ná uitgebreide bespreking en wye oorlegpleging 16 hoëorderisiko's vir insluiting by die verslag aan die Oudit- en Risikokomitee bepaal. Die tabel op die volgende bladsy bied 'n oorsig van die Universiteit se hoëorderisiko's gedurende die verslagjaar, sowel as van die maatreëls wat ingestel is om

daardie risiko's te bestuur. Die hoëorderisiko's sluit in drie nuwe risiko's (met 'n ster aangedui), en ses risiko's waaraan die US se blootstelling ondanks tempering hetsy toegeneem of hoog gebly het weens eksterne faktore buite die Universiteit se beheer (met 'n pyl aangedui). Die oorblywende sewe risiko's is suksesvol tot laer blootstellingsvlakke getemper.

Raadpleeg gerus ook die betrokke verantwoordelikeheidsentrums se verslae vir verdere inligting oor hoe die Universiteit hierdie risiko's in 2018 hanteer het. Die Universiteit se finansiële risiko's word in die finansiële verslag bespreek (kyk aantekening 26 op bladsy 145).

In die bestuur van hoëorderisiko's bly ons oë stewig op ons waardes gevestig. Dít het ons in staat gestel om doeltreffende maatreëls te tref teen risiko's soos die droogte in die Wes-Kaap, onvoldoende lesingsaalvermoë, personeeldiversiteit (hoewel groter diversiteit onder ons akademiese personeellede steeds aandag ontvang), blootstelling aan gewelddadige misdaad en vermoëtekorte wat die Universiteit aan ontoereikende regsadvies en -dokumente blootstel.



Prof Stan du Plessis

Bedryfshoof

RISIKOBESTUUR VOLGENS ONS STRATEGIESE PRIORITEITE

Prioriteit	Hoëorderisiko	Ons reaksie	Verantwoordelikheid-sentrum
VERBREED TOEGANG	★ Staatsregulering van studentegeld*	Beoordeel vordering in die sektor.	Bedryfshoof
	↑ Staking van aansporingsfinansiering deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS)*	Skakel met nasionale en internasionale finansieringsagentskappe. Posisioneer ons navorsers om suksesvol om finansieringsgeleenthede mee te ding.	Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)
	Inwerkingstelling van die hersiene beurse-en-leningsmodel*	Onderneem 'n uitgebreide ondersoek na die bestedingsmodel vir beurse en lenings om volhoubaarheid te verseker. Herontwerp huidige beursprosesse. Ontwikkel vereistes vir die IT-stelselvernuwingsprojek om steun vir beurse-en-leningsprosesse in te sluit. Benut dataontledingsvermoëns om institusionele finansiële bystand beter te bestuur. Onderwerp beurse-en-leningsprosesse aan formele, eksterne auditondersoeke.	Viserektor (Leer en Onderrig)
	↑ Volhoubaarheid van ons gemengdeleermodel van akademiese lewering*	Handel die verslag van die taakgroep oor gemengde leer af. Raadpleeg dekane en visedekane. Ontwikkel SUNOnline verder. Versterk die vermoë van die Sentrum vir Leertegnologieë om dosente met die ontwerp van kortkursusse, modules en programme by te staan. Kies en berei kortkursusse en programme voor vir aanbidding in 2019.	Viserektor (Leer en Onderrig)
BEHOU MOMENTUM VAN UITNEMENDHEID	Volhoubare instandhouding van fisiese fasiliteite*	Insluiting van volhoubare instandhouding by die Kampusvernuwingsprojek, wat tot 2027 verleng is. Vermoëuitbreiding deur die interne oorpasing van 'n senior projekbestuurder na die Kampusvernuwingsprojek, en die verkryging van 'n projekbestuurskonsultant vir Eiendomsdienste om opknappingsprojekte te ondersteun.	Bedryfshoof
	Blootstelling aan gebou- en bergbrande*	Plaas 'n diverse groep deskundige belanghebbendes op gereedheidsgrondslag as 'n gebeurlikheidskomitee vir brandbestuur. Stel 'n plan vir die berggebied op. Stel 'n konsultant aan om brandontwerp en ontruimingsbeplanning namens Eiendomsdienste te bestuur. Voltooi brandrisikotemperingsprojekte met die klem op die brandopsporingstelsels in die Mike de Vries-, De Beers- en Natuurwetenskappe-geboue.	Bedryfshoof
	★ Stralingsverwante voorvalle en regulasievoldoening	Hernu die stralingsveiligheidskontrak. Implementeer, verbeter en bestuur die stralingsveiligheidsprogram by die US.	Bedryfshoof
	Inligtingsoorsigbestuur en litigasie ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) en nuwe EU-wetgewing	Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het verskeie inisiatiewe van stapel gestuur om voldoening aan privaatheidswetgewing te verseker. Dit sluit in 'n derde interne audit van die US se POPIA-voldoening, die insluiting van beste praktyk by bewusmakingsprogramme vir alle afdelings, en die skryf van beleide oor privaatheid en inligtingsbestuur vir die US.	Viserektor (Strategie en Internasionalisering)
	Hersiene formule vir staatsfinansiering*	Ondersoek die finansiële implikasies vir elke universiteit deur middel van 'n werkgroep. Dien raadgevende voorstelle in by die Raad op Hoër Onderwys, vir oorweging deur die Minister voordat 'n hersiene raamwerk gepubliseer word.	Bedryfshoof
	Onvoldoende kubersekuriteit- en inligtingsintegriteit-voldoening	Verbeter monitering en dwing voldoening af. Versterk ons sekuriteitsfunksie in die Afdeling Informatietegnologie.	Bedryfshoof
	Kopieregskending op derdepartyplatforms	Kommunikeer met derde partye wat kopiereg skend. Stuur sterk boodskap oor kopieregskending aan studente.	Bedryfshoof

RISIKOBESTUUR VOLGENS ONS STRATEGIESE PRIORITEITE

Prioriteit	Hoëorderisiko	Ons reaksie	Verantwoordelikheid-sentrum
BEVORDER SOSIALE IMPAK	↑ Institusionele voldoening	Hersien die voldoeningsroetekaart. Werk die lys tersaaklike wetgewing vir die US by deur middel van 'n hoëvlakbeoordeling van voldoeningsrisiko's. Stel in 2019 'n voldoeningsraamwerk en voldoeningsrisikobestuursplanne vir die hoër onderwys sowel as vir inligting op.	Rektor
	↑ Afhanklikheid van eksterne verskaffers om sagteware aan die US te voorsien	Neem deel aan verkrygingskonsortiums om aanvaarbare bepalings te beding.	Bedryfshoof
	Die volhoubaarheid van korporatiewe entiteite	Ontwikkel derde- en vierdestroominkomste vir die kunste-entiteite, die Regskliniek en SIGLA.	Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)
	↑ Verbintenis met afwentelmaatskappye	Wysig kontrakonderhandelinge om klousules oor die tempering van reputasierisiko vir die Universiteit in te sluit.	Bedryfshoof
	★ Toenemende druk op personeel- en studentewelwes weens finansiële, politieke, maatskaplike en persoonlike eise	Versterk inisiatiewe soos beoordeling van personeelwelstand, welstandsdae en welstandsbestuursdienste. Onderneem 'n opname van personeelkultuur en -klimaat, en implementeer die prioriteite wat uit die opname blyk. Skep 'n personeelwelstandskomitee. Stel 'n strategie vir personeelgesondheid en -welstand op om gesondheid en welstand as 'n sistemiese verantwoordelikheid te vestig.	Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)

WAARDES > Uitnemendheid • Medeverantwoordbaarheid • Empatie • Innovasie • Diensbare leierskap

* Risiko wat sistemiese volhoubaarheid beïnvloed

★ Nuwe risiko

↑ Risiko met verhoogde blootstelling ondanks tempering





FAKULTEITE

— se verslae —

Die kernbesigheid van die Universiteit Stellenbosch word deur ons tien fakulteite uitgevoer. Gesamentlik behels hierdie kernbesigheid leer en onderrig, navorsing en innovasie, internasionalisering en sosiale impak.

Ons kernbesigheid lewer voordelige uitkomst soos volg:

- Die besigheid van leer en onderrig lewer akademies gekwalifiseerde studente wat toegerus is vir die werkswêreld.
- Die besigheid van navorsing en innovasie genereer nuwe kennis wat noodsaaklik is vir die vooruitgang van die mensdom.
- Die besigheid van internasionalisering versterk uitnemendheid deur vennootskappe en die uitruil van intellektuele kapitaal.
- Die besigheid van sosiale impak vergemaklik die praktiese tweerigting deel van kennis met die gemeenskap tot voordeel van die gemeenskap en die Universiteit.

Agt van ons Universiteit se tien fakulteite is op die hoofkampus op Stellenbosch geleë, naamlik AgriWetenskappe, Ingenieurswese, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie en die grootste deel van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Die res van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is op die Bellvilleparkkampus geleë in die vorm van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) en die USB Bestuursontwikkeling Beperk. Die oorblywende twee fakulteite is die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe op die Tygerbergkampus en die Fakulteit Krygskunde by die kUSDorp Saldanhabaai. Meer oor hierdie fakulteite is beskikbaar op die Universiteit se webwerf by www.sun.ac.za.



Prof Danie Brink

Dekaan: Fakulteit AgriWetenskappe

Die Fakulteit AgriWetenskappe se Eeufeesviering was 'n groot sukses. Besondere hoogtepunte was die gala-dinee, kunswerke van al die Fakulteit se historiese geboue wat in opdrag van die Fakulteit geskep is, 'n landskapkunsveldtog wat wye mediadekking geniet het, 'n reeks Eeufeeslesings wat uitgeloop het op die toekenning van 'n eredoktorsgraad, en die bekendstelling van die Eeufeesboek vroeg in 2019.




Die landskapkunswerk by die Boontjieskraallandgoed buite Caledon wat deur Strydom van der Merwe ontwerp is, met kanola in 'n garsland, wat die antieke simbool vir die aarde uitbeeld.

Die Fakulteit is steeds 'n kernrolspeler in die taak om die uitdagings waarvoor die landbousektor in Afrika en Suid-Afrika te staan kom, die hoof te bied deur te verseker dat die streek se natuurlike hulpbronne op 'n eties verantwoordbare, wetenskaplike manier benut en bestuur word. Ons is steeds die beste fakulteit in Afrika vir landbou- en bosboustudie en is in die jongste QS World University Rankings onder die top-25 in die BRICS-lande en onder die 100 bestes wêreldwyd geplaas. Dit maak ons net meer vasbeslote om voort te gaan met hoëgehalte-onderrig en toegepaste navorsing in die landbouwetenskappe.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Wat onderriguitnemendheid betref, het ons ons fokus op programvernuwing voortgesit met 'n diepgaande hersiening van die programaanbieding in die vakgebiede bosbou en houtkunde, bewarings-ekologie, en wingerd- en wynwetenskappe, in noue samewerking met eksterne belangegroepes soos die Suid-Afrikaanse landbousektor en internasionale medewerkers en moderators. Die Departemente Landbouwetenskappe en Grondkunde het eksterne evalueringssuksesvol deurloop. Die programvernuwingsproses is ondersteun deur die voortgesette ontwikkeling van pedagogiek en didaktiek in samewerking met die Universiteit se Sentrum vir Leer en Onderrig, wat aan dr Michael Schmeisser van die Departement Tuinbou en Marianne McKay van die Departement Wingerd- en Wynkunde beurse toegeken het ter erkenning van hulle bydrae tot uitnemendheid op hierdie gebied. Die Departement Voedselwetenskap se graadprogram was die enigste in sy soort om deur die Internasionale Vereniging vir Voedselwetenskap en -tegnologie (IUFOST) geakkrediteer te word.



Uit die 480 kwalifikasies wat die Fakulteit in 2018 toegeken het, was 237 professionele grade – die meeste ooit – terwyl 98 meestersgraadstudente en 'n rekordgetal van 45 PhD-studente gegradueer het. Die status quo van die nagraadse studentekohort is behou met 312 meestersgraad- en 158 PhD-kandidate.

Die vestiging van die Sentrum vir Voedselveiligheid (SVV) by die Departement Voedselwetenskap as die eerste in sy soort in die land is 'n beduidende ontwikkeling ter ondersteuning van voedselveiligheid in Suid-Afrika. Dit word onafhanklik deur die Universiteit bestuur ná aansienlike bydraes tot die totstandkoming daarvan deur die bedryf, met inbegrip van 'n skenking ten bedrae van R10 miljoen deur Tiger Brands.

Ander mylpale was die ingebruikneming van die nuwe Navorsingsfasiliteit vir Beheerde Atmosfeer (BA) by die Departement Hortologie en die nuwe Eenheid vir Vibrasie-spektroskopie by die Departement Voedselwetenskap as deel van die Sentrale Analitiese Fasiliteite by die US, wat 'n analitiese fasiliteit van wêreldgehalte bied aan studente, navorsers en die bedryf, met nuwe toepassingsmoontlikhede oor 'n breë spektrum van vakgebiede.



By die amptelike ingebruikneming van die nuwe ultramoderne BA-fasiliteit by die Departement Hortologie was (van links na regs) dr Elke Crouch (Departement Hortologie, die projek se hoofnavorser), prof Karen Theron (Departement Hortologie), Nicholas Dicey (Hortgro Pome) en Richard Hurndall (Hortgro Science).

Etlike van ons navorsers het in die oorsigjaar eerbetuigings ingeoes. Dr Cletos Mapiye, 'n senior dosent by die Departement Dierkunde, het die Jong Wetenskaplike-prys vir Landbou en Voedselsekerheid van die Wêreldakademie vir Wetenskap se Streekskantoor vir Afrika Suid van die Sahara (TWAS-ROSSA) ontvang; die Royal Society het aan dr Debra Rossouw van die Departement Wingerd- en Winkunde 'n FLAIR-navorsingsbeurs (Toekomstige Leiers – Onafhanklike Afrika-navorsing) toegeken; die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se Eremedalje vir Wetenskap en Tegnologie het gegaan aan prof Lizette Joubert van die Departement Voedselwetenskap; Hein Gerwel van die Departement Landbou-ekonomie was 'n wenner in die Kompetisie vir Jong Professionele Persone in die 28ste Wêreldwye-gevallestudiekompetisie van die Internasionale Vereniging vir Voedsel- en Agrisakebestuur (IFAMA); prof Gunnar Sigge, Voorsitter van die Departement Voedselwetenskap, is gekies as Voorsitter van die Onderrigkomitee van die Internasionale Vereniging van Voedselwetenskap en -tegnologie (IUFoST) vir die tydperk 2018 tot 2020; en prof Linus Opara, uitgelese professor by die Departement Hortologie, is verkies as die President van die Internasionale Kommissie van Landbou- en Biostelsel ingenieurswese (CIGR) vir 2019 en 2020.

Internasionale geleenthede wat die Fakulteit aangebied het, sluit in die Gesamentlike Kongres van die Afrika- gewasvereniging en die Suid-Afrikaanse Verenigings vir Grondkunde, Hortologie, Onkruid en

Gewasproduksie; die Suider-Afrikaanse Voedsellaboratoriumdialoog; 'n reeks Parasietaksomiewerkswinkels; en die SA-EU-dialoog oor Grondinligting.

VERBREIDING VAN TOEGANG

Dit is vir ons 'n prioriteit om die breedste toegang moontlik aan 'n uiteenlopende poel studente en personeel te voorsien. In 2018 is die akademiese personeel se diversiteit uitgebrei met twee aanstellings wat deur die Departement Hoër Onderwys en Opleiding se nGAP-inisiatief ondersteun word, terwyl 'n inskrywingsteiken van 23% vir voorgaande studente met 2% oortref is. Die persentasie vrouestudente (53% van die totaal) onder die nagraadse kohort het onveranderd gebly en die kontingent uit ander Afrika-lande het 18% van die totaal uitgemaak. Sowel die Fakulteit se AgriWetenskappe@Maties-program as die US se Sentrum vir Studentewerwing het deurslaggewende bydraes gelewer tot die bekendstelling van landboustudie aan skoolleerders. Die Fakulteit se program vir akademiese ondersteuning aan studente deur mentor- en tutorskap is gemik op die verbetering van studente se sukses en deurvloei na nagraadse studie. Wat befondsing aan studente betref, het die merietebeursprogram 'n tweede kohort leerders uit Wes-Kaapse landbouskole ingeskryf, terwyl finansiële steun aan 43 ander studente verleen is.

Spesifieke inisiatiewe betreffende verbeterde toegang sluit in die tweede gesamentlike doktorsgraad wat aan dr Alanna Rebelo toegeken is as 'n eerste tussen die Fakulteit en die Universiteit van Antwerp in België en die gekombineerde aanbieding van praktiese opleiding in windgerdbou deur die US, Elsenburg, die LNR Infruitec-Nietvoorbij en die Suid-Afrikaanse Tafeldruifbedryf as deel van die BScAgric- en BAgric-programme. Ook het ons die Agrijob-loopbaanportaal geloods om toegang tot beurse, internskappe en loopbaangeleenthede in dié sektor te vergemaklik.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Die Sosiale-impakkomitee het 'n betekenisvolle bydrae gelewer deur onderrig en navorsing te koppel aan maatskaplike behoeftes en ontwikkelingsuitdagings, met inbegrip van dié van kleinboere. Die Agro-hub by die Welgevallen-proefplaas het sy sukses bewys deur die smee van bande met belangrike inethouers soos Hortgro Science, Citrus Research International, AgriSA, Agricolleges International en Value Chain Solutions.

Op internasionale gebied het ons voortgegaan met ons deelname aan die Streeksuniversiteiteforum vir Kapasiteitsbou in Landbou (RUFORUM), terwyl 'n aantal personeellede op die bestuurstrukture van wêreldwye akademiese verenigings gedien het.

VOORUITSKOING

Versagting van die verwagte impak van klimaatsverandering en inkorporasie van die tegnologieë van die Vierde Nywerheidsrevolusie (4IR) sal 'n definitiewe fokus vir ons navorsers wees. Die meestersprogram in volhoubare landbou het sy derde kohort gegradueerdes opgelewer. Die program word tans uitgebrei om hulpbronbestuur as vakgebied in te sluit en só word studie oor hulpbronbestuur tot op PhD-vlak moontlik gemaak. Die vestiging van 'n Sentrum vir Agri-informatika is 'n verdere inisiatief om die ontwikkeling en toepassing van datawetenskap in die landboudomein te fasiliteer. Deelname aan landboutransformasie in Afrika deur navorsing, opleiding en innovering sal ook verhoogde aandag geniet.



Prof Ingrid Woolard

Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is 'n innoverende, waardegebaseerde fakulteit wat danksy akademiese uitnemendheid 'n beduidende sosiale impak maak. Die Fakulteit het in 2018 voortgegaan om sy deel te doen om die Universiteit Stellenbosch se Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 uit te voer deur uitnemendheid te handhaaf, toegang te verbreed en sosiale impak te versterk.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Ons strew om ons momentum van uitnemendheid te behou, word ondersteun deur 'n uitsonderlike programaanbod wat studente van oor die hele Suid-Afrika, Afrika en die res van die wêreld lok. Byna 1 500 nuwelingeerstejaars het aan die begin van 2018 registreer. Die Fakulteit het altesaam 9 380 studente gehad, van wie 5 289 (56,4%) voorgaads was.

Die Fakulteit was veral trots op die eerste 25 studente wat ingeskryf het vir die nuwe Voorgraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling; 'n uitvloeisel van die Universiteit se strategiese voorneme om toegang tot nuwe studente- en akademiese markte uit te bou. Hierdie driejarige program is ontwerp om aan studente 'n grondslag in die teorie en


praktyk van volhoubaarheid en entrepreneurskap te gee vir hul toekomstige sosiale impak en die herstel van die ekologie. Alle lesings word by die Volhoubaarheidsinstituut by Lynedoch, net buite Stellenbosch, aangebied om aan studente die geleentheid te gee om volhoubaarheid in die wydste sin daarvan in die wêreld daar buite te ervaar.



Die eerste studente vir die nuwe Voorgraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling.

Die eerste groep BCom (Internasionale Besigheid)-studente, tans in hulle derde studiejaar, het in Junie 2018 vertrek om 'n semester deur te bring by een van 14 universiteite in agt lande regoor die wêreld. Hierdie nisprogram het vinnig naam gemaak as een van die Fakulteit se vlagskipprogramme.

In 2018 het ons 3 154 diplomas en grade toegeken, waarvan 60% nagraadse kwalifikasies was. Die persentasie studente wat cum laude gradueer het, was 10,2%.




Twee van die talle projekte wat bygedra het tot die toenemende sukses van ons studente was die modulementorprogramme wat in alle eerstejaarsmodules beskikbaar is, en die tutorprogramme in alle studiejaars. Ons dosente is steeds aan die voorpunt van innovering in onderrig en leer om die klaskamerervaring te vernu, grotendeels deur tegnologiese innovering wat daarop gemik is om te voorsien in die behoeftes van ons uiteenlopende studentegroeperings.

Die Fakulteit het in 2018 'n nuwe, buigsame assesseringsmodel vir alle voorgraadse modules in werking gestel, met die doel om die studente se bemeestering van die leerstof te verdiep en terselfdertyd hul sin van verantwoordelikheid vir hulle eie leerproses te ontwikkel. Ook verleen buigsame assessering aan alle studente toegang tot alle assesseringsgeleenthede. Hierdie gemeenskaplike pogings tot

verhoogde studentesukses het in 2018 'n gemiddelde voorgraadse slaagsyfer van 82% opgelewer.

Op nagraadse vlak het die getal PhD-inskrywings in 2018 tot 192 toegeneem. Gedurende 2018 het die Fakulteit 29 PhD-grade toegeken, wat die Desember 2018- en April 2019-groepe insluit. Suksesvolle maatreëls is getref om die tyd tot afhandeling te verkort, met die gevolg dat die PhD-studente hul graad gemiddeld in 3,6 jaar voltooi het. Inisiatiewe soos die Nagraadse Skool vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (GEM) vir voltydse doktorale studente, wat in 2014 gestig is, het hiertoe bygedra, terwyl 19 jong akademici deel uitgemaak het van STEM, die personeelweergawe van die Nagraadse Skool. STEM is goed op dreef om die getal personeellede in die Fakulteit met PhD's (tans 38%) aansienlik te verhoog.



Vyf van ons 36 navorsers wat deur die NNS gegradeer is, was B-gegradeerdes. Ons navorsingsuitset per akademiese personeelid was net meer as 0,5 – dit laat inderdaad ruimte vir verbetering. Ons Sakeskool het egter al drie internasionale akkreditasies vir sakeskole (bekend as die “triple-crown”) behou, terwyl die Raad op Gesondheidsberoepes ons Departement Bedryfsielkunde weer geakkrediteer het vir die opleiding van psigometriste en bedryfsielkundiges.

Die kampusvernuwingsprojek op die Bellville Park-kampus (BPK) is goed op dreef, en in 2018 was die fokus op die opgradering van die biblioteek, 'n nuwe lesingsaal en seminaarkamers, opgradering van en aanbouings aan die kafeteria, bykomende parkeerplekke en die installasie van 'n nuwe brandringleiding.



Die Bellville Park-kampusvernuwingsprojek skep instaatstellende leerruimtes: Konstruksie van die nuwe lesingsaal en seminaarkamers vorder goed en behoort in Maart 2019 voltooi te wees.

Die Fakulteit bevind hom steeds in 'n gesonde finansiële posisie. Ons inkomstestroom uit subsidies, klasgeld en heffings het in 2018 R648 miljoen bedra (of 80% van die totale inkomste), en derdestroombefondsing het in die afgelope vier jaar met 5,9% toegeneem en handhaaf dus 'n stewige groeikoers. Verder dra ons studentetal by tot 'n koste-effektiewe dosent-tot-student-verhouding, wat in die oorsigjaar te staan gekom het op 35,1 voltyds-ekwivalente studente (volgens studievlak geweeg) per voltyds-ekwivalente akademiese personeelid.

VERBREIDING VAN TOEGANG

'n Totaal van 36,4% van ons totale studentekorps en 26,2% van ons voorgraadse studente was in die oorsigjaar afkomstig uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA)-groepe.

Betekenisvolle vordering is gemaak met die versekering van Projek Zero-beurse se volhoubaarheid deur die sluit van nuwe ooreenkomste, soos die een met die BANKSETA, wat R6 miljoen tot hierdie projek bygedra het. Die uiters suksesvolle Thuthuka-program, wat rekeningkundestudente uit die aangewese groepe ondersteun, en die Ikusasa-program vir die verlening van finansiële bystand aan studente (ISFAP) het toegang verder verbreed. Ook is 40% van die betaalbare studentegeld in die Fakulteit gedek deur verskeie lenings en beurse.

Die akademiese personeel van die Fakulteit se diversiteitsprofiel is nog nie na wense nie. In 2018 was 31,1% van die Fakulteit se Suid-Afrikaanse personeel lede van die BSIA-groep. Van die akademiese groep was egter net 17% BSIA, teenoor 54% van die steundienspersoneel (kyk tabelle op bladsy 67 en 68). Wat geslag betref, was 72,5% van die steundienspersoneel en 50,9% van die akademiese personeel vroue. Vroue is egter steeds onderverteenvoerdig in die meer senior akademiese range, en verskeie inisiatiewe soos die STEM-projek fokus op hulpverlening aan vroue om vooruit te kom in hul akademiese loopbane.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Ons is ten volle verbind tot sosiale impak deur toegewyde onderrig en vakkundigheid. 'n Groot deel van die navorsing in die Fakulteit is sterk toegepas, met die klem op die oplos van werklike probleme wat in die wêreld ervaar word. Navorsers en studente van die Departement Ekonomie het saam met kollegas van die Fakulteit Ingenieurswese by die US, die Universiteit van Bath en die Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings gewerk om maniere te vind om die gehalte van gesubsidieerde behuising deur meer doeltreffende aanspreeklikheidsmeganismes te verbeter. Ons studente word aangemoedig om onder leiding van akademiese personeel betrokke te raak by sosiale-impakprojekte. In hierdie verband is die Jong Entrepreneursprojek 'n gesamentlike inisiatief deur die US en die HU Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe Utrecht, Nederland. Die fasiliteerder is mnr Adolph Neethling van die Departement Ondernemingsbestuur. Spanne studente van die Fakulteit het kursusmateriaal ontwikkel vir 'n entrepreneurskapslypskool gemik op die leerders van plaaslike hoërskole. By die slypskool in Julie 2018 is idees vir beginnerbesighede en sakeplanne ontwikkel en die vier beste idees is beloon met aanvangskapitaal ter waarde van R4 000 per groep vir die implementering van hulle planne.

'n Hoogtepunt van 2018 was die benoeming van me Vuyiseka Dubula-Majola, die nuwe Direkteur van die Afrika-sentrum vir MIV/Vigs-bestuur, as een van die 15 wêreldwye ontvangers van die 2018 Frans-Duitse Prys vir Menseregte en Regsoewereiniteit.

VOORUITSKOING

Ons is vol vertroue dat ons in die aanloop tot die Fakulteit se Eeufeesvieringe in die volgende dekade 'n wesenlike impak sal maak op hoëgehalte-onderrig, -navorsing en die gemeenskap. Oor die langer termyn beplan die Fakulteit om sy huidige studentetal teen 2025 met nog 800 studente te verhoog. Ons sal dit vermag met 'n nuwe voorgraadse fokus op datawetenskap, nuwe diplomaprogramme en die behoud van die huidige uitnemende gehalte van die studente wat elke jaar by die Fakulteit registreer.



Prof Jimmy Volmink

Dekaan: Fakulteit Geneeskunde
en Gesondheidswetenskappe

Die oorkoepelende doel van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) is om mediese en gesondheidswetenskappe-beroepslui te ontwikkel wat daartoe in staat is om gesondheid te bevorder, siekte te voorkom en optimale gesondheidsorg te verskaf.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Die Fakulteit het 'n nuwe Verbintenis vir Gesondheidsberoepslui ontwikkel, wat in Desember 2018 vir die eerste maal deur 423 graduandi afgelê is. Deur middel van hierdie verbintenis onderneem die pas gekwalifiseerde gesondheidsorgverskaffers om, onder andere, mense te respekteer, hulself te versorg, andere met waardigheid, integriteit en deernis te behandel en om in die beoefening van hul beroep weetgierig, denkend en skeptend te bly.

By die Desember-gradeplegtigheid het 277 graduandi hul BMBCh-grade ontvang, die grootste groep tot dusver in die geskiedenis van die Fakulteit. Die slaagsyfer van hierdie groep was 91%, met 'n rekordgetal (26) wat met onderskeiding geslaag het.

Ons Fakulteit het volle akkreditasie vir sy Baccalaureus in Verpleegkunde ontvang en sal in 2019, na 'n onderbreking van byna twee dekades, sy voorgaande verpleegopleidingsprogram hervat met 'n inname van 60 studente.

Die nuwe Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe-biblioteek, 'n R4 miljoen-projek, is in Mei geopen. Hierdie hipermoderne fasiliteit bied innoverende ruimtes vir samewerkende leer en navorsing en spog met konferensie- en klaskamergeriewe wat van die jongste tegnologie getuig.

Ons akademiese personeel munt steeds uit. Prof Susan van Schalkwyk het die Nasionale Voortreflikheid in Onderrig en Leer-toekenning ontvang wat deur die Raad vir Hoër Onderwys en die Hoër Onderwys Leer en Onderrig-vereniging van Suidelike Afrika aangebied word. Prof Marietjie de Villiers is as president van die Afrikaforum vir Navorsing en Onderwys in Gesondheid verkies en prof Bob Mash het die direkte erelewenslidmaatskap van die World Organisation of National Colleges, Academies and Academic Associations of General Practitioners/Family Physicians ontvang. 'n Eregeenootskap van die Royal College of General Practitioners is aan prof Julia Blitz toegeken. Die werk wat deur FGGW-navorsers onderneem word, het verreikende nasionale en globale trefkrag. Die Fakulteit het nou sewe NNS-SARChI-navorsingsleerstoele, waaronder twee nuwes wat in 2018 aan Proff Xikombiso Mbhenyane (Voedsel, Omgewings, Voeding en Gesondheid) en Quinette Louw (Innoverende Rehabilitasie) toegeken is.

Proff Soraya Seedat en Gerhard Walzl het elk 'n Goue Wetenskaplike Meriete-toekenning van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad, wat uitnemendheid in gesondheidswetenskappe erken, ontvang en prof Soraya Baidien het 'n Suid-Afrikaanse Vroue in Wetenskap-toekenning ontvang vir haar navorsing oor Parkinson se siekte.

Prof Rob Warren het deur middel van 'n Kanselierstoekenning erkenning ontvang vir sy voortreflike bydrae tot navorsing op die terrein van die molekulêre epidemiologie van tuberkulose (kyk bladsy 101).

Prof Gerard Tromp is as die president van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bioinformatika verkies en proff Helena Kuivaniemi en Mark Cotton het lidmaatskap van die Akademie van Wetenskap van Suid-Afrika ontvang.



Nkosi Johnson Huis: Universiteit Stellenbosch het die nalatenskap van die ikoniese kinderaktivis vir MIV/vigs, Nkosi Johnson, geëer deur 'n nuwe studentekoshuis met merkwaardige water- en energiebesparende eienskappe na hom te vernoem. Volgens sy pleegmoeder, me Gail Johnson, is dit die eerste keer dat eer aan hom in Suid-Afrika betoon word. Nkosi het 'n groot invloed op openbare persepsies oor MIV uitgeoefen voor sy dood op die ouderdom van 12 in 2001. Ten tye was hy die langsliewende kind wat MIV-positief gebore is. Foto: Wilma Stassen



Die nuutingerigte biblioteek op die Tygerberg-kampus spog met die jongste tegnologiese hulpmiddels. Foto: Stefan Els

VERBREIDING VAN TOEGANG

Die Fakulteit het 'n strategiese komitee gevestig om advies oor werwing, keuring en toelating van voorgraadse en nagraadse studente te verskaf. In 2018 was sowat 37,9% van ons voorgraadse studente wit, en 62,1% was van bruin, swart Afrikaan-, Indier- en Asiër-afkoms. Vroue het 74,3% van die voorgraadse studentekorps uitgemaak.

In ooreenstemming met die Fakulteit se doelstelling om 'n inklusiewe en verwelkomende omgewing te skep het die Dekaan se Advieskomitee oor Transformasie 'n taakspan gevestig om die leiding te neem met die ontwikkeling van 'n Transformasie-oorkonde vir die Fakulteit.

Die FGGW se iThemba-beursfonds het oor die afgelope drie jaar beurse vir altesaam naasteby R5 miljoen toegeken. Daarbenewens is 'n FGGW/Standard Bank-leningskema vir studente beding, wat die finansiering van altesaam R30 miljoen vir lenings aan senior studente behels.

In reaksie op die besorgdheid oor voedselsekureit onder studente op die Tygerbergkampus het 'n span van voorgraadse studente van die FGGW 'n ambisieuse 902 km-fietstoer onderneem. Dié toer het oor agt dae gestrek van Vioolsdrift aan die Namibiese grens tot by Kaap Agulhas, om geld vir die Hippokampusfonds in te samel. Dit sal as aanvulling dien tot die pogings van ons studentgedrewe Tygerberg Pantry Project.

In Mei is die nuutste koshuis op die kampus, Nkosi Johnson Huis, geopen. Dit voorsien huisvesting vir 200 senior studente.

Die filosofie van betrokkenheid van voorgraadse studente in die gemeenskap vir langer geïntegreerde opleiding van tot een jaar, soos deur die Ukwanda-sentrum vir Landelike Gesondheid geloods, word as 'n eerste in Suid-Afrika erken. In 2019 sal hierdie pogings na die Noord-Kaap uitgebrei word.

Prof Ian Couper, direkteur van Ukwanda, het in 2018 'n genootskap van die World Organisation of National Colleges, Academies and Academic Associations of General Practitioners/Family Physicians ontvang. Hy het ook 'n Partner in Health-toekenning van die American International Health Alliance's Twinning Center-program ontvang. Prof Couper is onlangs vir 'n tweede termyn in die invloedryke World Health Organisation's Guidelines Review Committee (GRC) heraanstelling.

Ons navorsingsaktiwiteite dra steeds positief tot samelewingsbehoefes by deur uitsette in terreine soos TB, MIV/vigs en openbare geestesgesondheid. Die Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheidsorg, wat in ons Departement Globale Gesondheid gesetel is, staan in samewerking met die Liverpool School of Tropical Medicine aan die voorpunt van 'n globale konsortium wat hoëprioriteit-navorsingsinteses uitvoer om gesondheidsorgriglyne en -beleid te inspireer wat op arm en kwesbare gemeenskappe gerig is.

Die US en die FGGW het gesamentlik die 9de Annual Consortium of Universities for Global Health (CUGH) aangebied wat in Maart in New York gehou is. Die titel van die konferensie was *Health Disparities: A Time for Action*. Die geleentheid is deur ongeveer 1 800 leiers in gesondheid, ingenieurswese, besigheid, natuurwetenskappe en opvoedkunde bygewoon.

Afrikadag 2018 is by die FGGW gevier met lesings en besprekings oor die tema *Global Health: A time for Action in Africa*.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Ons Fakulteit speel 'n leiersrol op die terrein van landelike gesondheid en landelike gesondheidsberoepe-opleiding deur voorsiening van praktiese modelle, wat ook as 'n hulpbron vir ander instellings, veral in Afrika, dien.

VOORUITSKOING

Ons is deeglik bewus van die ontsaglike uitdagings wat in ons gesondheidsorgstelsel bestaan en die onbillikhede wat daar in gesondheid- en diensverskaffing in Suid-Afrika is. Nogtans is ons gelukkig omdat ons Fakulteit steeds 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die verbetering van die gesondheid van ons nasie. Ons hoop dat ons gegradueerdes in 'n al groter mate 'n leiersrol sal speel om gesondheidsorg in Suid-Afrika en verder te verbeter.



Prof Wikus van Niekerk

Dekaan: Fakulteit Ingenieurswese

Vir 'n driekwart eeu handhaaf die Fakulteit Ingenieurswese nou al 'n trotse rekord deur by te dra tot die land se ekonomie met die opleiding van ingenieurs-gegradueerdes van wêreldgehalte.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

'n Akkreditasiespan van ECSA (Ingenieursraad van Suid-Afrika) het die Fakulteit in September 2018 besoek. Die uitkoms van die besoek was dat ons ses programme steeds deur ECSA geakkrediteer is. Die span was vol lof oor die gehalte van ons onderrig, die omvang van ons fasiliteite en die positiewe ervarings waarvan ons voorgraadse studente getuig het.

Die Fakulteit se programme is hoogs gestruktureerd en lok steeds elke jaar van die beste matrikulante. Sowat 10% van ons bykans 800 eerstejaarstudente het 'n gemiddeld van meer as 90% in matriek behaal. Dié jaar kon die Fakulteit spog dat 2017 se topmatrikulant in die land, Janke van Dyk, gekies het om in 2018 Chemiese Ingenieurswese op Stellenbosch te kom studeer.

Nie net trek ons topstudente nie, Ingenieurswese was ook baie bevoorreg om in die afgelope jaar 'n vooraanstaande akademikus te lok. Prof Andries Engelbrecht, 'n A-gegradeerde NNS-navorsers in Rekenaarwetenskap, sal vanaf 1 Januarie 2019 die Voigt-leerstoel in Datawetenskap in die Departement Bedryfsingenieurswese beklee. Ons kundigheid en uitnemendheid het in 2018 verdere erkenning geniet toe 'n DWT/NNS SA Navorsingsleerstoel in Suikerriet-bioraffinering aan die Fakulteit Ingenieurswese toegeken is. Prof Johann Görgens, hoof van die Biohulpbron-ingenieurswesegroep in die Departement Prosesingenieurswese, beklee hierdie leerstoel.

Ook op die Afrika-kontinent versterk die Fakulteit sy aansien. As 'n aktiewe deelnemer aan die Alliansie van Afrika-navorsingsuniversiteite (ARUA) is die US aangewys om die ARUA Sentrum van Uitnemendheid in Energie te huisves. Die Energiesentrum is multidisiplinêr en bestaan uit 'n netwerk van 15 universiteite wat aandag wil gee aan die nexus tussen energie, water en voedsel deur toegepaste navorsing om volhoubare landbou-ontwikkeling in Afrika te verseker. Twee van die Fakulteit se gesiene navorsers op die gebied van energie, proff Sampson Mamphweli en Johann Görgens, dien as die direkteure van die nuwe ARUA Sentrum van Uitnemendheid in Energie.

Ons wêreldklas-navorsingsfasiliteite is dié jaar verder uitgebrei met 'n groot waaier-en-verkoelingstelsel-toetsfasiliteit, die enigste in sy soort ter wêreld, wat amptelik in November by die Ingenieurswese-kompleks geopen is. Hierdie uitsonderlike fasiliteit is opgerig as deel van die Universiteit se deelname aan die Europees-befondsde Horizon2020 MinWaterCSP-projek.

VERBREIDING VAN TOEGANG

Om Ingenieurswese as beroep te bevorder en ook die tekort aan ingenieurs in die land te probeer verlig, doen die Fakulteit al meer as 15 jaar lank gerigte voorgraadse studentewerwing regoor die land en in Namibië. Die tweeledige doel is om die beste studente te trek en terselfdertyd diversiteit te bevorder. Hierdie diverse groep sluit studente in vir wie Stellenbosch nie voorheen 'n voorkeuruniversiteit sou gewees het nie. Dit sluit ook studente in wie se ouers nie aan 'n tersiêre inrigting gestudeer het nie en in hierdie hoedanigheid dus nie as rolmodelle vir naskoolse opleiding kan dien nie. Groot moeite word ook gedoen om die ingenieursberoep onder vroue te bevorder.

Eerstegenerasie-ervaring

Universiteite kan nogal skrikwekkend wees vir leerders wat nie ondervinding van akademiese of tersiêre instellings het nie. Op 10 Mei 2018 het die Fakulteit Ingenieurswese topleerders in graad 11 en 12 verwelkom wie se ouers nie die geleentheid gehad het om by 'n universiteit te studeer nie. Tydens hierdie geleentheid, wat die Eerstegenerasie-ervaring genoem word, kon leerders die opwindende atmosfeer van die kampus ervaar, van die ses Ingenieursprogramme hoor en selfs die dekaan ontmoet.



Die Fakulteit se studentewerwer, August Engelbrecht, en die entoesiastiese topleerders wat die Eerstegenerasie-ervaring meegeemaak het.

Eerste vrou aangestel as volle professor in Ingenieurswese

Prof Cara Schwarz is die eerste vrou wat as volle professor in die Fakulteit Ingenieurswese aangestel is. Sy is 'n volbloed-Matie met BIng (Chemies) in 1999; MScIng (Chemiese Ingenieurswese) cum laude in 2001 en PhD in 2005 behaal. Haar navorsingsveld is termodinamika en die impak daarvan op skeidingsprosesse met spesifieke fokus op hoëdruk/superkritiese en gevorderde distilleringprosesse. Sy is 'n gerekende navorser en is in Julie deur die internasionale Journal of Chemical Engineering vereer as een van 25 opkomende navorsers wat die veld van termodinamika oor die volgende paar jaar sal bepaal.



Prof Cara Schwarz met haar nagraadse studente.

Die Fakulteit het sedert 2017 nouer bande gesmee met instansies soos SUNCEP (Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie), die Departement vir Wetenskap en Tegnologie (DWT), die Suid-Afrikaanse Agentskap vir die Bevordering van Wetenskap en Tegnologie, die Moshul Scholarship Foundation en vele ander. Dié instansies bedryf programme soos Saterdag- en vakansieskole waar spesifiek gekeurde graad 11- en 12-topleerders in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe bykomende ondersteuning in dié vakke ontvang om hulle beter voor te berei vir skool- en universiteitstudie. Een goeie voorbeeld hiervan is die Talent Development Programme wat deur die DWT befonds en deur SUNCEP geadministreer word. Die program vind in al nege provinsies plaas.

Ingenieurswese se programme is uitdagend en veeleisend. Die vele ondersteuningstelsels wat ons oor die jare daargestel het om studente te ondersteun, het 'n groot verskil gemaak. Dit sluit onder andere tutor- en mentorprogramme, dekaansperiodes, hersieningslesings en groepleersessies vir eerstejaars sowel as die aanstelling van twee deeltydse opvoedkundige sielkundiges in. In die dekaansafdeling hanteer een personeelid die taak van studenteondersteuning en 'n ander een se aandag is uitsluitlik op studentewerwing en studente-retensie gerig.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Die meeste van ons navorsingsprojekte word gedryf deur en is van toepassing op werklike ingenieursprobleme in die gemeenskap. Ons glo dat ons navorsing inderdaad 'n groot positiewe impak op die breër samelewing het en mense se lewensgehalte en -standaard verbeter. Die Fakulteit is uiters geslaagd om bedryfsprobleme saam met die industrie op te los en geniet groot ondersteuning van en erkenning deur die industrie.

Voorbeelde van bogenoemde ondersteuning is beduidende befondsing wat vir twee verskillende navorsingsprojekte ontvang is. Prof Coenrad Fourie is tans mede-hoofondersoeker op 'n vyfjaar-projek wat deur IARPA (Intelligence Advanced Research Projects Activity) in die VSA befonds word. Die projek op die gebied van geïntegreerde supergeleierbane beloop oor die R30 miljoen en befonds tans een na-doktorale genoot, een ingenieur, ses doktorale en vier meestersgraadstudente. Die Fakulteit se Eenheid vir Brandingenieurswese-navorsing (FireSUN) het 'n finansiële inspuiting van R2,9 miljoen ontvang van die Lloyd's Register Foundation. Dit sal gebruik word om Afrika se heel eerste nagraadse program in brandingenieurswese te ontwikkel, wat die nodige kundigheid sal voorsien om alle gemeenskappe in Afrika teen brande te help beskerm.

Om verhoudinge en netwerke met die industrie te verstewig en uit te brei, het die Fakulteit einde November sy eerste Industrie-opedag in samewerking met die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied. Navorsers het plakkaats van hul jongste navorsing uitgestal en gesprekke gevoer met die afgevaardigdes wat die geslaagde dag bygewoon het. Dit was 'n ideale geleentheid vir industrievennote en navorsers om te gesels met die oog op moontlike samewerking. Tydens die geleentheid is die Fakulteit se jongste glanspublikasie, *Research Finder*, bekendgestel. Dit bevat nuttige inligting oor ons navorsingsprojekte asook die kontakbesonderhede van die betrokke navorsers.

Die Adviesraad van die Fakulteit is in 2018 hersaamgestel met 'n paar prominente nasionale en internasionale swaargewigte uit die akademie en industrie wat daarin dien.

VOORUITSKOING

'n Opwindende belegging in die volgende sewe tot agt jaar is die R720 miljoen wat bestee gaan word vir die opknapping van die Ingenieurswese-gebouekompleks. Die Departement Bedryfsingenieurswese spog nou vir die eerste maal met hul eie gebou nadat hulle in 2018 die ou Informatietegnologiegebou betrek het ná omvattende verbeterings. Volgende aan die beurt is die Meganiese en Megatroniese Ingenieursgebou, met die geboue van Prosesingenieurswese, Siviële Ingenieurswese en Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese wat daarop sal volg. In 2019 sal 'n splinternuwe Plaveisel laboratorium ook opgerig word.

Die Fakulteit vier in 2019 sy 75ste bestaansjaar. Met goeie studente, dosente, ondersteuningspersoneel, asook opgeknapte en moderne fasiliteite sien die Fakulteit Ingenieurswese daarna uit om steeds goeie ingenieurs aan Suid-Afrika te lewer.



Prof Sam Tshehla

Dekaan: Fakulteit Krygskunde

In die moderne era word daar van militêre organisasies verwag om baie meer te doen as om troepe en bevelvoerders op te lei en te onderrig. In die sekuriteitskonteks van die 21ste eeu is dit noodsaaklik vir gewapende magte om soldate met uitstekende kennis en sterk karakters te produseer. Suid-Afrikaanse soldate moet die waardes van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) personifiseer en in alle aspekte van krygsverrigtinge sowel as vredesbestuur 'n kryger-etos vertoon.

Onderrig en opleiding lê die grondslag vir kennis, en ontwikkel leiers wat hulself en die land op 'n effektiewe manier in 'n vinnig veranderende sekuriteitsomgewing kan beskerm. In sy strewe om die kultuur van lewenslange leer by die manne en vroue in uniform te laat posvat, het die Departement van Verdediging die taak om Suid-Afrikaanse soldaatvakkundiges en -diplomate te produseer aan die Universiteit Stellenbosch (US) se Fakulteit Krygskunde toevertrou.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie is teen die skilderagtige hange van Malgaskop geleë, met 'n uitsig oor die historiese Saldanhabaai. Dit is vandag die akademiese tuiste van meer as 500 manne en vroue in ses voorgraadse programme wat op twee platforms (residensiële en afstandsonderrig) aangebied word, nege BMil-honneursprogramme, sewe meestersgraadprogramme en een doktorsale program, naamlik die PhD in Krygskunde.

Ons vermeld met trots dat 85 van ons studente in 2018 grade verwerf het: 65 BMil-grade (twee daarvan is cum laude toegeken), 17 BMil-honneursgrade, en, vir die eerste keer, drie doktorsgrade. Die eerste twee PhD-gegradueerdes in Krygskunde, dr Evert Kleynhans (met prof Ian van der Waag as studieleier), en kapt Andries Putter van die Suid-Afrikaanse Vloot (met kdr (dr) Ishmael Theletsane as studieleier), se grade is in Desember 2018 toegeken. Dr Wilhelm Janse van Rensburg (met prof Francois Vreÿ as studieleier) het in April 2019 die Fakulteit se derde PhD-gegradueerde geword.

Militêrewetenskapstudente se militêre gedrag en offisiërskehouding word ook getoets. Kandidaatoffisier Gugu Ntobeko Nxumalo was vir die 2018 akademiese jaar die ontvanger van die eresabel wat toegeken word aan die beste derdejaarstudent wat die ander deur sy of haar voorbeeld as 'n offisier geïnspireer het.

Ons was in die oorsigjaar die gasheer vir die jaarlikse Internasionale Konferensie van Publiekeadministrasie en -ontwikkelingsinisiatiewe (IPADA) wat aangebied is om samewerking en die uitruil van kennis te fasiliteer. Die konferensietema was *Die beeld van 'n Afrika-politikus en 'n staatsamptenaar in die 21ste eeu*. Dit was 'n suksesvolle gesamentlike onderneming deur die Universiteit van Limpopo en die Fakulteit Krygskunde, en is bygewoon deur 151 afgevaardigdes uit Botswana, Malawi, Suid-Afrika en Uganda.

Ons was in 2018 ook die gasheer vir drie belangrike geleenthede oor kuberoorlogvoering en -strategie. Een van hulle was 'n simposium oor kuberintelligensie en -oorlogvoering, gesamentlik aangebied deur die Fakulteit (met me Noëlle van der Waag-Cowling as hoofkoördineerder) en African Aerospace and Defence (AAD).

Die Verenigde Nasies (VN) en die Noorweegse Instituut vir Internasionale Sake (NUPI) het prof Thomas Mandrup van die Sekuriteitsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika (SIGLA) aan die US by 'n internasionale navorsingsprojek oor die ontleding van die effektiwiteit van vredesendings in Afrika betrek. Hy is 'n lid van die span vir veldnavorsing en verslagdoening van die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK). Verder het die NNS 'n Grootkonferensieskenking ter waarde van R650 000 aan SIGLA toegeken om te help met die befondsing van die jaarlikse internasionale konferensie van die Akademiese Raad vir die VN-stelsel wat die Universiteit in 2019 gaan aanbied.

Wat die uitruil van personeel betref, het proff Christian Bueger (Universiteit van Cardiff) en Musambayi Katumanga (Universiteit van Nairobi) tydelik by SIGLA kom navorsing doen, en die Koninklike Deense Verdedigingskollege in Kopenhagen was die gasheer van kapt Mark Blaine van die Suid-Afrikaanse Vloot.



Prof Thomas Mandrup besig met veldnavorsing in die DRK saam met NUPI en die VN.

Op die gebied van personeeluitnemendheid het die Akademie se top- akademiese student van 2017, kandidaatoffisier RM Mahlangu, in 2018 vir me Theletsane hoog aangeprys as die dosent wat die grootste bydrae tot haar sukses gemaak het. Maj (dr) Vusi Malaza het sy PhD in Fisika by die US se Fakulteit Natuurwetenskappe voltooi, en dr Oscar Mthembu het sy PhD in Bedryfsielkunde aan die Universiteit van Wes-Kaapland behaal. Die US het tydens 'n glansryke geleentheid aan die einde van 2018 aan prof Oluwale Makinde erkenning verleen vir sy uitnemende bydrae tot navorsing in Militêre Wiskunde. Hy was die redakteur van twee boeke, het ses hoofstukke tot boeke bygedra, en meer as 80 artikels die lig laat sien.

Vir die eerste keer in die Fakulteit se geskiedenis het vyf intreerendes in dieselfde jaar plaasgevind, naamlik dié van proff Sam Tsehla, Gielie van Dyk, Ian van der Waag, Francois Vreÿ en Oluwale Makinde.




Die Fakulteit se eerste doktore: Dr Evert Kleynhans en kapt (SAV) dr Andries Putter, die Militêre Akademie se eerste twee ontvangers van PhD-grade in Desember 2018.

Die Fakulteit het op 1 Augustus 2018 as gasheer opgetree vir die bekendstelling van drie boeke, naamlik *A Military History of Modern South Africa*, deur prof Ian van der Waag; *South Africans versus Rommel: The Untold Story of the Desert War in WWII*, deur maj David Katz; en *The First Battle of El Alamein, 1–30 July 1942: A South African Perspective*, deur kol (dr) James Jacobs. Hierdie boeke tel onder die geakkrediteerde navorsingsuitsette deur die Fakulteit se personeel, wat tussen 2013 en 2017 bestendig toegeneem het, soos hier onder aangedui.

Fakulteit Krygskunde se navorsingsuitsette 2007–2017

■ Geakkrediteerde uitsette vir die jaar



VERBREIDING VAN TOEGANG

Die Fakulteit het in ooreenstemming met sy diversiteitsdoelwitte en die Departement van Verdediging se transformasiebeleide gekwalifiseerde personeel aangestel. Ses nuwe akademiese personelede het vir diens aangemeld – vier met doktorsgrade en twee met meestersgrade. Hierdie aanstellings sal verbeterde dienslewering moontlik maak, asook die uitbreiding van ons gemengdeleer- akademiese aanbieding.

Ons het twee nuwe akademiese programme ingestel wat meer geleenthede vir nagraadse studie sal skep en die aantal nagraadse studente in die Fakulteit sal vergroot. Van 2019 af sal die Nagraadse Diploma in Verdedigingsstudie by die Suid-Afrikaanse Nasionale Oorlogkollege en die MMil-generies by die Nasionale Verdedigingskollege aangebied word.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Lede van die akademiese personeel is besig om die gemeenskap in Vredendal te ontwikkel deur te help om graad 12-leerders se Wiskundepunte dramaties te laat verbeter. Deur MASIZA, die Militêre Akademie se gemeenskapsdiensorganisasie, het studente projekte van Qunu in die Oos-Kaap tot by Saldanhabaai aan die Weskus aangepak en hulle leierskapsvaardighede laat blyk deur fondsinsameling en die skoonmaak van weeshuise en tehuise vir bejaardes. Só is bewustheid van die Universiteit vergroot (die projekte is deur Maties-gemeenskapsdiens onderskryf) en hulle aksies het wye mediadekking geniet in die dorpe op die Tuinroete. In Saldanha het die Skool vir Menslike en Organisasie-ontwikkeling werkwinkels in beroepsleiding vir leerders van die Diazville-hoërskool aangebied.



Die Skool vir Menslike en Organisasie-ontwikkeling gee beroepsleiding aan leerders van die Diazville-hoërskool in Saldanha.



Prof Anthony Leysens

Dekaan: Fakulteit Lettere
en Sosiale Wetenskappe

Die Times Higher Education World University Rankings het ons fakulteit in 2018 onder die beste 251 tot 300 geesteswetenskappefakulteite ter wêreld geplaas. Sulke prestasies is uitsluitlik aan ons personeel se uitnemendheid te danke. Kritiese denke, gesprekke, eietydse sosiale dinamika en die afbreek van interdisiplinêre grense is die kern van onderrig in die kunste, tale en sosiale wetenskappe. Markterugvoer dui aan dat ons gegradueerdes gewild is by werkgevers danksy hulle vermoë om buite paradigmatiese grense te dink en omdat hulle nuwe, uitdagende vrae vra wat daarop gemik is om die status quo en konvensionele antwoorde te bevraagteken.

Op akademiese gebied vaar die Fakulteit goed. Kyk maar die toename in voorgraadse en honneurs-graadkwalifikasies wat die onderstaande tabel aandui.

GRADE TOEGEKEN, 2016–2018

JAAR	VOOR- GRAADS	HONNEURS	MAGISTER	DOKTORS
2016	707	261	197	52
2017	821	288	193	57
2018	856	305	174	50

Ons nagraadse skool het in 2018 sy 114de doktorsgraad sedert sy ontstaan in 2010 toegeken. Dit bring ons 'n stappie nader daaraan om wal te gooi teen die uitvloeï van kundigheid uit ons vasteland deur PhD-gegradueerdes in Afrika te onderrig en op te lei om in 'n universele konteks te reageer op uitdagings wat eie is aan hierdie vasteland.

Die getal navorsers in ons fakulteit wat deur die Nasionale Navorsingstigting gegradeer is, het toegeneem van 67 in 2016 tot 85 in 2018.

TRANSFORMASIE VAN ONS RUIMTES

Die Fakulteit het in 2018 'n Transformasiekomitee tot stand gebring. Alhoewel dié komitee, met dr Ubanesia Adams-Jack as voorsitter, nog in sy kinderskoene is, het hy reeds begin met die bevordering van inklusiwiteit in die Fakulteit, en sal in 2019 teen 'n vinniger tempo daarmee voortgaan. Danksy 'n voorstel deur 'n kollega met 'n gestremdheid wat 'n lid van die Komitee is, is 'n rondleiding op die kampus in 2018 gehou sodat medepersoneellede van die Fakulteit kon begin verstaan hoe moeilik dit steeds vir persone met gestremdhede is om toegang tot sommige plekke op die kampus te verkry.

Die oorsigjaar was ook die 100ste herdenking van die ontstaan van die Universiteit Stellenbosch en van ons fakulteit. Hierdie mylpaal



Die ingang tot die heringerigte en hernoemde Adam Small-teaterkompleks.

het saamgeval met die amptelike opening van die opgeknapte HB Thom-teater as die Adam Small-teaterkompleks op 24 November, as eerbetoon aan die bekroonde digter en dramaturg aan wie die Universiteit in 2015 'n eredoktorsgraad toegeken het.

As deel van ons Eufeeshedenking het ons paneelbesprekings gehou oor rassewetenskap, kuns as protes en maatskaplike verandering, en kunsmatige intelligensie. Die panele het bestaan uit kenners uit die akademie, oudstudee en huidige studente.

In Oktober het die Africa Open-instituut (AOI), 'n interdisiplinêre navorsingsinstituut vir musiek wat op Afrika-musiek fokus, die eindresultaat onthul van 'n projek wat daarop gemik is om erkenning te verleen aan die geskiedenis van die eiendom waar die AOI se kantore is, naamlik Joubertstraat 7, Stellenbosch. Dit het aan die Okkers-familie behoort, van wie baie lede tans in Idasvallei woon, en sal voortaan bekend staan as die Pieter Okkers-huis, ter ere van die eerste inwoner daarvan, mnr Pieter JA Okkers (1875-1952). Die naamgewing is 'n tasbare erkenning van die impak wat die Groepsgebiedewet gehad het op die gemeenskap wat gewoon het in die deel van Stellenbosch wat Die Vlakte genoem word. Dit skakel in by ons ander projekte, soos die permanente Die Vlakte-installasie op die tweede verdieping van die Lettere-gebou.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

In die afgelope jaar het ons personeel en studente weereens die leiding geneem met hulle baanbrekernavorsing en -prestasies.

Me Susan Njeyiyana, 'n dosent in die Departement Algemene Taalwetenskap, was die ontvanger van 'n toekenning vir Belowende Jong Taalwetenskaplike vir 'n plakkaataanbieding by die hoog aangeskrewe 20ste Internasionale Taalwetenskapkongres in Kaapstad. Njeyiyana, wat Doof is en Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SASL) as haar eerste taal gebruik, doseer Gebaretaal aan L2-eerstejaarstudente in die Departement. Haar plakkaattema was gegrond op die navorsing wat sy vir haar honneursgraad gedoen het en het gefokus op die vraag of daar bewyse is dat daar SASL-dialekte in skole vir Dowes is.

Prof Ursula van Beek, die stigter en Direkteur van die Transformasienavorsingseenheid (TRU) in die Departement Politieke Wetenskap, het 'n nuwe boek oor demokrasie, *Democracy under Threat: A Crisis of Legitimacy?*, die lig laat sien. Hierdie boek, waarvan prof Van Beek mede-outeur en redakteur is, plaas die kollig op die talle bedreigings waarvoor demokrasie vandag te staan kom en fokus op 'n vergelykende ondersoek van die Suid-Afrikaanse demokrasie in die konteks van die Suider-Afrika-streek en wêreldwyd uit 'n politieke, ekonomiese en sosiale perspektief. Die Konrad Adenauer-stigting het nege eksemplare van die boek aan Suid-Afrikaanse universiteite geskenk.

Prof Lindy Heineken, een van die toonaangewendste militêre sosioloë in Suid-Afrika, het die leiding van die Internasionale Sosiologiese Vereniging (ISA) se Navorsingskomitee vir Gewapende Magte en Konflikresolusie (RC01) vir 'n driejaartermyn oorgeneem toe sy as president van die RC01 verkies is. Die RC01 is die mees verteenwoordigende wetenskaplike organisasie vir die bestudering van gewapende magte in die samelewing, met lede uit Oos-Europa, Asië, Europa en Amerika.

Dr Xanthe Hunt (PhD in Sielkunde) het die gesogte Kanseliersmedalje tydens die Desember-gradeplegtigheid ontvang (kyk bladsy 99). Sy is die tiende ontvanger uit die Fakulteit sedert die medalje vir die eerste keer toegeken is in 1961. Die Fakulteit is trots op hierdie uitsonderlike prestasie!

Talle van ons nagraadse studente is elke jaar betrokke by navorsing met 'n plaaslike, streeks- en wêreldwye impak. Dr Valentin Uwizeyimana, die eerste student uit Rwanda wat aan die Fakulteit se Nagraadse Skool studeer het, het sy PhD in Desember behaal. Sy navorsing – die eerste van dié soort wat in Afrika uitgevoer is – het gefokus op die gebruik van 'n verskeidenheid van selfoon-toeops om die aanleer van vreemde tale te vergemaklik. Sy bevindings bied 'n oorkoepelende oplossing vir die uitdaging wat leerders in die gesig staar wanneer die teikentaal wat hulle gebruik, óf 'n vreemde taal is, óf 'n taal is wat nie werklik in hulle gemeenskappe gepraat word nie.

Nog 'n noemenswaardige prestasie was dié van Marguerite Kirsten, 'n MA-student in Visuele Kunste, wat die gesogte 2018 Absa L'Atelier-toekenning gewen het. Kirsten, wat al weens 'n chroniese niersiekte aan verskeie mediese toestande gely het, het 'n uitmergelende siekte gebruik as inspirasie vir haar installasie waar sy LED-ligte, mediese onderhoude, koper, laboratoriumglasware en selfs urine gebruik het om haar eie stryd met 'n "siek liggaam" uit te beeld. Lemeze Davids, 'n Visuele Kunste-oudstudent, was ook een van die tien finaliste vir die toekenning.

VOORUITSKOUING

In November 2018 het die US Raad die Fakulteit se vernuwingsplan aanvaar. Dié plan fokus op die verreikende en fundamentele vernuwing van die voorgraadse program, wat die vinnig veranderende wêreld van werk weerspieël, sowel as die konsolidasie van voorgraadse modules, voorgraadse deursetkoers, nagraadse deursetkoers en groei, kommersialiseringsprojekte in die kunste, die uitbreiding en befondsing van ons nagraadse skool, en die herontwerp van ons begrotingsmodel om optimale kruissubsidiëring te verseker. Nou moet ons volhou met hierdie momentum en voortgaan om die doelwitte wat in ons plan uiteengesit is, te bereik. Wanneer ek terugdink aan die afgelope 30 maande, is ek trots op wat ons bereik het en op hoe ons onder moeilike omstandighede steeds uitblink het in onderrig, navorsing en sosiale impak. Dit is danksy die kaliber en toewyding van ons personeel, wat groot erkenning en waardering verdien.



Prof Louise Warnich

Dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe

Wêreldwye ontwikkelings in die wetenskap, tegnologie en innovering is grondliggend aan 'n verandering van die manier waarop mense leef, kommunikeer en onderhandel, met diepgaande gevolge vir ekonomiese groei en ontwikkeling. Die meerderheid van Suid-Afrika se nuwe kennis word binne universiteite en navorsingsrade ontwikkel. Die Fakulteit Natuurwetenskappe bied reeds langer as 'n eeu 'n eerste klas navorsingsomgewing en institusionele steun en vakkennis van 'n omvangryke aard om ons studente te ondersteun.

Aan die navorsingsfront het prof Hermann Uys en sy span vaste kwantumbisse gedemonstreer, wat 'n eerste vir Suid-Afrika en Afrika is. Navorsers van die NNS-DWT Sentrum van Uitnemendheid vir Biologiese Indringings was die voorste skrywers van die eerste nasionale statusverslag oor biologiese indringings in die land.

Die Fakulteit het in die verslagjaar sy internasionale voetspoor beduidend vergroot deur aktiewe samewerking, personeel- en studente-uitruiling en medepublikasies saam met internasionale instellings. Hoogtepunte sluit die ondertekening van ooreenkomste met die Universiteit van Oslo en die Universiteit Claude Bernard Lyon I in. Gesamentlike PhD-grade is saam met die Vrije Universiteit Brussel en die Universiteit van Jean Monet by Saint Etienne toegeken.

Toekennings aan personeel

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Havengapryse vir Fisiese en Lewenswetenskappe is onderskeidelik aan prof Ben Herbst en prof Emile van Zyl toegeken. Prof Resia Pretorius het die NSTF-toekenning vir 'n gevestigde navorser ontvang, terwyl dr Rehana Malgas-Enus die NNS-toekenning van Uitnemendheid in Wetenskapsbetrokkenheid verwerf het.

Prof Harold Pasch is met 2017 se Goue Medalje van die SA Chemie-instituut vereer. Prof Bert Klumperman het die John FW Herschel-medalje van die Royal Society of South Africa (RSSA) ontvang en prof Guy Midgley was die eerste ontvanger van die RSSA se Marloth-medalje.

Prof Jannie Hofmeyr en prof Emile van Zyl het die US se 2018-Kanselierstoekenning vir Uitnemendheid in Navorsing oor 'n uitgebreide tydperk ontvang, terwyl prof Ingrid Rewitzky vir uitnemendheid in leer en onderrig erkenning ontvang het (kyk bladsye 100 en 101). Prof Faadiel Essop en dr Bjorn von der Heyden het albei onderrigvoortreflikheidstoekennings van die Universiteit ontvang.

Prof Willem Visser is deur die Vereniging vir Rekenaarwetenskap gekies as een van 'n uitgelese groep vooraanstaande lede vir sy voortreflike navorsingsbydrae tot die terrein van rekenaarwetenskap en informasietegnologie, terwyl prof Stephan Wagner die Suid-Afrikaanse Wiskundige Vereniging se toekenning vir navorsingonderskeiding ontvang het.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Die Fakulteit handhaaf 'n sterk navorsingsetos, met agt SARCHI-leerstoele en drie NNS-DWT-sentra van uitnemendheid, terwyl 70% van ons volttyds ekwivalente personeel NNS-graderings het. Vir die tweede opeenvolgende jaar het die Fakulteit 'n rekordaantal navorsingspublikasies gelewer, met die 2017-publikasie-eenhede wat 14% meer is as dié van 2016.

VERBREIDING VAN TOEGANG

Die Fakulteit is een van 'n paar natuurwetenskapafkante in die land wat aan hul inskrywingsteikens vir 2018 voldoen het, en ons trek steeds toppresterende-kandidate uit alle etniese groepe. Net meer as 26% van die studentekorps van 3 139 studente studeer nagraads, terwyl 35% van die voorgraadse en byna 41% van die nagraadse

studente van bruin, swart Afrikaan-, Indiër- of Asiër-afkoms is. Die getal nagraadse studente het van 626 in 2013 tot 817 in 2018 toegeneem (167 HonsBSc-, 239 MSc- en 264 PhD-studente, van wie 20 MSc-studente van die African Institute for Mathematical Sciences (AIMS) is.

Vir die voortdurende opleiding van tutors in die Fakulteit is 'n drievlak-aanlyn-kortkursus in 2017 gekonseptualiseer. Minstens 50 tutors het in 2017 vir die eerste vlak ingeskryf, met die tweede vlak wat in 2018 ingestel is. Die sukses van hierdie inisiatief het 'n universiteitwye projek vir Aanlyn-tutoropleiding geïnspireer. Die gedifferensieerde tutorondersteuningsprogram het tot 'n dieper leerbetrokkenheid en beter slaagsyfers vir eerstejaar-Wiskunde, -Fisika, -Chemie en -Biologie bygedra.

Navorsers het, deur die Natuurwetenskappe-leer-en-onderrynaaf, hul onderrig- en leerinisiatiewe by seminare wat deur die Fakulteit, die Sentrum vir Onderrig en Leer, en die jaarlikse SoTL-konferensie aangebied is bekendgestel, waar die aantal aanbiedings van ons personeel van slegs vyf in 2016 tot 15 in 2018 toegeneem het.

Die Fakulteit se Adviesraad, wat in 2016 gevestig is, voorsien steeds waardevolle insette. 'n Nuwe ooreenkoms is met internasionale vennote gesluit, en 'n vyfjaar-navorsingskontrak is bereik weens fasilitering deur Adviesraadlede. Die tweede Wetenskapuitstalling, wat in samewerking met die Fakulteit Ingenieurswese aangebied is, is goed bygewoon. 'n Ooreenkoms is met Krygkor onderteken waardeur die Departement Fisika 'n Virtuele Verdedigingsbetrokkenheidsprogram en 'n Laserverdedigingsprogram kan ontwikkel.

Die verslagjaar het toenemende betrokkenheid by multidisiplinêre inisiatiewe oor fakulteite heen getoon, soos die Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie, die US Instituut vir Biogeneeskundige Ingenieurswese, die Afrika-Mikrobioominstituut en die pas bekendgestelde Skool vir Datawetenskap en Rekenaardanke. Die aanbieding van die Diep Leer-indaba, in samewerking met DeepMind en Google Brain, was 'n hoogtepunt van die jaar.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Die Departement Chemie en Polimeerwetenskap se uitreikingsinisiatief, SUNCOI, het 'n samewerkingsooreenkoms met die Universiteit van Pretoria en die Nelson Mandela Universiteit gevestig om soortgelyke programme te onderneem. Die Stigting vir Bemagtiging van Afrikaans het die aanbieding van SUNCOI-materiaal aan leerders in Afrikaans en 'n program vir skole in Namakwaland geborg.

Die Departement Aardwetenskappe het, in samewerking met North Carolina State University, die *Transatlantic Science Education Cooperative*-program ingestel vir 45 onderwysers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement. Die doel daarvan is om die ontwikkeling van Burgerwetenskap-projekte in Wes-Kaapse en Suid-Afrikaanse klaskamers te kweek.

Navorsers van die Departement Mikrobiologie het met die Sustainable Livelihoods Foundation saamgewerk aan 'n Wellcome-openbarebetrokkenheidsprojek bekend as *Bucket Loads of Health*. Deelnemende en skeppende metodes is gebruik om by gemeenskappe van Enkanini en Delft betrokke te raak.

VOORUITSKOUING

Wat ons oor die afgelope 100 jaar bereik het kan toegeskryf word aan die toewyding, skeppende vermoë en dikwels briljantheid van ons studente, navorsers, dosente en steundienspersoneel wat bygedra het tot die ontwikkeling en deel van kennis op 'n nasionale en internasionale vlak. Ons sukses in die toekoms sal steeds afhang van mense, en die vermoë om 'n omgewing daar te stel waarin hulle kan floreer. Dit is nie moontlik om te weet waar hierdie Fakulteit hom oor 'n verdere honderd jaar sal bevind nie. Die een ding wat ons egter uit die verlede geleer het, is dat wat ons nou doen belangrik sal wees vir diegene wat ná ons kom.



Een van die hoogtepunte van die Fakulteit Natuurwetenskappe se eeufeesvierings was die publikasie van 'n boek oor ons geskiedenis oor die afgelope eeu. Hierdie koffietafelboek, *A particular frame of mind. Faculty of Science, Stellenbosch University. 1918-2018*, is tydens 'n gala-ete op 1 Oktober 2018 bekendgestel. Foto: Clive Hassall



Een van die geleentheidsprekers by die Diep Leer-indaba, wat deur die Universiteit Stellenbosch aangebied is, was dr. Mustapha Cissé, hoof van die Google AI Lab in Ghana, 'n deskundige op die gebied van billikheid, deursigtigheid en betroubaarheid in masjienleer. Foto: Stefan Els



Prof Johan Malan

Waarnemende Dekaan:
Fakulteit Opvoedkunde

Die Fakulteit Opvoedkunde word gekenmerk deur sy betrokkenheid by onderwyseronderrigprosesse, 'n nasionale vaardigheid wat deur die Departement Hoër Onderwys en Opleiding gekoördineer word. Die programme wat hiermee verband hou, fokus op professionele leer en voorbereiding vir die werk as professionele onderwysers. Die Fakulteit is ook verbind tot die lewering van gekwalifiseerde kandidate in die skaarsvaardighedekategorie van aanvangsonderwyseropleiding, met 410 studente wat hulle kwalifikasies in 2018 ontvang het. Dit is ver oor die ministeriële teiken van 355 gegradueerdes vir 2019 (kyk "Ministeriële inskrywings- en effektiwiteitsteikens" op bladsy 19).

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Die Fakulteit Opvoedkunde is uitsonderlik in die sin dat 73% van die akademiese personeel doktorsgrade het (US = 64%) en 20 van die lede van hierdie klein fakulteit Nasionale Navorsingstigting (NNS)-gegradeerde navorsers is, terwyl die geweege navorsingsuitset van 2,9 per dosent die 2,5 van die res van die Universiteit oortref. Verder kan ons met trots vermeld dat 64,3% van die permanente personeellede uit die aangewese groepe (bruin, swart Afrikaan, Indiër en Asiër (BSIA)) afkomstig is.

Ons personeel se toewyding gaan ook nie ongesiens verby nie. Die volgende toekennings is aan personeel gemaak:

- Prof Aslam Fataar: Kanselierstoekenning vir Navorsing (kyk bladsy 100)
- Prof Yusef Waghid: Viserektorstoekenning vir Navorsing
- Prof Nuraan Davids: Viserektorstoekenning vir Navorsing
- Prof Lesley le Grange: Rektorstoekenning vir Uitmendheid
- Prof Nuraan Davids: US se Media-denkleiertoekenning 2018
- Prof Michael le Cordeur: US se Media-denkleiertoekenning 2018
- Prof Jonathan Jansen: US se Media-denkleiertoekenning 2018

Ons fokus op die verbetering van die nagraadse deurvloeiakoers is duidelik sigbaar in die groter getal meestersgraad- en PhD-gegradueerdes (onderskeidelik 41 en 22) in 2018.

Dis noodsaaklik dat transformasie aan die hand van 'n strewe na uitnemendheid geskied. Transformasie is gesetel in die manier waarop ons as 'n fakulteit ons navorsings-, onderrig- en gemeenskapsinteraksie benader, sodat ons kan leer om ander mense se leefwêreld en perspektiewe raak te sien en te waardeer.

VERBREDING VAN TOEGANG

Onderwysonderrigprosesse as nasionale vaardigheid het 'n verreikende impak op alle onderwysinstellings en hou verband met nasionale maatskaplike prioriteite en ontwikkeling. Die Fakulteit gebruik die Universiteit se hulpbronne op hierdie manier om by te dra tot transformasie in die samelewing deur die voorsiening van navorsingsinsigte en -prosesse om goeie onderwysers op te lei en stelsels te herstel. Dit sal die samelewing help om te baat by die lewensgeleenthede wat goeie onderwys kan bewerkstellig.

Transformasie moet, in die lig van die belangrikheid daarvan, gesien word as deel van 'n breë stel prosesse wat katalisators vir verandering is om die samelewing oor die algemeen te verbeter. Uit 'n opvoedkundige oogpunt omhels en ondersteun die Fakulteit kritiese omgang met en die implementering van beleide wat op verandering fokus. Transformasie is 'n belangrike fokuspunt wat 'n integrale deel van alle opvoedkundige programme uitmaak, aangesien dit 'n aanenlopende proses is wat nie as 'n middel tot 'n doel of 'n doel op sigself beskou word nie.

In 2018 het 1 854 studente by die Fakulteit ingeskryf, en 672 kwalifikasies is toegeken. Die gesamentlike modulesuksessyfer vir voor- en nagraadse studente was 93,1%, terwyl die Universiteit se suksessyfer 86,4% was. Die persentasie studente uit die BSIA-groepe is ongeveer dieselfde as dié van die Universiteit en sal aansienlik verbeter kan word indien ons ons op studente met isiXhosa as huistaal toespits.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Akademie personeel is betrokke by gemeenskapsuitreikprojekte, met inbegrip van onderrig en ondersteuning vir wiskunde-onderwys, die Rietbosch-vleilandprojek, die Kayamandi-rivierverenootskap en die Rachel's Angels-trust. Hierdie projekte het nie slegs onderwys en maatskaplike ontwikkeling verbeter nie, maar het ook in samewerking met plaaslike gemeenskappe nuwe kennis ontwikkel. Dit is voordelig vir sowel die Universiteit (ook ander fakulteite) as die lede van die betrokke gemeenskappe.

Die Departement Sportwetenskap se SUNWell-gemeenskaps-gesondheidprogram fokus op opheffing deur kennis en beweging, en mik daarna om kinders en volwassenes wat in medium tot lae sosio-ekonomiese gebiede woon, aan te moedig, in te lig en by te staan wat betref die voordele van en maniere om gesonde, aktiewe en veilige lewens te lei. Twee doktorale projekte nader tans voltooiing, en die Western Cape on Wellness (WoW!)-inisiatief het aan die projek en die betekenisvolle impak daarvan in die Cloeteville-gemeenskap erkenning gegee deur 'n silwer toekenning.

SUNSEP (die US se Sentrum vir Pedagogie) se talentontwikkelingsprogram het 723 leerders in nege provinsiale sentrums blootgestel aan verrykingsingrepe om die gaping tussen hoërskool en universiteit te oorbrug en om hulle bloot te stel aan en in te lig oor loopbane in tegnologie, ingenieurswese, wiskunde en innovering. Verder het 638 leerders vakansieskole bygewoon waar leerderverrykingsprogramme aangebied is om leerders se prestasie in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (NSS-eksamen) te verbeter. Nog 108 ander leerders het ingeskryf vir die SciMathUS-program, wat daarop gemik is om universiteitsvoorbereiding en toelating tot die Universiteit se verskillende fakulteite te fasiliteer. Bo en behalwe hierdie bedrywighede fokus SUNSEP ook op die aanbod van kortkursusse en diplomas vir onderwyser- en leierskapontwikkeling.

VOORUITSKOUING

Die Fakulteit Opvoedkunde se visie is "om ondubbelsinnig erken en gerespekteer te word as 'n leidende en betrokke navorsingsgedrewe opvoedkundefakulteit". Ons begrip van hierdie visie impliseer 'n sinergie tussen onderrig, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid waar die Fakulteit hoop om 'n kennisbasis te ontwikkel wat sowel opvoedkunde-navorsing as praktiese onderwyseropleiding versterk. 'n Vernuuwingsoefening wat in 2018 by die Fakulteit onderneem is, het die Fakulteit gehelp om elemente in sy finansiële model te identifiseer wat nie koste-effektief is nie. Dit het gelei tot 'n aantal ingrepe om die huidige sakemodel te optimaliseer.

Ons het ook bewus geword van geleenthede op 'n strategiese vlak wat ons meer effektief kan benut. Ons strew is om deel te neem aan strategiese inisiatiewe wat oor departementele grense heen strek en gedrewe word deur gemeenskaplike navorsings- en onderrigareas.

Die besluit om die skui van die Departement Sportwetenskap na die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe te fasiliteer, het met talle uitdagings gepaard gegaan, maar dit het ook die noodsaaklikheid daarvan onderstreep om weer te besin oor die organisatoriese herstrukturering van die oorblywende gedeelte van die Fakulteit Opvoedkunde.

Ons het ons daartoe verbind om voort te gaan met ons programvernuwingsinisiatiewe (deels deur befondsing van die Fonds vir Universiteitskapasiteitsontwikkeling en die Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO)) en ingrepe wat die voortgesette uitnemendheid van ons personeel en studente ten doel het.

Ons glo vas aan die strategiese belang van onderwys in al sy vorms om sosiale mobiliteit, menslike welsyn en menslike veiligheid in Suid-Afrika in die hand te werk, en ons wil dit saam met Nelson Mandela onomwonde stel dat onderwys die magtigste wapen is wat gebruik kan word om die wêreld te verander.



Prof Jonathan Jansen, openbare intellektueel, A-gegradeerde navorser en uitgelese professor by US, het die Afrika-dag rede gevoer.



Prof Nicola Smit

Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid

Gedurende die Universiteit Stellenbosch (US) se Eeufeesjaar het die Fakulteit Regsgeleerdheid, wat in die QS World University Rankings tussen die 151ste en 200ste plek geplaas is, danksy sy diep wortels gegroei en gedy. Die Fakulteit het sy personeelkorps vergroot, en sy onderwys-, navorsings- en sosiale-impakiniisiatiewe het floreer. Die oppergesag van die reg is onontbeerlik in ons grondwetlike demokrasie, en die Fakulteit het volgehou met sy bydrae tot die verbreding en verstewiging van die regs wetenskap plaaslik en in die buiteland.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Die Fakulteit glo dat dit noodsaaklik is om sy personeel te ontwikkel en te ondersteun met die oog op volhoubare uitnemendheid en inklusiwiteit. In die oorsigjaar het die Fakulteit se personeel op verskeie fronte uitgeblink. Prof Richard Stevens is met ingang van 1 September as Visedekaan aangestel om die leiers by prof Geo Quinot oor te neem. Die Fakulteit het in 2018 etlike akademiese kollegas uit die aangewese groepe aangestel. Bernard Wessels en Enelia Jansen van Rensburg se doktorsgrade is toegeken, terwyl een van die US se Regshulpkliniekprokureurs 'n meestersgraad ontvang het. Dit beteken dat 27 van die Fakulteit se personeellede (77% van

die akademiese personeel) tans 'n LLD-graad as hoogste kwalifikasie het. Proff Boggenpoel en Williams-Elegbe het hul intreerendes gelewer, onderskeidelik getitel *(Re)defining the contours of ownership: Moving beyond white picket fences* en *Public procurement, corruption and blockchain technology: A preliminary (legal) inquiry*. Regter Yacoob (kyk bladsy 97), die ontvanger van 'n eredoktorsgraad in die regte, het 'n inspirerende rede aan ons graduandi gelewer.

Die Fakulteit het verskeie openbare lesings en seminare aangebied en het gerekende vakkundiges as gasdosente en deelnemers aan hierdie diskoerse gelok – onder andere regter Madlanga (Konstitusionele Hof van Suid-Afrika), prof dr Christoph Ann (Tegniese Universiteit van München), prof Michael Milo (Universiteit van Utrecht) en prof Susan Rose-Ackerman (Yale Universiteit).

Ons personeel se uitnemendheid is internasionaal en plaaslik erken: prof Zsa-Zsa Boggenpoel is aangestel as plaasvervangende bekleër van die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel in Eiendomsreg (SARChI); die President van die Federale Republiek van Duitsland (FRD) het prof Thuli Madonsela vereer met die Orde van Verdienstelikheid, dié land se hoogste eerbewys; prof Sope Williams-Elegbe, Adjunkdirekteur van die Eenheid vir Afrikaverkrygingsreg (APLU), het as die enigste regskenner in Wene, Oostenryk, aangesluit by 14 ander kenners op hul onderskeie vakgebiede van orals in die wêreld om universiteitsvlakmodules oor teenkorrupsie te ontwikkel vir die Verenigde Nasies se Onderrig vir Geregtheid-inisiatief; prof Gerhard Kemp het die US se Toekenning vir Uitnemendheid in Navorsing ontvang; prof Jacques du Plessis is genomineer as lid van die Komitee van Kontrakteregkundiges van BRICS se Regsforum; Dr Broodryk het die Beaufort (Colenso) Studiebeurs van St John's College, Universiteit van Cambridge, ontvang; en die US se Regshulpkliniek was die ontvanger van die 2018 US Mediatokenning. 'n Besondere eer het die Regshulpkliniek toegeval toe dié kliniek die eerste ontvanger was van die Corporate Counsel Association of South Africa (CCASA) se Prestasietokenning tydens die 2018 Afrikaregstoekenning wat uitsonderlike prestasies in Afrika se regsgemeenskap beloon.

Verskeie boeke en artikels deur kollegas het in 2018 verskyn, met inbegrip van *Public Procurement Regulation for 21st Century Africa* en *International Criminal Tribunals as Actors of Domestic Change – The Impact on Institutional Reform*. 'n Onlangse internasionale evalueringsprojek het data gebruik om *Stellenbosch Law Review* in die vierde plek uit 16 Suid-Afrikaanse regsvaktydskrifte op die ranglys te plaas, waarvan sommige ooptoegangtydskrifte was. Ook het prof Sandy Liebenberg die bespreking as rapporteur gelei by die Komitee vir Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte se oorweging van die aanvanklike verslag van Bangladesh (oor maatreëls wat getref is om die bepalings van die Internasionale Verbond vir Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte te implementeer).

Die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys het in Junie 2018 volle akkreditasie verleen aan die US se program vir die Baccalaureusgraad in die Regte (LLB). Wat betref prestasies deur ons studente, kan ons meld dat studente wat akademies sterk is, gebruik gemaak het van uitruilsemestergeleenthede by 10 vennootuniversiteite in vier lande. Verder is die Marler-pryse vir teenkorrupsie in Afrika, ter waarde van £500, ingestel, en die eerste ontvanger vir sy opstel oor teenkorrupsie in Afrika was Wesley Vos. Uitnemendheid het ook geblyk by twee studente wat deurgedring het tot die finale rondte van die Kinderhofskynverhoor-kompetisie in die Paleis van Justisie in Pretoria. James Wewege is twee maal genooi om voorleggings oor die Wysigingswetsontwerp op Staatsaanspreeklikheid vir die Portefeuljekomitee vir Justisie en Korrektiewe Ontwikkeling aan te bied; 'n merkwaardige prestasie vir 'n voorgraadse student. Op nagraadse vlak het studente uit 14 verskillende lande in 2018 by die Fakulteit ingeskryf. Een van ons LLD-kandidate het 'n studiebeurs ontvang om tyd deur te bring by die Abo Akademi-instituut vir menseregte in Finland – 'n verdere bevestiging van die gehalte van ons nagraadse studente – terwyl twee ander LLD-kandidate aanvaar is en ingeskryf het vir gesamentlike doktorsgrade by die Universiteit van Hasselt en die Universiteit Stellenbosch.

Die Fakulteit het in 2018 etlike geleenthede vir oudstudente aangebied, en sal voortgaan om dit te doen, aangesien sy alumni sonder weerga is wat betref hul lojale ondersteuning. Dít dra daartoe by dat die Fakulteit se uitnemendheid volhoubaar is en van krag tot krag gaan.

VERBREIDING VAN TOEGANG

Die Fakulteit is verbind tot die diversifisering van sy voor- en nagraadse studentegroeperings. Die strategie om werwingsbeurse vir kwalifiserende eerstejaarstudente aan te bied was suksesvol, en in 2018 het 70 regstudente (42 LLB-studente) hierdie beurs ontvang, sodat inskrywings uit die aangewese groepe (51%) die US se teiken vir die Fakulteit oortref het. Die Fakulteit vind die klein poel aansoekers vir die BCom (Regte)- en BRegLLB-programme met die vereiste prestasiestandaard in wiskunde wel kommerwekkend.

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Die US se Regshulpkliniek het in 2018 sy 30ste bestaansjaar gevier. Die Regshulpkliniek voorsien regsdiens (afsettings van plase, huishoudelike geweld en ander siviele sake), opvoedingsdiens en praktiese regsopleiding. Dié kliniek het 'n suksesvolle regsgeding aanhangig gemaak in 'n geval waar 'n bekende restaurant geweier het om toegang te verleen aan 'n regstudent en sy gidshond, en het ook verskeie beleidsinsette gelewer (met inbegrip van die veldtog om sanitêre produkte vry te stel van BTW).

Fakulteitsinisiatiewe soos die konferensie oor die regulering van Afrikastaatsverkryging in die 21ste eeu en die M-Plan vir Maatskaplike Geregtigheid se Tafelronde vir Kenners het die Fakulteit se plek aan die voorpunt van die strewe na en verbetering van sosiale geregtigheid en goeie staatsbestuur verseker. Die projek om ondersoekers van die Kantoor van die Openbare Beskermer op te lei in samewerking met die Konrad Adenauer-stigting, die Eenheid vir Afrikaverkrygingsreg en die Kantoor van die Openbare Beskermer het in 2018 voortgegaan en al die provinsies het nou by dié opleiding gebaat.

VOORUITSKOUIING

Die Fakulteit Regsgeleerdheid gaan voort met sy besinning oor kurrikula- en programontwerpvernuwing om aan die voorpunt van regsonderrig te bly. Terselfdertyd benut die Fakulteit geleenthede om in sy mense te belê – personeel sowel as studente – sodat hulle leiers op hul spesifieke gebiede kan wees. Die Fakulteit begin ook met beplanning vir sy eie Eeufeesjaar in 2021.



Nuwe professor vir die Departement Publiekreg: Prof Zsa-Zsa Boggendoel, bekleër van die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel in Eiendomsreg, by haar intrede saam met prof Nicola Smit, Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid, links, en prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies), regs.



Nuwe professor vir die Departement Handelsreg: Prof Sope Williams-Elegbe, Adjunkdirekteur van die Eenheid vir Afrikaverkrygingsreg, by haar intrede.



Prof Reggie Nel

Dekaan: Fakulteit Teologie

Kan teologie steeds 'n rol speel in 'n toenemend kommersiële omgewing wat gedryf word deur maatskaplike en ekonomiese desperaatheid? Maak ons werk van die kritieke kwessies in ons land deur jongmense toe te rus vir 'n konstruktiewe, volhoubare toekoms? Sal hulle nie beter daaraan toe wees in bemarking of as rekenmeesters of sagteware-ontwikkelaars nie?

In 2019 herdenk die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Teologie 160 jaar se teologiese opleiding in Stellenbosch. Vandag ervaar ons, meer as ooit tevore, die werklike waarde van teologie op 'n vasteland wat steier onder historiese ongelykheid en die ontsettende sosio-ekonomiese implikasies daarvan, soos armoede, geweld, misdaad en korrupsie. Nou, meer as ooit tevore, het ons 'n geslag etiese leiers nodig wat die groter prentjie kan raaksien, wat hulle vir verandering beywer, en wat hulself daaraan toewy om die algemene belang te bevorder.

BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Vir die afgelope drie jaar is die Fakulteit in die QS World University Rankings onder die voorste 100 akademiese instellings geplaas wat teologie of godsdienststudie aanbied; 'n bemoedigende aanwyser. 'n Hoog aangeskrewe eksterne evaluasiepaneel onder leiding van prof Marcel Barnard van die Protestantse Teologiese Universiteit in Amsterdam in Nederland het die Fakulteit in Augustus besoek

en 'n deeglike evaluering van alle aspekte gedoen. Die paneel se verslag was 'n realistiese maar ook bemoedigende getuigskrif van ons verbintenis daartoe om alle vlakke van funksionering voortdurend op 'n kreatiewe manier te verbeter terwyl ons erken dat daar nog baie is wat ons te doen staan.

Finansiële lewensvatbaarheid is een van ons prioriteite. Die Fakulteit Teologie gaan konstruktief te werk om finansiële meer onafhanklik te word met behulp van vennote en ekonomies lewensvatbare projekte. Die eksterne evaluasiepaneel het bevestig dat ons akademiese personeel een van ons grootste bates is. Die Fakulteit se navorsingsuitsette is steeds buitengewoon goed, wat bydra tot finansiële lewensvatbaarheid, en ons ontwikkel voortdurend metodes om ons studente se slaagsyfer te verhoog deur innoverende onderrig en ondersteuning. Die Fakulteit het in 2018 'n koördineerder vir akademiese ontwikkeling aangestel om werk te maak van die kwessies van die deurvloei- en retensiekoers en studente se algehele sukses.

Ná die aftrede van akademiese kollegas in 2017 and 2018, is nuwe kollegas dr Peter Nagel (Nuwe Testament) en dr Siph Mahokoto (Sistematiese Teologie) in 2018 aangestel, terwyl proff Dion Forster, Retief Müller and Henry Mbaya bevorder is tot medeprofessore, en prof Christo Thesnaar tot volle professor.

Prestasies deur akademiese personeel in 2018 sluit in dat die Protestantse Teologiese Universiteit in Nederland 'n eredoktersgraad aan emeritus professor Dirkie Smit toegeken het; prof Louis Jonker (Ou Testament) het die Desmond Tutu-Andrew Murray-prys ontvang vir sy werk, *Defining All-Israel in Chronicles*; prof Nico Koopman (gesekondeer as Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)) en dr Chris Jones van die Eenheid vir Morele Leierskap van die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie het elk 'n US Mediatokenning van Uitnemendheid: Denkleier 2018 ontvang vir hulle rol as openbare meningvormers; prof Ian Nell (Praktiese Teologie – Gemeentestudies) is verkies as raadslid van Societas Homiletica, die internasionale vereniging vir prediking, terwyl prof Johan Cilliers (Praktiese Teologie – Homiletiek) uitgetree het uit die Raad ná 'n dienstermyn van 14 jaar, waarvan die tydperk tussen 2014 en 2016 as president was. Die eksterne evaluasiepaneel het die kaliber van die administratiewe en steunpersoneel spesifiek aangeprys na aanleiding van hulle toewyding aan en inkoop in die Fakulteit se strategiese doelwitte.

Die Fakulteit se internasionale reputasie word ook weerspieël in die talloze openbare geleenthede en internasionale konferensies wat in die afgelope dekade aangebied is. In 2018 het dit ingesluit die Internasionale Barth-konferensie, 'n konferensie oor Afrika-diakonie en ontwikkeling, en 'n konferensie oor grondwetlikheid en korrupsie in Afrika.

Elke fakulteit se studente is sy ware hartklop. Ons studente verteenwoordig 'n breë spektrum van geloofsoortuigings en denominasies, sosio-ekonomiese agtergronde, ouderdomme, en veral uitgangspunte. Ons is opgewonde oor die gehalte van veral die

nagraadse werk, soos dié van eerwaarde Mwawi Chilongozi, 'n PhD-student, wat die ontvanger was van die eerste Anders Backström-prys vir Diakonie en Sosiale Praktyk (beste meestersgraadverhandeling). Ons studente neem óf die leiding óf speel 'n rol in talle aspekte van die kampuslewe. Hulle is uitgesproke in die sfeer van openbare mening en kerkpolitiek, soos blyk uit hulle standpunt oor kerkbeleid betreffende selfdegeslagverhoudings (#Whydiscriminate) en hulle deelname, saam met personeel, aan *Thursdays in Black*, 'n inisiatief wat solidariteit demonstreer met teenstand teen alle vorms van geweld en onderdrukking, met die klem op gendergebaseerde geweld.

VERBREIDING VAN TOEGANG

Die Fakulteit Teologie is een van die mees diverse fakulteite op die kampus, en as sulks is die implikasie van 'n groot aantal studente uit benadeelde agtergronde enorm. Ons sien studente se stryd om tegnologiese agterstande, taalversperrings, finansiële nood, angstigheid en stres te oorkom; hulle vasberadenheid en hulle deursettingsvermoë in die aangesig van geweldige struikelblokke. Die druk op hierdie studente om te presteer is dikwels oorweldigend en ons staan menigmaal verstom deur wat hulle regkry.

Daar is in 2018 besluit om 'n nuwe (verpligte) module vir Teologiese Geletterdheid te ontwikkel in die Verlengde Graadprogram (VGP), vir inwerkingstelling in 2019. Die VGP-program is verpligtend vir nuwelingeerstejaars wie se matriekgemiddeld hulle in 'n akademiese risikogroep plaas, en versprei die eerstejaarmodules oor twee jaar, met die fokus veral op individuele onderrig en mentorskap.

'n BTh-gemengdeleerprogram is ook in 2018 ontwikkel vir proefimplementering in 2019 met 'n groep van 18 studente wat in kontakblokke en aanlyn onderrig sal word. Die Fakulteit hoop om voorgaande programme, wat tans voltydse residensiële programme is, finansiële en tydsgewys meer toeganklik te maak – veral vir tweedeloopbaanstudente. Hierdie ontwikkeling kan 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die skep van nuwe kennismarkte en tot groter finansiële volhoubaarheid.



Eerwaarde Mwawi Chilongozi, 'n PhD-student, wat die ontvanger was van die eerste Anders Backström-prys vir Diakonie en Sosiale Praktyk (beste meestersgraadverhandeling).

BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Transformasie is deel van die wese van teologie. Die eksterne evaluasiepaneel het egter bevind dat die Fakulteit nog nie 'n duidelike rigting in hierdie verband ingeslaan het nie. Die Transformasiekomitee is nou besig om hierdie prosesse in die Fakulteit met oorleg te stuur en te bestuur. Transformasie, soos liefde, begin by ons naaste, en ons sal aanhou om daaraan te werk totdat elke student en personeel hier tuis en heeltemal ingeburgerd voel.

Ons personeel en studente is betrokke by baie verskillende aktiwiteite op verskillende vlakke wat 'n sosiale impak het, soos gemeente- of geloofsgemeenskapswerk, die bestryding van ons destruktiewe impak op die omgewing, ontwikkelingsinisiatiewe, en navorsing oor hierdie aspekte van die samelewing. In al hierdie aktiwiteite werk ons saam met ander mense en ons is verbind daartoe om geregtigheid vir almal op alle vlakke na te streef.

VOORUITSKOING

Die tema van die 159ste herdenking van teologiese opleiding in Stellenbosch op 9 November 2018 was "Ons naelstring – in Afrika, van Afrika, vir Afrika". Ons Fakulteit het sy ontstaan te danke aan die droom om inheemse teologiese opleiding in Afrika te verskaf. Ons het begin as 'n kweekskool wat vir die grootste deel van sy bestaan 'n Nederduits Gereformeerde kweekskool uitsluitlik vir blanke mans was.

Ons strewe daarna om die samelewing op hierdie vasteland te bedien met 'n lewende, robuuste teologie. Terwyl supermoondhede inplof, en ekonomieë stagneer en gekniehalter word deur etiese verwarring en die beperkings van omgewingsvolhoubaarheid, glo ons steeds dat Afrika, met sy sterk geestelike en gemeenskapsdryfkrag, aan die wêreld 'n groot mate van hoop kan bied.

Die Fakulteit Teologie is stewig in Afrika-grond gewortel. Ons aanvaar die gebrokenheid en lyding wat hiermee gepaardgaan, maar terselfdertyd gryp ons ook die begaafdheid wat Afrika bring, aan, terwyl ons voortdurend reik na begrip, uitnemendheid en 'n beter en regverdiger lewe vir almal.



Lede van die eksterne-evaluasiepaneel onder die voorsitterskap van prof Marcel Barnard (PThU Amsterdam). Van links na regs: prof emeritus Thias Kgatla (UP), prof Gerald West (UKZN), prof Marilyn Naidoo (Unisa), prof Paul Gundani (Unisa), prof Barnard (voorsitter), prof Sarojini Nadar (UWK), prof Lilly Nortjé-Meyer (UJ) en prof Simangaliso Kumalo (UKZN).

The background of the entire page is a repeating pattern of stylized oak leaves in a dark red color. The leaves are scattered across the surface, creating a textured, naturalistic backdrop.

*Die Universiteit
gee erkenning aan uitnemendheid*

EREGRADE

Ter herdenking van sy Eeufees het die Universiteit Stellenbosch (US) agt eredoktorsgrade toegeken – in Desember 2018 aan Homi Bhabha, Glynis Marie Breakwell, Lesetja Kganyago en Zakeria Yacoob, en in April 2019 aan Johannes Hermanus Hugo (Boland) Coetzee, Shirley Ann Jackson, Lloyd Nicholas Trefethen en John Latham.



Homi K Bhabha



Glynis Marie Breakwell



Johannes (Boland) Coetzee



Shirley Ann Jackson



Lesetja Kganyago



John Latham



Lloyd Nicholas Trefethen



Zakeria (Zak) Yacoob

Homi K Bhabha het die DPhil, honoris causa, ontvang vir sy uitsonderlike vermoë om as die wêreld se voorste postkoloniale literêre teoretikus die geesteswetenskappe in nuwe rigtings te stuur, om internasionale organisasies te beïnvloed deur die rol van die geesteswetenskappe in vrede, ekonomiese aktiwiteit en kultuur te bevorder, en om die bestudering van die geesteswetenskappe in hedendaagse tye relevant te maak.

Glynis Marie Breakwell het die DPhil, honoris causa, ontvang vir die ontwikkeling van identiteitsprosesteorie, 'n impakryke bydrae tot die sosiale sielkunde wêreldwyd, wat sy weg gevind het tot by die suidelikste punt van Afrika, waar dit ons steeds die veranderinge en bedreigings van die realiteit ná apartheid help hanteer en aan voorheen gemarginaliseerdes 'n stem gee.

Johannes Hermanus Hugo (Boland) Coetzee het die DScAgric, honoris causa, ontvang vir sy uitlewing van uitnemendheid in tegnologiese en bestuursontwikkeling in die Suid-Afrikaanse wynbedryf, en in die produksie van puik Suid-Afrikaanse wyne; én ook vir sy ruimhartigheid van gees deur sy onbaatsugtige toewyding aan kennisoordrag en deur sy betrokke burgerskap om die werk- en lewensomstandighede van plaaswerkers te verbeter.

Shirley Ann Jackson het die DIng, honoris causa, ontvang vir haar baanbrekersrol in die akademiese sfeer en haar toewyding aan die transformasie van die hoër onderwys; vir haar uitnemende bydraes tot die wetenskap, ingenieurswese en tegnologie; en vir haar leierskap wat die US help vorm het as 'n universiteit in Afrika, vir die wêreld.

Lesetja Kganyago het die DCom, honoris causa, ontvang vir die bestendige wyse – selfs onder uitdagende omstandighede – waarop hy Suid-Afrika se monetêre beleid bestuur, vir sy formidabele intellektuele leierskap op beleidsgebiede soos prys- en finansiële stabiliteit, en vir sy rol as een van die land se voorste openbarebeleidsmakers, asook sy bydrae tot die geloofwaardigheid en deursigtigheid van Suid-Afrika se fiskale en monetêre beleid.

John Latham het die DCom, honoris causa, ontvang vir sy visionêre, waagmoedige en innoverende leierskap deur sy akademiese instelling behendig deur uitdagende tye tot groot hoogtes te stuur; en vir die oordrag van sy hoog aangeskrewe en gewaardeerde kundigheid in hoëronderwysbestuur in verskeie forums, ook as buitengewone professor aan die Universiteit Stellenbosch.

Lloyd Nicholas Trefethen het die DSc, honoris causa, ontvang vir sy merkwaardige vakkundigheid en sy verstommende navorsingsuitsette ter bevordering van die wêreldwye popularisering van wiskunde; vir die uitdaging van konvensionele waarhede deur nuwe insigte; en vir sy ruimhartige kennisoordrag van die afgelope 30 jaar om 'n nuwe generasie van wiskundige wetenskaplikes in Afrika te help ontwikkel.

Zakeria (Zak) Yacoob het die LLD, honoris causa, ontvang vir sy uitnemende bydrae as regsgeleerde op die gebied van menseregte en staatsreg, vir sy unieke, genuanseerde en internasionaal inspirerende benadering tot die beregting van sosio-ekonomiese regte, en vir sy rol as gerekende kampvegter vir sosiale geregtigheid en die welsyn en regte van persone met gestremdhede.

PRO BENE MERITO- TOEKENNING

*Kongreslid Edward (Ed)
Randall Royce*



“Waar ek ook al in Afrika gaan, word ek getref deur die enorme potensiaal en lewenskrag van die ekonomieë. Die jongmense wat ek hier ontmoet het, is van die beste en skerpsinnigste, en het 'n ongelooflike visie vir wat hulle in hulle eie gemeenskappe wil sien gebeur. Ten spyte van die uitdagings is hierdie vasteland vol optimisme.”

Dit is die positiewe sentiment van kongreslid Edward (Ed) Randall Royce, mees onlangse ontvanger van die Universiteit Stellenbosch se hoog aangeskrewe Pro Bene Merito-toekenning vir sy rol in die opening van handelsmarkte tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en Afrika, spesifiek deur die PEPFAR (President's Emergency Plan for AIDS Relief)- en AGOA (African Growth and Opportunity Act)-wetgewing. Hierdie toekenning word slegs in buitengewone omstandighede gemaak vir die lewering van uitsonderlike plaaslike of internasionale diens, en kongreslid Royce is maar die 11de ontvanger sedert die instelling van hierdie toekenning in 1998.

Hy is 'n boorling van die Orange-distrik van Kalifornië, is sedert 1993 'n invloedryke lid van die VSA se Huis van Verteenwoordigers. Hy is tans die voorsitter van die Huis se Komitee vir Buitelandse Sake, waar sy leierskap van onskatbare waarde was en steeds is in die wêreldwye poging om menseregte, vrye en regverdige verkiesings, deursigtigheid en ekonomiese ontwikkeling te bevorder. AGOA maak dit vir Afrika-lande moontlik om plaaslik geproduseerde goedere na die VSA uit te voer sonder dat enige tariewe daarop gehef word en is bes moontlik een van kongreslid Royce se mees gerekende bydraes tot Afrika se saak. Meer onlangs was hy ook een van die opstellers van die Bouwet (*Build Act*) om te help met die vermindering van armoede in ontlukende markte deur toegang te verleen tot VSA-ontwikkelingsfinansiering vir privatesektorontwikkeling.

Sy verbintenis tot ekonomiese groei in Afrika blyk duidelik uit sy wetgewing vir die elektrifisering van Afrika (die *Electrify Africa Act*), 'n inisiatief wat aan Afrika suid van die Sahara toegang tot elektrisiteit bied en sodoende die lewens van miljoene mense op dié vasteland verbeter. Hy het ook beseft dat as die beletsels wat vroue weerhou van deelname aan die ekonomie deur wetgewing (sy *Women's Economic Empowerment Act*) uit die weg geruim word, 'n sektor benut kan word wat miljarde tot die wêreld ekonomie kan bydra en tot geweldig ekonomiese groei op die vasteland kan lei.

Sy belangstelling in Afrika-sake omvat ook sommige van die kwesbaarstes in Afrika – die wêreld se mees bedreigde spesies en habitatte. Sy pogings om die ongeëwenaarde vlakke van stroping van en handeldryf met wilde diere uit Afrika te bestry het hom gemotiveer om wetgewing daarvoor op te stel (die *End Wildlife Trafficking Act*) terwyl hy ook wetgewing ondersteun het om te help met die bewaring van die Okavangorivierkom, tuiste van die grootste oorblywende olifantbevolking op die vasteland.

Sy optimisme oor die toekoms van Afrika vind weerklank in die ondersteuners wat hy in die Amerikaanse kongres oorgewen het; kampvegters wat lank ná sy aftrede nog voorbrand sal maak vir prioriteite soos AGOA, vrye handel, goeie oorsigbestuur en bewaring.

KANSELIERS- MEDALJE

Dr Xanthe Dawn Hunt



Dr Xanthe Dawn Hunt, wat die PhD-graad in Sielkunde behaal het, het die Universiteit Stellenbosch se Kanseliersmedalje vir 2018 ontvang. Dié medalje word jaarliks aan 'n finalejaar- of nagraadse student toegeken vir uitsonderlike prestasie en is die hoogste eer wat die Universiteit aan 'n student kan betoon.

Dr Hunt, van Pietermaritzburg in KwaZulu-Natal, het in 2010 met haar studies by die US begin. Haar gemiddelde punt vir die eerste vyf jaar was 82,08%, en sy het elke vak wat sy geneem het, met onderskeiding geslaag, met die uitsondering van een diensvak. Boonop is sy die eerste meestersgraadstudent in die geskiedenis van die Departement Sielkunde wie se graad na 'n PhD opgegradeer is. Sy kan ook 'n BA-graad in Geesteswetenskappe agter haar naam skryf, sowel as BA-honneursgrade in Joernalistiek en in Sielkunde en 'n Meestersgraad in Biostatistiek.

Akademie personeel aan die US beskryf haar as “'n akademiese wondermens” en die “heel beste student wat ons in baie jare gehad het”. Haar tesis, wat deur 'n toonaangewende internasionale teoretikus as “'n buitengewoon volwasse stuk werk” beskryf is, werp indringende vrae op oor hoe om te dink oor die sosiale konstrakte van beide gestremdheid en seksualiteit. Die uitgewer Palgrave Macmillan het reeds met haar 'n kontrak gesluit vir die publikasie van haar tesis in die vorm van 'n boek in 2019. Dr Hunt het reeds sowat 30 akademiese publikasies die lig laat sien. Volgens prof Awie Greeff, voorsitter van die Departement Sielkunde, is dit meer as wat talle akademici in die vakgebied Sielkunde in hulle hele loopbane bygedra het. Haar navorsing omvat gestremdheidstudies, openbare gesondheid, die monitering en evaluering van vroeëkindertyd- ingrypings en akademiese kommunikasie.

Tydens haar PhD-studie het sy ook vir 'n kursus in biostatistiek op meestersgraadvlak ingeskryf. Omdat sy nie Wiskunde as 'n matriekvak gehad het nie, was die kursus se sameroeper aanvanklik huiwerig om haar toe te laat. Sy het die kursus egter met lof geslaag en die tweede hoogste punte in die klas behaal.

Sedert sy in 2010 met haar studies aan die US begin het, was dr Hunt die wenner van, onder meer, die US Politiekewetenskap-toekenning vir uitnemendheid vir beste presterende eerstejaarstudent; die Departement Engels se toekenning vir uitnemendheid vir beste presterende eerstejaarstudent; en, by drie geleenthede, die Rektor se toekenning vir akademiese uitnemendheid vir die beste presteerder in die fakulteit. Die prestigeryke Babette Taute-beurs vir Engels is haar ook aangebied.

In haar voorgaande jare was sy 'n lid van haar koshuis se a capella-koor en het sy as 'n portuurtutor in haar koshuisgemeenskap en later in die breër gemeenskap gewerk. Sy het ook 'n diens gelewer as 'n vrywillige berader in gemeenskapsgebaseerde projekte in die Stellenbosch- en Franschhoek-omgewings.

KANSELIERS-TOEKENNINGS

Die Universiteit Stellenbosch se Kanselierstoekennings vereer van die voorste akademici en professionele persone aan die instelling vir hul volgehoue bydraes tot uitnemendheid op die gebied van navorsing, leer en onderrig, internasionalisering en sosiale impak.

Prof Aslam Fataar is 'n kundige in die sosiologie van die opvoedkunde en opvoedkundige beleid, en het talle toekennings in sy vakgebied ontvang. Tans dien hy op verskeie internasionale kommissies en het al bestuursposte by die opvoedkundefakulteite van twee universiteite gevul. Daarbenewens was hy die hoofredakteur van 'n geakkrediteerde vaktydskrif, president van die Suid-Afrikaanse Onderwysnavorsingsvereniging en het op die rade van drie universiteite in die Wes-Kaap gedien.

Prof Jannie Hofmeyr, 'n wêreldleier op die gebied van stelselbiologie en biokompleksiteit, bestudeer die regulatoriese ontwerp van metabolisme en het verskeie wesenlike bydraes tot rekenaarmatige stelselbiologie gemaak. Sy navorsingbelangstellings het meer onlangs na die gebied van komplekse stelsels verskuif, met 'n fokus op biokompleksiteit.

Prof Ashraf Kagee, uitgelese professor in die Departement Sielkunde en mededirekteur van die Alan J Flisher Sentrum vir Openbare Geestesgesondheid, het bykans 200 artikels in 'n groot verskeidenheid vaktydskrifte gepubliseer. Die raakpunt tussen sielkunde en openbare gesondheid interesseer hom, in die besonder die geestesgesondheid van mense wat met MIV saamleef en die sielkundige en strukturele faktore wat 'n invloed het op hul volharding met antiretrovirale terapie. Hy het al talle nasionale en internasionale toekennings vir sy werk ontvang, insluitend literêre toekennings vir sy debuutroman, Khalil's Journey.

Mnr Gerhard Lipp, Senior Direkteur: Regsdienste, het die Universiteit se regsfunksie verbeter deur die ontwikkeling van 'n litigasierisikobestuursproses, die implementering van die Studentetugkode en die vestiging van 'n wetnakomingsfunksie. Hy het tot die hoëronderwyssektor bygedra deur sy lidmaatskap tot die bestuurskomitee van die Regspraktisynsforum, die USAf-regsadvieseurskomitee en die USAf-taakgroep.

Me Cornelia Malherbe, Direkteur: Navorsingskontrakte, het 'n wesenlike bydrae gelewer tot die ondersteuning, bevordering en ontwikkeling van die US se navorsing deur haar leierskap in die inwerkingstelling van navorsingsverwante stelsels en beleide. Sy het ook 'n kritieke rol gespeel in die verantwoordelike bestuur van navorsingsooreenkomste, -uitsette, en -befondsing ter beskerming van die Universiteit se navorsingsreputasie en -belange.

Me Marie Malherbe se loopbaan in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe strek oor 39 jaar en getuig van volgehoue lojaliteit, werksetiek en omgee vir personeel. As dekaansekretaresse was sy in die diens van ses dekane – profs Van Biljon, Swart, Matthee, Calitz, De Villiers en Du Plessis. In 2014 is sy tot fakulteitsbeampte bevorder.



Prof Piet Naudé is die direkteur van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB). Onder sy leiding het die Bestuurskool sy posisie op die ranglyste verbeter en die hoogaangeskrewe driedubbele internasionale akkreditering vir bestuurskole behou. Gedurende sy ampstermyn is die aantal en die gehalte van navorsingsuitsette, die getal PhD-graduandi en die internasionale voetspoor van die Bestuurskool vergroot. Hy bly 'n hoog aangeskrewe navorser, akademiese skrywer, dosent, spreker en konsultant.

Me Jean Pretorius se loopbaan getuig van volgehoue uitnemendheid wat 'n beduidende bydrae tot die Universiteit se verhoogde leer-en-onderrigprestasievlakke gelewer het. Haar 15 jaar diens in die Rektorat onder vyf verskillende bestuurders het die werking van die Viserektor se kantoor aansienlik verbeter, waarvan haar sewe Rektorstoekennings vir Algemene Prestasie getuig.

Prof Ingrid Rewitzky se leierskap as Visedekaan: Onderrig en Leer in die Fakulteit Natuurwetenskappe het die fasilitering en ondersteuning van 'n vakkundige benadering tot onderrig en leer in die Fakulteit ondersteun. Dit het gelei tot groter studentesukses en die betrokkenheid van akademiese personeel. In wiskunde het sy die ontwikkeling van aanlyn interaktiewe inhoud sowel as voortdurende vernuwung van programme en modules geïnspireer.

Prof Herman Steyn lewer 'n beduidende bydrae tot die ruimtebedryf as hooflid van die eerste Suid-Afrikaanse mikro-satellietspan, wat in 1999 ontstaan het, en as tegniese leier vir die ontwikkeling van die momentumwiel vir die ESA Rosetta Lander-ruimtetuig. Hy is 'n NNS B-gegradeerde navorser en is onlangs tot 'n volle lid van die Internasionale Akademie vir Ruimtevaartkunde verkies.

Prof Emile van Zyl, 'n kundige in gis-biotegnologie wie se navorsing oor omgewingsvriendelike alternatiewe vir fossielbrandstowwe tot internasionale erkenning gelei het, bestudeer die mikrobiese degradering van plantmateriaal as grondstowwe vir die produksie van biobrandstof. Die SARChI-leerstool in biobrandstof en ander alternatiewe skoon brandstowwe is al drie keer hernu.

Prof Louise Viljoen, die mees aangehaalde skrywer in die Afrikaanse letterkunde, se navorsingsoeuvre sluit literêre kritiek, geskiedenis en teorie in. Sy het reeds 84 publikasies agter haar naam, insluitend drie poësiebloemlesings. Uit vele optredes by vakkongresse, is sy ses keer as hoofspreker genooi. Sy het ook die Gustav Prellerprys vir Literatuurwetenskap en Letterkundige Kritiek ontvang.

Prof Nick Vink, 'n landbou-ekonomiese en nie-uitvoerende direkteur van die SA Reserwebank, het 'n verrekende nasionale en internasionale invloed op landboubeleidskwessies gehad. Onder die tema van transformasie strek sy navorsing oor verskeie kommoditeite en dwarssnijdende kwessies, soos landboufinansiering, institusionele verandering, klimaatsverandering en grondhervorming.

Prof Robin Warren, uitgelese professor in die Departement Biomediese Wetenskappe, is die direkteur van die SAMNR Sentrum vir Tuberkuosenavorsing in die Afdeling Molekulêre Biologie en Menslike Genetika. Sy navorsing oor molekulêre epidemiologie het reeds tot verskeie mylpaalpublikasies gelei wat dogma uitgedaag het en belangrike implikasies vir tuberkulosediagnose en -behandeling op nasionale gebied gehad het.

Mnr Cobus Zietsman, laboratoriumbestuurder van die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, het 'n groot invloed op die ontwikkeling van heelparty jong ingenieurs se praktiese kennis gehad. Onder sy leiding is die Departement se laboratoria ontwikkel tot wêreldgehaltefasiliteite betrokke by volskaalse plaaslike en internasionale toetswerk op lugverkoelde warmteruilers.



ONS FINANSIËLE

— *Verslag* —

Inhoud

<i>Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir finansiële verslagdoening</i>	104
<i>Onafhanklike ouditeursverslag aan die Raad van die Universiteit Stellenbosch</i>	105–109
<i>Rekeningkundige beleid</i>	110–116
<i>Gekonsolideerde staat van finansiële posisie</i>	117
<i>Gekonsolideerde inkomstestaat</i>	118
<i>Gekonsolideerde staat van omvattende inkomste</i>	119
<i>Gekonsolideerde staat van veranderings in fondse</i>	120
<i>Gekonsolideerde staat van kontantvloeie</i>	121
<i>Aantekeninge by die gekonsolideerde finansiële jaarstate</i>	122–153

UNIVERSITEITSRAAD SE VERANTWOORDELIKHEID VIR FINANSIËLE VERSLAGDOENING

Die Universiteitsraad aanvaar verantwoordelikheid vir die integriteit, objektiwiteit en betroubaarheid van die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch. Die verantwoordelikheid vir die voorbereiding en aanbieding van die finansiële jaarstate is aan die bestuur gedelegeer.

Die Raad is van mening dat die Universiteit Stellenbosch, insluitende die filiale, geassosieerde maatskappye en ander regsentiteite wat by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit word, as lopende saak bedryf word en die gekonsolideerde finansiële jaarstate is gevolglik op hierdie grondslag voorberei.


Die eksterne ouditeur is daarvoor verantwoordelik om op grond van hulle audit 'n onafhanklike mening oor die redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële jaarstate uit te spreek. Hulle het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data, insluitende die notules van vergaderings van die Raad en alle Raadskomitees, gehad.

Die Oudit- en Risikokomitee het bevestig dat daar voldoende interne finansiële beheerstelsels bestaan en dat daar gedurende die jaar geen wesenlike gebreke in die funksionering van die interne finansiële beheerstelsels was nie.


Die Raad is tevrede dat die gekonsolideerde finansiële jaarstate die finansiële posisie, die resultate van bedrywighede, veranderings in fondse en kontantvloei redelik weergee in ooreenstemming met die toepaslike rekeningkundige beleide wat op die *International Financial Reporting Standards* (IFRS) gegrond word.

Tussen die jaareinde en die datum van hierdie verslag het geen wesenlike feite aan die lig gekom of omstandighede ontstaan wat die finansiële posisie van die Universiteit Stellenbosch wesenlik beïnvloed nie.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate op bladsy 110 tot 153 is deur die Raad goedgekeur en onderteken deur:



Mnr GM Steyn
Voorsitter van die Universiteitsraad



Prof SA du Plessis
Bedryfshoof



Prof DP du Plessis
Voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee

18 Junie 2019

ONAFHANKLIKE AUDITEURSVERSLAG AAN DIE RAAD VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Verslag oor die audit van die gekonsolideerde finansiële state

MENING

Ons het die gekonsolideerde finansiële state van die Universiteit Stellenbosch, soos uiteengesit op bladsye 110 tot 153, geaudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2018, en die gekonsolideerde inkomtestaat, state van omvattende inkomste, veranderings in fondse en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

Na ons mening is die gekonsolideerde finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële stand van die Universiteit Stellenbosch soos op 31 Desember 2018, en die gekonsolideerde prestasie en gekonsolideerde kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika, wet nr. 101 van 1997.

GRONDSLAG VIR MENING

Ons het ons audit ooreenkomstig *International Standards on Auditing* (ISA's) uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaard word verder beskryf in die "Ouditeur se verantwoordelikhede vir die audit van die gekonsolideerde finansiële state"-afdeling van ons verslag.

Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied.

Ons is onafhanklik van die Universiteit in ooreenstemming met artikels 290 en 291 van die Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA) se *Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised January 2018)*, afdelings 1 en 3 van die Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA) se *Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised November 2018)* (tesame die IRBA Codes) en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op audits van finansiële state in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede, soos van toepassing, ooreenkomstig die IRBA Codes en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op audits in Suid-Afrika vervul. Die IRBA Codes is konsekwent met ooreenstemmende artikels van onderskeidelik die International Ethics Standards Board for Accountants se *Code of Ethics for Professional Accountants* en die International Ethics Standards Board for Accountants se *International Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards)*.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE RAAD VIR DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Die Raad is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig *International Financial Reporting Standards* en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die Raad nodig ag vir die opstel van gekonsolideerde finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die gekonsolideerde finansiële state is die Raad daarvoor verantwoordelik om die Universiteit Stellenbosch se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die Raad beplan om die Universiteit te likwiede of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

AUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEDE VIR DIE AUDIT VAN DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die gekonsolideerde finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n auditverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n audit wat ooreenkomstig die ISA's uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie gekonsolideerde finansiële state geneem word sal beïnvloed.

'n Verdere beskrywing van ons verantwoordelikhede vir die audit van die gekonsolideerde finansiële state is ingesluit in die bylaag tot die auditverslag.

Verslag oor die audit van die jaarlikse prestatieverslag

INLEIDING EN OMVANG

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika (Wet No. 25 van 2004) en die gepaardgaande algemene kennisgewing, het ons 'n verantwoordelikheid om verslag te lewer oor wesenlike bevindinge oor die gerapporteerde prestasie inligting teenoor voorafbepaalde doelwitte vir geselekteerde doelwitte soos vervat in die jaarverslag. Ons het prosedures uitgevoer om bevindinge te identifiseer maar nie om bewyse in te samel vir die doel om sekerheid oor hierdie aangeleenthede uit te spreek nie.

Ons prosedures spreek die gerapporteerde prestasie inligting aan, wat gebaseer moet wees op die goedgekeurde prestasie beplanningsdokumente van die Universiteit. Ons het nie die volledigheid en toepaslikheid van die prestasiemaatstawwe in die beplanningsdokumente oorweeg nie. Ons prosedures het ook nie die openbaarmakings of stellings wat verband hou met beplande prestasie strategieë en inligting vir toekomstige periodes wat ingesluit mag wees in die gerapporteerde prestasie inligting gedek nie. Ons bevindinge dek dus nie hierdie aangeleenthede nie.

Ons het die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie inligting beoordeel, in lyn met die kriteria ontwikkel vanaf die prestasiebestuur en rapporteringsraamwerk soos gedefinieer in die algemene kennisgewing, vir die volgende geselekteerde doelwitte soos vervat in die jaarverslag van die Universiteit vir die jaar geëindig 31 Desember 2018:

Doelwitte	Bladsy in die jaarverslag
Doelwit 1 – om die goedgekeurde koptelling inskrywingsgetalle doelwit te behaal	19
Doelwit 2 – om die goedgekeurde voorgraadse nuweling-eerstejaars inskrywingsgetalle doelwit te behaal	19
Doelwit 3 – om die goedgekeurde gegradueerde uitsetkoers doelwit te behaal	19
Doelwit 4 – om die goedgekeurde navorsingsuitsette per instruksionele/ navorsing professionele personeel doelwit te bereik	39

Ons het prosedures uitgevoer ten einde vas te stel of die gerapporteerde prestasie inligting voldoende aangebied is en of die prestasie konsekwent is met die geselekteerde prestasie beplanningsdokumente. Ons het verder prosedures uitgevoer om vas te stel of die maatstawwe en verwante doelwitte meetbaar en relevant is en ons het die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie inligting beoordeel om vas te stel of dit geldig, akkuraat en volledig is.

Ons het nie enige wesenlike bevindinge oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie inligting om te rapporteer vir die volgende doelwitte nie:

- om die goedgekeurde koptelling inskrywingsgetalle doelwit te behaal
- om die goedgekeurde voorgraadse nuweling-eerstejaars doelwit te behaal
- om die goedgekeurde gegradueerde uitsetkoers doelwit te behaal
- om die goedgekeurde navorsingsuitsette per instruksionele/ navorsing professionele personeel doelwit te behaal

BEHALING VAN BEPLANDE TEIKENS

Verwys na die jaarverslag op bladsye 19 en 39 vir inligting oor die behaling van beplande teikens vir die jaar.

Verslag oor — audit van — nakoming van wetgewing

INLEIDING EN OMVANG

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika (Wet No. 25 van 2004) en die gepaardgaande algemene kennisgewing, het ons 'n verantwoordelikheid om verslag te lewer oor wesenlike bevindinge oor die nakoming van die Universiteit met spesifieke aangeleenthede met betrekking tot sleutel wetgewing. Ons het prosedures uitgevoer ten einde bevindinge te identifiseer maar nie om bewyse in te samel vir die doel om sekerheid oor hierdie aangeleenthede uit te spreek nie.

Ons het nie enige gevalle van wesenlike nie-nakoming met spesifieke aangeleenthede met betrekking tot sleutel wetgewing, soos uiteengesit in die algemene kennisgewing uitgereik in terme van die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, geïdentifiseer nie.

ANDER INLIGTING

Die Raad van die Universiteit Stellenbosch is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die inligting wat ingesluit is in die dokument getiteld *Universiteit Stellenbosch Geïntegreerde Jaarverslag 2018*, anders as die finansiële jaarstate en die Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir finansiële verslagdoening ingesluit in die finansiële jaarstate. Die ander inligting sluit nie die gekonsolideerde finansiële state, ons ouditeursverslag daaroor en die geselekteerde doelwitte ingesluit in die jaarverslag waarop ons spesifiek rapporteer in die auditverslag in nie.

Ons mening oor die gekonsolideerde finansiële state en ons bevindinge oor die gerapporteerde prestasie inligting en nakoming van wetgewing dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen auditopinie of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons audit van die gekonsolideerde finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die gekonsolideerde finansiële state of kennis verkry gedurende die audit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

INTERNE BEHEER

Ons het die relevante interne beheer in ag geneem tydens ons audit van die gekonsolideerde finansiële state, gerapporteerde prestasie inligting en nakoming van wetgewing. Ons doelwit is egter nie om enige vorm van gerusstelling daaroor uit te spreek nie. Ons het nie enige wesenlike gebreke in interne beheer geïdentifiseer wat ingesluit moet word in hierdie verslag nie.

ANDER VERSLAE

Ons vestig u aandag op die volgende aanstellings deur verskeie partye uitgevoer wat 'n impak het, of mag hê op die aangeleenthede wat in die Universiteit se finansiële state, gerapporteerde prestasie inligting, nakoming tot relevante wetgewing en ander aangeleenthede gerapporteer word. Hierdie verslae vorm nie deel van ons mening oor die finansiële state of ons bevindinge op die gerapporteerde prestasie inligting of nakoming van wetgewing nie.

29 Ooreengekome prosedure verslae is gedurende die jaar geëindig 31 Desember 2018 deur ons uitgereik wat handel oor befondsing vanaf verskeie donateurs en Departement van Hoër Onderwys en Opleiding befondsing. Hierdie verslae het periodes gedek wat strek van 1 Januarie 2015 tot 31 Maart 2018.

9 Donateur befondsing auditverslae en nie-audit gerusstellingsverslae is gedurende die jaar geëindig 31 Desember 2018 deur ons uitgereik wat periodes dek wat strek van 1 Julie 2014 tot 30 April 2018.

PricewaterhouseCoopers Grënk.

PricewaterhouseCoopers Grënk.
Direkteur: NH Döman
Geregistreerde Ouditeur
Stellenbosch
18 Junie 2019

BYLAAG

Ouditeur se – verantwoordelikhede – vir die audit

As deel van 'n audit ooreenkomstig die ISA's oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme deurlopend deur die audit van die gekonsolideerde finansiële state en die prosedures wat uitgeoefen is op die gerapporteerde prestasie inligting vir geselekteerde doelwitte en die Universiteit se nakoming met die geselekteerde onderwerpe.

FINANSIËLE STATE

Tesame met ons verantwoordelikhede vir die audit van die gekonsolideerde finansiële state soos omskryf in die auditverslag, doen ons ook die volgende:

- identifiseer en beoordeel die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die gekonsolideerde finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer auditprosedures uit na aanleiding van daardie risiko's, en verkry auditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die audit ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die Universiteit se interne beheer nie.
- evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die Raad gemaak is.
- kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die Raad se gebruik van die lopende-saak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op auditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die Universiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Waar ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan word daar van ons vereis om in ons auditverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die gekonsolideerde finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op auditbewyse verkry tot en met die datum van ons auditverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die Universiteit ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
- evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die gekonsolideerde finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die gekonsolideerde finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.
- verkry voldoende toepaslike auditbewyse in verband met die finansiële inligting van die entiteite of besigheidsaktiwiteite binne die groep om 'n mening oor die gekonsolideerde finansiële state uit te spreek. Ons is verantwoordelik vir die leiding, toesig en uitvoering van die groepsaudit. Ons bly uitsluitlik verantwoordelik vir ons auditmening.

KOMMUNIKASIE MET DIEGENE WAT VERANTWOORDELIK IS VIR BESTUUR

Ons kommunikeer met die Raad oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die audit en beduidende auditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons audit identifiseer.

Ons bevestig ook aan die Raad dat ons voldoen aan die relevante etiese vereistes wat verband hou met onafhanklikheid en kommunikeer alle verhoudings en ander aangeleenthede wat redelik geag kan word om 'n impak op ons onafhanklikheid te hê en waar van toepassing toepaslike maatreëls.

REKENINGKUNDIGE

Beleid

Die rekeningkundige beleide wat by die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas word, word hieronder uiteengesit. Die beleide word konsekwent toegepas vir alle tydperke wat in hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate gedek word.

I. VOORBEREIDINGSGRONDSLAG

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch word opgestel in ooreenstemming met *International Financial Reporting Standards* (IFRS), en die vertolkings wat deur die IFRS Vertolkingskomitee uitgevaardig is soos van toepassing op entiteite wat aan IFRS voldoen. Die finansiële state voldoen aan IFRS, soos uitgevaardig deur die International Accounting Standards Board. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word op die historiesekoste-grondslag opgestel, soos gewysig deur die herwaardasie van beleggings beskikbaar vir verkoop, skenkings en beleggingseiendom.

In die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate in ooreenstemming met die IFRS, word daar op 'n aantal kritieke rekeningkundige ramings gesteun. Gevalle wat 'n hoë mate van diskresie verg, en gebiede wat beduidende veronderstellings en ramings vereis, word in aantekening I by die gekonsolideerde finansiële jaarstate bespreek.

Standpunte, wysigings en vertolkings aan gepubliseerde standpunte wat gedurende die jaar die eerste keer toegepas is

Sekere nuwe standpunte, wysigings en vertolkings is gepubliseer ten opsigte van bestaande standpunte wat verpligtend geraak het vir die boekjaar wat op 1 Januarie 2018 begin het, en wat die Universiteit vir die eerste keer toegepas het. Die toepassing van IFRS 9, "Financial Instruments", en IFRS 15, "Revenue from Contracts with Customers", het 'n wesenlike invloed gehad op die Universiteit se rekeningkundige beleide, metings en openbaarmakings. Verwys na aantekening 31 vir 'n opsomming van die veranderinge en die invloed daarvan.

Die toepassing van die onderstaande het nie 'n wesenlike invloed op die gekonsolideerde finansiële jaarstate gehad nie:

IFRIC 22	"Foreign currency transactions and advance consideration"
Wysigings aan IFRS 2	"Share-based payments"
Wysigings aan IFRS 4	"Insurance contracts"
Wysigings aan IAS 40	"Investment property"
Jaarlikse verbeterings	2014–2016-siklus

Standpunte en wysigings aan bestaande standpunte wat nog nie effektief is nie

Sekere nuwe standpunte en wysigings aan bestaande standpunte is gepubliseer wat verpligtend is vir rekeningkundige tydperke wat op of ná 1 Januarie 2019 begin, en wat die Universiteit nog nie toegepas het nie. Die Universiteit sal hierdie wysigings in die toepaslike tydperk toepas, indien van toepassing. Die nuwe standpunte en wysigings aan bestaande standpunte is soos volg:

Standpunte en wysigings aan bestaande standpunte wat die gekonsolideerde finansiële jaarstate gaan affekteer

IFRS 16	"Leases" (effektief 1 Januarie 2019)
---------	--------------------------------------

Die nuwe standpunt omskryf 'n huurkontrak en die erkenning en meting van huurkontrakte, en lê beginsels neer vir die rapportering van nuttige inligting aan gebruikers van finansiële state oor die verhuuringsaktiwiteite van huurders en verhuurders. 'n Kernverandering is dat die meeste bedryfshuurkontrakte op die huurders se staat van finansiële posisie verreken sal word.

'n Ontleding is gemaak van alle bedryfshure betaal en geen wesenlike aanpassings word verwag nie. Die Universiteit verantwoord reeds al sy bruikure in die staat van finansiële posisie en geen aanpassings word in die verband verwag nie.

Standpunte en wysigings aan bestaande standpunte wat nie 'n wesenlike impak op die gekonsolideerde finansiële jaarstate sal hê nie

Wysiging aan IAS 1	“Presentation of financial statements” (effektief 1 Januarie 2020)
Wysigings aan IAS 8	“Accounting policies, changes in accounting estimates and errors” (effektief 1 Januarie 2020)
Wysigings aan IAS 19	“Employee benefits” (effektief 1 Januarie 2019)
Wysigings aan IFRS 3	“Business combinations” (effektief 1 Januarie 2020)
Wysigings aan IFRS 9	“Financial instruments” (effektief 1 Januarie 2019)
Wysigings aan IAS 28	“Investments in associates and joint ventures” (effektief 1 Januarie 2019)
IFRS 17	“Insurance contracts” (effektief 1 Januarie 2021)
IFRIC 23	“Uncertainty over income tax treatments” (effektief 1 Januarie 2019)
Jaarlikse verbeterings	2015–2017-siklus

2. KONSOLIDASIEGRONDSLAG

Filiale

Alle entiteite (insluitend spesialedoelentiteite) waarin die Universiteit direk of indirek 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou, of ten opsigte waarvan hy andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die werksaamhede uit te oefen, word by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit. Die aankoopmetode word vir die teboekstelling van die verkryging van filiale gebruik. Die koste van 'n verkryging word as die billike waarde van bates oorgedra en laste aanvaar soos op die transaksiedatum, insluitende enige transaksiekoste, gemeet. Identifiseerbare bates in 'n besigheidskombinasie verkry en laste en voorwaardelike aanspreeklikhede aanvaar word aanvanklik teen billike waarde gemeet.

Die verskil tussen die koste van verkryging en die billike waarde van die groep se deel van die identifiseerbare netto bates word as klandisië waarde verantwoord. Die resultate van filiale wat gedurende die jaar aangekoop is, word ingesluit vanaf die datum waarop effektiewe beheer verkry is. Konsolidasie word gestaak vanaf die datum waarop effektiewe beheer eindig.

Die Universiteit erken enige niebeheerende belange in die filiaal op 'n verkryging-tot-verkryging grondslag teen die billike waarde of teen die niebeheerende belang se proporsionele aandeel van die identifiseerbare netto bates van die filiaal.

Tussengroeptransaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy filiale word uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedalingaanwyser van die onderliggende bate

hanteer. Die rekeningkundige beleide van filiale word, waar nodig, tydens konsolidasie aangepas.

Geassosieerde maatskappye

'n Geassosieerde maatskappy is 'n maatskappy, behalwe 'n filiaal, waarin die Universiteit 'n belegging het en ten opsigte waarvan hy vanweë die aard en die omvang van sy belegging die vermoë het om 'n beduidende invloed daarop te kan uitoefen. Die resultate van geassosieerde maatskappye word deur middel van die ekwiteitsmetode verantwoord. Die ekwiteitsmetode behels die erkenning van die Universiteit en sy filiale se belang in die naverkrygingswins en -verlies van geassosieerde maatskappye in die gekonsolideerde inkomtestaat en die naverkrygingsbewegings in reserwes in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste.

Die kumulatiewe naverkrygingsbewegings word teen die drabedrag van die belegging in die geassosieerde maatskappy aangepas. Die erkenning van die Universiteit en sy filiale se aandeel in verliese van geassosieerde maatskappye word tot die belang in die geassosieerde maatskappy beperk. Bykomende verliese word net erken in die mate waarin die Universiteit en sy filiale die skuld van die geassosieerde maatskappy gewaarborg het.

Tussengroeptransaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy geassosieerde maatskappye word na gelang van die Universiteit se belang in die geassosieerde maatskappye uitgeskakel.

Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedalingaanwyser van die onderliggende bate hanteer. Die rekeningkundige beleide van geassosieerde maatskappye word, waar nodig, by die toepassing van die ekwiteitsmetode aangepas.

3. BUITELANDSE VALUTA

Funksionele en aanbiedingsgeldeenheid

Items wat by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit word, word gemeet deur gebruik te maak van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die Universiteit werksaam is (die funksionele geldeenheid). Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word in Suid-Afrikaanse rand aangebied, wat die Universiteit se funksionele en aanbiedingsgeldeenheid is.

Transaksies en saldo's

Valutatransaksies word verantwoord teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum geld. Wins en verlies wat by die vereffening van sodanige transaksies ontstaan en die omskakeling van monetêre bates en laste wat in buitelandse valuta gedenomineer is, word in die gekonsolideerde inkomtestaat erken. Laasgenoemde saldo's word teen jaareindwisselkoerse omgeskakel.

4. EIENDOM, BOEKE EN TOERUSTING

Grond en geboue bestaan hoofsaaklik uit erwe, lesingslokale, laboratoriums, koshuise en administratiewe geboue. Grond en geboue word teen historiese koste minus opgehoopte waardevermindering getoon, met uitsluiting van skenkings van grond en geboue wat soos op die datum van die skenking deur professionele waardeerders teen billike waarde gewaardeer word.

Historiese koste sluit direkte koste met betrekking tot die verkryging van die item in. Naverkrygingskoste word net by die oorspronklike kosprys getel, of as 'n afsonderlike bate erken, indien die vloei van bykomende toekomstige ekonomiese voordele uit die item na die Universiteit waarskynlik is en die koste betroubaar gemeet kan word. Alle ander herstel- en instandhoudingskoste word in die gekonsolideerde inkomtestaat erken in die tydperk waarin dit aangegaan word.

Boeke en toerusting word teen kosprys getoon, met uitsluiting van skenkings van boeke en toerusting wat soos op die datum van die skenking teen billike waardes deur geswore waardeerders gewaardeer word.

Owerheidstoekennings wat vir infrastruktuur ontvang word, word erken deur die toekenning van die waarde van die bate af te trek.

Geen waardevermindering word ten opsigte van grond erken nie, omdat dit 'n onbeperkte leeftyd het. Die waardevermindering van ander bates word volgens die reguitlynmetode bereken om die koste of herwaardeerde bedrae oor die nutsduur van die bates tot die reswaardes af te skryf. Reswaardes en waardeverminderingskoerse is soos volg:

	Reswaarde %	Waardevermindering %
Grond	100	-
Geboue	-	1,3-20,0
Rekenaartoerusting	-	33,3
Ander toerusting en voertuie	0-40	5-25
Biblioteekboeke	-	100

Die nutsdure van eiendom, boeke en toerusting word jaarliks hersien en, indien nodig, aangepas.

Indien die drabedrag van 'n bate groter as die realiseerbare waarde daarvan is, word dit na die realiseerbare waarde afgeskryf.

Wins en verlies by die verkoop van bates word in die gekonsolideerde inkomstestaats erken en verteenwoordig die verskil tussen die opbrengs en die drabedrag soos op die datum van die verkoop.

5. ONTASBARE BATES

Aangekoopte rekenaarprogrammatuurlisensies word gekapitaliseer teen die koste aangegaan om die spesifieke programmatuur te verkry en in gebruik te neem. Hierdie koste word oor die verwagte nutsduur van die programmatuur geamortiseer. Die programmatuur wat aan die jaareinde in hierdie kategorie val se verwagte nutsduur is tien jaar. Naverkrygingskoste wat vir die instandhouding van rekenaarprogrammatuur aangegaan word, word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan is.

Die surplus van die koste van verkryging bo die billikewaarde van die groep se aandeel in die identifiseerbare netto bates, word as klandisiewaarde erken. Klandisiewaarde is nie onderhewig aan amortisasie nie en word jaarliks getoets vir waardedaling.

Ontasbare bates sluit rekenaarprogrammatuurlisensies en klandisiewaarde in.

6. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Die Universiteit het IFRS 9, "Financial instruments", op 1 Januarie 2018 geïmplementeer. Ingevolge die oorgangsbepalings is vergelykende syfers nie herstateer nie. Verwys na aantekening 31 vir besonderhede oor die invloed van die verandering in rekeningkundige beleid.

Rekeningkundige beleide sedert 1 Januarie 2018 toegepas

Beleggings en ander finansiële bates

(i) Klassifikasie

Sedert 1 Januarie 2018 klassifiseer die Universiteit sy finansiële bates in die volgende metingskategorieë:

- Dié wat daarna teen billike waarde gemeet sal word (hetsy deur omvattende inkomste of deur wins of verlies); en
- Dié wat teen geamortiseerde koste gemeet sal word.

Die klassifikasie hang af van die Universiteit se sakemodel vir die bestuur van die finansiële bates en die kontraktuele voorwaardes vir die kontantvloei.

Winst en verliese vir bates wat teen billike waarde gemeet word, sal óf in wins of verlies, óf in omvattende inkomste, aangeteken word. Vir beleggings in skuldinstrumente sal dit afhang van die sakemodel waarin die belegging gehou word. Vir beleggings in ekwiteitsinstrumente waarmee daar nie handel gedryf word nie, sal dit afhang of die Universiteit 'n onherroeplike keuse met die aanvanklike erkenning uitgeoefen het om die ekwiteitsbelegging teen billike waarde deur omvattende inkomste te verantwoord.

Die Universiteit herklassifiseer skuldbeleggings uitsluitlik wanneer die sakemodel vir die bestuur van daardie bates verander.

(ii) Erkenning en ontkenning

Konvensionele aankope en verkope van finansiële bates word op die verhandelingsdatum erken – die datum waarop die Universiteit hom tot die aankope of verkope van die bate verbind. Finansiële bates word ontken wanneer die reg op die ontvangs van kontantvloei uit die finansiële bates verval het, of oorgedra is, en die Universiteit al die risiko's en voordele van eienaarskap wesenlik oorgedra het.

(iii) Meting

By aanvanklike erkenning meet die Universiteit 'n finansiële bate teen billike waarde plus (in die geval van 'n finansiële bate wat nie teen billike waarde deur wins of verlies gemeet word nie) transaksiekoste wat direk aan die verkryging van die finansiële bate toegeskryf kan word. Transaksiekoste van finansiële bates wat in wins of verlies erken word, word in wins of verlies as uitgawes aangeteken.

Finansiële bates met vasgelegde afgeleide instrumente word in die geheel in ag geneem wanneer bepaal word of die kontantvloei daaruit die betaling van slegs die prinsipaal en rente is.

Skuldinstrumente

Latere meting van skuldinstrumente hang af van die Universiteit se sakemodel vir die bestuur van die bate en die kontantvloeiënmerke van die bate. Die Universiteit klassifiseer sy skuldinstrumente in drie metingskategorieë:

- Geamortiseerde koste: Bates wat vir die invordering van kontraktuele kontantvloei gehou word, waar daardie kontantvloei suiwer betalings van prinsipaal en rente verteenwoordig, word teen geamortiseerde koste gemeet. Wins of verlies op 'n skuldbelegging wat later teen geamortiseerde koste gemeet word en nie deel vorm van 'n skansverhouding nie, word in wins of verlies erken wanneer die bate ontken word of waardedaling ondergaan. Rente-inkomste uit hierdie finansiële bates word deur middel van die effektiwerentekoersmetode by finansieringsinkomste ingesluit.
- Billike waarde deur ander omvattende inkomste (BWAOI): Bates wat vir die invordering van kontraktuele kontantvloei en vir die verkoop van finansiële bates gehou word, waar die bates se kontantvloei suiwer betalings van prinsipaal en rente verteenwoordig, word teen BWAOI gemeet. Veranderinge in die drabedrag word in ander omvattende inkomste aangeteken, buiten die erkenning van waardedalingswinste of -verliese, rente-inkomste en winste en verliese op valuta, wat in wins of verlies erken word. Wanneer die finansiële bate ontken word, word die kumulatiewe wins of verlies wat voorheen in ander omvattende inkomste erken is, van ekwiteit na wins of verlies herklassifiseer en in ander winste/(verliese) erken. Rente-

inkomste uit hierdie finansiële bates word deur middel van die effektiwerentekoersmetode by finansieringsinkomste ingesluit. Winste en verliese in valuta word in ander winste en verliese aangebied en winste en waardedalingsuitgawes in ander uitgawes.

- Billike waarde deur wins of verlies: Bates wat nie aan die kriteria vir geamortiseerde koste of BWAOI voldoen nie, word teen billike waarde deur wins of verlies gemeet. Wins of verlies op 'n skuldbelegging wat later teen billike waarde deur wins of verlies gemeet word en nie deel vorm van 'n skansverhouding nie, word in wins of verlies erken en netto aangebied op die gekonsolideerde inkomstestaat, binne ander winste/(verliese) vir die tydperk waarin dit ooploop.

Ekwiteitsinstrumente

Latere meting van ekwiteitsbeleggings geskied teen billike waarde. Waar die Universiteitsbestuur gekies het om billikewaardewinste en -verliese op ekwiteitsbeleggings in ander omvattende inkomste aan te bied, is daar, as die belegging onderken word, geen latere herklassifikasie van billikewaardewinste en -verliese na wins of verlies nie. Dividende uit sodanige beleggings word steeds as ander inkomste in wins of verlies erken waar die Universiteit se reg op die ontvangs van betalings gevestig is.

Veranderinge in die billike waarde van finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies, word in ander winste/(verliese) op die gekonsolideerde inkomstestaat erken, indien van toepassing. Waardedalingsverliese (en die terugskryf van waardedalingsverliese) op ekwiteitsbeleggings wat teen BWAOI gemeet word, word nie apart van ander veranderinge in billike waarde gerapporteer nie.

Verwys na aantekening 31 vir verdere inligting oor die klassifikasie van die Universiteit se skuld- en ekwiteitsinstrumente.

(iv) Waardedaling

Die Universiteit assesseer die verwagte kredietverliese wat verband hou met die skuldinstrumente wat teen geamortiseerde koste en BWAOI gedra word op 'n vooruitskouende grondslag. Die waardedalingmetode wat toegepas word, word bepaal deur of daar 'n beduidende verhoging in kredietrisiko is. Aantekening 1 sit uiteen hoe die Universiteit bepaal of daar 'n beduidende verhoging in kredietrisiko is.

Vir handels- en ander debiteure en studentegelde ontvangbaar, pas die Universiteit die vereenvoudigde benadering toe wat deur IFRS 9 toegelaat word, wat vereis dat verwagte lewensduurverliese van die aanvanklike erkenning van die debiteure af erken moet word.

Handels- en ander krediteure

Handels- en ander krediteure, behalwe valutatermykontraklaste, word aanvanklik teen billike waarde gemeet. Daarna word dit teen geamortiseerde koste getoon deur van die effektiwerentekoersmetode gebruik te maak.

Rentedraende lenings

Lenings word aanvanklik teen billike waarde erken, met inagneming van enige transaksiekoste wat aangegaan is. Lenings word ná aanvanklike erkenning teen geamortiseerde koste gedra. Verskille tussen die aanvanklik erkende bedrag en die aflossingsbedrag word oor die duur van die lening in die gekonsolideerde inkomstestaat erken deur van die effektiwerentekoersmetode gebruik te maak. Lenings word as bedryfslaste getoon, tensy die Universiteit 'n onvoorwaardelike reg het om betaling vir minstens 12 maande ná die jaareinde uit te stel, in welke geval dit as niebedryfslaste getoon word.

Handels- en ander debiteure

Handelsdebiteure is bedrae wat verskuldig is vir goedere verkoop of dienste gelewer in die normale gang van die Universiteit se sake. Dit is gewoonlik binne 30 dae betaalbaar en word dus alles as lopend geklassifiseer. Handelsdebiteure word aanvanklik erken teen die bedrag van dekking, wat onvoorwaardelik is, tensy dit beduidende finansieringskomponente bevat, in welke geval dit teen billike waarde erken word. Die Universiteit hou die handelsdebiteure met die doel om die kontraktuele kontantvloed in te vorder en meet dit dus teen geamortiseerde koste, deur van die effektiwerentekoersmetode gebruik te maak. Besonderhede oor die Universiteit se waardedalingsbeleide en die berekening

van die verliesvoorsiening word in aantekeninge 1 en 8 van die gekonsolideerde finansiële state verskaf.

Rekeningkundige beleide tot 31 Desember 2017 toegepas

Finansiële instrumente het kontant en kontantekwivalente, afgeleide instrumente, beleggings, lenings en debiteure, handels- en ander krediteure en lenings ingesluit. Finansiële instrumente is aanvanklik teen billike waarde, transaksiekoste ingesluit, erken. Die konvensionele koop en verkoop van finansiële bates is op die verhandelingsdatum erken.

Die Universiteit het sy finansiële bates in die volgende kategorieë geklassifiseer: lenings en debiteure, beleggings beskikbaar vir verkoop en finansiële instrumente teen billike waarde gedra, met aanpassings deur wins of verlies op die gekonsolideerde inkomstestaat. Die Universiteit het finansiële laste in die volgende kategorieë geklassifiseer: handels- en ander krediteure en rentedraende lenings. Die klassifikasie is bepaal deur die doel waarvoor die bate of las verkry is. Die bestuur het die klassifikasie by aanvanklike erkenning vasgestel.

Beleggings beskikbaar vir verkoop

Beleggings is as 'beskikbaar vir verkoop' geklassifiseer en is deur die gebruik van toepaslike waardasiemetodes teen billike waardes getoon. Beleggings is by niebedryfsbates ingesluit, behalwe waar die Universiteit beoog het om die belegging binne 12 maande ná jaareinde te vervreem. Aankope en verkope van beleggings is soos op die verhandelingsdatum erken, dit wil sê die datum waarop die Universiteit hom tot die aankope en verkope verbind het. Veranderinge in billike waardes is in ander omvattende inkomste in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste getoon. Die verskil tussen die netto verkoopopbrengs en die kosprys van die belegging is by vervreemding van die billikewaarde-reserwe na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Beleggings is onderken wanneer die reg op kontantvloed verval het of oorgedra is, of die Universiteit die beduidende risiko's en voordele wat met eienaarskap gepaard gaan, oorgedra het.

Die billike waarde van genoteerde beleggings is op huidige markprys gegrond. Die Universiteit het die billike waarde van ongenoteerde beleggings en beleggings waarvoor daar nie 'n aktiewe mark is nie, bepaal deur van toepaslike waardasietegnieke gebruik te maak.

Die Universiteit het teen elke jaareinde, mits daar objektiewe bewyse bestaan het, bepaal of 'n finansiële bate se waarde gedaal het. 'n Beduidende afname in die billike waarde van die belegging oor 'n tydperk na laer as die kosprys daarvan was 'n aanduiding dat die belegging se waarde gedaal het. Indien sodanige bewyse vir beleggings beskikbaar vir verkoop bestaan het, is die kumulatiewe verlies van die billikewaarde-reserwe na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Die kumulatiewe verlies is bereken as die verskil tussen die verkrygingskoste en die huidige billike waarde ná aftrekking van enige waardedalings wat in vorige tydperke erken is. Waardedalingsverliese wat in die gekonsolideerde inkomstestaat erken is, is nie in die gekonsolideerde inkomstestaat teruggeskryf indien daar latere verhalings was nie.

Debiteure en lenings

Debiteure en lenings is nie-afgeleide finansiële instrumente met vaste of bepaalbare terugbetalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer is nie. Debiteure en lenings is aanvanklik teen billike waarde gemeet. Indien die bedrae eers ná 12 maande vanaf die jaareinde betaalbaar was, is dit by niebedryfsbates ingesluit, andersins by bedryfsbates.

Debiteure en lenings is teen die geamortiseerde koste getoon deur van die effektiwerentekoersmetode gebruik te maak, en ná toelating vir kredietverliese ten opsigte van die uitstaande bedrag. 'n Toelaag vir kredietverliese is geskep indien daar objektiewe bewyse bestaan het dat uitstaande bedrae nie volgens die oorspronklike bepalinge ingevorder sou word nie. Die bedrag van die toelaag was die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van die verwagte kontantvloed, verdiskonteer teen die effektiwe rentekoers, verteenwoordig het.

Beduidende finansiële probleme en die wanbetaling van uitstaande skuld is as aanwysers van waardedaling beskou. Die drabedrag van die bate is verminder deur van 'n voorsieningsrekening gebruik te maak. Die bedrag van die waardedaling is in die gekonsolideerde inkomtestaat as 'n bedryfsuitgawe erken. Waar die debiteur of lening oninvorderbaar was, is dit teen die voorsieningsrekening afgeskryf. Die latere verhalings van enige bedrae wat voorheen afgeskryf is, is teen bedryfsuitgawes op die gekonsolideerde inkomtestaat gekrediteer.

Handels- en ander debiteure, behalwe valutatermyntrekkingsbates, is as debiteure en lenings geklassifiseer.

Kontant en kontantekwivalente, wat as debiteure en lenings geklassifiseer is, het uit kontant voorhande, daggelddeposito's, beleggings in geldmarkinstrumente en bankoortrekkings bestaan.

Handels- en ander krediteure

Handels- en ander krediteure, behalwe valutatermyntrekkingsbates, is aanvanklik teen billike waarde gemeet. Daarna is dit teen geamortiseerde koste getoon deur van die effektiwiteitkoersmetode gebruik te maak.

Rentedraende lenings

Lenings is aanvanklik teen billike waarde erken, met inagneming van enige transaksiekoste wat aangegaan is. Lenings is ná aanvanklike erkenning teen geamortiseerde koste gedra. Verskille tussen die aanvanklik erkende bedrag en die aflossingsbedrag is oor die duur van die lening in die gekonsolideerde inkomtestaat erken deur van die effektiwiteitkoersmetode gebruik te maak. Lenings is as bedryfslaste getoon, behalwe waar die Universiteit 'n onvoorwaardelike reg gehad het om betaling vir minstens 12 maande na die jaareinde uit te stel, in welke geval dit as niebedryfslaste getoon is.

7. NAVORSINGS- EN ONTWIKKELINGSKOSTE

Navorsings- en ontwikkelingskoste word as 'n uitgawe erken in die jaar waarin dit aangegaan word, aangesien albei inherent aan die gewone werksaamhede van 'n universiteit is.

8. VOORRAAD

Voorraad, wat hoofsaaklik uit verbruiksgoedere en skryfbehoeftes bestaan, word teen die kosprys getoon, op die grondslag van gemiddelde koste óf die netto realiseerbare waarde – wat ook al die laagste is.

Die kosprys sluit finansieringskoste uit. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die normale gang van sake, minus verkoopskoste.

9. WAARDEDALING VAN NIEFINANSIËLE BATES

Bates met 'n onbepaalde nutsduur is nie aan waardevermindering en amortisasie onderworpe nie en word jaarliks vir waardedaling getoets. Bates wat aan waardevermindering en amortisasie onderworpe is, word vir moontlike waardedaling getoets indien 'n gebeurtenis

of verandering in omstandighede aandui dat die drabedrag van die bate moontlik nie verhaalbaar is nie. 'n Waardedalingsverlies word erken vir die bedrag waarmee die drabedrag van die bate die verhaalbare bedrag daarvan oorskry. Die verhaalbare bedrag is die bate se billike waarde, minus enige verkoopskoste, óf die gebruikswaarde daarvan – wat ook al die hoogste is. In die toets vir waardedaling word bates gegroepeer op die kleinste vlak waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloei is (kontantgenererende eenhede). Niefinansiële bates met vorige waardedalings word aan elke jaareinde hersien vir 'n moontlike omswaaiing van die waardedaling wat reeds erken is.

10. INKOMSTE-ERKENNING

Die Universiteit het IFRS 15, "Revenue from contracts with customers", op 1 Januarie 2018 geïmplementeer. Ingevolge die oorgangsbepalings is vergelykende syfers nie herstateer nie en geen herstatings sou nodig gewees het nie. Verwys na aantekening 31 vir besonderhede oor die invloed van die verandering in rekeningkundige beleid.

Rekeningkundige beleide sedert 1 Januarie 2018 toegepas

Die Universiteit verskaf hoër onderwys en verwante dienste en voer navorsingsaktiwiteite uit. Die volgende is die Universiteit se vernameste inkomstestrome:

- owerheidstoekennings;
- studente-, inwonings- en ander gelde;
- toekennings en kontrakke;
- privaat skenkings; en
- verkope van dienste en produkte.

Owerheidstoekennings bestaan uit subsidie-inkomste en navorsingstoelae. Subsidie-inkomste hou verband met toekennings vanaf die sentrale regering en word verantwoord ingevolge IAS 20, "Accounting for government grants". Toekennings vanaf die sentrale regering word erken in die tydperk waarvoor hulle ontvang word. Owerheidstoekennings vir infrastruktuur ontvang word as uitgestelde owerheidstoekennings by laste ingesluit en word gekrediteer teen die bate wanneer die bate vir gebruik beskikbaar raak, wat lei tot 'n afname in die waardevermindering wat in die gekonsolideerde inkomtestaat erken word oor die verwagte lewensduur van die betrokke bates. Navorsingstoekennings word verantwoord ingevolge IFRS 15, "Revenue from contracts with customers". Verdere besonderhede oor navorsingstoekennings en inkomste uit navorsingskontrakke volg.

Studente-, inwonings- en ander gelde hou hoofsaaklik verband met gelde wat verdien word uit die verskaffing van onderwysdienste aan geregistreerde studente. Dit word gemeet op grond van die transaksieprys ingevolge die Universiteit se geldestruktuur en word erken soos en wanneer die diens verskaf word. Aangesien die akademiese jaar met die boekjaar saamval, word 'n debiteur teen die einde van die jaar erken vir enige onbetaalde studentegelde wat met daardie spesifieke jaar verband hou. Waar studentegelde vooruit ontvang word, skep dit 'n kontrakklas, aangesien die prestasieverpligtinge wat met hierdie bedrae verband hou (die verskaffing van onderwysdienste) slegs in die volgende akademiese en boekjaar nagekom sal word.

Inkomste uit navorsingskontrakke word op grond van die kontrakwaarde gemeet. Vorderingsbetalings word oor die tydperk van die kontrakke ontvang en as inkomste erken soos die prestasieverpligtinge nagekom of mylpale soos gestipuleer in die kontrak, bereik word. Waar inkomste ontvang is en die verwante prestasieverpligtinge nog nie nagekom is nie, word 'n kontrakklas geskep.

Inkomste uit diverse kontrakke word gemeet op grond van die kontrakwaarde en erken wanneer die verwante prestasieverpligtinge nagekom is.

Skenkings word op die ontvangsdatum erken wanneer daar geen skenkereis is om die skenking oor 'n tydperk aan te wend nie. Wanneer skenkings ontvang word en 'n spesifieke tydperk vir die gebruik daarvan voorgeskryf word, word die skenking oor tyd erken. Waar skenkings vooruit ontvang word, word 'n kontraklas geskep. Skenkings word teen billike waarde, na gelang van eksterne waardasies, op die skenkingsdatum erken, behalwe wanneer dit in kontant ontvang word.

Inkomste uit die verkope van dienste word erken soos die dienste gelewer word. Inkomste uit die verkope van produkte word by die punt van verkoop, óf wanneer goedere oorgedra word, erken. Interdepartementele inkomste word uitgeskakel.

Rente-inkomste word op 'n tydtoedelingsgrondslag erken deur die effektiwerentekoersmetode toe te pas. Indien 'n debiteur se waarde sou daal, verlaag die Universiteit die drabedrag na die verhaalbare bedrag. Die verhaalbare bedrag verteenwoordig die toekomstige kontantvloei verdiskonteer teen die oorspronklike effektiwe rentekoers. Hierdie diskonto word oor tyd as rente erken. Rente-inkomste ten opsigte van lenings waarvoor 'n waardedaling erken is, word teen die oorspronklike effektiwe rentekoers erken.

Dividendinkomste word erken wanneer die aandeelhouer se reg om 'n dividend te ontvang vestig; dit wil sê, op die laaste dag vir registrasie ten opsigte van genoteerde aandele en, in die geval ongenoteerde aandele, wanneer dividende verklaar word.

Rekeningkundige beleide tot 31 Desember 2017 toegepas

Inkomste is teen die billike waarde van die bedrae of goedere wat ontvang is, erken.

Skenkingsinkomste is erken wanneer dit toegeval het.

Studente- en inwoningssgelde is erken na gelang die diens gelewer is.

Sentrale owerheidstoekenings is erken in die tydperk waarvoor dit ontvang is. Owerheidstoekenings is erken wanneer daar redelike sekerheid was dat die toekenning ontvang sou word en dat die Universiteit sou voldoen aan al die voorwaardes wat daaraan gekoppel is. Owerheidstoekenings wat vir infrastruktuur ontvang is, is erken deur die toekenning van die waarde van die bate af te trek. Die toekenning is as inkomste verantwoord deur die waardeerminvermindering wat toegeken en in die inkomstestaat getoon is.

Navorsingstoekenings is oor die termyn van die navorsing en op grond van die bepaling van die individuele kontrakte erken.

Rente-inkomste is op 'n tydtoedelingsgrondslag erken deur die effektiwerentekoersmetode toe te pas. Wanneer 'n toelating van kredietverliese ten opsigte van 'n debiteur geskied het, het die Universiteit die drabedrag na die verhaalbare bedrag verminder. Die verhaalbare bedrag het die toekomstige kontantvloei verteenwoordig, verdiskonteer teen die oorspronklike effektiwe rentekoers. Hierdie diskonto is oor tyd as rente erken. Rente-inkomste ten opsigte van lenings waarvoor 'n waardedaling erken is, is teen die oorspronklike effektiwe rentekoers erken.

Interdepartementele inkomste is uitgeskakel.

Ander inkomste wat deur die Universiteit verdien is, is op die volgende grondslae erken:

- Dividendinkomste – wanneer die aandeelhouer se reg om 'n dividend te ontvang gevestig is, dit wil sê op die laaste dag vir registrasie ten opsigte van genoteerde aandele en, in die geval van ongenoteerde aandele, wanneer dividende verklaar is.
- Huurinkomste – ontvangste ten opsigte van bedryfshuurkontrakte is oor die tydperk van die huurtermyn op 'n reguitlynggrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.
- Toevallige verkope en dienste – wanneer die goedere oorgedra is, óf in die periode waarin die dienste gelewer is.

II. HUUR

Die Universiteit huur eiendom en toerusting. Huurooreenkomste waar die verhuurder die beduidende risiko's en voordele van eienaarskap van 'n gehuurde item behou, word as bedryfshuur geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshuurooreenkomste word oor die huurtermyn op 'n reguitlynggrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

Huurooreenkomste waar die Universiteit, as huurder, al die beduidende risiko's en voordele van eienaarskap ontvang, word as bruikhuur geklassifiseer. Bruikhuur word aan die begin van die huurtermyn teen die laagste van die markwaarde van die gehuurde eiendom en die huidige waarde van die minimum huurbetalings gekapitaliseer. Elke huurbetaling het 'n las- en 'n finansieringskostelement en word daarvolgens verdeel. Die ooreenstemmende huurverplichting, na aftrekking van finansieringskoste, word in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie erken.

Die eiendom en toerusting wat deur middel van bruikhuurkontrakte verkry word, word oor die kortste van die nutsduur of die huurtermyn van die bate gedeprimeer.

12. PERSONEELVOORDELE

Na-aftrede mediese voordele en groeplewensversekeringskema

Na-aftrede mediese voordele word aan afgetrede werknemers voorsien. Toegang tot hierdie voordeel word beperk tot werknemers wat voor 1 Junie 2002 aangestel is. Alle werknemers word verplig om aan die groeplewensversekeringskema deel te neem. Die verwagte koste van hierdie voordele word oor die diens tydperk erken. Die verpligting ten opsigte van die na-aftrede mediese voordele is die teenswoordige waarde van die verpligting soos aan die jaareinde, minus die billike waarde van planbates en enige aanpassings vir aktuariële wins of verlies en verstreke dienskosse. Die verpligting word minstens elke drie jaar aktuarieel deur 'n onafhanklike aktuaris bereken. Aktuariële wins en verliese word onmiddellik in die in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste erken.

Pensioenverpligtings

Bydraes word maandeliks aan die US Aftrededonds, 'n vastebydraeplan vir permanente werknemers aan die Universiteit, gemaak. 'n Vastebydraeplan is 'n pensioenplan waar die Universiteit vaste bydraes aan 'n eksterne fonds maak en wat erken word as 'n uitgawe in die tydperk waarin die dienste gelewer word.

Langdiensvoordele

Ná 25 jaar dienslewering kwalifiseer werknemers vir 'n geskenk met 'n waarde gelykstaande aan 50% van die werknemer se maandelikse salaris (met 'n minimum waarde van R400 en 'n maksimum waarde van R5 000). Die Universiteit erken 'n las en die gepaardgaande uitgawe na gelang die verpligting ooploop.

13. UITGESTELDE BELASTING

Uitgestelde belasting word volgens die aanspreeklikheidsmetode voorsien op tydelike verskille van belastingspligtige filiale van die Universiteit. Uitgestelde belasting verteenwoordig die belastinguitwerking van tydelike verskille tussen die belastingsbasisse van bates en laste en die drawaardes daarvan vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes. Uitgesteldebetalingsbates en -laste

word bereken teen die verwagte heersende belastingkoers wanneer die bate gerealiseer word óf die aanspreeklikheid vereffen word, gegrond op belastingkoerse (en belastingwette) wat teen die verslagdoeningsdatum uitgevaardig is of in wese uitgevaardig is. Uitgesteldebelastingbates word slegs erken in die mate dat die verhaalbaarheid daarvan waarskynlik is. Uitgestelde belasting word nie voorsien indien dit uit die aanvanklike erkenning van bates en laste as gevolg van ander transaksies as besigheidskombinasies spruit nie en soos op die transaksiedatum nie rekeningkundige wins of verlies of belasbare inkomste of vasgestelde verlies beïnvloed nie.

14. FONDSE

Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse bestaan uit bedryfsfondse, lenings, skenkings en vastebatefondse waaraan spesifieke voorwaardes vir hul aanwending verbonde is. Onbeperkte fondse kan deur die Raad na eie oordeel aangewend word. In die poel van onbeperkte fondse is fondse wat vir 'n spesifieke doel geoormerk is en daarom nie vir ander oogmerke aangewend kan word nie.

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 31 DESEMBER 2018

AANTEKENINGE		2018 R000	2017 R000
BATES			
NIEBEDRYFSBATES		14 442 448	14 219 261
Eiendom, boeke en toerusting	4	5 356 745	5 084 044
Ontasbare bates	5	15 342	5 158
Langtermynbeleggings	6	8 792 606	8 888 708
Belegging in geassosieerde maatskappye	7	7 682	6 391
Langtermyngedeelte van handels- en ander debiteure	8	269 277	231 871
Uitgestelde belasting	9	-	1 885
Bedryfshuurbate	11	796	1 204
BEDRYFSBATES		1 218 858	1 037 177
Voorraad	10	7 234	6 671
Korttermyngedeelte van handels- en ander debiteure	8	291 027	256 191
Kontrakbate		8 486	-
Korttermyngedeelte van bedryfshuurbate	11	409	200
Korttermynbeleggings	6	523 831	-
Kontant en kontantekwivalente	25	387 871	774 115
TOTALE BATES		15 661 306	15 256 438
FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE			
FONDSE BESIKBAAR		13 433 304	13 338 103
Onbeperkte fondse: geoormerkte fondse	2	748 904	651 493
Onbeperkte fondse: ongeoormerkte fondse	2	347 393	571 491
Beperkte fondse	2	9 788 604	9 562 516
		10 884 901	10 785 500
Eiendomsherwaardasiereserwe	2	2 538 731	2 538 731
Niebeherende belange	2	9 672	13 872
NIEBEDRYFSLASTE		877 182	857 531
Rentedraende lenings	3	207 715	202 411
Personeelvoorrede	27	669 467	655 120
BEDRYFSLASTE		1 350 820	1 060 804
Handels- en ander krediteure	12	1 080 384	1 049 726
Kontraklas	12	266 688	-
Korttermyngedeelte van rentedraende lenings	3	3 748	11 078
TOTALE FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE		15 661 306	15 256 438

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËNDIG 31 DESEMBER 2018

	AANTE- KENINGE	OPVOED- KUNDIG & ALGEMEEN	OPVOED- KUNDIG & ALGEMEEN	OPVOED- KUNDIG & ALGEMEEN	STUDENTE- EN PERSONEEL- HUISVESTING	2018 TOTAAL	2017 TOTAAL
		ONBEPERK R000	BEPERK R000	TOTAAL R000	BEPERK R000	R000	R000
TOTALE INKOMSTE		2 749 916	2 311 764	5 061 680	351 390	5 413 070	5 877 485
HERHALENDE ITEMS							
Owerheidstoekennings	14	1 581 784	421 338	2 003 121	20 171	2 023 292	1 882 391
Studente-, inwonings- en ander gelde	14	997 154	80 743	1 077 896	319 903	1 397 799	1 282 427
Toekennings en kontrakte	14	81 335	1 024 435	1 105 770	-	1 105 770	1 165 554
Privaat skenkings	14	5 796	259 159	264 956	-	264 956	231 570
Verkope van dienste en produkte	14	26	228 000	228 026	-	228 026	204 043
Subtotaal		2 666 095	2 013 675	4 679 769	340 074	5 019 843	4 765 985
Rente en dividende verdien	18	83 362	288 756	372 117	11 316	383 434	344 449
Wins by vervreemding van eiendom, boeke en toerusting		280	1 076	1 356	-	1 356	4 875
Gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings	19	-	-	-	-	-	758 368
Ekweitswins in geassosieerde maatskappye		-	2 444	2 444	-	2 444	-
Valutawins		180	5 814	5 994	-	5 994	3 808
		2 749 916	2 311 764	5 061 680	351 390	5 413 070	5 877 485
TOTALE UITGAWES		2 277 222	2 483 147	4 760 368	236 962	4 997 331	4 975 513
HERHALENDE ITEMS							
Personeelkoste	15	1 529 402	914 076	2 443 479	36 025	2 479 504	2 331 624
Akademies professioneel		834 168	264 356	1 098 524	-	1 098 524	1 027 359
Ander		695 234	649 720	1 344 954	36 025	1 380 980	1 304 265
Ander bedryfsuitgawes	17	651 410	1 372 667	2 024 077	165 754	2 189 831	2 322 479
Waardevermindering en amortisasie	17	96 410	185 656	282 066	10 444	292 510	283 445
Subtotaal		2 277 222	2 472 399	4 749 621	212 224	4 961 845	4 937 548
Finansieringskoste		-	10 747	10 747	24 738	35 486	34 948
Ekweitsverlies in geassosieerde		-	-	-	-	-	3 018
		2 277 222	2 483 147	4 760 368	236 962	4 997 331	4 975 513
TOEDELING NA/(VAN) RESERWES		-	108 373	108 373	(108 373)	-	-
ORPLASING (VAN)/NA RESERWES ¹		(593 059)	599 114	6 055	(6 055)	-	-
		(593 059)	707 487	114 428	(114 428)	-	-
(VERLIES)/SURPLUS VIR DIE JAAR ¹		(120 364)	536 105	415 740	-	415 740	901 971
Toeskryfbaar aan houers		(120 364)	535 347	414 982	-	414 982	900 842
Toeskryfbaar aan niebeheerende belang		-	758	758	-	758	1 129
(VERLIES)/SURPLUS VIR DIE JAAR ¹		(120 364)	536 105	415 740	-	415 740	901 971

¹ Die meerderheid van die oorplasing van onbeperkte na beperkte reserwes bestaan uit fondse wat vir die Kampusvernuwingsplan gebruik moet word, waarvan die totale goedgekeurde begroting R3,685.550 miljoen vir die tydperk 2015 tot 2027 behoort.

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

	AANTEKE- NINGE	OPVOED- KUNDIG & ALGEMEEN	STUDENTE- EN PERSONEEL- HUISVESTING	FILIAAL- MAATSKAP- PYE	LENINGS- FONDSE	SKENKINGS- FONDSE	VASTE BATE- FONDSE	NIE- BEHERENDE BELANGE	TOTAAL
		R000	R000	R000	R000	R000	R000	R000	R000
31 DESEMBER 2017									
Surplus vir die jaar		900 842	-	-	-	-	-	1 129	901 971
Ander omvattende inkomste									
<i>Items wat nie geherklassifiseer gaan word na wins of verlies nie</i>									
Aktuariële wins vir die jaar	27	7 381	-	-	-	-	-	-	7 381
<i>Items wat geherklassifiseer kan word na wins of verlies</i>									
Billikewaarde-reserwe									
- Realisasie na inkomstestaat									
- gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings									
		(218 981)	(17 434)	-	-	(475 712)	(46 241)	-	(758 368)
- waardedalingsverlies erken op beleggings									
		36 541	2 939	-	-	89 121	7 089	-	135 690
- Aanpassing vir die jaar									
		214 692	17 268	(875)	-	523 618	41 650	-	796 353
Toedeling (van)/na reserwes									
		(784 612)	81 152	8 623	8 961	277 158	397 870	10 848	-
Oorplasing na/(van) reserwes									
		90 981	(77 425)	-	17 659	(96 123)	64 908	-	-
TOTALE OMVAT- TENDE INKOMSTE		246 843	6 500	7 748	26 620	318 062	465 276	11 977	1 083 027

31 DESEMBER 2018									
Surplus vir die jaar		414 982	-	-	-	-	-	758	415 740
Ander omvattende inkomste									
<i>Items wat nie geherklassifiseer gaan word na wins of verlies nie</i>									
Billikewaarde-reserwe									
- Aanpassing vir die jaar									
		(165 393)	(9 428)	(19)	-	(236 164)	(24 389)	-	(435 393)
Aktuariële wins vir die jaar	27	16 639	-	-	-	-	-	-	16 639
Gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings									
		24 390	2 363	-	-	66 858	6 337	-	99 948
<i>Items wat geherklassifiseer kan word na wins of verlies</i>									
Toedeling na/(van) reserwes									
		304 554	96 670	(402)	42 900	232 704	(673 203)	(3 223)	-
Oorplasing (van)/na reserwes									
		(328 430)	(108 373)	-	26 371	(44 004)	454 436	-	-
TOTALE OMVAT- TENDE INKOMSTE		266 742	(18 768)	(421)	69 271	19 394	(236 819)	(2 465)	96 934

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN FONDSE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

	AANTE- KENINGE	OPVOED- KUNDIG & ALGEMEEN	STUDENTE- EN PERSONEEL- HUISVES- TING	FILIAAL- MAATSKAP- PYE	LENINGS- FONDSE	SKENKINGS- FONDSE	VASTE BATEFONDSE	NIEBE- HERENDE BELANGE	TOTAAL
		R000	R000	R000	R000	R000	R000	R000	R000
SALDO SOOS OP 1 JANUARIE 2017		4 016 854	217 969	23 343	368 505	3 319 149	4 307 359	1 028	12 254 208
Surplus vir die jaar		900 842	-	-	-	-	-	1 129	901 971
Verandering in beheer van filiale		-	-	-	-	-	-	867	867
Ander omvattende inkomste vir die jaar		(653 997)	6 500	7 748	26 620	318 063	465 276	10 848	181 058
SALDO SOOS OP 31 DESEMBER 2017	2	4 263 699	224 469	31 091	395 125	3 637 212	4 772 635	13 872	13 338 103
SALDO SOOS OP 1 JANUARIE 2018		4 263 699	224 469	31 091	395 125	3 637 212	4 772 635	13 872	13 338 103
Surplus vir die jaar		414 982	-	-	-	-	-	758	415 740
Verandering in beheer van filiale		-	-	-	-	-	-	(1 735)	(1 735)
Ander omvattende inkomste vir die jaar		(148 240)	(18 768)	(421)	69 271	19 394	(236 819)	(3 223)	(318 806)
SALDO SOOS OP 31 DESEMBER 2018	2	4 530 441	205 701	30 670	464 396	3 656 606	4 535 816	9 672	13 433 304

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

	AANTEKENINGE	2018 R000	2017 R000
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIVITEITE			
Kontant ontvang uit owerheidstoekennings		2 225 292	1 967 210
Kontant ontvang uit studente-, inwonings- en ander gelde		1 384 277	1 210 319
Kontant ontvang uit privaat skenkings		234 529	238 152
Kontant ontvang uit toekennings en kontrakte		1 123 674	1 111 515
Kontant ontvang uit verkope van dienste en produkte		228 026	204 043
Kontant betaal vir personeelkoste		(2 435 026)	(2 278 548)
Kontant betaal vir voorrade en dienste		(2 181 902)	(2 042 865)
Kontant deur bedrywighede voortgebring	24	578 869	409 825
Plus: Rente ontvang	20	223 742	243 119
Dividende ontvang	21	147 759	109 404
Min: Rente betaal	22	(26 669)	(11 526)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite		923 701	750 822
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIVITEITE			
Toevoeging tot beleggings		(3 962 205)	(5 988 801)
Vervreemding van beleggings		3 200 184	5 789 775
Toevoeging tot eiendom, boeke en toerusting		(546 186)	(536 486)
Opbrengs uit die verkoop van eiendom, boeke en toerusting		6 843	6 738
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIVITEITE			
Afname in rentedraende lenings	23	(8 581)	(58)
NETTO (AFNAME)/TOENAME IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE			
		(386 244)	21 990
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR			
		774 115	752 124
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR			
	25	387 871	774 115

AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG
31 Desember 2018

I. KRITIEKE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN OORDEEL

Die bestuur se ramings en oordeel word deurlopend geëvalueer en word gegrond op vorige ondervinding en ander faktore, wat toekomstige verwagtings insluit en vir die gegewe omstandighede as redelik geag word.

Gevolgtrek sal die rekeningkundige ramings wat in die gekonsolideerde finansiële jaarstate gebruik word, nie noodwendig met die werklike uitkoms in daaropvolgende tydperke strook nie. Die onderstaande ramings en veronderstellings kan 'n wesenlike invloed op die drabedrae van bates en laste hê.

Personeelvoordele

'n Aantal aannames word in die voorsiening vir personeelvoordele gemaak. Verwys na aantekening 27 vir die aannames.

Die wesenlike aannames is 'n verdiskonteringskoers van 10,1% (2017: 9,9%), 'n mediese inflasiekoers van 8,3% (2017: 8,8%) en 'n verwagte aftreeouderdom van 65 jaar (2017: 65 jaar).

	2018 R000	2017 R000
Die effek van 'n 1% toename in die verdiskonteringskoers sal soos volg wees:		
Afname in die opgelope mediese verpligting	(56 595)	(57 767)
Die effek van 'n 1% afname in die verdiskonteringskoers sal soos volg wees:		
Toename in die opgelope mediese verpligting	67 891	69 575
Die effek van 'n 1% toename in die mediese inflasiekoers sal soos volg wees:		
Toename in die opgelope mediese verpligting	65 349	66 608
Toename in die huidige diens- en rentekoste van die mediese verpligting	9 203	8 741
Die effek van 'n 1% afname in die mediese inflasiekoers sal soos volg wees:		
Afname in die opgelope mediese verpligting	(55 368)	(56 277)
Afname in die huidige diens- en rentekoste van die mediese verpligting	(5 066)	(5 750)
Die effek van 'n toename van 1 jaar in die verwagte aftreeouderdom sal soos volg wees:		
Afname in die opgelope mediese verpligting	(11 329)	(11 414)
Die effek van 'n afname van 1 jaar in die verwagte aftreeouderdom sal soos volg wees:		
Toename in die opgelope mediese verpligting	11 767	11 956

Die Universiteit se beleid oor aftreeouderdom bepaal dat werknemers op 65 jaar aftree. Ná ouderdom 65 kan diens tot maksimum ouderdom 70 verleng word, gegrond op die Reglement vir Indiensneming en/of Voortgesette Indiensneming van Persone Ouer as 65 van die Universiteit. Vir berekeningsdoeleindes word 65 dus as die normale en verwagte aftreeouderdom beskou.

Waardedaling van uitstaande studentegelde en -lenings

Toegepas vanaf 1 Januarie 2018

IFRS 9, "Financial Instruments", is op 1 Januarie 2018 deur die Universiteit geïmplementeer. IFRS 9 vervang IAS 39 as die internasionale rekeningkundige standpunt vir die klassifikasie en meting van finansiële instrumente. Die hoofverskil tussen die rekeningkundige standpunte is dat IFRS 9 gegrond is op 'n 'verwagte kredietverlies'-model (VKV-), terwyl IAS 39 gegrond was op 'n 'verlies aangegaan'-model. Die toepassing van die VKV-model het tot gevolg dat waardedalingverliese vroeër erken word en dat vooruitskouende inligting in die vasstel van die verwagte kredietverliese in ag geneem word.

Die nuwe IFRS 9-standpunt het 'n invloed op die volgende skuldinstrumente van die Universiteit:

- studenteleninge;
- studentegelde;
- handels- en ander debiteure; en
- skuldinstrumente wat in die beleggingsportefeulje gehou word.

Die VKV vir die studenteleningeportefeulje word bereken met behulp van die veralgemeende benadering – gegrond op 'n 'waarskynlikheid van wanbetaling'- (WvW-) en 'verlies weens wanbetaling'- (VvW-) model. Die WvW word op grond van maandelikse historiese gevaarkeuse bereken, terwyl die VvW-model gegrond is op 'n verdiskonteerdekontantvloei-benadering met historiese verhalings in ag geneem. Die WvW en VvW word vermenigvuldig met die blootstelling aan wanbetaling (die verwagte saldo met wanbetaling) om die VKV-raming te bereken. Die berekende VKV word verdiskonteer teen die oorspronklike effektielike rentekoers wat vir die finansiële bate geld.

Ingevolge IFRS 9 word onderskei tussen 'n VKV van twaalf maande en 'n VKV oor die lewensduur van die bate. Of 'n verliesvoorsiening op die 12-maande-VKV of die lewensduur-VKV gegrond moet word, sal afhang van of daar 'n beduidende verhoging in die kredietrisiko (BVKR) van die finansiële instrument was sedert die aanvanklike erkenning (of die aankoopdatum). Indien die kredietrisiko beduidend sedert aanvanklike erkenning verhoog het, word die verliesvoorsiening teen lewensduur-VKV gemeet en as fase 2 of fase 3 geklassifiseer. Indien nie, word dit teen 12-maand-VKV gemeet en as fase 1 geklassifiseer. Die volgende kriteria word in die studenteleningeportefeulje toegepas om die fase te bepaal:

- Fase 1: 0 paaiement agterstallig
- Fase 2: meer as 0 maar minder as 3 paaiement agterstallig (d.w.s. BVKR-snel)
- Fase 3: 3 of meer paaiement agterstallig (d.w.s. wanbetalingstatus)

Die standpunt vereis ook van die VKV-model om vooruitskouende inligting (VSI), wat sonder onnodige koste en moeite beskikbaar is, in die berekening van die VKV op te neem. Historiese makro-ekonomiese faktore en die voorspellings wat daarmee verband hou, is van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek aan die Universiteit verkry en in die VKV-model in ag geneem.

IFRS 9 maak voorsiening vir 'n vereenvoudigde benadering in die berekening van die VKV vir handels- en ander debiteure. Ingevolge IFRS 9, gebruik die vereenvoudigde benadering 'n voorsieningsmatriks gegrond op historiese verlieskoerse om die toelating vir 'n verwagte verlies oor die lewensduur van die bate te beraam. Vir studentegelde ontvangbaar het die Universiteit die vereenvoudigde benadering aanvaar en word die VKV bereken deur die historiese verlieskoerse te gebruik om die verwagte toekomstige verliese te beraam. Die historiese verlieskoerse word bereken op grond van 'n verdiskonteerdekontantvloei-benadering, wat van historiese verhalingsinligting ten opsigte van uitstaande studentegelde gebruik maak.

Toegepas tot 31 Desember 2017

Die jaarlikse voorsiening vir die waardedaling van studenteleninge is gegrond op die aanname dat studente teen gemiddeld prima lenings in die mark sou kon aangaan. Hierdie aanname is op navrae by verskeie finansiële instellings gegrond.

Studenteleninge is as delingspligtig of nietdelingspligtig gekategoriseer. 'n Voorsiening vir kredietverliese ten opsigte van studenteleninge is gegrond op historiese inligting volgens die kategorie waarin die student geval het. Die agterstallige studenteleninge is jaarliks vir die skep van 'n voorsiening vir kredietverliese oorweeg.

Voorsiening vir kredietverliese ten opsigte van uitstaande studentegelde is op historiese tendense gegrond. Die waarskynlikheid van invordering is oorweeg en 'n voorsiening vir kredietverliese is op grond daarvan erken. Die waarskynlikheid vir die invordering van skuld het kleiner geword na gelang die skuld ouer geraak het en gevolglik is 'n groter voorsiening vir ouer skuld erken. 'n Hoër persentasie is toegepas op skuld wat vir invordering aan die prokureur oorhandig is.

Waardedaling van beleggings

Toegepas vanaf 1 Januarie 2018

IFRS 9, "Financial Instruments", is op 1 Januarie 2018 geïmplementeer en waardedalingverliese op ekwiteitsbeleggings gemeet teen billike waarde deur ander omvattende inkomste, word nie apart van ander veranderinge in billike waarde openbaar nie.

Toegepas tot 31 Desember 2017

Die Universiteit het die beduidendheid van 'n afname in die billike waarde na laer as die kosprys bepaal met inagneming van die volatilititeit van die waarde van die spesifieke instrument. 'n Afname van 20% laer as die kosprys of wat langer as 12 maande geduur het, is geag beduidend te wees.

Nutsduur en reswaardes van eiendom, boeke en toerusting

Die nutsduur van grond word as onbepaald geag. Gevolglik word geen waardevermindering ten opsigte van grond erken nie. Die nutsduur van ander bates word op grond van ondervinding in die verlede en die eienskappe van die spesifieke items geraam.

Die reswaarde van ander bates word op grond van ondervinding in die verlede en die eienskappe van die spesifieke items geraam.

Markwaarde van geboue

Twee metodes word toegepas om die markwaarde van geboue te bepaal. Die eerste is die direkte vergelykbare metode, waarvolgens waarde met verwysing na die werklike verkoopsprys van vergelykbare eiendom vasgestel word. Die tweede is om 'n waardasie op die potensiële verhuuringsinkomste, met inagneming van die unieke aard van die Universiteit se eiendomme en okkupasiekoerse, te grond. Die herwaardasie van geboue soos op 1 Januarie 2004 (eenmalige herwaardasie) ingevolge IFRS 1, "First-time adoption of International Financial Reporting Standards", word gegrond op die volgende kernaannames:

- Die geboue sal onder normale marktoestande in die mark geplaas en verhandel word.
- Al die Universiteit se eiendomme sal nie gelyktydig in die oop mark geplaas word nie.
- Waar daar titelbeperkings teen eiendomme geregistreer is wat die verkope daarvan beperk of verhoed, sal sodanige titelbeperkings, waar moontlik, by wyse van die Wet op Opheffing van Beperkings 84 van 1967, opgehef word voordat die eiendomme in die mark geplaas word.

2. FONDSSALDO'S

Die opgehoopde saldo's soos op 31 Desember is soos volg:

	BEPERK R000	ONBEPERK R000	EIENDOMS-HER- WAARDASIE- RESERVE* R000	BILLIKE-WAARDE- RESERVE R000	NIE-BEHERENDE BELANGE R000	TOTAAL R000
2018						
Opvoedkundig en algemeen	3 519 466	794 512	-	216 466	-	4 530 444
Studente- en personeel- huisvesting	184 728	-	-	20 973	-	205 701
Filiaalmaatskappye	30 591	-	-	79	-	30 670
Leningsfondse	464 396	-	-	-	-	464 396
Skenkingsfondse	2 691 218	372 008	-	593 380	-	3 656 606
Vastebate-fondse	1 940 839	-	2 538 731	56 246	-	4 535 816
Niebeherende belange	-	-	-	-	9 672	9 672
	8 831 238	1 166 520	2 538 731	887 143	9 672	13 433 304
2017						
Opvoedkundig en algemeen	3 213 708	668 133	-	381 858	-	4 263 699
Studente- en personeel- huisvesting	194 068	-	-	30 401	-	224 469
Filiaalmaatskappye	30 993	-	-	98	-	31 091
Leningsfondse	395 125	-	-	-	-	395 125
Skenkingsfondse	2 463 708	343 960	-	829 544	-	3 637 212
Vastebate-fondse	2 153 269	-	2 538 731	80 635	-	4 772 635
Niebeherende belange	-	-	-	-	13 872	13 872
	8 450 871	1 012 093	2 538 731	1 322 536	13 872	13 338 103

Die toedeling van die billikewaardereserwe is soos volg:

	FONDSE TEEN BOEKWAARDE R000	TOEDELING VAN BILLIKEWAARDERESERVE R000	FONDSE TEEN MARKWAARDE R000
2018			
Beperkte fondse	8 831 238	957 366	9 788 604
Onbeperkte fondse	1 166 520	(70 223)	1 096 297
Geoormerkte fondse	748 904	-	748 904
Ongeoormerkte fondse	417 617	(70 223)	347 393
	9 997 758	887 143	10 884 901
2017			
Beperkte fondse	8 450 871	1 111 645	9 562 516
Onbeperkte fondse	1 012 093	210 891	1 222 984
Geoormerkte fondse	651 493	-	651 493
Ongeoormerkte fondse	360 600	210 891	571 491
	9 462 964	1 322 536	10 785 500

*Die eiendomsherwaardasiereserwe hou verband met 'n eenmalige herwaardasie wat in 2004 gemaak is toe die Universiteit IFRS vir die eerste keer toegepas het. 'n IFRS 1-vrystelling is gebruik waarvolgens die billike markwaarde van geboue geag hul kosprys te wees op datum van oorgang na IFRS.

3. RENTEDRAENDE LENINGS

	2018 R000	2017 R000
Een lening by die staat met 'n vaste rentekoers in gelyke halfjaarlikse betalings eindigende 2018 terugbetaalbaar	-	67
Verskeie lenings by ander finansiële instellings met verskillende rentekoerse en termyne in halfjaarlikse betalings terugbetaalbaar	39 628	43 101
Bankfasiliteit vir die finansiering van die Universiteit se verskillende motorskemas	33 626	38 667
Bruikhuurverpligting	138 209	131 654
	211 463	213 489
Min: Gedeelte binne een jaar terugbetaalbaar	(3 748)	(11 078)
	207 715	202 411

Die aflosdatums van rentedraende lenings is soos volg:

Binne een jaar	-	67
Tussen twee en vyf jaar	73 254	44 434
Ná vyf jaar	138 209	168 988
	211 463	213 489

Die gemiddelde rentekoers ten opsigte van lenings beloop 16,3% (2017: 15,6%) soos aan die jaareinde. Die rentekoers wat op die bruikhuurkontrakte van toepassing is, sluit 'n onderhoudsheffing in.

Motorlenings deur werknemers verskuldig word by handels- en ander debiteure (verwys na aantekening 8) ingesluit. Al die lenings, met uitsondering van die motorskemas, het vaste rentekoerse. Die rentekoerse van motorskemas is aan die prima koers gekoppel.

Die minimum bruikhuurbetalings is betaalbaar soos volg:

Binne een jaar	19 192	17 507
Tussen twee en vyf jaar	96 382	88 248
Ná vyf jaar	511 790	541 706
Totale betalings	627 364	647 461
Min: finansieringskoste betaalbaar	(489 155)	(515 807)
	138 209	131 654

Die huidige waarde van bruikhuurbetalings is soos volg:

Binne een jaar *	(7 705)	(8 014)
Tussen twee en vyf jaar *	(24 299)	(28 024)
Ná vyf jaar	170 213	167 692
	138 209	131 654

*Rente gekapitaliseer in aanvanklike periodes van die huur het kapitale terugbetalings oorskry.

4. EIENDOM, BOEKE EN TOERUSTING

	2018			2017		
	KOSPRYS R000	OPGEHOOPTE WAARDEVER- MINDERING R000	NETTO DRA- BEDRAG R000	KOSPRYS R000	OPGEHOOPTE WAARDEVER- MINDERING R000	NETTO DRA- BEDRAG R000
Grond	15 679	-	15 679	15 679	-	15 679
Geboue	5 739 688	1 167 609	4 572 079	5 397 766	1 069 060	4 328 706
Rekenaartoerusting	478 242	397 552	80 689	455 677	368 682	86 995
Ander toerusting en voertuie	1 162 143	473 846	688 297	1 079 571	426 907	652 664
Biblioteekboeke	734 962	734 962	-	668 260	668 260	-
	8 130 714	2 773 969	5 356 745	7 616 953	2 532 909	5 084 044

	GROND R000	GEBOUE R000	REKENAAR- TOERUSTING R000	ANDER TOERUSTING EN VOERTUIE R000	BIBLIOTEEKBOEKE R000	TOTAAL R000
2018						
Rekonsiliasie van die drabedrag:						
Kosprys aan die begin van die jaar	15 679	5 639 827	455 677	1 079 571	668 260	7 859 014
Min: Owerheidstoekenning	-	(242 060)	-	-	-	(242 060)
Herstateerde kosprys	15 679	5 397 766	455 677	1 079 571	668 260	7 616 953
Opgehoopte waardevermindering aan die begin van die jaar	-	(1 069 060)	(368 682)	(426 907)	(668 260)	(2 532 909)
Netto begin drawaarde	15 679	4 328 706	86 995	652 664	-	5 084 044
Netto toevoegings en vervreemdings	-	343 872	45 173	101 321	73 223	563 589
Waardevermindering per gekonsolideerde inkomstestaat	-	(100 499)	(51 478)	(65 688)	(73 223)	(290 888)
Netto eind drawaarde	15 679	4 572 079	80 689	688 297	-	5 356 745
2017						
Rekonsiliasie van die drabedrag:						
Kosprys aan die begin van die jaar	15 679	5 238 213	413 853	1 028 134	673 955	7 369 834
Min: Owerheidstoekenning	-	(245 877)	-	-	-	(245 877)
Herstateerde kosprys	15 679	4 992 336	413 853	1 028 134	673 955	7 123 957
Opgehoopte waardevermindering aan die begin van die jaar	-	(893 939)	(345 988)	(427 290)	(673 955)	(2 341 171)
Netto begin drawaarde	15 679	4 098 397	67 865	600 844	-	4 782 785
Netto toevoegings en vervreemdings	-	323 271	65 159	114 528	81 660	584 618
Waardevermindering per gekonsolideerde inkomstestaat	-	(92 962)	(46 029)	(62 708)	(81 660)	(283 359)
Netto eind drawaarde	15 679	4 328 706	86 995	652 664	-	5 084 044

Die register met volledige besonderhede van grond en geboue is by die kantore van die Universiteit beskikbaar. Eiendom op Stellenbosch waarop 'n notariële verband ter waarde van R191,6 miljoen (2017: R191,6 miljoen) geregistreer is, word by grond ingesluit. Die regte ingevolge die verhuursooreenkomst is aan die finansierder gesedeer.

Werk-in-proses ter waarde van R524,3 miljoen (2017: R404,9 miljoen) word by die koste van geboue ingesluit. Geen waardevermindering word ten opsigte van werk-in-proses erken nie. Toevoegings en verbeterings ter waarde van R44,2 miljoen, ingesluit by netto toevoegings en vervreemdings van geboue, is deur die onderhoudsbegroting van die Universiteit gefinansier.

Die Universiteit huur eiendomme deur middel van bruikhuur met termyn wat wissel van 15 tot 20 jaar en dit word ingesluit by die koste en opgehoopte waardevermindering van geboue.

5. ONTASBARE BATES

	2018			2017		
	KOSPRYS R000	OPGEHOOPTE AMORTISASIE R000	NETTO DRA- BEDRAG R000	KOSPRYS R000	OPGEHOOPTE AMORTISASIE R000	NETTO DRA- BEDRAG R000
Rekenaarprogrammatuur	25 653	15 469	10 184	13 913	13 913	-
Klandisiewaarde	5 158	-	5 158	5 158	-	5 158
	30 811	15 469	15 342	19 071	13 913	5 158

6. BELEGGINGS

	2018 R000	2017 R000
LANGTERMYNBELEGGINGS		
Skuldinstrumente teen billike waarde deur wins of verlies	1 524 258	2 068 705
<i>Genoteer/gekwoteer</i>		
Binnelandse vaste rente/Kapitaalmarkte	875 464	944 845
Internasionale vaste rente/Kapitaalmarkte	33 381	10 289
Binnelandse kontant	223 206	703 316
Internasionale kontant	387 964	406 500
<i>Ongenoteer/ongekwoteer</i>		
Vaste deposito's	4 241	3 754
Skuldbriewe	1	1
Ekweitsinstrumente teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	7 268 348	6 820 003
<i>Genoteer/gekwoteer</i>		
Binnelandse ekwiteit	4 275 815	3 934 899
Internasionale ekwiteit	2 710 501	2 665 909
Binnelandse eiendom	186 224	174 081
Internasionale eiendom	92 450	41 901
<i>Ongenoteer/ongekwoteer</i>		
Binnelandse ekwiteit	3 357	3 213
Totale langtermynbeleggings	8 792 606	8 888 708
KORTTERMYNBELEGGINGS		
Skuldinstrumente teen billike waarde deur wins of verlies	523 831	-
Korttermyn skuldinstrumente bestaan hoofsaaklik uit likiede kontant en geldmark instrumente.		
Totale beleggings	9 316 437	8 888 708

REKONSILIASIE VAN DRAWAARDE:

Openingsdrawaarde	8 888 708	7 893 329
Toevoegings	3 963 357	5 988 801
Vervreemdings (ingesluit gerealiseerde winste/(verliese))	(3 200 184)	(5 789 775)
Ongerealiseerde billikewaarde-(verliese)/winste in ander omvattende inkomste erken	(335 444)	796 353
Sluitingsdrawaarde	9 316 437	8 888 708

Die gemiddelde rentekoers wat soos aan die jaareinde op staatseffekte van toepassing was, is 7,7% (2017: 8,5%) en op vaste deposito's 7,2% (2017: 6,5%).

Die Universiteit se beleggingsportefuljes word deur professionele batebestuurders onder die toesig van die Beleggingskomitee van die Raad bestuur.

7. BELEGGING IN GEASSOSIEERDE EN FILIAALMAATSKAPPY

7.1 BELEGGING IN GEASSOSIEERDE MAATSKAPPY

NAAM	GETAL AANDELE	BELANG EN EFFEKTIEWE STEMREG
Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk	350	35,00%
Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk	557	22,28%
GeoSUN Africa (Edms) Bpk	30	26,30%
Custos Media Technologies (Edms) Bpk	856	26,31%
Bridgiot (Edms) Bpk	365	36,50%
Surfactant Medical Technologies (Edms) Bpk	5 000	50,00%
Vulamanz (Edms) Bpk	-	0,00%
Sun Magnetix (Edms) Bpk	48	40,00%
Geosmart (Edms) Bpk	230	35,00%
Cubespace (Edms) Bpk	200	20,20%
Sharksafe Barriers (Edms) Bpk	24	20,00%
Cargo Telematics (Edms) Bpk	300	30,00%
Sein Media (Edms) Bpk	4 000	50,00%

7.1.1 Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk

Saldo aan die begin van die jaar	4 286	3 259
Netto aandeel in wins van geassosieerde maatskappy	61	1 027
Saldo aan die einde van die jaar	4 347	4 286

7.1.2 Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk

Saldo aan die begin van die jaar	116	-
Belegging gemaak	-	2 992
Netto aandeel in verlies van geassosieerde maatskappy	(2 699)	(2 876)
Aanpassing aan netto aandeel in verlies beperk tot nul	2 583	-
Saldo aan die einde van die jaar	-	116

7.1.3 GeoSUN Africa (Edms) Bpk

Saldo aan die begin van die jaar	1 026	1 162
Netto aandeel in wins/(verlies) van geassosieerde maatskappy	829	(136)
Saldo aan die einde van die jaar	1 855	1 026

7.1.4 Custos Media Technologies (Edms) Bpk

Saldo aan die begin van die jaar	781	343
Belegging gemaak	-	1 700
Netto aandeel in verlies van geassosieerde maatskappy	(1 683)	(1 262)
Aanpassing aan netto aandeel in verlies beperk tot nul	902	-
Saldo aan die einde van die jaar	-	781

7.1.5 Bridgiot (Edms) Bpk

Saldo aan die begin van die jaar	-	289
Netto aandeel in verlies van geassosieerde maatskappy	(186)	(437)
Aanpassing aan netto aandeel in verlies beperk tot nul	186	148
Saldo aan die einde van die jaar	-	-

	2018 R000	2017 R000
7.1.6 Surfactant Medical Technologies (Edms) Bpk		
Saldo aan die begin van die jaar	-	-
Belegging gemaak	-	5
Netto aandeel in verlies van geassosieerde maatskappy	(314)	(997)
Aanpassing aan netto aandeel in verlies beperk tot nul	314	992
Saldo aan die einde van die jaar	-	-
7.1.7 Vulamanz (Edms) Bpk		
Saldo aan die begin van die jaar	-	-
Netto aandeel in verlies van geassosieerde maatskappy	-	(898)
Aanpassing aan netto aandeel in verlies beperk tot nul	-	898
Saldo aan die einde van die jaar	-	-
7.1.8 Sun Magnetics (Edms) Bpk		
Saldo aan die begin van die jaar	182	202
Netto aandeel in wins/(verlies) van geassosieerde maatskappy	275	(20)
Saldo aan die einde van die jaar	457	182
7.1.9 Geosmart (Edms) Bpk		
Belegging gemaak	1	-
Netto aandeel in wins van geassosieerde maatskappy	73	-
Saldo aan die einde van die jaar	74	-
7.1.10 Cubespace (Edms) Bpk		
Belegging gemaak	1	-
Netto aandeel in wins van geassosieerde maatskappy	865	-
Saldo aan die einde van die jaar	866	-
7.1.11 Sharksafe Barriers (Edms) Bpk		
Belegging gemaak	1	-
Netto aandeel in wins van geassosieerde maatskappy	34	-
Saldo aan die einde van die jaar	35	-
7.1.12 Cargo Telematics (Edms) Bpk		
Belegging gemaak	1	-
Netto aandeel in wins van geassosieerde maatskappy	-	-
Saldo aan die einde van die jaar	1	-
7.1.13 Sein Media (Edms) Bpk		
Belegging gemaak	1	-
Netto aandeel in wins van geassosieerde maatskappy	46	-
Saldo aan die einde van die jaar	47	-
Totale belegging in geassosieerdes	7 682	6 391

	2018 R000	2017 R000
7.1.14 Bates, laste en wins van Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	15 722	9 710
Bedryfsbates	15 374	16 803
Totale bates	31 096	26 513
Niebedryfslaste	7 150	2 365
Bedryfslaste	1 548	4 061
Totale laste	8 698	6 426
Wins	4 155	2 604

7.1.15 Bates, laste en verlies van Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	3 260	3 474
Bedryfsbates	5 955	17 475
Totale bates	9 215	20 949
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	650	225
Totale laste	650	225
Verlies	(12 115)	(10 366)

7.1.16 Bates, laste en wins van GeoSUN Africa (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	210	237
Bedryfsbates	5 319	2 141
Totale bates	5 529	2 378
Niebedryfslaste	-	150
Bedryfslaste	48	394
Totale laste	48	544
Wins	3 316	113

7.1.17 Bates, laste en verlies van Custos Media Technologies (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	126	147
Bedryfsbates	2 191	3 981
Totale bates	2 317	4 128
Niebedryfslaste	10 586	6 007
Bedryfslaste	136	107
Totale laste	10 722	6 114
Verlies	(6 396)	(5 136)

7.1.18 Bates, laste en verlies van Bridgiot (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	196	116
Bedryfsbates	4 160	3 325
Totale bates	4 356	3 441
Niebedryfslaste	600	600
Bedryfslaste	4 946	3 313
Totale laste	5 546	3 913
Verlies	(510)	(1 159)

	2018 R000	2017 R000
7.1.19 Bates, laste en verlies van Surfactant Medical Technologies (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	618	779
Bedryfsbates	1 535	1 788
Totale bates	2 153	2 567
Niebedryfslaste	4 828	4 574
Bedryfslaste	-	23
Totale laste	4 828	4 597
Verlies	(628)	(1 944)

7.1.20 Bates, laste en verlies van Vulamanz (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	-	10
Bedryfsbates	-	729
Totale bates	-	739
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	-	795
Totale laste	-	795
Verlies	-	(2 244)

7.1.21 Bates, laste en wins van Sun Magnetics (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	85	97
Bedryfsbates	2 094	1 671
Totale bates	2 179	1 768
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	132	83
Totale laste	132	83
Wins	159	848

7.1.22 Bates, laste en wins van Geosmart (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	-	-
Bedryfsbates	211	-
Totale bates	211	-
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	-	-
Totale laste	-	-
Wins	211	-

7.1.23 Bates, laste en wins van Cubespace (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	772	-
Bedryfsbates	7 725	-
Totale bates	8 497	-
Niebedryfslaste	1	-
Bedryfslaste	603	-
Totale laste	604	-
Wins	4 287	-

	2018 R000	2017 R000
7.1.24 Bates, laste en wins van Sharksafe Barriers (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	-	-
Bedryfsbates	1 498	-
Totale bates	1 498	-
Niebedryfslaste	840	-
Bedryfslaste	484	-
Totale laste	1 324	-
Wins	174	-
7.1.25 Bates, laste en verlies van Cargo Telematics (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	159	-
Bedryfsbates	-	-
Totale bates	159	-
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	592	-
Totale laste	592	-
Verlies	(638)	-
7.1.26 Bates, laste en wins van Sein Media (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	-	-
Bedryfsbates	95	-
Totale bates	95	-
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	-	-
Totale laste	-	-
Wins	94	-

7.2 BELEGGING IN FILIAAL MAATSKAPPYE

7.2.1 Bates, laste en wins van Stellenbosch Trust		
Niebedryfsbates	1 626 174	1 677 587
Bedryfsbates	48 334	45 287
Totale bates	1 674 508	1 722 874
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	80 922	87 668
Totale laste	80 922	87 668
Omvattende inkomste vir die jaar	250 738	418 593
7.2.2 Bates, laste en wins van InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	27 559	11 615
Bedryfsbates	1 841	1 259
Totale bates	29 400	12 874
Niebedryfslaste	5 984	5 984
Bedryfslaste	367	409
Totale laste	6 351	6 393
Omvattende inkomste vir die jaar	620	3 870

	2018 R000	2017 R000
7.2.3 Bates, laste en wins van USB Bestuursontwikkeling (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	8 400	5 954
Bedryfsbates	36 601	37 565
Totale bates	45 001	43 519
Niebedryfslaste	-	239
Bedryfslaste	17 192	17 093
Totale laste	17 192	17 332
Omvattende inkomste vir die jaar	1 472	392

7.2.4 Bates, laste en wins van Aquastel (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	1 928	1 744
Bedryfsbates	15	40
Totale bates	1 943	1 784
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	325	323
Totale laste	325	323
Omvattende inkomste vir die jaar	158	151

7.2.5 Bates, laste en wins van Sun Media Stellenbosch (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	782	832
Bedryfsbates	5 540	5 049
Totale bates	6 322	5 881
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	2 369	2 501
Totale laste	2 369	2 501
Omvattende inkomste vir die jaar	572	730

7.2.6 Bates, laste en wins van Stellenbosch Wind Energy Technologies (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	18	18
Bedryfsbates	31	31
Totale bates	49	49
Niebedryfslaste	5 765	5 765
Bedryfslaste	-	-
Totale laste	5 765	5 765
Omvattende inkomste vir die jaar	-	20

7.2.7 Bates, laste en wins van Maties Gimnasium (Edms) Bpk (voorheen Stellenbosch Universiteit Sportprestasië-Instituut (Edms) Bpk)		
Niebedryfsbates	9 527	8 580
Bedryfsbates	9 598	7 013
Totale bates	19 125	15 593
Niebedryfslaste	-	475
Bedryfslaste	3 413	2 423
Totale laste	3 413	2 898
Omvattende inkomste vir die jaar	3 017	4 312

	2018 R000	2017 R000
7.2.8 Bates, laste en verlies van LaunchLab (Edms) Bpk		
Niebedryfsbates	3 594	6 470
Bedryfsbates	7 464	9 699
Totale bates	11 058	16 169
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	1 318	3 191
Totale laste	1 318	3 191
Omvattende verlies vir die jaar	(2 185)	(304)

7.2.9 Bates, laste en wins van Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust		
Niebedryfsbates	33 176	33 176
Bedryfsbates	24 325	24 797
Totale bates	57 501	57 973
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	2 122	4 026
Totale laste	2 122	4 026
Omvattende inkomste vir die jaar	1 432	15 011

7.2.10 Bates, laste en wins van Stellenbosch Regsfakulteit Trust		
Niebedryfsbates	42 203	38 229
Bedryfsbates	14 953	16 131
Totale bates	57 156	54 360
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	-	-
Totale laste	-	-
Omvattende inkomste vir die jaar	2 368	2 021

7.2.11 Bates, laste en wins van Stellenbosch Finansieringsvennootskap		
Niebedryfsbates	-	-
Bedryfsbates	-	32 824
Totale bates	-	32 824
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	-	4 234
Totale laste	-	4 234
Omvattende inkomste vir die jaar	3 573	9 443

8. HANDELS- EN ANDER DEBITEURE

Studentegelde	168 553	103 046
Studentegelde verskuldig	303 216	264 086
Min: Toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studentegelde	(134 663)	(161 040)
Studenteleninge	94 351	105 308
Studenteleninge verskuldig	252 795	236 053
Min: Waardedaling weens niemarkverwante rentekoerse	(25 701)	(23 974)
Min: Toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studenteleninge	(132 743)	(106 771)
Handelsdebiteure	117 247	98 215
Handelsdebiteure verskuldig	120 075	102 844
Min: Toelaag vir kredietverliese ten opsigte van handelsdebiteure	(2 828)	(4 629)
Motorlenings	39 908	44 651
Rente en dividende op beleggings ontvangbaar	22 489	10 556
Versekeringsseis ontvangbaar	-	12 769
Ander	117 757	113 518
	560 304	488 062
	(269 277)	(231 871)
Min: Langtermyngedeelte van motorlenings	(26 642)	(30 267)
Min: Langtermyngedeelte van studenteleninge voor inagneming van toelaag vir kredietverliese	(242 635)	(201 604)
	291 027	256 191

Die Universiteit hersien tans sy beleid op die afskryf van kredietverliese op studentegelde en studenteleninge. Die beleid sal in ooreenstemming wees met die betrokke wetgewing, insluitend die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 en die Universiteit se eie skuldinvorderingsprosedures. Die hersiene beleid sal geen invloed hê op die netto bedrag wat vir studentegelde en studenteleninge gerapporteer word nie, maar sal wel 'n invloed hê op die bedrag wat afskryf word en die toelaag vir kredietverliese.

Verwys na aantekening 29 vir bedrae uitstaande deur verwante partye wat hierbo ingesluit is. Alle niebedryfsdebiteure is binne vyf jaar vanaf die finansiële jaareinde ontvangbaar.

Studentegelde

Rekeningkundige beleid toegepas tot 31 Desember 2017

Die grootste komponent van uitstaande studentegelde is deur voormalige studente verskuldig. Die skuld is op grond van historiese invorderingsukses beoordeel. Die waarskynlikheid van invordering is oorweeg en 'n toelaag vir kredietverliese is op grond daarvan erken. Die waarskynlikheid vir die invordering van skuld het kleiner geword na gelang die skuld ouer geraak het en gevolglik is 'n groter toelaag vir ouer skuld erken. 'n Hoër persentasie is toegepas op skuld wat vir invordering aan die prokureur oorhandig is.

Die ouderdomsontleding van uitstaande studentegelde ten opsigte waarvan 'n waardedaling vantevore erken is, is soos volg:

Een jaar	124 571
Tussen een en vyf jaar	10 264
Vyf jaar en ouer	8 505
Oorhandig	120 746
Totaal	264 086

Rekeningkundige beleid toegepas vanaf 1 Januarie 2018

IFRS 9 maak voorsiening vir 'n vereenvoudigde benadering in die berekening van die verwagte kredietverlies. Die vereenvoudigde benadering maak gebruik van 'n voorsieningsmatriks gegrond op historiese verlieskoerse, om die verwagte verliesvoorsiening oor die lewensduur te beraam. Vir studentegelde ontvangbaar het die Universiteit die vereenvoudigde benadering aanvaar en die verwagte kredietverlies word bereken deur historiese verlieskoerse te gebruik om verwagte toekomstige verliese te beraam. Die historiese verlieskoerse word bereken op grond van 'n verdiskonteerdekontantvloei-benadering, wat van historiese verhalingsinligting ten opsigte van uitstaande studentegelde gebruik maak. Die toelaag is soos volg bereken:

SKULDGROEIERING	AKADEMIESE JAAR	UITSTAANDE STUDENTEGELDE R000	DEKKING %	VERWAGTE KREDIETVERLIES R000
Huidige jaar	2018	163 570	31%	49 511
Een jaar oud	2017	35 296	61%	21 467
Twee jaar oud	2016	23 921	64%	15 421
Meer as twee maar minder as vyf jaar oud	2015 en 2014	37 136	65%	24 025
Vyf jaar en ouer	Vroeër as 2014	43 293	56%	24 240
Totaal		303 216		134 663

Die verhoging in verhalings wat vir die skuld van vyf jaar en ouer waargeneem word, is toeskryfbaar aan die lang proses om dagvaardings in die hof te kry. Wanneer uitspraak gelewer is, gewoonlik ná ongeveer vyf jaar, word gelde betaal of debiteure tref 'n debietorderreëling.

Die verhoging in die toelaag vir die jaar, asook onverhaalbare skuld afgeskryf, word in die gekonsolideerde inkomtestaat onder "Ander bedryfsuitgawes" getoon.

Die beweging in die toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studentegelde is soos volg:

Saldo aan die begin van die jaar	161 040	122 016
(Verlaging)/verhoging in voorsiening vir die jaar	(24 333)	39 958
Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf	(2 044)	(934)
Totaal	134 663	161 040

Studenteleninge

Studenteleninge word teen laer as markverwante rentekoerse toegestaan. 'n Waardedaling ten opsigte van uitstaande studenteleninge word by erkenning van die lening bereken.

Rekeningkundige beleid toegepas tot 31 Desember 2017

Studenteleninge is as delgingspligtig of nadelingspligtig gekategoriseer. 'n Toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studenteleninge is gegrond op historiese inligting volgens die kategorie waarin die student geval het. Soos op 31 Desember 2017 studente wat nie delgingspligtig was nie, se lenings R79,5 miljoen beloop en geen toelaag vir kredietverliese is ten opsigte van hierdie groep nodig geag nie. Studente wat delgingspligtig was, se lenings het R156,5 miljoen beloop, waarvan R39,4 miljoen nie agterstallig was nie. Geen toelaag vir kredietverliese is nodig geag vir die lenings wat nie agterstallig was nie. Agterstallige studenteleninge het R117,1 miljoen beloop. Die agterstallige studenteleninge is jaarliks vir die skep van 'n toelaag vir kredietverliese oorweeg.

Rekeningkundige beleid toegepas vanaf 1 Januarie 2018

Die VKV vir die studenteleningeportefeulje word bereken volgens die veralgemeende benadering, wat gegrond is op 'n 'waarskynlikheid van wanbetaling'- (WvW-) en 'verlies weens wanbetaling'- (VvW-)model. Die WvW word op grond van maandelikse historiese gevaarkoerse bereken, terwyl die VvW-model gegrond is op 'n verdiskonteerdekontantvloei-benadering wat historiese verhalings in ag neem. Die WvW en VvW word vermenigvuldig met die blootstelling aan wanbetaling (die verwagte saldo met wanbetaling) om die VKV-raming te bereken. Die berekende VKV word verdiskonteer teen die oorspronklike effektiewe rentekoerse wat vir die finansiële bate geld.

Daar word onderskei tussen 'n VKV van twaalf maande en 'n VKV oor die lewensduur van die bate. Of 'n verliesvoorsiening op die 12-maande-VKV of die lewensduur-VKV gegrond moet word, sal afhang van of daar 'n beduidende verhoging in die kredietrisiko (BVKR) van die finansiële instrument was sedert die aanvanklike erkenning (of die aankoopdatum). Indien die kredietrisiko beduidend sedert aanvanklike erkenning verhoog het, word die verliesvoorsiening teen lewensduur-VKV gemeet en as fase 2 of fase 3 geklassifiseer. Indien nie, word dit teen 12-maand-VKV gemeet en as fase 1 geklassifiseer. Die volgende kriteria word in die studenteleningeportefeulje toegepas om die fase te bepaal:

- Fase 1: 0 paaiemente agterstallig
- Fase 2: meer as 0 maar minder as 3 paaiemente agterstallig (d.w.s. BVKR-sneller)
- Fase 3: 3 of meer paaiemente agterstallig (d.w.s. wanbetalingstatus)

	2018 R000	2017 R000
IFRS 9-FASE	BLOOTSTELLING R000	VERWAGTE KREDIETVERLIES R000
Fase 1 – geregistreer	81 161	2 711
Fase 1 – gederegistreer	17 322	3 060
Fase 2	1 444	654
Fase 3	127 167	126 318
Totaal	227 094	132 743

Fase 1-blootstellings word in geregistreerde en gederegistreerde lenings verdeel ten einde die aktiveringskoers vir die geregistreerde fase 1-blootstellings in ag te neem.

Die VKV-model neem vooruitskouende inligting (VSI) in die berekening van die VKV op. Historiese makro-ekonomiese faktore en die voorstellings wat daarmee verband hou, is van die Buro vir Ekonomiese Onderzoek aan die Universiteit verkry en in die VKV-model in ag geneem.

Die beweging in die toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studenteleninge is soos volg:

Saldo aan die begin van die jaar	106 771	78 125
Verhoging in voorsiening vir die jaar	26 049	29 355
Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf	(77)	(710)
Saldo aan die einde van die jaar	132 743	106 771

Die verhoging in die toelaag vir die jaar, asook onverhaalbare skulde afgeskryf, word in die gekonsolideerde inkomstestaat onder “Ander bedryfsuitgawes” getoon.

Handels- en ander debiteure

Rekeningkundige beleid toegepas tot 31 Desember 2017

Soos op 31 Desember 2017, het handelsdebiteure en ander debiteure wat ten volle presteer het, R157,6 miljoen beloop.

Ander debiteure het 'n aantal kleiner debiteure ingesluit wat nie 'n beduidende geskiedenis van wanbetaling getoon het nie en waarvan die kredietwaardigheid goed was. Weens die aard van inkomste gehef, wat hoofsaaklik bestaan het uit navorsingsverwante inkomste waarvoor kontrakte bestaan het, is debiteure jonger as vier maande nie vir toelating vir kredietverliese oorweeg nie. Die ouderdomsontleding van agterstallige debiteure is soos volg:

Tussen een en vier maande	45 696
Ouer as vier maande	21 248
Totaal	66 944

Rekeningkundige beleid toegepas vanaf 1 Januarie 2018

Vir handels- en ander debiteure gebruik die Universiteit die vereenvoudigde benadering en die verwagte kredietverlies word bereken op grond van historiese verlieskoerse om verwagte toekomstige verliese te beraam. Die historiese verlieskoerse word bereken op grond van 'n verdiskonteerde kontantvloei-benadering, wat van historiese verhalingsinligting ten opsigte van uitstaande studentegelde gebruik maak.

Debiteure ouer as vier maande word vir toelae vir kredietverliese oorweeg. Die toelaag vir kredietverliese ten opsigte van debiteure is soos volg:

Saldo aan die begin van die jaar	4 629	3 359
(Verlaging)/verhoging in voorsiening vir die jaar	(1 235)	5 021
Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf	(566)	(3 751)
Saldo aan die einde van die jaar	2 828	4 629

Motorlenings

Die invorderbaarheid van motorlenings wat deur werknemers verskuldig is, word as hoogs waarskynlik geag en gevolglik word geen toelaag vir kredietverliese ten opsigte van hierdie kategorie geskep nie (verwys na aantekening 3).

Rente en dividende op beleggings ontvangbaar

Die bedrae is van die Universiteit se beleggingsbestuurders ontvangbaar. Die Universiteit se beleggingsportefuljes word deur professionele batebestuurders bestuur en die bedrae word dus as ten volle invorderbaar beskou.

9. UITGESTELDE BELASTING

Die beweging in die uitgesteldebelaasting-bate en -las is soos volg:

Saldo aan die begin van die jaar	1 885	2 277
Beweging gedurende die jaar:		
Tydlike verskille ten opsigte van eiendom, boeke en toerusting	(1 885)	(392)
Saldo aan die einde van die jaar	-	1 885

Die uitgesteldebelaasting-saldo bestaan uit die volgende:

Tydlike verskille ten opsigte van eiendom, boeke en toerusting - bate	-	1 885
---	----------	-------

'n Uitgesteldebelaasting-bate word vir belastingverliese erken slegs in die mate waartoe verhaling waarskynlik is.

Die beweging in uitgestelde belasting vir die jaar word by "Ander bedryfsuitgawes" ingesluit in die gekonsolideerde inkomstestaat.

10. VOORRAAD

Voorraad bestaan uit die volgende items:

Skryfbehoeftes	3 024	1 697
Verbruikbare materiaal	4 210	4 974
	7 234	6 671

11. BEDRYFSHUURBATE

Die netto bedryfshuurbate is soos volg saamgestel:

Bedryfshuurbate	1 204	1 404
Bedryfshuurlas	-	-
	1 204	1 404

Die verwagte beweging in die netto bedryfshuurbate is soos volg:

Saldo aan die begin van die jaar	1 204	1 404
Binne een jaar ontvangbaar	(409)	(200)
Binne twee tot vyf jaar ontvangbaar	(354)	(710)
Ná vyf jaar ontvangbaar	(441)	(494)
	-	-

12. HANDELS- EN ANDER KREDITEURE EN KONTRAKLAS

HANDELS- EN ANDER KREDITEURE

Handelskrediteure	44 509	20 293
Studentegelde vooruit ontvang	-	131 299
Opgelope vergoedingskoste	65 025	62 656
Opgelope uitgawes	49 767	50 111
Opgelope verlofverpligting	186 573	180 193
Inkomste anders as studentegelde vooruit ontvang	450 633	319 346
NNS-deposito	75 400	71 800
Interstruktuursaldo's (STIAS, WAT, MGD)	70 729	79 160
Ander	137 747	134 867
	1 080 384	1 049 726

KONTRAKLAS

Studentegelde vooruit ontvang	173 648	-
Toekennings en kontrakte vooruit ontvang	88 398	-
Skenkings vooruit ontvang	4 642	-
	266 688	-

Verwys na aantekening 29 vir bedrae betaalbaar aan verwante partye wat hierbo ingesluit is en aantekening 31 vir besonderhede oor die kontrakklas.

13. VERPLIGTINGS

Die volgende verpligtings het soos op 31 Desember met betrekking tot geboue, biblioteekboeke en -tydskrifte bestaan ten opsigte van kapitaalkontrakte goedgekeur of bestellings geplaas:

Geboue	1 651 273	134 490
Biblioteekboeke en -tydskrifte	671	621
	1 651 944	135 111

14. INKOMSTE

Die Universiteit se hoofinkomstestrome bestaan uit die volgende:

OWERHEIDSTOEKENNINGS

- subsidie-inkomste	1 681 764	1 470 702
- navorsingstoekennings	341 528	411 689
	2 023 292	1 882 391
- oor tyd	2 023 292	1 882 391

Subsidie-inkomste en navorsingstoekennings van die regering word oor tyd erken en bevat nie enige beduidende finansieringskomponent nie.

STUDENTE-, INWONINGS- EN ANDER GELDE

- studentekursus- en registrasiegelde	1 076 131	979 520
- studentehuisvestingsgelde	321 668	302 907
	1 397 799	1 282 427
- oor tyd	1 397 799	1 282 427

TOEKENNINGS EN KONTRAKTE

VERKOPE VAN DIENSTE EN PRODUKTE

Diverse inkomste word erken wanneer die diens gelewer en die prestasieverpligtinge nagekom is.

15. PERSONEELKOSTE

Vergoeding en byvoordele	2 448 518	2 298 704
Toename in die voorsiening vir personeelvoordele deur die gekonsolideerde inkomstestaat	31 559	32 877
(Afname)/toename in die voorsiening vir langdiensvoordele deur die gekonsolideerde inkomstestaat	(573)	43
	2 479 504	2 331 624
Toename in die voorsiening vir personeelvoordele ingesluit in omvattende inkomste	(16 639)	(7 381)
	2 462 865	2 324 243

Die getal permanente werknemers (wat vaste termyn werknemers insluit) is 3 441 (2017: 3 443).

Die getal niepermanente werknemers is 1 026 (2017: 1 464).

16. PERSONEELKOSTE: UITVOERENDE BESTUUR

Die volgende inligting ten opsigte van bedrae wat werklik gedurende die finansiële jaar toegeval het, word verskaf om aan die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, soos gewysig, en die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoër Onderwysinstellings (artikel 7.8) te voldoen.

NAAM	AMP	AARD	TOTALE WAARDE 2018 R000	TYDPERK	TOTALE WAARDE 2017 R000	TYDPERK
Prof WJS de Villiers	Rektor en Visekanselier	Vergoeding uitbetaal	4 490	Jan – Des 2018	4 239	Jan – Des 2017
		Bonus uitbetaal	350	Jan – Des 2018	330	Jan – Des 2017
Prof A Schoonwinkel	Viserektor (Leer en Onderrig)	Vergoeding uitbetaal	2 518	Jan – Des 2018	2 377	Jan – Des 2017
		Addisionele vergoeding uitbetaal	2	Jan – Des 2018	-	
Prof SA du Plessis	Bedryfshoof 2018 (2017: Aangewese)	Vergoeding uitbetaal	2 905	Jan – Des 2018	2 309	Jan – Des 2017
		Addisionele vergoeding uitbetaal	1	Jan – Des 2018	-	
Prof TE Cloete	Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)	Vergoeding uitbetaal	2 465	Jan – Des 2018	2 325	Jan – Des 2017
		Addisionele vergoeding uitbetaal	23	Jan – Des 2018	-	
Prof L van Huyssteen	Bedryfshoof 2017	Vergoeding uitbetaal	-		2 961	Jan – Des 2017
		Verlof uitbetaal	-		320	Jan – Des 2017
Prof NN Koopman	Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)	Vergoeding uitbetaal	2 489	Jan – Des 2018	2 348	Jan – Des 2017
		Verlof uitbetaal	119	Jan – Des 2018	155	Jan – Des 2017
Prof HC Klopper	Viserektor (Strategie en Internasionalisering)	Vergoeding uitbetaal	2 452	Jan – Des 2018	2 315	Jan – Des 2017

Betaling aan Raadslede vir die bywoning van Raads- en komiteevergaderings:

BETAAL AAN	GETAL LEDE	BYWONING VAN VERGADERINGS GEMIDDELTE WAARDE R000	TERUGBETALING VAN UITGAWES TOTALE WAARDE R000
Raadsvoorsitter	1	-	-
Raadslede	29	-	84

Geen vergoeding word vir die bywoning van Raads- en komiteevergaderings aan Raads- of komiteelede betaal nie.

17. TOTALE UITGAWES

Totale uitgawes sluit die volgende in:

WAARDEVERMINDERING EN AMORTISASIE

Geboue	100 499	92 962
Rekenaartoeusting	51 478	46 029
Ander toerusting en voertuie	65 688	62 708
Biblioteekboeke	73 223	81 660
Amortisasie	1 622	86
	292 510	283 445

ANDER BEDRYFSUITGAWES

Beurse	485 906	455 974
Huur	68 869	67 130
- Geboue	49 744	52 154
- Toerusting	19 125	14 976
Instandhouding en herstelwerk (verwys na aantekening 4)	121 961	156 616
Ouditeursvergoeding	6 603	5 185
Vir statutêre audit		
- Voorsiening vir huidige jaar	3 038	2 695
Vir ander auditdienste	2 748	2 285
Vir ander konsultasiedienste	817	205
Interne audit	3 643	4 465
Forensiese audit	1 437	1 215
(Afname)/toename in toelaag vir kredietverliese ten opsigte van studentegelde, studentele-nings en handelsdebiteure	(2 207)	71 030
Waardedaling van beleggings	-	135 690
Ander uitgawes ¹	1 503 619	1 425 174
	2 189 831	2 322 479

Beurse deur US bestuur	972 336	767 393
- Eie fondse en navorsingskontrakte	485 906	455 974
- Agentskapsverhouding (insl. NSFAS)	452 282	298 435
- Gapingsbefondsing	34 148	12 984

¹ Ander uitgawes sluit onder andere navorsingsuitgawes, konsultasie- en ander dienste, reis- en verblyfkoste en nutsdienste in.

18. RENTE EN DIVIDENDE VERDIEN

Rente ontvang	- bedryfsbeleggings gehou teen billike waarde deur wins of verlies	78 726	59 312
	- niebedryfsbeleggings gehou teen billike waarde deur wins of verlies	115 787	117 762
	- ander	41 162	57 971
Dividende ontvang		147 759	109 404
		383 434	344 449

19. GEREALISEERDE WINS BY VERVREEMDING VAN BELEGGINGS

Wins uit billikewaarde-reserwe gerealiseer (verwys na aantekening 31)	-	758 368
---	---	---------

20. RENTE ONTVANG

Bedrag aan die begin van die jaar ontvangbaar	10 556	18 630
Bedrag in gekonsolideerde inkomstestaat	235 675	235 045
Bedrag aan die einde van die jaar ontvangbaar	(22 489)	(10 556)
	223 742	243 119

21. DIVIDENDE ONTVANG

Bedrag aan die begin van die jaar ontvangbaar	-	-
Bedrag in gekonsolideerde inkomstestaat	147 759	109 404
Bedrag aan die einde van die jaar ontvangbaar	-	-
	147 759	109 404

22. FINANSIERINGSKOSTE BETAAL

Bedrag aan die begin van die jaar betaalbaar	16 045	-
Bedrag in gekonsolideerde inkomstestaat	35 486	34 948
Aanpassing vir nie-kontantvloei items	(7 181)	(7 377)
Bedrag aan die einde van die jaar betaalbaar	(17 681)	(16 045)
	26 669	11 526

23. REKONSILIASIE VAN LASTE VOORTSPRUITEND UIT FINANSIERINGSAKTIEWEITE

Saldo aan die begin van die jaar	213 491	158 239
Nie-kontantvloei items:		
Bruikhure	(626)	48 218
Opgelope rente	24 738	20 491
Minus:		
Finansieringskoste betaal	(17 558)	(13 399)
Kapitale terugbetalings	(8 581)	(58)
Saldo aan die einde van die jaar	211 464	213 491

24. REKONSILIASIE VAN SURPLUS MET KONTANTVLOEIE

Surplus volgens die gekonsolideerde inkomtestaat	415 740	901 971
Aanpassings vir:		
Gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings	-	(758 368)
Rente en dividende ontvang	(383 434)	(344 449)
Finansieringskoste	35 486	34 948
Wins by die vervreemding van eiendom, boeke en toerusting	(1 356)	(4 875)
Toename in voorsiening vir verlofgratifikasie	6 380	10 840
Toename in voorsiening vir personeelvoordele	30 986	32 920
(Afname)/toename in toelaag vir kredietverliese t.o.v. studentegelde, studenteleninge en handelsdebiteure	(479)	71 030
Waardevermindering	292 510	283 445
Waardedaling van beleggings	-	135 690
(Wins)/verlies in geassosieerde maatskappye	(2 444)	3 018
Aanpassing op bedryfshuurbate	200	(576)
Skenking van eiendom, boeke en toerusting	(35 069)	(16 787)
Bedryfsinkomste voor bedryfskapitaalveranderinge	358 520	348 808
Verandering in bedryfskapitaal	220 349	61 019
Toename in handels- en ander debiteure	(59 830)	(82 073)
Toename in kontrakbate	(8 486)	-
Toename in voorraad	(563)	(1 739)
Toename in handels- en ander krediteure en personeelvoordele	22 741	144 255
Toename in kontraklas	266 688	-
(Afname)/toename in bedryfshuurbate	(200)	576
Kontant deur bedrywighele voortgebring	578 869	409 825

25. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Gunstige banksaldo's	387 871	192 205
Korttermynbeleggings in kontant	-	581 910
	387 871	774 115

Die gemiddelde rentekoers vir 2018 ten opsigte van kontant en kontantekwivalente beloop soos aan die jaareinde 5,8% (2017: 8,1%).

In die huidige jaar is korttermynbeleggings nie meer gehou in instrumente wat aan die definisie van kontant en kontantekwivalente voldoen nie. Korttermynbeleggings word in aantekening 6 openbaar.

Die Universiteit se fasiliteite by banke wat jaarliks hersien word	260 897	204 932
--	----------------	----------------

Soos aan die jaareinde was net 'n gedeelte van die fasiliteit vir motorlenings opgeneem. Die gedeelte wat opgeneem is, word by rentedraende lenings ingesluit. Verwys na aantekening 3.

26. FINANSIËLE RISIKOBESTUUR

Die Universiteit se aktiwiteite stel hom aan sekere besigheids- en finansiële risiko's, naamlik markrisiko, kredietrisiko en likiditeitsrisiko, bloot. Die Universiteit se oorkoepelende risikobestuursprogram fokus op die geïdentifiseerde bedryfsrisiko's sowel as die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en poog om die potensieel nadelige uitwerking op die Universiteit te minimaliseer.

26.1 BESIGHEIDSRISIKO'S

Die hoofbesigheidsrisiko's van die Universiteit, soos deur die Bestuur geïdentifiseer, is die volgende:

- nasionale regulering van gelde;
- die groeiende druk op die ongeoordeelde staatsubsidie aan universiteite;
- infrastruktuurbeperkings en die hoë koste van deurlopende instandhouding van fasiliteite; en
- die pas van transformasie en verbreding van toeganklikheid.

Hierdie risiko's word deurlopend gemoniteer en die gepaste stappe gedoen om dit ten beste te bestuur.

26.2 MARKRISIKO

Die aktiwiteite van die Universiteit stel hom aan verskeie markrisiko's, insluitende valutarisiko, prysrisiko en rentekoersrisiko, bloot.

(a) Valutarisiko

Die Universiteit se valutarisiko spruit uit sy blootstelling aan sekere globale effekteTrusts/saamgevoegde beleggingsvoertuie wat in die buiteland belê is. Hoewel hierdie effekteTrusts in rand gedenomineer is en daar geen finansiële risiko in die omskakeling van geldeenheide is nie, stel die onderliggende beleggings wel die Universiteit aan valutarisiko bloot. Die valutarisiko word by die prysrisiko van hierdie beleggings ingesluit.

Totale bedrag van buitelandse beleggings op 31 Desember	3 224	3 125
---	--------------	-------

As gevolg van internasionale transaksies in ander geldeenheide as die Suid-Afrikaanse rand (die Universiteit se funksionele geldeenheid), word die Universiteit aan valutarisiko blootgestel. Hierdie risiko spruit uit toekomstige finansiële transaksies asook erkende bates en laste, wat veral in Amerikaanse dollar, Britse pond en in euro gedenomineer is. Valutarisiko van toekomstige finansiële transaksies word bestuur deur vooruitdekking deur middel van valutatermynkонтракте uit te neem.

Indien die wisselkoers soos op 31 Desember 2018 met 5,0% verstewig/verswak het, met alle ander faktore konstant, sou die surplus vir die jaar soos volg gestyg/(gedaal) het:

CHF	-	1
AUD	30	-
EURO	11	59
GBP	43	67
USD	338	240
	422	367

Valutatermynkонтракте word aangegaan om die blootstelling aan wisselkoersskommelings ten opsigte van sekere transaksies te bestuur. 'n Omsigtige benadering met betrekking tot vooruitdekking word gehandhaaf.

Op 30 November 2015 het die US Raad goedgekeur dat wisselkoersverliese wat ontstaan as gevolg van die verskil tussen die wisselkoers gebruik vir begrotingsdoeleindes en die koers soos waarteen die Biblioteek se buitelandse betalings werklik aangegaan word, uit die wisselkoerswinste op buitelandse beleggings befonds word.

2018
R000

2017
R000

Die volgende bedryfsbates en -laste ten opsigte van buitelandse valutatransaksies, soos in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie getoon, word nie deur valutatermyntkontrakte vooruit gedek nie:

	VALUTA 2018	RAND-WAARDE 2018	VALUTA 2017	RAND-WAARDE 2017
	000	R000	000	R000
HANDELSDEBITEURE				
CHF	-	-	2	28
AUD	60	591	-	-
EURO	14	229	82	1 187
GBP	48	854	82	1 337
USD	479	6 761	396	4 794
Netto valutabate		8 435		7 346

(b) Prysisiko

Die Universiteit word aan prysrisiko blootgestel weens veranderinge in die markwaardes van sy genoteerde en ongenoteerde ekwiteitsaandeel- en effektetrustbeleggings, asook sekere skuldinstrumente wat vir verkoop gehou word.

Indien die aandeleprys van die aandeel komponent van die portefeulje soos op 31 Desember 2018 met 10,0% gestyg/(gedaal) het en alle ander faktore konstant gebly het, sou die billikewaarde-reserwe vir genoteerde aandele met R726,0 miljoen (2017: R720,3 miljoen) gestyg/(gedaal) het. 'n 10% styging/daling op die sekuriteitebeurs soos op 31 Desember 2018 sou 'n styging/(daling) van R205,0 miljoen (2017: R93,8 miljoen) in die billikewaarde-reserwe vir kapitaalmark- en geldmarkinstrumente tot gevolg gehad het. Die Universiteit word nie direk aan kommoditeitsprysrisiko blootgestel nie.

Hoewel die Universiteit 'n diversifikasiebeleid volg, moet die portefeuljebestuurders die markblootstelling van die portefeuljes binne die volgende toegelate perke hou:

Bateklas	Toegelate perke
Ekwiteite	40% - 75%
Eiendom	0% - 30%
Rentedraend	0% - 60%
Kommoditeite	0% - 10%

(c) Rentekoersrisiko

Die rentekoerseienskappe van nuwe en bestaande lenings word deurlopend hersien. Die Universiteit het vir die jare geëindig 31 Desember 2018 en 2017 geen ooreenkomste met betrekking tot rentekoersafgeleide instrumente gesluit nie. Die rentekoersprofiel van die skuldsekuriteite is soos volg:

Teen wisselende koerse	257 816	384 186
Teen vaste koerse	1 292 533	1 684 519
	1 550 349	2 068 705

Indien die rentekoers ten opsigte van wisselende rentekoersbeleggings soos aan die jaareinde met 100 basispunte verhoog/verlaag, sal die surplus vir die jaar met R2,5 miljoen (2017: R3,8 miljoen) gestyg/(gedaal) het.

Indien die rentekoers ten opsigte van saldo's by banke soos aan die jaareinde met 100 basispunte gestyg/gedaal het, sou die surplus vir die jaar met R3,9 miljoen (2017: R7,7 miljoen) gestyg/(gedaal) het.

26.3 LIKIDITEITSRISIKO

Deursigtige likiditeitsrisikobestuur impliseer die handhawing van voldoende kontant en bemarkbare sekuriteite, asook die beskikbaarheid van kredietfasiliteite.

Die Universiteit is in staat om langtermynbeleggings op kort kennisgewing te realiseer om moontlike likiditeitsrisiko's te dek. Kontantbeleggings wat R616,5 miljoen (2017: R1,109.8 miljoen) beloop, is ook by langtermynbeleggings ingesluit.

Bedryfsbates	1 218 858	1 037 177
Bedryfslaste	1 350 820	1 060 804
Verhouding bedryfsbates tot bedryfslaste	0.90	0.98

Finansiële laste

	DRABEDRAG R000	KONTRAKTUELE KONTANTVLOEI R000	< 1 JAAR R000	1–5 JAAR R000	> 5 JAAR R000
31 Desember 2018					
Rentedraende lenings	211 463	731 659	28 046	191 823	511 790
Handels- en ander krediteure	358 440	358 440	358 440	-	-
Totale finansiële laste	569 903	1 090 099	386 486	191 823	511 790
31 Desember 2017					
Rentedraende lenings	213 489	747 311	34 102	159 005	554 204
Handels- en ander krediteure	599 081	599 081	599 081	-	-
Totale finansiële laste	812 570	1 346 392	633 183	159 005	554 204

26.4 KREDIETRISIKO

Kredietrisiko ontstaan hoofsaaklik as gevolg van uitstaande studentegelde en -lenings, handelsdebiteure en kontantmiddele.

Beleggingsteenpartye word beperk tot finansiële instellings van hoë kredietgehalte. Die kredietgehalte van skuldsekeriteite wat aan kredietrisiko onderhewig is, word deur die beleggingsbestuursooreenkoms beperk. Geldmarkbeleggings moet oor 'n nasionale korttermynkredietgradering van FI of hoër beskik, soos deur Fitch Ratings toegeken, of oor 'n gelykstaande gradering van 'n ander erkende graderingsagentskap.

Die volgende beperkings geld vir SA effektebeleggings:

Kredietgradering (Fitch/S&P nasionale skaal)	Uitreikersperk (% van totale portefeulje)
RSA staatsuitgereik of -gewaarborg	Onbeperk
AAA-band (banke)	15%
AAA-band (niebanke)	10%
AA-band (AA+ tot AA-) (banke)	12,50%
AA-band (AA+ tot AA-) (niebanke)	7,50%
A-band (A+ tot A-) (banke)	5%
A-band (A+ tot A-) (niebanke)	2,50%
BBB-band (BBB+ tot BBB-)	1%
Onder BBB-	Nul

Die grootste komponent van uitstaande studentegelde is deur voormalige studente verskuldig. Handelsdebiteure bestaan uit 'n groot hoeveelheid kliënte en hulle kredietwaardigheid word deurlopend deur die Universiteit geëvalueer. Kontantsurplusse word slegs by finansiële instellings met goeie kredietwaardigheid belê. Geen wesenlike kredietrisiko bestaan soos op 31 Desember 2018 en soos op 31 Desember 2017 waarvoor daar nie voldoende voorsiening gemaak is nie. Handels- en ander debiteure word ná aftrekking van enige toelaag vir kredietverliese getoon.

26.5 RAMING VAN BILLIKE WAARDE

Die billike waardes van genoteerde beleggings beskikbaar vir verkoop word op die gekwoteerde markprys soos aan die jaareinde gegrond. Die gekwoteerde markprys verwys na die sluitingsprys op die laaste sakedatum voor die jaareinde. Die billike waardes van ongenoteerde beleggings wat nie in 'n aktiewe mark verhandel word nie, word deur middel van toepaslike waardasietodes, gegrond op marktoestande soos aan die jaareinde, bepaal. Billike waardes van die res van die finansiële instrumente word op grond van verdiskonteerdekontantvloei-modelle bepaal. Handels- en ander debiteure en -krediteure en rentedraende lenings se nominale waardes minus waardedalings en toelaes vir kredietverliese word geag die billike waardes daarvan te wees. Korttermynskuldinstrumente verteenwoordig skenkingsfondse waar die skenker die aanwending en tyd van aanwending kan vasstel, en word teen billike waarde gemeet.

Billikewaarde-metings word volgens onderstaande hiërargie openbaar:

- Vlak 1: Gekwoteerde pryse volgens aktiewe markte vir identiese bates en laste
- Vlak 2: Ander insette as gekwoteerde pryse wat direk (pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse) verkry word
- Vlak 3: Insette vir bates en laste wat nie op beskikbare markdata gegrond word nie

Bates soos op 31 Desember 2018 teen billike waarde getoon:

	VLAK 1 R000	VLAK 2 R000	VLAK 3 R000	TOTAAL R000
Kapitaalmarkte	1 432 676	-	-	1 432 676
Aandele				
- Genoteerde aandele	7 264 993	-	-	7 264 993
- Ongenoteerde aandele	-	3 357	-	3 357
Geldmark	611 170	4 241	-	615 411
	9 308 839	7 598	-	9 316 437

Die billike waarde van genoteerde beleggings, staatseffekte, vaste deposito's en ander beleggings word op huidige markpryse gegrond. Ander beleggings bestaan hoofsaaklik uit kontantinstrumente wat deel van die Universiteit se langtermynbeleggingspoel uitmaak. Die Universiteit bepaal die billike waarde van ongenoteerde beleggings en beleggings waarvoor daar nie 'n aktiewe mark is nie, deur van toepaslike waardasietegnieke gebruik te maak. Soos op 31 Desember 2017 was staatseffekte, genoteerde aandele, vaste deposito's en ander beleggings as vlak 1 geklassifiseer en ongenoteerde aandele as vlak 2.

Die billike waarde van finansiële instrumente wat nie op die sekuriteitebeurs verhandel word nie, word deur middel van toepaslike waardasietegnieke bepaal. Hierdie tegnieke neem hoofsaaklik beskikbare markdata in ag. Die gebruik van entiteitspesifieke ramings word beperk. Indien insette net uit beskikbare markdata bestaan, word die instrument op vlak 2 getoon. Spesifieke waardasietegnieke sluit die gebruik van gekwoteerde of handelaarspryse van soortgelyke instrumente in, met inagneming van risikofaktore.

Indien enige van die insette nie op beskikbare markdata gegrond word nie, word die item op vlak 3 getoon.

26.6 BESTUUR VAN BESKIKBARE FONDSE

Die Universiteit Stellenbosch bestuur sy fondse ten einde te verseker dat hy as lopende saak sal voortbestaan. Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse bestaan uit bedryfs-, lenings-, skenkings- en vastebatefondse met bepaalde voorwaardes vir aanwending. Onbeperkte fondse is daardie fondse wat die Raad diskresionêr kan aanwend.

27. PERSONEELVOORDELE

Bydraes tot die universiteit stellenbosch aftredefonds (USAF)

USAF, wat op 1 November 1994 ontstaan het en deur die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956, soos gewysig, beheer word, is 'n vastebydraeplan vir permanente werknemers van die Universiteit. Die fonds word minstens elke drie jaar deur 'n onafhanklike aktuaris gewaardeer. Die fonds beskik oor bates van R3 746,2 miljoen (2017: R3 733,2 miljoen) soos op 31 Desember 2018, en die ledetal beloop 3 574 (2017: 3 570). Ledebydraekoerse wissel tussen 10% en 35% van pensioengewende verdienste. Die aktuaris het verklaar dat die fonds finansiële gesond is.

Totale bydraes betaal het R256,9 miljoen (2017: R234,5 miljoen) beloop. Die mees onlangse audit is vir die jaar geëindig 31 Desember 2017 gedoen en 'n ongekwalifiseerde mening is uitgespreek.

Ander voordele

Na-aftrede mediese voordele word aan sekere afgetrede werknemers verskaf. Toegang tot hierdie voordeel word beperk tot werknemers wat voor 1 Junie 2002 aangestel is.

Die groeplewensversekeringskema voorsien lewensversekering by die dood van die lid. Lidmaatskap van die skema is vir alle permanente werknemers van die Universiteit verpligtend.

Die verpligtings word minstens elke drie jaar deur die onafhanklike aktuaris aktuarieel bereken en op 'n jaarlikse grondslag hersien. 'n Volledige aktuariële waardasie is soos op 31 Desember 2018 gedoen. Die mees onlangse aktuariële waardasie is op 17 Januarie 2019 gedoen. Die volgende aktuariële waardasie sal nie later nie as 1 Januarie 2020 gedoen word.

Die aktuariële waardasiemetode is die geprojekeerde-eenheidskrediet-metode. Die hoof aktuariële aannames is die volgende:

Verdiskonteringskoers	10,1%	9,9%
Verbruikersprysindeks	6,3%	6,8%
Mediese inflasie	8,3%	8,8%
Salarisinflasie	7,8%	8,3%
Verwagte gemiddelde aftreeouderdom	65,0	65,0
Ouderdomsverskil in jare tussen hooflid en gade	4,0	4,0
Inkomste by aftrede	75,0%	75,0%
Proporsie by aftrede getroud	75,0%	75,0%
Groeplewens proporsie by aftrede getroud	90,0%	90,0%
Maksimum ouderdom vir weeskindbydraes	21,0	21,0
Voortsetting by aftrede	100,0%	100,0%

Rekonsiliasie van die drabedrag:

	2018			2017		
	MEDIESE- VERPLIG- TING	GROEPE- WENSVER- SEKERING	TOTAAL	MEDIESE VERPLIGTING	GROEPE- WENSVERSE- KERING	TOTAAL
Verpligting aan die begin van die jaar	587 910	63 892	651 802	573 921	52 385	626 306
Aanpassings in die gekonsolideerde inkomstestaat:						
- Huidige dienskosse	6 302	3 273	9 575	6 688	3 007	9 695
- Rentekoste	56 224	6 163	62 387	54 987	5 064	60 051
- Verwagte bydraes deur die werkgewer betaalbaar	(37 287)	(3 116)	(40 403)	(34 516)	(2 353)	(36 869)
Aktuariële (wins)/verlies in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste	(14 823)	(1 816)	(16 639)	(13 170)	5 789	(7 381)
	598 326	68 396	666 722	587 910	63 892	651 802

Die aktuariële wins is aan die volgende faktore toeskryfbaar:

Verandering in die verdiskonteringskoers	(46 566)	(32 462)
Verandering in die verwagte koste inflasie	4 631	(254)
Verandering in demografiese aannames	16 947	16 917
Verandering in ledetalle en -besonderhede	8 349	8 418
	(16 639)	(7 381)

Die verpligting aan die einde van die jaar is soos volg:

Voortgesette lede	481 053	463 619
Indienslede	185 669	188 183
	666 722	651 802

Die verwagte toename in die verpligting vir die volgende 12 maande is R50,5 miljoen (2017: R32,0 miljoen).

Langdiensvoordele

Ná 25 jaar dienslewering kwalifiseer werknemers vir 'n geskenk met 'n waarde gelykstaande aan 50% van die werknemer se maandelikse salaris, met 'n minimum waarde van R400 en 'n maksimum waarde van R5 000.

Die verpligting aan die einde van die jaar is soos volg:

Aktiewe lede	2 745	3 318
Totale verpligting	669 467	655 120

Opsomming van data vir vyf jaar:

	2018 R000	2017 R000	2016 R000	2015 R000	2014 R000
Huidige waarde van verpligting	669 467	655 120	629 581	571 105	546 735
Aktuariële (wins)/verlies as gevolg van ondervinding	4 631	(254)	8 610	(28 378)	10 726

28. INKOMSTEBELASTING

Die Universiteit word ingevolge artikel 10(1)(cA)(i) van die Inkomstebelastingwet 85 van 1962 van normale inkomstebelasting vrygestel. Sommige van die filiale van die Universiteit is wel belastingpligtig. Verwys na aantekening 9.

29. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES

29.1 ONDERSTAANDE ENTITEITE WORD GEAG VERWANTE PARTYE VAN DIE UNIVERSITEIT TE WEES

Die gekonsolideerde finansiële state soos op 31 Desember 2018 sluit die volgende trusts en vennootskappe in:

Naam van trust/vennootskap	Aard van aktiwiteite	Lening
Stellenbosch Trust	Fondswerwing en belê van skenkingsfondse	Nul
Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust	Belegging in eiendom vir onderrig en navorsingsaktiwiteite	Nul
Stellenbosch Regsfakulteit Trust	Bevoordeling van die Fakulteit Regsgeleerdheid, wat vir lede van die algemene publiek toeganklik is	Nul
Stellenbosch Finansieringsvennootskap	Leen van fondse ingevolge die vennootskapsooreenoms	Nul

Die Universiteit het soos op 31 Desember 2018 die volgende beleggings in ongenoteerde filiale gehad:

Naam van maatskappy	Aard van aktiwiteite	Effektiewe aandeelbesit	Boekwaarde van belang	
			Belegging R	Lening R
Unistel Eiendomme (Edms) Bpk	Dormant	100,0%	Nul	Nul
InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk	Kommersialisering van intellektuele eiendom en bronne van die Universiteit vir navorsing, opleiding en gemeenskapsinteraksie	100,0%	16 447 000	5 983 580

InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk, 'n volfiliaal van die Universiteit, het soos op 31 Desember 2018 die volgende beleggings in ongenoteerde filiale en geassosieerde maatskappe gehad:

Naam van maatskappy	Aard van aktiwiteite	Effektiewe aandeelbesit	Boekwaarde van belang	
			Belegging R	Lening R
USB Bestuursontwikkeling (Edms) Bpk	Ontwikkeling en aanbieding van bestuursontwikkelingsprogramme en verskaffing van konsultasiedienste	66,0%	20729 580	Nul
Aquastel (Edms) Bpk	Ontginning van akwakultuurtegnologie	100,0%	1 000	Nul
Sun Media Stellenbosch (Edms) Bpk	Uitgewery en drukdienste	55,0%	1 000	Nul
Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk	Verskaffing van genetiese, diagnostiese en toetsingsdienste vir mense en diere	35,0%	4 586 000	Nul
Unistel Tegnologie (Edms) Bpk	Dormant	100,0%	1 000	Nul
Maties Gimnasium (Edms) Bpk (voorheen Stellenbosch Universiteit Sportprestasië-Instituut (Edms) Bpk)	Verskaffing van sportverwante dienste (kommersialisering van sportbates)	100,0%	1 000	475 532
Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk	Kommersialisering van nanoveseltegnologie	22,3%	2 992 000	Nul
Stellenbosch Wind Energy Technologies (Edms) Bpk	Kommersialisering van windenergiegenereringstegnologie	74,0%	1 000	Nul
GeoSUN Africa (Edms) Bpk	Diensverskaffing aan die sonenergiebedryf	26,3%	417 000	Nul
LaunchLab (Edms) Bpk	Ondersteuning van entrepreneurskap op die kampus deur netwerkgeleenthede, mentorskap en bekostigbare huurariëwe in 'n entrepreneursvriendelike omgewing te bied	100,0%	1 000	Nul
Surfactant Medical Technologies (Edms) Bpk	Ontwikkeling van gepatenteerde sintetiese longtegnologie	50,0%	1 000	Nul
Custos Media Technologies (Edms) Bpk	Verskaffing van digitale regtebestuur op digitale materiaal met kopiereg	26,3%	1 701 000	Nul
Sun Magnetics (Edms) Bpk	Ontwikkeling van en verkoop van induktansie ekstraksie en magnetiese veldberekening sagteware vir geïntegreerde stroombaan-verifikasie (insluitend vir supergeleidende geïntegreerde stroombane)	40,0%	48	Nul

			Boekwaarde van belang	
Naam van maatskappy	Aard van aktiwiteite	Effektiewe aandeelbesit	Belegging R	Lening R
Bridgiot (Edms) Bpk	Ontwikkeling van 'n internet-van-dinge-platform wat daarop gemik is om huishoudelike en ander elektronika aan die wolk te verbind	36,5%	400	Nul
Vulamanz (Edms) Bpk	Die gebruik van 'n gepatenteerde "Capillary Ultrafiltration"-membraanontegnologie om hoë gehalte drinkwater te produseer	40,0%	733 187	Nul
Geosmart (Edms) Bpk	Ontwikkeling van oplossings vir geografiese probleme deur vernuwendende georuimtelike denke en die jongste tegnologie (soos geografiese inligtingstelsels, aardwaarnemingsatelliete, globale navigasiesatellietstelsels, selfone, wolk-rekenaarwese en kunsmatige intelligensie) te kombineer	35,0%	I	Nul
Cubespace (Edms) Bpk	Die ontwerp, bou, toets en steun van innoverende, geminiaturiseerde satellietkomponente van hoë gehalte, met 'n sterk fokus op beheerstelsels	20,2%	I	Nul
Sharksafe Barriers (Edms) Bpk	Ontwikkeling van ekovriendelike tegnologie wat magnetiese en visuele stimuli kombineer om haaispesies wat as 'n gevaar vir mense beskou word, af te skrik. Die tegnologie is daarop gemik om mense veilig teen haaie te hou en terselfdertyd die haaie te bewaar.	20,0%	I	Nul
Cargo Telematics (Edms) Bpk	Verskaffing van produkte vir die telematika-vervoerbedryf	30,0%	I	Nul
Sein Media (Edms) Bpk	Aanbieding van eersteklas filmklankbaan- en musiekopnamediens by die Universiteit	50,0%	I	Nul

Uitvoerende bestuurslede word ook geag verwante partye van die Universiteit te wees. Verwys na aantekening 16 vir 'n lys van die uitvoerende bestuurslede en betalings aan hulle gedurende die jaar.

29.2 TRANSAKSIES MET VERWANTE PARTYE

Transaksies met verwante partye sluit in die betaling vir administratiewe dienste en finansieringskoste, asook beleggingsinkomste wat verdien is.

Belanghebbers het gedurende die jaar geen wesenlike belang gehad in enige wesenlike ooreenkoms van die Universiteit of enige van sy filiale wat tot 'n botsing van belange aanleiding kan gee nie.

Transaksies tussen die Universiteit Stellenbosch en sy filiale word by konsolidasie uitgeskakel.

Die volgende verwanteparty-transaksies het tussen die Universiteit en verwante partye plaasgevind:

29.2.1 INKOMSTE

Vanaf filiale:

Uitkering van geoormerkte skenkings vanaf Stellenbosch Trust	292 356	274 296
Dienste	26 183	35 964
Rente	77	202
	318 616	310 462

29.2.2 UITGAWES

Aan filiale:

Dienste	19 213	33 903
Rente	792	227
Bydraes gemaak	-	4 198
	20 005	38 328

29.2.3 BEDRAE SOOS AAN DIE JAAREINDE UITSTAANDE

Ontvangbaar van:

Filiale	48 484	72 180
---------	---------------	--------

Betaalbaar aan:

Filiale	9 053	7 085
---------	--------------	-------

29.2.4 LENINGS AAN VERWANTE PARTYE TOEGESTAAN

Maties Gimnasium (Edms) Bpk (voorheen Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-Instituut (Edms) Bpk)	475	913
--	------------	-----

InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk	5 984	5 984
---------------------------------------	--------------	-------

	6 459	6 897
--	--------------	-------

Die lening aan Maties Gimnasium (Edms) Bpk (voorheen Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-Instituut (Edms) Bpk)] dra rente wat aan die prima koers gekoppel is en het vaste terugbetalingsterme. Die lening aan InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk dra geen rente nie en het geen vaste terugbetalingsterme nie.

30. VOORWAARDELIKE AANSPREKLIKHEID

Die Universiteit waarborg 'n persentasie van die uitstaande bedrag ten opsigte van verbandlenings van kwalifiserende werknemers. Die maksimum blootstelling soos aan die jaareinde beloop R24 829 (2017: R24 829).

31. VERANDERINGE IN REKENINGKUNDIGE BELEIDE

Die Universiteit se rekeningkundige beleide het verander weens die verpligte implementering van IFRS 9, "Financial instruments", en IFRS 15, "Revenue from contracts with customers", wat op 1 Januarie 2018 in werking getree het. Hierdie standpunte is geïmplementeer sonder die herstatering van vergelykende syfers, aangesien die aanpassings nie wesenlik was nie.

Die tabel hieronder toon die aanpassings wat vir elke individuele lynitem erken is. Lynitems wat nie deur die veranderinge geraak is nie, is nie ingesluit nie. Die gevolg is dat die geopenbaarde subtotale en totale nie uit die syfers wat voorsien is, herbereken kan word nie. Die aanpassings word in meer besonderhede deur die standpunte hieronder verduidelik.

Die totale invloed op die Universiteit se finansiële state soos op 1 Januarie 2018 is soos volg:

	I JANUARIE 2018 SOOS OORSPRONKLIK AANGEBIED R000	IFRS 9 R000	IFRS 15 R000	I JANUARIE 2018 HERSTATEER R000
Beleggings wat geklassifiseer is as beskikbaar vir verkoop	8 888 708	(8 888 708)	-	-
Skuldinstrumente teen billike waarde deur wins of verlies	-	2 068 705	-	2 068 705
Ekweitsinstrumente teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	-	6 820 003	-	6 820 003
Totale bates	8 888 708	-	-	8 888 708
Handels- en ander krediteure	1 049 726	-	(184 605)	865 121
Kontraklas	-	-	184 605	184 605
Totale laste	1 049 726	-	-	1 049 726

31.1 IFRS 9, "FINANCIAL INSTRUMENTS"

IFRS 9 vervang die bepalinge van IAS 39 wat verband hou met die erkenning, klassifikasie en meting van finansiële bates en finansiële laste, onderkenning van finansiële instrumente, waardedaling van finansiële bates en verskansingrekeningkunde.

Die implementering van IFRS 9 op 1 Januarie 2018 het veranderinge in rekeningkundige beleide en aanpassings van die bedrae wat in die finansiële state erken word, tot gevolg gehad. Ingevolge die oorgangsbepalinge is vergelykende syfers nie herstateer nie. Verwys na die tabel hierbo vir die invloed van die implementering van die nuwe standpunt.

31.1.1 KLASSIFIKASIE EN METING

Op 1 Januarie 2018 (die aanvangsdatum van IFRS 9), het die Universiteitsbestuur oorweeg watter sakemodelle vir die finansiële bates van die Universiteit geld. Beleggings is tot en met 31 Desember 2017 as beskikbaar vir verkoop geklassifiseer, en vanaf 1 Januarie 2018 is dit verdeel tussen skuldinstrumente teen billike waarde deur wins of verlies en ekwiteitsinstrumente teen billike waarde deur ander omvattende inkomste.

Die bestuur het gekies om billikewaardewinst en -verliese op ekwiteitsinstrumente in ander omvattende inkomste aan te bied. Gedurende die voorafgaande jaar is wins op die vervreemding van beleggings van R758,3 miljoen en 'n waardedalingsvoorsiening van R135,7 miljoen in wins of verlies erken. Ingevolge IFRS 9 word hierdie bewegings nie apart van ander veranderinge in billike waarde gerapporteer nie. Vergelykende syfers is nie herstateer nie.

Skuldinstrumente voldoen nie aan die kriteria vir geamortiseerde koste of billike waarde deur ander omvattende inkomste nie, en word teen billike waarde deur wins of verlies gemeet.

31.1.2 WAARDEDALING VAN FINANSIËLE BATES

Die Universiteit beskik oor volgende soorte finansiële bates wat aan IFRS 9 se nuwe verwagtekredietverlies-model onderhewig is:

- studentegelde;
- studenteleninge;
- handels- en ander debiteure; en
- skuldinstrumente wat in die beleggingsportefeulje gehou word.

Die Universiteit moes sy waardedalingsmetodologie ingevolge IFRS 9 vir elkeen van hierdie bateklasse hersien. Die invloed van die verandering in die waardedalingsmetodologie op die Universiteit se behoue verdienste en fondse word in die tabel in aantekening 31.1 aangetoon.

Die Universiteit assesser die verwagte kredietverliese wat met studenteleninge verband hou, op vooruitskouende grondslag. Die waardedalingsmetodologie wat toegepas word, hang daarvan af of daar 'n beduidende verhoging in kredietrisiko was. Aantekening 1 sit uiteen hoe die Universiteit bepaal of daar 'n beduidende verhoging in kredietrisiko was.

Die Universiteit het IFRS 9 se vereenvoudigde benadering tot die meting van verwagte kredietverliese toegepas op studentegelde en handels- en ander debiteure deur gebruik te maak van 'n verwagteverliesvoorsiening oor die lewensduur van studentegelde en handels- en ander debiteure. Aantekening 8 bied besonderhede oor die berekening van die toelaes.

31.2 IFRS 15, “REVENUE FROM CONTRACTS WITH CUSTOMERS”

Die Universiteit het IFRS 15, “Revenue from Contracts with Customers”, op 1 Januarie 2018 geïmplementeer, wat veranderinge in rekeningkundige beleid tot gevolg gehad het. Daar is reeds in ooreenstemming met IFRS 15 van die Universiteit se inkomstestrome rekenskap gegee.

AANBIEDING VAN BATES EN LASTE MET BETREKKING TOT KONTRAKTE MET KLIËNTE

Die Universiteit het die aanbieding van sekere bedrae in die staat van finansiële posisie verander om die terminologie van IFRS 15 weer te gee. Kontraklaste (inkomste vooruit ontvang) wat betrekking het op studentegelde, navorsingskontrakte, skenkings en borgskappe is voorheen as deel van handels- en ander krediteure geopenbaar, en word nou apart op die gesig van die staat van finansiële posisie aangetoon. Verwys na die tabel in aantekening 31 vir die invloed van hierdie herallokasie.

32. LOPENDE SAAK

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is opgestel op 'n lopende saak grondslag, aangesien die Raad elke rede het om te glo dat die Universiteit voldoende hulpbronne in plek het om aan te gaan met besigheid vir die volgende twaalf maande.

33. GEBEURE NA RAPPORTERINGSDATUM

Tussen die jaareinde en die datum van hierdie verslag het geen wesentliche feite aan die lig gekom of omstandighede ontstaan wat die finansiële posisie van die Universiteit Stellenbosch wesenlik beïnvloed nie.

34. BREË-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (BBSEB)

Die Universiteit meet sy BBSEB-status teen die generiese telkaartmaatstawwe van die Departement van Handel en Nywerheid, met uitsluiting van die eienaarskap maatstawwe. Volgens die jongste beoordeling van die Universiteit se BBSEB status, wat in Mei 2018 gedoen is, het die Universiteit 'n telling van 57,34 behaal en daardeur 'n vlak 8-bydraerstatus verkry.

Glossarium

TERME EN VERKLARINGS	
aangewese groepe	Mense wat aan die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- of Asiër-groepe (BSIA) behoort.
a-gegradeerde navorsers	Navorsers wat as wêreldleiers op hul onderskeie navorsingsterreine beskou word.
eienskappe van gegradueerdes	Om volhoubare hoop in Afrika te skep, streef die Universiteit Stellenbosch daarna om elke gegradueerde, deur die loop van sy of haar studie, met wenslike en blywende karaktereieenskappe toe te rus. 'n Stellenbosch gegradueerde is: • 'n ondersoekende gees (aanvaar verantwoordelikheid vir 'n lewenslange leer en aanwending van kennis, dink krities en kreatief); • 'n betrokke burger op plaaslike, streeks- en globale vlak (tree verantwoordelik teenoor die samelewing en omgewing op, oefen doeltreffende leierskap uit, neem in 'n diverse, veeltalige gemeenskap deel, skep geleenthede vir ander as 'n maatskaplike entrepreneur); • 'n dinamiese, professionele persoon (pas kennis toe en dra dit oor, gryp geleenthede aan en los probleme op, is innoverend, gebruik volhoubare en doeltreffende tegnologie, tree eties op); en • sosiaal en intellektueel 'n goed afgeronde individu (trek voordeel uit geleenthede vir persoonlike groei – kultureel, intellektueel en sportlewe, soek verrykende ervarings, neem ingeligte en weldeurdagte besluite).
geldstrome	Die Universiteit se finansiële kapitaal is tot onlangs in vier geld- (inkomste-) strome ingedeel, wat genommer word om dit maklik van mekaar te onderskei. Die vier geldstrome berus op verskillende finansiële insette, naamlik: • eerste geldstroom: die staatsubsidie; • tweede geldstroom: die studie- en huisvestingsgeld wat studente betaal; • derde geldstroom: verdienste uit (kontrak)navorsing, verbandhoudende konsultasiekontrakte en kortkursusse; en • vierde geldstroom: filantropiese skenkings en erflatings. 'n Vyfde geldstroom is onlangs bygevoeg. Hierdie stroom sal voortaan 'n al hoe belangriker rol speel deur inkomste te skep uit die doeltreffender benutting en kommersialisering van die Universiteit se bates.
gemengde leer	'n Samewerkende stelsel wat tegnologieë soos webgebaseerde, satelliet- en mobiele toepassings met persoonlike leer en onderrig kombineer vir meer buigsamheid (toegang ongeag tyd) én mobiliteit (toegang ongeag plek). Gemengde leer verhoog interaksie tussen sowel studente as tussen personelede en studente, en verbeter terselfdertyd toegang tot hulpbronne.
hibriede leer	Studente leer deur 'n kombinasie van aangesig-tot-aangesig- en aanlyn interaksie. Die pedagogies gefundeerde gebruik van tegnologie hou aansienlike voordele in, soos byvoorbeeld groter reikwydte, meer effektiewe gebruik van lektore se tyd en potensiële besparing deur verminderde behoefte aan fisiese infrastruktuur.
horizon 2020	Die Europese Unie se grootste navorsings- en innovasiebefondsingsprogram ooit met die oog op uitnemende wetenskap, bedryfsleierskap en die aanpak van maatskaplike uitdagings. Befondsing word oor 'n sewejaartydperk – van 2014 tot 2020 – aan verskeie tipes projekte beskikbaar gestel, gewoonlik in 'n raamwerk van drie tot vier jaar per projek.
indirekte kosteverhaling	'n Algemene praktyk in die hoëronderryssektor wat die Universiteit in staat stel om die indirekte koste van ekstern gefinansierde projekte (derde geldstroom) van sy kliënte te verhaal deur 'n toeslag op te lê vir regs-, finansiële, menslikehulpbron-, navorsingsbestuurs-, informasietegnologie- en biblioteekdienste, asook ondersteuning met intellektuele eiendom.
kennis- en ander vennootskappe	Formele, institusionele vennootskappe met burgerlike samelewingsorganisasies, plaaslike regerings of munisipaliteite, die Wes-Kaapse provinsiale regering, die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid, die nasionale departemente van Verdediging en Militêre Veterane, kerke (Teologie), Elsenburg (Agri-Wetenskappe), ensovoorts. Hierdie vennootskappe word gewoonlik deur 'n formele memorandum van verstandhouding gerig.
lewensvatbare kontraktering	Die Universiteit se lewensvatbarekontrakteringsmodel, as 'n alternatief tot inkontraktering, handhaaf 'n gesonde balans tussen die verskaffing van behoorlike, waardige werksgeleenthede enersyds en finansiële volhoubaarheid andersyds. Die model sal van krag word namate bestaande kontrakte verval en die model stel die Universiteit in staat om op 'n deursigtige manier die optimale oplossing te vind vir die verskaffing van noodsaaklike dienste soos skoonmaakdienste. Die onderliggende beginsels van die model sluit in menswaardigheid; volhoubaarheid van die US; finansiële haalbaarheid; deursigtigheid en vertroulikheid; insette van belanghebbendes; ondertekening van 'n gedragskode; korporatiewe oorsig; en beste wedersydse voordeel.
module	'n Module is 'n eenheid wat bestaan uit 'n stel klasse of lesings, seminare of praktiese sessies wat 'n onderdeel van 'n vak vorm.

TERME EN VERKLARINGS	
nagraadse baccalaureusgrade	Baccalaureusgrade wat as tweede, gevorderde baccalaureus geneem kan word, byvoorbeeld BPhil en die twee- of driejarige LLB-graad. HonsB-grade is hierby uitgesluit.
omgekeerde klaskamer	'n Pedagogiese model waarin die tipiese lesing- en huiswerkelemente van 'n kursus omgeswaai word. Die term word algemeen gebruik vir byna enige klasstruktuur waar opnames van lesings vooraf gekyk en oefeninge dan in die klas gedoen word. (Educause, Februarie 2012)
parallelmediumonderrig	Onderrig word in aparte klasse in Afrikaans en in Engels aangebied.
program	'n Kombinasie van modules waaruit 'n leerplan (kurrikulum) vir 'n graadkwalifikasie saamgestel word, byvoorbeeld BA, BEd, BIng, BRek, BSc. Ook bekend as leerprogram of studieprogram. Daar word onderskei tussen voorgaardse baccalaureusprogramme – die eerste universiteitskwalifikasie in 'n spesifieke rigting – en nagraadse programme – programme wat volg op die eerste kwalifikasie, byvoorbeeld nagraadse diploma-, honneurs-, magister- en doktorsgraadprogramme. Ons onderskei ook tussen 'n graadprogram, diplomaprogram en sertifikaatprogram.
samelewingsgerigte vakkundigheid	'n Wetenskaplike en samelewingsbenadering tot sosiale impak waardeur kapasiteit gebou word deur middel van transdissiplinêre samewerkende metodologieë.
sakemodel	'n Organisasie se sisteem waarvolgens dit sy sakeaktiwiteite in uitsette en uitkomste omsit met die oogmerk om aan die organisasie se strategiese doelwitte te voldoen en waarde te skep oor die kort, medium en lang termyn.
skeduleerbare lesinglokale	Lokale wat deur middel van ons administratiewe stelsel bespreek kan word binne die beperkings van die universiteitsrooster en hulbronne.
swart	In hierdie verslag word swart nie generies gebruik vir "swart, bruin, Indiër en Asiër" nie, maar slegs vir swart (Afrikaan).
taalbeleid en -plan	Beskikbaar by www.sun.ac.za/afrikaans/meer-oor/language .
tolking	Onderrig word in óf Afrikaans óf Engels aangebied en 'n tolk sal dan die les na die ander taal fluistertolk. Die tolk gebruik 'n kop- of handmikrofoon en die student hoor die lesing deur oorfone.
verantwoordelikeheidsentrum	'n Organisatoriese eenheid met 'n bestuurder aan die hoof wat verantwoordelik is vir sy bedrywighede en resultate. By die US staan die Bedryfshoof en Viserektore aan die hoof van die verantwoordelikeheidsentrums en elke eenheid bestaan uit verskeie afdelings.
visie 2030	Die Universiteit, as 'n 21ste-eeuse instelling, speel 'n leidende rol in die skep van 'n gevorderde samelewing. Inklusiwiteit konsentreer op individue se talente en bydraes; innovasie handel oor die noodsaak om veral die uitdagings van 'n meer volhoubare toekoms kreatief die hoof te bied; studente en akademici wy hul energie aan die skep van die toekoms deur waagmoedige pogings om hedendaagse probleme en kwessies daadwerklik te hanteer; ontdekking geskied deurdat teorie en praktyk in die opvoedingsproses verweef word, en die Stellenbosch-ervaring lewer denkleiers op wat groter insig het in wêreldkwessies, hul kreatiewe vermoëns innoverend ontsluit om probleme op te los, en sinvol optree om die samelewing deur kennis te dien. Dít alles gebeur binne die konteks van die transformasie van die US om toekomsfiks en wêreldwyd mededingend te wees. ('n US Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018: 17)
volkostebenadering	In fasiliteitsbestuursverband, 'n benadering wat erken dat die organisasie hom tot 'n uitgebreide kosteketting verbind wanneer hy 'n bepaalde fasiliteitsoplossing bekom. Deur aanvanklike koste (kapitaalbelegging, aankoop en installasie) sowel as toekomstige koste (energie, bedryf, instandhouding, kapitaalvervanging en finansiering) in ag te neem, help beperk hierdie benadering algehele koste deur dit met alternatiewe te vergelyk.
voltydse-ekwivalente (ve) personeel	VE-personeel is 'n belangrike meting van personeelbenutting. 'n Voltydse personeellid wat vir die volle universiteitsjaar (Januarie tot Desember) aangestel is, tel 1 VE. Voltydse personeel wat slegs vir 'n gedeelte van die jaar aangestel is, sowel as deeltydse personeel, tel slegs 'n pro rata deel van 1 VE.
voltyds-ekwivalente (ve) student	Die VE-waarde van 'n voorgaardse studente-inskrywing in 'n spesifieke jaar word bereken as die som van die HEMIS-kredietwaardes van die onderskeie modules waarvoor die student ingeskryf is. Die HEMIS-kredietwaarde van 'n betrokke module is grootliks gebaseer op die krediete van die betrokke module (bv. 12) gedeel deur die minimum totale aantal voorgeskrywe modulekrediete van die betrokke jaargang van die relevante program (bv. 120). Ten opsigte van inskrywings vir navorsingsprogramme op nagraadse vlak word die gemiddelde graueringstyd, sowel as die minimum formele studietyd vir die program (soos voorgeskryf deur die DHOO), gebruik om die VE-waarde van 'n studente-inskrywing te bepaal. Dit word geïllustreer deur die volgende voorbeeld: Veronderstel daar was onderskeidelik 7, 8 en 7 graduandii vir die doktorsgraad in 2015, 2016 en 2017 by Fakulteit A, terwyl hierdie graduandii gesamentlik onderskeidelik 30, 34 en 37 jare geneem het om die kwalifikasie te voltooi. Volgens nasionale onderwysbeleid is die minimum formele studietyd vir 'n doktorsgraad 2 jaar. Die VE-waarde vir 'n ingeskrewe doktorsgraadstudent in Fakulteit A in 2017 word dan bereken as: $2 \times (7+8+7) \div (30+34+37) = 0.436$

BEREKENING VAN STRATEGIESEBESTUURSAANWYSERS

Strategiese prioriteit	Strategiesebestuursaanwyser (SBA)	Berekening
Verbreed toegang	Persentasieaandeel van studente uit bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-bevolkingsgroepe	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale aantal studente wat by die US op die amptelike sensusdatum ingeskryf is (A). Bepaal die totale aantal studente uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër-, en Asiër-bevolkingsgroepe wat op die amptelike sensusdatum by die US ingeskryf is (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van permanente personeel uit bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-bevolkingsgroepe	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) op die amptelike sensusdatum, in die Salaris MH-groep (A). Bepaal die totale aantal permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) van die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-bevolkingsgroepe in die Salaris MH-groep op die amptelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van permanente vroulike personeel	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) op die amptelike sensusdatum (A) in die Salaris MH-groep. Bepaal die totale aantal permanent aangestelde vrouepersoneellede (slegs primêre aanstellings) in die Salaris MH-groep op die amptelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepe aangebied word	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) op die amptelike sensusdatum (A) in die Salaris MH-groep. Bepaal die totale aantal permanent aangestelde vrouepersoneellede (slegs primêre aanstellings) in die Salaris MH-groep op die amptelike sensusdatum (B).
Behou momentum van uitnemendheid	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in Afrikaans en Engels in DIESELFDE klasgroep aangebied word	Tel die krediete van alle voorgraadse modules aangebied in SOWEL Afrikaans as Engels in DIESELFDE klasgroep bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (A). Tel die krediete van alle voorgraadse modules bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (B). Bereken dan die aanwyser as (A) gedeel deur (B).
	Persentasieaandeel van voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in ENKELTAAL of Afrikaans of Engels aangebied word	Tel die krediete van alle voorgraadse modules aangebied in SLEGS Afrikaans of Engels aan 'n klasgroep bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (A). Tel die krediete van alle voorgraadse modules bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (B). Bereken dan die aanwyser as (A) gedeel deur (B).
	Persentasieaandeel permanente gedoktoreerde onderrig- en navorsingspersoneel	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal permanent aangestelde onderrig- en navorsingspersoneel (slegs primêre aanstellings), in die Salaris MH-groep, op die amptelike sensusdatum (A). Bepaal die totale aantal permanent aangestelde onderrig- en navorsingspersoneel (slegs primêre aanstellings) met doktorsale kwalifikasie, in die Salaris MH-groep, op die amptelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Die verhouding geweege navorsingsuitsette per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneel	Vir 'n gegewe akademiese jaar, bepaal die aantal meestersgrade toegeken (A), asook die aantal geakkrediteerde publikasie-eenhede geproduseer deur die US (B). Vir dieselfde akademiese jaar, bepaal die aantal doktorsale kwalifikasies toegeken (C), asook die aantal voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellede (D). Bereken die SBA as $[1 \times (A+B) + 3 \times (C)]$ gedeel deur D.
	HEMIS-gebaseerde sukseskoers van voorgraadse en nagraadse studente (%)	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale aantal voltyds-ekwivalente studente (A). Bepaal dan die aantal voltyds-ekwivalente-graadkrediete vir dieselfde jaar (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
Bevorder impak op samelewing	Die verhouding voltyds-ekwivalente studente, geweege met studievlak, per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneel	Vir 'n gegewe akademiese jaar, bepaal die aantal ingeskrewe voorgraadse voltyds-ekwivalente studente (A), die aantal ingeskrewe honneurs en voltyds-ekwivalente studente (B), die aantal ingeskrewe meestersgraad voltyds-ekwivalente studente (C), en die aantal ingeskrewe doktorsale voltyds-ekwivalente studente (D). Vir dieselfde jaar, bepaal die aantal voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellede (E). Bereken die SBA as $[1 \times (A) + 2 \times (B) + 3 \times (C) + 4 \times (D)]$ gedeel deur E.
	Persentasieaandeel van derde geldstroom ¹ in US se totale inkomste ²	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale inkomste uit alle befondsingstrome (A). Bepaal dan die totale derdestroominkomste (B) vir die betrokke jaar. Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van vierde geldstroom in US se totale inkomste ²	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale inkomste uit alle befondsingstrome (A). Bepaal dan die totale vierdestroominkomste (B) vir die betrokke jaar. Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).
	Persentasieaandeel van personeelvergoeding nie uit hoofbegroting bekostig ³	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale personeelvergoeding (A). Bepaal dan die totale personeelvergoeding wat nie uit die hoofbegroting bekostig word nie (B). Bereken die SBA as (A - B) gedeel deur (A).

Notas

- Derde geldstroom uitgesluit opbrengs op beleggings en gerealiseerde wins by die vervreemding van bates.
- Totale inkomste uitgesluit opbrengs op beleggings en gerealiseerde wins by die vervreemding van bates.
- Die Universiteit Stellenbosch bestuur sy finansies om te verseker dat die Universiteit as 'n lopende onderneming in hoër onderwys voortbestaan. Fondse kan beperk of onbeperk wees. Beperkte fondse bestaan uit bedryfsfondse, lenings, skenkings en vastebatefondse waaraan spesifieke voorwaardes vir hul aanwending verbonde is. Onbeperkte fondse kan deur die Raad volgens sy eie oordeel aangewend word. In die poel van onbeperkte fondse is fondse wat vir 'n spesifieke doel geoormerk is en daarom nie vir ander oogmerke aangewend kan word nie. Die verskil tussen toekomstige beperkte en onbeperkte fondse kan die haalbaarheid van die teikens, wat vir 2017 tot 2023 gestel is, beïnvloed.

AFKORTINGS	
ARUA	Alliansie van Afrika-navorsingsuniversiteite / Alliance for Research Universities in Africa
BA	Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte
BEd	Baccalaureus in die Opvoedkunde
BIng	Baccalaureus in die Ingenieurswese
BSc	Baccalaureus in die Natuurwetenskappe
BSIA	bruin, swart Afrikaan, Indiër en Asiër
DHOO	Departement van Hoër Onderwys en Opleiding
FGGW	Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
HEMIS	Higher Education Information Management System
HonsBEd	Honneurs-baccalaureus in die Opvoedkunde
HonsBSc	Honneurs-baccalaureus in die Natuurwetenskappe
IF	Institusionele Forum
IFRS	International Financial Reporting Standards (internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde)
IKT	inligtings- en kommunikasietegnologie
<IR>	integrated reporting (geïntegreerde verslaggewing)
ISFAP	Ikusasa 0Finansiële Hulpprogram vir Studente / Ikusasa Student Financial Aid Programme
IVS	Universiteit Stellenbosch Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018
KGD	Kampusgesondheidsdiens
MBChB	Baccalaureus in die Geneeskunde en Baccalaureus in die Snykunde
King IV	King IV Report on Corporate Governance for South Africa 2016
nGap	New Generation of Academics programme
NNS	Nasionale Navorsingstigting
NSFAS	Nasionale Finansiële Hulpkema vir Studente / National Student Financial Aid Scheme
NSTF	National Science and Technology Forum
ORK	Oudit- en Risikokomitee van die Raad
PCT	patent cooperation treaty (= patentsamewerkingsverdrag)
PhD	Doktor in die Wysbegeerte
POPIA	Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013
Prof	Professor
RADAR	Navorsingsalliansie in Ramp- en Risiko-reduksie
SANW	Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag
SARChI	Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoelinisiatief / South African Research Chairs Initiative
SBA	strategiesebestuursaanwyser
SNEK	Senaat-Navorsingsetiekkomitee
SR	Studenteraad
SUNSEP	Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie
SunKom	Universiteit Stellenbosch Kommersiële Dienste
THRIP	Technology and Human Resources for Industry Programme
TIA	Tegnologie-innovasie-agentskap
UK	Universiteit van Kaapstad
UP	Universiteit van Pretoria
UPE	Universiteit van Port Elizabeth – nou Nelson Mandela Metro Universiteit
US	Universiteit Stellenbosch
UWK	Universiteit van Wes-Kaapland
VS	Verantwoordelikeheidsentrum
Witw	Universiteit van die Witwatersrand

Gepubliseer deur Korporatiewe Kommunikasie
Universiteit Stellenbosch
Victoriastraat
Stellenbosch
Privaat Sak XI, Matieland 7602
Tel: 021 808 4977
Webwerf: www.sun.ac.za
E-pos: info@sun.ac.za
ISBN: 978-0-7972-1780-5

Redaksionele span:
Mattie van der Merwe (redakteur), Wayne Muller
(produksieredakteur), Reinet Uys (finansiële
verslaggewing), Desmond Thompson (skrywer: verslae
van die Kanselier, Raadsvoorsitter en Rektor).

Redigering, oorskryf en vertaling:
US Taalsentrum, Elsabé Barlow, Thea Brink,
Clairwyn van der Merwe, Lize Vorster.

Fotografie:
Stefan Els

Fotografiebestuur:
Marjorie van Rooy

Ontwerp en uitleg:
Kinsmen

Drukker:
AFRICAN SUN MeDIA



S100

1918-2018







UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018

*saam vorentoe
maaye phambili
forward together*

